

DIE MENSBEELD IN DIE WERKE VAN ANDREW MURRAY,
JESSIE PENN-LEWIS EN WATCHMAN NEE

IGNATIUS ALWYN LE ROUX



Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes

vir die graad

MAGISTER IN DIE TEOLOGIE

aan die

Universiteit van Stellenbosch

Studieleier: Dr. P. F. Theron

Departement Dogmatologie

Maart 1989

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

*Met dankbaarheid opgedra aan
my geestelike ouers,
oom Willie en tannie Dorothy Jansen*

DANKBETUIGINGS

My opregte dank gaan my studieleier, dr. P. F. Theron, en aan prof. dr. D. A. du Toit, albei van die Departement Dogmatologie aan die Universiteit van Stellenbosch. Veral wil ek hulle bedank vir die vryheid waarin hulle my toegelaat het om te werk. Niemand is meer bewus daarvan as ekself dat hulle hul eie duidelike oortuigings oor die onderwerp het nie.

Vir my kerkraad vir die studieverlof wat hulle so spontaan aan my toegestaan het en vir die gemeente se geduld - baie dankie. U begrip en ondersteuning was baie nodig en het regtig baie beteken.

Aan my vader, ds. Paul le Roux, wat as evangeliese prediker in die Ned. Geref. Kerk my so sterk aangemoedig het toe hy gehoor het dat daar 'n tesis oor die onderwerp aan die kom is. Dankie vir Va se belangstelling.

Aan my vrou, Marina, baie dankie vir al die tikwerk. Sonder jou liefde, geduld en ondersteuning sou die tesis nooit klaargekom het nie. Die Here seën jou.

Aan Dora du Plessis, wat op die regte oomblik bereid was om oor te neem, baie dankie vir die finale tegniese en taalkundige versorging en afronding.

Vir die finansiële hulp deur die Universiteit van Stellenbosch en die Suid-Afrikaanse Christelike Vrouevereniging, 'n opregte dank.

Aan die Here Jesus Christus vir Wie ek deur hierdie studies heen soveel beter leer ken het, wil ek maar net dankie sê dat Hy op 'n dag gesê het "nie My wil nie, maar U wil," sodat Hy my naam ook in die boek van die lewe kon skrywe. Ek vertrou dat die Vader deur sy Heilige Gees hierdie tesis kan gebruik om dié wat dit lees, na gees siel en liggaam te heilig tot by die wederkoms van ons Here Jesus Christus.

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD	1
DOELSTELLING	3
WERKSOPSET	4
WYSE VAN BEKLEMTONING	5
HOOFSTUK 1	
KENNISMAKING	6
1.1 DR. ANDREW MURRAY (1828 tot 1917)	7
1.2 MEV. JESSIE PENN-LEWIS (1861 tot 1927)	13
1.3 WATCHMAN NEE (1903 tot 1972)	18
1.4 ANDER WERKE VAN BELANG	24
HOOFSTUK 2	
DIE GEES VAN DIE MENS - 'N PROLOOG	26
HOOFSTUK 3	
DIE SKEPPING VAN DIE MENS	32
3.1 GESKAPE NA GEES, SIEL EN LIGGAAM	32
3.1.1 Die onderskeie funksies van die gees, die siel en die liggaam	38
3.1.2 Die onderlinge verhouding tussen die gees, die siel en die liggaam	41
3.1.1 Die besondere plek en funksie van die liggaam	43

HOOFSTUK 4	
'N HOËR EN 'N LAER KOMPONENT IN DIE DRIE-ENIGE MENS	47
4.1 GEES IS "HOËR" AS MATERIE	47
4.2 DIE DRIE-EENHEID VAN DIE MENS	58
HOOFSTUK 5	
DIE HOË ADEL VAN DIE MENS	91
5.1 DIE HOË DOEL WAARTOE GOD DIE MENS GESKAPE HET	91
5.1.1 Die vryheid as basiese gegewene van die mensheid	105
5.1.2 Die samestelling van die mens as gees, siel en liggaam	109
5.2 DIE EINTLIKE DOEL VAN GOD MET DIE SKEPPING VAN DIE MENS	119
HOOFSTUK 6	
DIE SONDEVAL	124
6.1 DIE VAL VAN DIE MENS	126
6.2 DIE GEES, SIEL EN LIGGAAM NÁ DIE SONDEVAL	135
6.2.1 Die vlees	140
HOOFSTUK 7	
DIE VERLOSSING VAN DIE MENS	148
7.1 JESUS CHRISTUS HET AS DIE TWEDE ADAM SY BESTEMMING BEREIK EN SODOENDE BEVRYDING VIR DIE WIL VAN DIE MENS GEBRING	150
7.1.1 Murray, Penn-Lewis en Nee is nie Pelagiaans, Arminiaans of Metodisties nie	167

7.2	JESUS CHRISTUS HET NA GEES, SIEL EN LIGGAAM AAN DIE KRUIS GELY	179
7.3	DIE HEILIGE GEES MAAK DIE VERLOSSING WAT CHRISTUS AAN DIE KRUIS VERWERF HET, DIE SUBJEKTIEWE PERSOONLIKE BESIT VAN DIE DRIE-ENIGE MENS	187
7.3.1	Geloof	190
7.3.1.1	Die beeld van God in die mens	191
7.3.1.2	Die wedergeboorte van die gees	203
7.3.1.3	Geloof en die hart van die mens	215
7.3.1.4	Die drie basiese funksies van die gees	224
7.3.2	Die Woord van God kloof die siel oop, openbaar die gedagtes van die hart en stel die gees vry	235
7.3.2.1	(Die oordrewe werksaamheid van die siel	238
7.3.2.2	Hebreërs 4:12	247
7.3.2.2.1	Die hart van die drie-enige mens	253
7.3.2.2.2	Die vrylating van die gees	258
BYLAE A	Dr. Andrew Murray: Die plek van die inwoning	268
BYLAE B	Dr. Andrew Murray: Oor die gewete	276
BYLAE C	Dr. Martin Luther: What is man?	278
BYLAE D	Onderhoud met prof. F. J. M. Potgieter van Stellenbosch	282
BYLAE E	G. L. Archer: Does Ecclesiastes 3:21 teach that animals have a spirit just as man does?	289
	BIBLIOGRAFIE	295

VOORWOORD

Die woorde "gees en siel en liggaam" het my van jongs af gefassineer. Vir jare het ek gewonder wat dit beteken. Dit was asof iets vir my gesê het dat as 'n mens sou kon uitvind wat presies hier diep binne-in hom is, hy ook sal weet hoe God deur sy Heilige Gees in hom werk. Sodoende sal hy des te beter na sy stem kan luister en Hom kan volg.

Gedurende my kategetiese onderrig het ek meermale na die betekenis van die woorde gees, siel en liggaam gevra. My vrae is egter nooit regtig beantwoord nie.

Op universiteit het die bestudering van verskillende wysgeriese standpunte ook nie vir my veel lig op die saak gewerp nie. Gedurende die bestudering van die eksistensialisme was die uiteensetting van die mensbeeld fassinerend. Na 'n tyd het dit egter duidelik geblyk dat die eintlike vrae waaroor dit gaan, nie beantwoord was nie.

Die grond waarin die eksistensialisme gewortel is, veroorsaak dat die boom net nie kan bot nie. Die feit dat dit ontstaan het uit die filosofiese dampkring van die ateïstiese evolusionisme het my laat beseef tot watter vlak van selfkennis die mens wel kragtens die algemene openbaring in staat is. Dit bly egter bloot menslike pogings om die skepping van God te deurvors.

Die Here Jesus sê te duidelik dat sy skape Hom volg, omdat hulle sy stem ken. Dit was vir my duidelik dat die eksistensialisme as sodanig die mens nie help om God beter te leer ken nie.

Iets wat my aangemoedig het om steeds te bly soek, was Calvyn se bekende uitspraak: "we cannot clearly and properly know God unless the knowledge of ourselves be added" (INST. I, 15).

Later het dit geblyk dat daar boeke is waarin al die antwoorde gevind sal word. Ek kon dit nie gou genoeg bekom nie. Hans Walter Wolf se *Antropologie des Alten Testaments*, dr. G. C. Berkouwer se *De mens het beeld Gods* en Karl Barth se *De Kirchliche Dogmatik* is bestudeer. Al wat ek hieruit kon wys word, is dat die mens een groot geheimenis is wat as 'n eenheid in verhouding tot God, sy medemens en die kosmos eksisteer. Hierdie mens-as-eenheid eksisteer wel in verskillende aspekte van die eenheid. 'n Mens kan ongelukkig niks meer van enige aspek van die geheel sê as dat dit 'n blik op die geheel uit 'n sekere oogpunt is nie.

Die Here Jesus sê duidelik dat uit die binneste van dié wat in Hom glo, daar strome van lewende water sal vloei. Ek het bly dors na leermeesters uit wie se werke ek iets van hierdie strome van lewende waters kon geniet.

Jessie Penn-Lewis se werkie *Soul and spirit* het in my hande gekom. Met die lees daarvan het die lig skielik deurgebreek. Sy verwys daarin na dr. Andrew Murray se werk *Die gees van Christus*. Die lees daarvan het vir myself wêreldes waarvan ek niks geweet het nie, ontsluit. Daarna

het Watchman Nee se werk *The spiritual man* nog méer lig laat deurbreek. Ek kon nie glo dat die dinge so eenvoudig is, maar dat so min mense daarvan weet nie.

Gou het ek en my vrou die vrug in andere se lewens gesien, wanneer hulle ook van hierdie werke gelees het.

■ DOELSTELLING

'n Spesifieke probleem het egter ontstaan. Waar daar gepoog is om hierdie mensbeeld aan andere te verduidelik, is dit dikwels sonder meer afgewys omdat dit "Platonies", "Aristoteliaans" of iets dergeliks sou wees. Wanopvattinge, soos dat hierdie mensbeeld, soos Andrew Murray, Jessie Penn-Lewis en Watchman Nee dit uiteengesit het, die mens in drie los dele sou verdeel, of dat die mens hiervolgens 'n optelsom van drie onafhanklike dele sou wees, was volop.

Dit het in my die behoefte laat ontstaan om die mensbeeld, soos dit by Murray, Penn-Lewis en Nee aangetref word, duidelik uiteen te sit vir elkeen wat daarvan kennis wil neem.

Die doel van hierdie tesis is dan om te bewys dat die Bybelse gebruik van die begrippe gees, siel en liggaam nie korrespondeer met die Grieks-wysgerige idee van los onafhanklike "dele" van die mens nie. Die doel is verder om te bewys dat waar daar gepraat word van die mens as bestaande uit gees, siel en liggaam dit juis dui op die pragtige harmoniese eenheid van die mens as beeldraer van God. Die mens is 'n drie-eenheid waarin die verskillende komponente met hul onderskeie vermoëns en funksies van mekaar te onderskei is. Waar daar op dié

manier spesifiek gevra word na enige van hierdie vermoëns se funksie as sodanig, word dit nooit los van die geheel gesien nie. Dit is egter ook belangrik dat daar, in terme van die geheel, spesifiek kennis geneem word van die vermoë en funksie van elke komponent afsonderlik sodat die mens homself beter sal kan verantwoord in terme van die verlossing wat God in Christus Jesus vir hom bewerkstellig het.

■ WERKSOPSET

Aangesien 'n tesis van hierdie aard sy beperkinge het, word die vele aspekte wat uit die basiese mensbeeld voortspruit, nie aangesny nie. Daar word egter gepoog om die mensbeeld, deur middel van direkte aanhalings uit die werke van Murray, Penn-Lewis en Nee, in hul eie woorde deur te gee. Hierdeur word gepoog om 'n getroue weergawe te gee van dit wat hulle geleer het. Dit word gedoen na aanleiding van die basiese skema: **skepping, sondeval en verlossing.**

Verder is dit ook nie moontlik om in die bestek van 'n M.Th.-tesis 'n goeie teologiese beoordeling van die mensbeeld te gee nie. Daarom is die beoordeling slegs tot die basiese kwessie waarom dit handel, naamlik die drie-eenheid van die mens, beperk.

Verskillende fasette rakende die onderwerp het geen beoordeling ondergaan nie. Alhoewel daar van die verskillende standpunte kennis geneem is, kon daar nie in die bestek van hierdie tesis op al die detail ingegaan word nie. Om 'n voorbeeld te noem: In die hoofstuk oor *Die hoë adel van die mens* kon daar ook gekyk word na al die verrykende dinge wat Calvyn, Bavinck en ook verskillende van die twintigste-eeuse teoloë daaroor sê. Dit alleen sou egter 'n tesis op sy eie kon beslaan.

Die tesis is derhalwe so noukeurig moontlik saamgestel uit Murray, Penn-Lewis en Nee se werke sonder om die gang van die onderwerp te versteur deur voortdurende beoordeling. Sodanige beoordeling sou moontlik baie geldig wees, maar dit kon veroorsaak dat dit wat hulle eintlik sê, nie duidelik sou deurkom nie. Waar toepaslik is daar wel hier en daar van ander bronne gebruik gemaak. Dit is normaalweg gedoen ter verdere beligting van 'n spesifieke aspek van die onderwerp.

Dit alles het daartoe bygedra dat hierdie tesis moontlik verskillend mag wees van die normale gang van 'n akademiese werkstuk. Dit is alles egter so saamgestel getrou aan die doel van die onderwerp, naamlik om *Die mensbeeld in die werke van Andrew Murray, Jessie Penn-Lewis en Watchman Nee* weer te gee.

■ WYSE VAN BEKLEMTONING

Die leser sal in hierdie werk twee wyses aantref waarop begrippe of sinsnedes beklemtoon word:

- Waar daar 'n beklemtoning in 'n gekwoteerde gedeelte voorkom wat *kursief* gedruk is, is dit deur die oorspronklike outeur.
- Alle beklemtoning deur myself is in vet letters gedruk. Die woorde "beklemtoning syne" of "beklemtoning myne" word dus nie gebruik nie.

HOOFSTUK 1

KENNISMAKING

Andrew Murray, Jessie Penn-Lewis en Watchman Nee leer dat die mens volgens die Bybel uit 'n gees, 'n siel en 'n liggaam bestaan. God openbaar in sy Woord dat die mens 'n drie-eenheid is. So het Hy hom geskape (Gen. 2:7). Na die sondeval herstel Hy die verhouding tussen siel en gees deur sy Woord (Heb. 4:12). Verder bewaar Hy hom, deur die heiligmaking na gees en siel en liggaam, vir die dag van die Here Jesus (1 Tess. 5:23).

Hierdie drie tekste funksioneer in die geskifte van Murray, Penn-Lewis en Nee as die sleuteltekste waardeur die mensbeeld vir hulle ontsluit word. Daar is baie ander wat dieselfde standpunt as hulle handhaaf. Murray, Penn-Lewis en Nee het dan ook by van hulle ontleen. Deur te skryf oor *Die mensbeeld in die werke van Andrew Murray, Jessie Penn-Lewis en Watchman Nee* word niemand wat dieselfde standpunt handhaaf, uitgesluit nie. Die rede waarom Murray, Penn-Lewis en Nee se werke saam ondersoek word, is:


- Elkeen van hulle het heelwat geestelik-teologiese werke die lig laat sien. Sedert die publisering van hul werk is daar wêreldwyd 'n aanvraag daarna. Baie van die werke is nie net in verskillende tale vertaal nie, maar word steeds herdruk en in Christelike boekhandels te koop aangebied.

■ Hulle het elkeen herlewingsvrug in hul onderskeie bedieninge gehad. (Vgl. Du Plessis: LEVEN, 193-218; Garrard: PENN-LEWIS, 21-39; Weigh: TESTIMONY, 27-30.) Hierdie vrug kring vandag steeds verder uit deur middel van hul werke. Waar dit gelees en bestudeer word, word lewens verander, verryk en verdiep.

■ Hulle handhaaf dieselfde standpunt in hul werke omtrent die mensbeeld. Hulle skryf telkens sodanig dieselfde omtrent die onderwerp dat dit moeilik is om altyd te onderskei waar die een by die ander ontleen of bygevoeg het.

Hier word nou kortliks gekyk na die agtergrond en belangrikste bydrae van elkeen op dié gebied.

1.1 DR. ANDREW MURRAY (1828 tot 1917)



Andrew Murray jr. is op 9 Mei 1828 in die pastorie op Graaff-Reinet gebore. Hy was die tweede seun van ds. Andrew Murray wat van Skotland gekom het en in Suid-Afrika met Maria Stegman in die huwelik getree het. Op tienjarige ouderdom is hy saam met sy broer John na Skotland. Ná sy skoolloopbaan behaal hy op sewentienjarige leeftyd die M.A.-graad te Aberdeen. Hierna gaan hy en sy

broer na Utrecht, Nederland, vir 'n verdere drie jaar studie in die teologie. In 'n brief gedateer 14 November 1845 skryf hy uit Utrecht aan sy ouers dat "*uw zoon wedergeboren is*" (Du Plessis: LEVEN, 70). Du Plessis skryf: "Te Utrecht onderging hij de grote verandering die hij zijn bekering noemde en waardoor hij meer beslist des Heren eigendom werd. Hij placht te zeggen dat hij het juiste huis, de juiste kamer, en natuurlijk de juiste datum kon noemen, van zijn bekering. Die was ewenwel geen plotseling omwenteling, maar een bewuste en algehele overgave aan den Christus, met al zijn eisen, een scherpbelijnde ondervinding, van welke hij een nieuw tijdperk dagtekende ..." (a.w., 69). Hyself beskryf dit soos volg aan sy ouers: "I was long troubled with the idea that I must have some deep sight of my sins before I could be converted, and though I cannot yet say that I have had anything of that deep special sight into the guilt of sin which many people appear to have, yet I trust, and at present feel, as if I could say, I am confident that as a sinner I have been led to cast myself on Christ" (Douglas: MESSAGE, 38). Tien dae later, op 24 November, skryf hy weer aan sy ouers: "Though I can say that my heart at present is warm, yet whenever I begin to write or speak I fail. I sometimes think how glorious it will be when it shall be impossible to do anything but ascribe praise to 'Him that hath loved us and washed us from our sins in His blood and hath made us kings and priests unto God.' There certainly must be a great change in us before we are ready to do that" (a.w.). Hierdie "groot verandering" het dan ook met die jare gekom. Douglas skryf: "At Keswick he was asked to give his experience and his address is thus recorded in *The Christian* of August 15th 1895. It is the only record of the kind Mr. Murray has left behind him. He was ever fearing to draw the attention of his hearers from Christ to any

experience" (a.w., 165).

Hier volg nou 'n paar uittreksels uit hierdie rede van Murray:

"When I was asked to give my testimony I doubted whether it would be desirable, and for this reason: ... I cannot give such a testimony, but I know what blessing it has often brought to me to read of such testimonies for the strengthening of my own faith ... The first ten years of my spiritual life were manifestly spent on the lower stage. I was a minister, I may say, as zealous and as earnest and as happy in my work as anyone, as far as love of the work was concerned. Yet, all the time, there was burning in my heart a dissatisfaction and restlessness inexpressible. What was the reason? I had never learnt with all my theology that obedience was possible. My justification was clear as the noonday, I knew the hour in which I received from God the joy of pardon, I remember in my little room in Bloemfontein how I used to sit and think, 'What is the matter?' Here I am knowing that God has justified me in the blood of Christ, but I have no power for service. My thoughts, my words, my actions, my unfaithfulness - everything troubled me. Though all around thought me one of the most earnest of men, my life was one of deep dissatisfaction. I struggled and prayed as best I could."

"Well, God helped me, and for seven or eight years I went on, always enquiring and seeking and always getting ... Perhaps if I were to talk of consecration I might tell you of an evening there in my own study in Cape Town. Yet I cannot say that that was my deliverance, for I am still struggling. I would say that what we need is complete obedience ... Later on my mind was much exercised about the baptism of the Holy Spirit and I gave myself to God as perfectly as I could, to receive this baptism of the Spirit. Yet there was failure: God forgive it. It was somehow as if

I could not get what I wanted. Through all these stumblings God led me, without any very special experience that I can point to, but as I look back I do believe now that He was giving me more and more of His blessed Spirit *had I but known it better.*

"I can help you more, perhaps, by speaking, not of any marked experience, but by telling very simply what I think God has given me now, in contrast to the first ten years of my Christian life. First of all, I have learnt to place myself before God as a vessel to be filled with His Holy Spirit. He has filled me with the blessed assurance that *He, as the everlasting God, has guaranteed His own work in me.* If there is one lesson that I am learning day by day, it is this: that it is God who worketh all in all. Oh, that I could help any brother and sister to realise this!" (Douglas: MESSAGE, 165-169).

Na aanleiding van hierdie getuienis sê Anderssen: "Hier is dus nie sprake van 'n 'second blessing' in die klassieke styl soos Wesley dit [ge]definieer het nie ..." (MURRAY, 216). Veral nie as ons in aanmerking neem dat Murray sê: "Perhaps if I were to talk of consecration I might tell you of an evening there in my own study in Cape Town." En ons weet dat hy in die gemeente te Kaapstad was ná die herlewing tydens sy bediening te Worcester.

Ná sy studies in Nederland is hy op 6 Mei 1849, drie dae voor sy mondigwording, deur sy vader in die gemeente Bloemfontein bevestig (Du Plessis: LEVEN, 90-93). Hierna het hy ook die gemeentes Worcester, Kaapstad en Wellington bedien. Op 18 Januarie 1917 is hy in sy huis op Wellington oorlede.

Dit was tydens sy bediening op Wellington dat sy alma mater waaraan hy op so 'n jong leeftyd reeds sy M.A.-graad behaal het, naamlik die University of Aberdeen, aan hom in 1898 "the Honorary Degree of Doctor of Divinity" verleen het. Saam met die kennisgewing van hierdie eredoktorsgraad is daar in die kerkargief te Kaapstad ook 'n sertifikaat van "the Honorary Degree of Doctor of Literature" wat in 1907 deur The University of the Cape of Good Hope aan hom toegeken is. (Vgl. ook Du Plessis: LEVEN, 422.)

Du Plessis bereken dat Murray die outeur van nie minder nie as 250 geestelike werke is wat altesaam meer as 20 000 paginas beslaan en waarvan daar teen 1920 al vertalings in tot 15 verskillende tale verskyn het (LEVEN, 537).

Dr. B. J. K. Anderssen het gepromoveer met die proefskrif 'n *Kritiese ontleding van die soteriologiese teologie van Andrew Murray*. As motivering vir die proefskrif voer hy onder andere aan dat Murray se werk nog nooit tevore teologies ontleed is nie. Een van die redes hiervoor, sê Anderssen, is dat sy werk "baie min *teologiese* invloed binne die Ned. Geref. Kerk uitgeoefen het. Sy invloed was hoofsaaklik geestelik van aard" (MURRAY, 9). Murray het wel volgens hom "'n bepaalde instelling help skep, 'n bepaalde klimaat ... na vore geroep wat baie wyd uitgekring het in Suid-Afrika en ook ver daarbuite. Hy het ongetwyfeld 'n bepaalde geestelike stempel op die Ned. Geref. Kerk afgedruk waarvan die gevolge waarskynlik vandag nog gevoel word" (a.w.). Die vraag is egter, sê Anderssen, "of hy ook *teologies* veel invloed gehad het ... Nêrens kon ons in die Ned. Geref. Kerk enige *teologiese* werk vind wat van sy invloed getuig nie" (a.w.). Dit is

hier waar Murray vir ons onderwerp belangrik is. Anderssen meen dat min van Murray se kollegas en tydgenote in die Ned. Geref. Kerk "presies geweet het wat die *teologiese* inhoud van sy werk is" (a.w., 10). Verder sê Anderssen: "Sonder kennis van die dieperliggende teologiese motiewe by Murray is dit egter nie moontlik om sy boodskap ten volle te kan beoordeel nie" (a.w., 9).

Hier is dit interessant om te let op die rol van die mensbeeld in sy werke asook op die invloed wat dit gehad het op werke wat ver buite Suid-Afrika verskyn het.

In sy biografie *Andrew Murray and his message* wy Douglas etlike bladsye aan die mensbeeld in sy werke. Hy verklaar Murray dan as "a mastermind in dealing luminously and authoritatively with the deep things of God's Spirit as they affect the human spirit" (MESSAGE, 309).

Hier haak hy die kern van die mensbeeld soos Murray dit geleer het, aan. Hy verduidelik dan verder ook dat juis hierdie tema, naamlik die werk van die Heilige Gees in en deur die gees van die mens "... runs like a golden thread through all his books. He never tires in insisting upon it, and it is a marvel that he never wearies the reader in inculcating this underlying principle of the spiritual life ... This principle is undoubtedly the secret of Andrew Murray's perennial power and world-wide popularity in books ..." (a.w.).

Daar is dan ook diegene wat die mensbeeld in Murray se werke goed gesnap het. n Werk soos Paxson se *Life on the highest plane*, vol. I,

II en III, asook Nee se *The spiritual man*, vol. I, II en III, getuig van direkte beïnvloeding deur Murray se werke. Penn-Lewis se werke *Soul and spirit* en veral haar eintlike werk *War on the saints* (die onverkorte volledige uitgawe) is deurspek met dit wat sy rakende die mensbeeld in Murray se werke geleer het.

In baie van Penn-Lewis en Nee se werke word daar dan ook 'n vergestalting en uitbouing van die mensbeeld, soos wat hulle dit in Murray se werke teëgekome het, aangetref.

1.2 MEV. JESSIE PENN-LEWIS (1861 tot 1927)

Jessie Jones is op 28 Februarie 1861 in Neath, Suid-Wallis gebore (Garrard: PENN-LEWIS, 1). Haar gesondheid was van kleins af baie swak, maar sy was bedeed met besondere sterk wilskrag. Sy vertel self:

"I walked when nine months old without any teaching - simply




Photo by Stuarts, Richmond.

got up and walked across the room, and always walked afterwards. The doctor bade my mother not to teach me anything as he said my enemy was my active brain, which must not be roused. But in spite of this I learned the alphabet myself, from papers, and made my father and others tell me the words as I spelled out the letters: so that I read my Bible *freely* at four years old, having never been

taught to read. At four years also, I used to take up a story book, and could describe afterwards every character" (a.w., 2).

Op negentienjarige leeftyd is sy met William Penn-Lewis, 'n outeursklerk, in die huwelik bevestig en alhoewel sy opgegroeï het "in religious surroundings and in the lap of Calvinistic Methodism", soos sy self skryf, "the true inward change of heart did not come until I had married and moved away from the old home" (a.w., 2,6).

Sy vertel omtrent haar bekering: "My conversion occurred without the aid of any human instrument, but the day - New year's Day 1882 - and the hour are imprinted on my mind" (a.w., 7). Sy skryf hoe dit gebeur het:

"Only a deep inward desire to know that I was a child of God; a taking down of my (too little read) Bible from the shelf; a turning over the leaves, and the eye falling on the words, 'The Lord *hath laid on Him the iniquity of us all*'; again, a casual turn of the sacred pages, and the words, '*He that believeth hath eternal life*'. A quick facing out whether I *did* believe that God had laid my sins upon the Lamb of God on the cross; a pause of wonderment that it really said that I had eternal life if I simply believe God's word; a quick cry of 'Lord, I *do* believe' - and one more soul had passed from death to life, a trophy of the grace of God, and the love of Him Who died. The Spirit of God instantly bore witness with my spirit that I was a child of God, and deep peace filled my soul" (LEADING, 3-4).

Omtrent die tydperk direk ná haar bekering skryf sy: "The new life bore fruit in that I sought to conquer my besetting sins, whereas

hitherto I had found myself at their mercy as I feebly attempted to restrain them. But my attempts still ended in abject failure, and the succeeding few months were a record of bitter repentance and many tears over sins I could not conquer" (a.w., 4).

Uit preke, boeke en veral die Bybel was dit vir haar duidelik dat 'n lewe van oorwinning oor sonde tog moontlik was. Maar hoe verkry 'n mens dit? 'n Intense worsteling het gevolg. Die lees van Murray se *The spirit of Christ* het heelwat lig gebring. Sy het haarself met Petrus vergelyk voor Pinksterdag en tot die Here geroep: "I want the deliverance that Peter got at Pentecost. I do not care what the Christians call it. If 'The Baptism of the Spirit' is not the right term, give me the right words to use. I do not care about the words, but *I want the thing*." Hierna, verduidelik sy, "a deep rest came into me that God would do what I had asked, and I could wait His way and time" (Garrard: PENN-LEWIS, 22). Die Here het haar eers voorberei op dit wat sy van Hom gevra het. Sy moes die saak uitmaak of sy bereid was om onpopulêr te wees, om nie noodwendig 'n groot ervaring te beleef nie en om haarself saam met Hom as gekruisig te beskou (a.w., 24-25). Die antwoord op haar gebed beskryf sy soos volg:

"(1) It was sudden, and when I was not specially thinking about the matter. (2) I knew in my spirit that He had come. (3) My Bible became like a living thing and was flooded with light. (4) Christ suddenly became to me a real Person: I could not explain how I knew, but He became real to me. (5) When I went to my Bible Class, I found myself able to speak with liberty of utterance, with the conviction of the Spirit at the back of it, untill souls were convicted of sin on every side. (6) Power in prayer, so that it seemed I only

need to ask and have. (7) My spirit took its way to God, freed from every fetter that held to anything on earth" (a.w., 26).

Hierin moes sy ook groei en leer om in die "night of faith" en nie volgens haar eie ervaring nie, maar op grond van Gods Woord en die leiding van sy Gees te wandel (a.w., 28).

In punt 5 hierbo noem sy 'n "Bible Class" waarmee sy besig was. Sy het hierdie lesings in die Y.W.C.A. se instituut te Richmond aangebied. Dit is dan ook hier waar die herlewing onder haar begin het. Dit het stellig so bekend geword dat sy op versoek opgetree het in Amerika, Europa, Rusland en selfs Indië. Gedurende een van hierdie evangelisasiereise het sy siek geword en is huis toe. Ná 'n kort siekbed is sy op 15 Augustus 1927 oorlede (a.w., 304).

Haar lewensverhaal *Mrs. Penn-Lewis, A memoir* het in 1930 uit die pen van Mary N. Garrard verskyn en is in 1947 herdruk. Hierna het Metcalfe, wat met haar oor sekere teologiese kwessies verskil, dit heelwat verkort en selfs ietwat gewysig onder die titel *In the mould of the cross* uitgegee.

Mnr. en mev. Penn-Lewis het dr. en mev. Murray in 1895 ontmoet. Daar het 'n hegte band tussen hulle ontstaan. Murray het onder andere teenoor haar opgemerk: "You are very rich, richer than Cecil Rhodes!" (a.w., 47-53). Met die verskyning van haar werk *Die kruis van Golgota* in Nederlands en later ook in Afrikaans het dr. Murray dan ook die voorwoord geskryf. Agter in die Nederlandse uitgawe van haar werk oor die herlewing van 1904 tot 1905 te Wallis, *The awakening in Wales*,

vind ons weer eens 'n gedeelte deur Murray bygevoeg.

Penn-Lewis was die outeur van ongeveer 22 werke en 'n groot aantal kleiner boekies of pamflette. Al haar werke is, na ons wete, steeds in druk. Sy was ook redaktrise van die tydskrif *The Overcomer* wat steeds onder redaksie van Metcalfe verskyn. Oral in haar werke vind ons die deurwerking van die mensbeeld soos sy dit by Murray en Pember* gekry het. Haar hoofwerk is *War on the saints*. Sy het dit geskryf in samewerking met Evan Roberts, die leidende figuur by die Walliese herlewing van 1904 tot 1905. *War on the saints* het in 1912 verskyn en is sewe maal herdruk met 'n paar byvoegings. Metcalfe het dit gestaak en 'n "Abridged Edition" die lig laat sien. Dit is nie 'n verkorte nie, maar 'n verminkte weergawe. Die belangrikste gedeeltes is weggelaat. Thomas E. Lowe, Ltd., New York, het in 1973 die oorspronklike 1912-uitgawe in Amerika herdruk en dit is steeds in druk.

In *War on the saints* gebruik sy die terme "gees" en "siel" en "liggaam". Dit het navrae van oor die hele wêreld ontlok. In antwoord hierop het haar werk *Soul and spirit* verskyn.

Hierdie twee werke is dan ook haar belangrikste bydrae tot die onderwerp.

Haar skryfstyl is kort en kragtig, helder en duidelik. Waar sy bronne

* Pember is die outeur van die werk Earth's earliest ages. (Vgl. 1.4, p. 24.)

direk aanhaal, verwys sy daarna, maar ongelukkig nie na die bladsy-nommer, uitgewer of datum van publikasie nie.

1.3 WATCHMAN NEE (1903 tot 1972)

Henry Nga is op 4 November 1903 in Swatow, China, gebore. As kind was hy bekend as Nga Shu-jeo of Ni Shu-tsu (hy wat sy voorvaders se deugde proklameer). Kinnear wys egter daarop dat "Chinese names are significant, a child being given or assuming a new one at some fresh turning-point in his career" (AGAINST, 18). Hy het toe op die naam Ni To-Sheng (die slag van die 'ghong' waarmee alarm gemaak word in geval van brand), in Engels "Watchman", besluit (a.w.).



Watchman was sestien jaar oud toe iets gebeur het wat sy lewensloop verander het. Dora Yu, 'n evangeliste, wat voorheen 'n diep indruk op sy moeder gemaak het, het hul tuisdorp besoek. Sy moeder het na die vrou gaan luister en tot bekering gekom. Confucius het geleer dat ouers nooit verkeerd is nie en hulle nooit aan hulle kinders mag onderwerp nie. Sy moeder, Huo-ping, het egter

onder so 'n sonde-oortuiging gekom dat sy besluit het om die tradisie te verbreek. Sy het Watchman voor die ander kinders om verskoning

gevra: "For the Lord Jesus sake, I confess to beating you unjustly and in anger" (a.w., 33-34).

Hy het omgedraai sonder om haar te antwoord, maar daardie nag, vertel hy, het die Here met hom gewerk:

"On the evening of 29th April, 1920, I was alone in my room, struggling to decide whether or not to believe in the Lord. At first I was reluctant but as I tried to pray I saw the magnitude of my sins and the reality and efficacy of Jesus as the Saviour. As I visualised the Lord's hands stretched out on the cross, they seemed to be welcoming me and the Lord was saying, 'I am waiting here to receive you'. Realizing the effectiveness of Christ's blood in cleansing my sins and being overwhelmed by such love, I accepted Him there. Previously I had laughed at people who had accepted Jesus, but that evening the experience became real for me and I wept and confessed my sins, seeking the Lord's forgiveness. As I made my first prayer I knew joy and peace I had never known before. Light seemed to flood the room and I said to the Lord, 'Oh Lord, you have indeed been gracious to me'" (Weigh: TESTIMONY, 10).

Die volgende dag is hy toe ook na Dora Yu se byeenkoms waar hy sy bekering openlik bekend gemaak het (Roberts: NEE, 10).

Sy vader het gesorg dat Watchman 'n Westers-Christelike opvoeding gekry het. Hy het hom na The Church Missionary Society se skool gestuur waar hy in sy moedertaal onderrig ontvang het. Daarna is hy na die Engels-talige St Michael's High School en laastens na Trinity College (a.w., 6).

Naas sy teologiese opleiding aan Trinity College moet ons Nee se teologiese kennis en eksegetiese metodes volgens Roberts toeskryf aan nie-formele onderrig. "Two Bible schools, extensive theological reading and a methodical study of the Bible subsequent to his college education are responsible for much of the depth of his teaching" (a.w., 10).

Hy het onder andere onderrig ontvang by Dora Yu se Bybelskool in Shanghai. Verder het hy ook baie by Margeret Barber geleer: "She instructed him in the Keswick concept of the victorious life through the filling of the Holy Spirit" (a.w., 11-12).

Alhoewel mense deur sy getuienis tot bekering gekom het, skryf hy: "... I was not satisfied, since many in the school and in the town were unaffected, and I felt the need to be filled with the Holy Spirit and to receive power from above" (Weigh: TESTIMONY, 15). Daar was egter 'n struikelblok. Hy was verlief op Charity, maar sy was nie gered nie. Hy het geweet dit staan tussen hom en die Here. Hy was egter ook bereid om hierdie prys te betaal. Hy vertel self: "At last on February 13th, 1922 I was willing to lay aside this relationship and then I knew an experience of great elation. On the day I was converted I shook off the burden of my sins, but on this later occasion my heart was emptied by everything that would separate me from God. From then on people began to be saved" (a.w., 17-18).

In sy M.A.-tesis *Understanding Watchman Nee*, sê Roberts: "No single person is more responsible for the development of Nee's theology than Miss Barber" (NEE, 14). Na aanleiding van mej. Barber se kennis van

Jessie Penn-Lewis se werke het Nee met haar gekorrespondeer en sodoende van haar boeke bekom (Kinnear: AGAINST, 50). Roberts sê dan ook heel tereg: "Mrs. Jessie Penn-Lewis ... set the tone for the spiritual and anthropological emphasis of Nee's writings" (NEE, 14). Sowel hy as mej. Barber het ingeteken op haar tydskrif *The Overcomer*. Hy was wyd belese en soos sy werk uitgebrei het, "Nee endeavoured to keep a soundly scriptural basis for his theology and to preserve himself within the historic 'witness of the Spirit' within the church" (a.w., 17-18). In 1922 het Nee se kerk wat vandag nog bekend is as die Little Flock, ontstaan. 'n Vriend van hom, Leland Wang en sy vrou, het saam met Nee en sy moeder byeengekom. Roberts verduidelik: "... while none of them were official clergy, they felt the real need to 'show the Lord's death' by sharing the Lord's Supper. Through this lay worship they had a real sense of 'joy and release' that communicated itself to others, and in a few weeks they were joined by others" (a.w., 18-19).

Leslie Lyall berig hieroor: "From the establishment of the first church in Foochow in 1923 until 1949 more than 700 such churches with a membership of 70 000 were established. Some were taken from the missionary organizations but others never had any connection with western missions. All were entirely under the leadership of Chinese nationals and, of course, financially independent" (MIGHTY MEN, 64).

Tydens 'n reeks dienste wat Nee saam met 'n ander geestelike leier, Witness Lee, in 1950 in die kerk te Hong Kong gehou het, het daar 'n herlewing uitgebreek en die getal mense het van driehonderd tot tweeen selfs drieduisend aangegroei (Weigh: TESTIMONY, 74).

Dit was gedurende hierdie herlewing dat Nee verneem het dat die politieke situasie onder die bewind van Mao Tse-tung se People's Republic tuis versleg het. Sy getroue vriend, Kwang Hsi Weigh, skryf dat "... the brothers persuaded him not to return to mainland China, but he insisted on doing so, as he was concerned about the churches and co-workers there. He was like the Apostle Paul who on the eve of going to Jerusalem knew that imprisonment and hardships awaited him there, and was ready even to die for the name of the Lord Jesus. Brother Nee, on account of his love for the Lord, for the church and for the brothers and sisters, was in the same frame of mind as Paul. During one or two years after returning to Shanghai, he availed himself of every opportunity to put his heart and soul into the work diligently. There were then hundreds of local churches throughout the country with many thousands of saints, most of whom had had assistance from him in some way" (a.w., 74-75).

Op 10 April 1952 is Nee deur die departement van openbare veiligheid gearresteer en volgens die Chinese owerheid op 1 Junie 1972, kort voor sy vonnis uitgedien sou wees, aan 'n hartaanval oorlede (Roberts: NEE, 33). Weigh verduidelik ook: "Brother Nee's heart was only half as big as a normal person's and he had been suffering from heart disease for many years, causing him acute pain during fits of illness" (TESTIMONY, 75).

Die kerk wat Nee gestig het, die Little Flock, het na sy dood ondergronds gegaan en funksioneer volgens die jongste inligting steeds as 'n getuienis van die krag van die evangelie van Jesus Christus te midde van die dwingelandy van die kommunistiese ideologie. (Vgl. Chao: CHINA; Houliston: MIRACLE, 6-7.)

Nee was voor sy inhegtenisneming as skrywer, prediker en spreker baie produktief. Met die voltooiing van hierdie tesis was daar reeds 54 van sy werke in Engels en agt in Afrikaans in druk, en volgens Roberts is daar nog van sy werke wat uit Chinees vertaal moet word (NEE, 59). Nee se werk *The spiritual man*, vol. I, II en III, is die enigste wat oorspronklik in boekvorm geskryf is. Die ander het eers in sy tydskrifte verskyn. Hy was vanaf 1922 tot 1948 opeenvolgens die redakteur van nagenoeg vyf verskillende tydskrifte. Baie van die artikels het hy self geskryf, ander was snelskrifaantekeninge wat van sy lesings gemaak is en wat hy dan, nadat hy dit eers geredigeer het, in sy tydskrif opgeneem het (a.w., 43).

'n Persoonlike vriend van hom, Stephen Kaung, het in 1948 saam met ander lede van die Little Flock na New York gevlug. Daar is vandag steeds so 'n kerk in New York (a.w., 35). Kaung is dan ook verantwoordelik vir die vertaal van verskeie van Nee se werke in Engels.

Sy werk *The spiritual man*, vol. I, II en III, is die hoofbron van ons onderwerp. Hy het dit as vier-en-twintigjarige reeds in 1928 voltooi. Dit bestaan uit tien dele waarvan die eerste vier reeds op 4 Junie 1927 verskyn het. Dit is in hoofsaak 'n antropologiese studie waarin hy vir die gelowiges 'n analise bied van die gees, die siel en die liggaam van die mens in die lig van die Skrif. In sy voorwoord sê hy onder andere: "I am not the first to advocate the teaching of the dividing of spirit and soul. Andrew Murray once said that what the church and individuals have to dread is the inordinate activity of the soul with its power of mind and will. F.B. Meyer declared that had he not known about the dividing of spirit and soul, he could not have imagined what his spiritual life would have been. Many others, such as Otto

Stockmayer, Jessie Penn-Lewis, Evan Roberts, Madame Guyon, have given the same testimony. I have used their writings freely since we all have received the same commission from the Lord; therefore I have decided to forego notating their many references" (MAN: I, 11-12).

In hierdie woorde word die wyse waarop Nee deurgaans geskryf het, gevind. Sy doel was om dit wat hy gelees het en wat sy hart geraak het en sy lewe sodanig gevorm het dat hy dit van die kansel af kon proklameer, so vinnig as moontlik ook op skrif by sy mense, wat dit nie self in die Engels kon lees nie, uit te bring. Daarom is dit dikwels moeilik om te bepaal wat in sy werke sy oorspronklike gedagtes is, of waar hy dit vandaan kry.

1.4 ANDER WERKE VAN BELANG

'n Werk waarop sowel Penn-Lewis as Nee sterk leun, veral ten opsigte van die mensbeeld, is G. H. Pember se *Earth's earliest ages*. Dit het in 1876 verskyn en is vandag nog, met addisionele voetnote deur G. H. Lang, steeds in druk.

Dit is nie bekend of Murray self vertrouwd was met dié werk nie. Dit kom nie in die lys van boeke uit sy privaatbiblioteek in die Kerkargief te Kaapstad voor nie. Daar is egter heelwat werke waarna Murray verwys, soos die kommentare van Godet, wat nie in die lys voorkom nie. (Vgl. byvoorbeeld GEES, 70-72 vir Godet; ST JOHN, Vol. I; GEES, 213 vir Godet; ROMANS, Vol. I.) Dit blyk dus dat dié lys onvolledig kan wees. Pember se formulerings in verband met die mensbeeld korrespondeer telkens baie deeglik met dié van Murray. Daarom is daar met vrymoedigheid van hierdie werk van Pember gebruik gemaak.

Henry Alford se vier volumes eksegetiese kommentaar, *The Greek Testament*, is verder van groot belang. Waar Murray van die Bybel-kritici se standpunt weerlê en 1 Tessalonisense as voorbeeld gebruik, sê hy: "ik volg in dezen de opgaven van Alford" (ONGELOOF, 107). Verder verwys Penn-Lewis ook na Alford (SOUL, 14; WOMAN, 46). Voor die Westerse sendelinge in 1950 uit China gevlug het, het Leslie Lyall 'n vergadering belê waar hy aan Nee gevra het wat hulle intussen vir die kerk in China kon doen. Nee se antwoord was dat hulle hulpmiddels moes voorberei vir die Christene in China. Onder die kommentare wat hy genoem het wat hulle, volgens hom, in Chinees kon vertaal, word dié van 'n sekere Dean Alford genoem (Kinnear: AGAINST, 149). (Vgl. ook Houliston: SAFARI, 35; Lyall: MIGHTY MEN, 90.) Kinnear het op navraag bevestig dat "[t]he commentaries referred to are by the Very Rev. Henry Alford D.D., Dean of Canterbury" (KORRESPONDENSIE). Murray, Penn-Lewis en Nee was dus al drie vertrouwd met hierdie bron.

Penn-Lewis verwys verder baie na A. R. Fausset se kommentare. Dit is opgeneem in *Jamieson, Fausset and Brown - a commentary, critical and explanatory on the whole Bible*. Fausset se bydrae tot die Nuwe-Testamentiese gedeelte behels die kommentaar op Korintiërs tot Openbaring. Hierin het hy ook sterk geleun op die bogenoemde kommentaarreeks van Alford.

Fausset se werk is dus, saam met dié van Pember en Alford, van bepaalde belang vir die behandeling van *Die mensbeeld in die werke van Andrew Murray, Jessie Penn-Lewis en Watchman Nee*.

HOOFSTUK 2

DIE GEES VAN DIE MENS - 'N PROLOOG

"...wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is?"

- 1 Kor. 2:11

Murray begin sy werk *Die Gees van Christus* met Esegieël 36:26-27: "En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee ... En Ek sal my Gees in jul binneste gee ..." Hy sê dan dat God Homself in twee groot bedelinge geopenbaar het: "In die Oue vind ons die tyd van belofte en voorbereiding; in die Nuwe dié van vervulling en besitting. Om aan te pas by die verskil tussen die twee bedelinge, is daar ook 'n tweevoudige werking van die Gees van God te bespeur. In die Ou Testament vind ons dat die Gees van God op mense kom, en op sekere tye en geleenthede van bo en van buite op hulle inwerk. In die Nuwe Testament kom die Heilige Gees om in die mens te woon en te werk, van binne en buite en hemelwaarts. In eersgenoemde geval is dit die Gees van God as die Almagtige en Heilige God, in laasgenoemde die Gees van die Vader van Jesus Christus" (WERK, 1). Die verheerliking van Christus, sê Murray, het geskied "sodat hy in ons harte die Heilige Gees kon uitstort, in Wie die Vader en die Seun Hul eie geseënde lewe in die hemel het om in ons met Goddelike krag die geseënde lewe van gemeenskap met God te bewaar. Dit sou een van die kenmerke van die nuwe verbond wees dat elke lid daarvan in persoonlike gemeenskap met

God sou wandel" (GEES, xiii).

Murray wys dan verder daarop dat hierdie wandel met God vooruit deur Jeremia verkondig is (31:34). Dit is egter 'n feit, sê hy dan, dat terwyl "ons leerstuk oor die Heilige Gees ortodoks en skriftuurlik is, is Sy teenwoordigheid en krag in die lewe van gelowiges, in die bediening van die Woord, in die getuienis van die kerk teenoor die wêreld, nie wat die Woord belowe en wat Gods plan vereis nie" (a.w., xiv). Derhalwe moet ons, aldus Murray, erken "... dat die ideaal van die Skrif, dat Christus se eie belofte van wat die kerk moet wêes, en sy werklike toestand nie ooreenstem nie" (a.w., xviii).

Die rede hiervoor is onkunde omtrent die tweevoudige werksaamheid van die Heilige Gees soos wat dit in Esegïël belowe word. Murray beskrywe hierdie tweevoudige seën wat God deur sy Gees meedeel, soos volg: "Die eerste is: 'Ek sal 'n *nuwe gees* in jul binneste gee.' Dit beteken dat die mens se eie gees vernuwe en lewendig gemaak word deur die werk van die Gees van God. Nadat dit gedoen is, volg daar die tweede seën: 'Ek sal my Gees in jul binneste gee', om in daardie nuwe gees te woon" (WERK, 1-2). Murray verduidelik verder waarom baie gelowiges nie die vervulling van die belofte ervaar nie: "Net soos daar in die Ou Testament geseënde vooruitsigte op die inwoning van die Gees van God was, so duur die tweevoudige werksaamheid nog in die Nuwe Testament voort. Dit kan gebeur dat, na gelang van die gebrek aan kennis, of aan geloof, of aan getrouheid, 'n gelowige nog in ons dae nie baie verder vorder as die Ou-Testamentiese maat van die werk van die Heilige Gees nie. Die inwonende Gees is in werklikheid aan elke kind van God gegee. Nogtans kan dit gebeur dat hy nie veel meer as die eerste deel van die

belofte ondervind nie, naamlik die nuwe gees wat aan ons by ons wedergeboorte gegee is, terwyl hy nog byna niks omtrent Gods eie Gees, as 'n lewende Persoon in hom, weet nie" (a.w., 1). Die rede vir hierdie onkunde is, aldus Murray, dat die mens ook nie bewus is van sy nuwe gees waarin die Heilige Gees woon nie: "Waar God moet woon, moet hy 'n woonplek hê. In die geval van Adam moes hy 'n liggaam skep voordat hy die gees van lewe in hom kon blaas. In die geval van Israel moes die tabernakel en die tempel gebou en voltooi word voordat God kon neerdaal en daarvan besit neem. Net so word aan ons 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gegee as onmisbare voorwaarde vir die inwoning van die eie Gees van God in ons" (a.w., 2).

Vervolgens brei Murray uit op die verskil tussen die gees van die mens en die Gees van God: "Die verskil is dieselfde as dié wat ons in die gebed van Dawid aantref. Eers is dit: 'Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees', en dan: '... neem u Heilige Gees nie van my weg nie (Ps. 51:12,13). Of wat deur die woorde: '... wat uit die Gees gebore is, is gees' (Joh. 3:6), aangedui word. Hier is dit die Goddelike Gees wat gee, en die nuwe gees wat deur Hom gegee word. So word die twee ook onderskei: 'Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is' (Rom. 8:16). Ons gees is die vernude wedergebore gees; wat hierin woon, en tog daarvan te onderskei is, is Gods Heilige Gees wat daarin, daardeur en daarmee saam getuig" (a.w., 2).

Dit is dus belangrik dat 'n kind van God sal weet dat hy 'n gees het. Murray verduidelik: "Dit is namate ek weet dat ek 'n gees het ... dat ek sal leer om te weet waar Hy woon" (GEES, 307; BYLAE A, 275). Elders

stel hy dit so: "... what we need is, to realise that, as God is a Spirit, so there is a spirit within us that we can know and receive Him ..." (Murray: CHAMBER, 119).

Verder beklemtoon Murray dan ook die belangrikheid daarvan om die onderskeid tussen die gees van die mens en die Gees van God te begryp: "Dit stel ons in staat om die ware verhouding tussen die wedergeboorte en die inwoning van die Gees te verstaan. Eersgenoemde is daardie werking van die Heilige Gees waardeur hy ons van sonde oortuig, tot berou en geloof in Christus lei en aan ons 'n nuwe natuur skenk. Deur sy Gees vervul God dus die belofte: 'Ek sal 'n nuwe gees in jul binneste gee.' Die gelowige is nou 'n kind van God, 'n tempel gereed vir die Gees om in te woon. Wanneer dit in geloof toegeëien word, tree die tweede helfte van die belofte, net so seker as die eerste, in vervulling" (WERK, 2).

Wanneer ons nou "die leer van die Skrif in verband met die inwoning van die Heilige Gees bestudeer, is dit," volgens Murray, "van groot belang om duidelik te sien wat dit ons vertel aangaande die plek waar die Gees woon en die wyse waarop Hy werk. En om dit te kan doen, behoort ons baie versigtig te wees om die regte beskouing te soek met betrekking tot die verskil tussen die siel en die gees van die mens en hul onderlinge verhouding" (GEES, 301; BYLAE A, 268).

Penn-Lewis sluit hier by Murray aan en sê: "The ignorance of Christians concerning the distinction between 'soul' and 'spirit' is very general, and is a primary cause of the lack of full growth in the spiritual life in many devoted and earnest believers" (SOUL, 1). Sy sê

dan ook dat dit nodig is "that the teaching of Scripture upon the distinction between soul and spirit, should be brought within the range of the apprehension of the youngest believer, and made as clear as possible from the Word of God" (SOUL, 1-2).

Die rede waarom dit so belangrik is dat jong gelowiges ingelig moet word omtrent hierdie onderskeid is, volgens Penn-Lewis, omdat "... the fallen Archangel, with his superhuman wisdom, knows the make-up of human beings, and is now, as an angel of light, bringing to bear all the power of the knowledge which he possesses, upon counterfeiting the working of the Holy Spirit, and CREATING IN THE REALM OF THE SOUL such perfect imitations of the pure life of the Spirit of God indwelling the man's spirit, that the most earnest Christians are liable to be deceived" (SOUL, 1).

Nee bevestig verder Murray en Penn-Lewis se oortuiging deur te sê dat die kennis van die onderskeid tussen die gees en die siel is "an issue of *supreme* importance for it affects tremendously the spiritual life of a believer. How can a believer understand spiritual life if he does not know what is the extent of the realm of the spirit? (MAN: I, 22). Hy motiveer sy standpunt verder: "The differentiation of spirit and soul as well as the difference in their functions are necessary knowledge to those who seek to grow in spiritual life. Only after knowing what is the spirit and what is spiritual can we walk according to the spirit" (MAN: I, 11).

Hieruit is dit dus duidelik dat dit vir Murray, Penn-Lewis en Nee van bepaalde belang is dat gelowiges sal verstaan wat die Bybelse begrippe

"gees", "siel" en ook "liggaam" behels. Die rede waarom hulle hierdie kennis van so 'n hoë belang ag, word verder duidelik wanneer daar gekyk word na dit wat hulle onder elkeen van hierdie begrippe verstaan.

Die volle betekenis wat hulle aan hierdie begrippe heg, kristalliseer duidelik uit wanneer hul beskouing aangaande die volgende aspekte van die menslike bestaan ontleed word:

- die skepping van die mens;
- die hoë adel van die mens;
- die sondeval en
- die verlossing wat God vir die mens bewerk het.

HOOFSTUK 3

DIE SKEPPING VAN DIE MENS

En die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword

- Gen. 2:7

3.1 GESKAPE NA GEES, SIEL EN LIGGAAM

Genesis 2:7 is die hoeksteen waarop Murray, Penn-Lewis en Nee die Bybelse mensbeeld konstrueer. Pember begin die hoofstuk in sy werk oor die skepping van die mens ook met Genesis 2:7. Hy verklaar dit dan soos volg: "We have thus three points to consider; the formation of the body, the infusion of the breath of life, and the result that man awoke to consciousness a living soul" (EARTH'S, 74).

Murray verklaar dit soos volg: "In the history of man's creation we read, 'The Lord God formed man of the dust of the ground' - thus was his *body* made - 'and breathed into his nostrils the breath' or spirit 'of life': thus his *spirit* came from God; 'and man became a *living soul*.' The Spirit quickening the body made man a living soul, a living person with the consciousness of himself" (SPIRIT, 333). (Vgl. BYLAE A, 268.)

Pember brei verder soos volg hierop uit: "First ... we are told that the Lord God formed man, that is, moulded his bodily shape as the potter does the clay ... and then breathed into it 'the breath of lives'* ... This breath of lives became the spirit of man, the principle of life within him ... Man was thus made up of only two independent elements, the corporeal and the spiritual: but when God placed the spirit within the casing of earth, the combination of these produced a third part, and man became a living soul" (EARTH'S, 74-75).

Murray formuleer dit elders soos volg: "Uit die geskiedenis van die skepping sien ons dat die mens uit drie dele bestaan. Eers het God 'n liggaam uit die stof van die aarde geskep. Daarna het hy sy eie lewe, asem of gees, in die liggaam ingeblaas. Deur die vereniging van die twee het hy 'n lewende siel geword" (GENEESHEER, 81).

Die rede waarom die Skrif sê dat God die mens na sy beeld en gelykenis geskape het, stel Murray soos volg: "Die engele is deur God geskape as geeste sonder stoflike liggame; by die skepping van die wêreld weer was daar stof sonder gees. Die mens sou die hoogste voorbeeld van goddelike kunsvaardigheid wees: die samestelling in een wese, van stof en gees in volmaakte harmonie, as beeld van die mees volmaakte eenheid tussen God en sy eie skepping" (CHRISTUS, 54). Die wonderbaarlikheid van die skepping van die mens was dan ook "hierdie verbintenis van gees met liggaam of stof" (Murray: GENEESHEER, 82).

*. Die woord "lives" is deur Pember doelbewus in die meervoud geskryf. Die rede waarom hy dit doen, word op p. 36 verduidelik.

Hoekom God in die skepping van die mens gees met stof verenig het, verduidelik Murray soos volg: "Daar was reeds skepsels, die engele, wat gees alleen was sonder stoflike liggame. En daar was skepsels, die diere, wat bestaan het uit 'n liggaam waarin daar 'n lewende siel was, dog sonder gees. Maar in die mens sou gesien word of hierdie liggaam deur die suiwer gees van die hemel kon bewoon en beheers word, ja, in die geestelike heerlijkheid verander en opgeneem kon word" (a.w., 82).

Die rede waarom dit moes gebeur, is dat God, wat Gees is, in die skepping van die mens, 'n wese daar wou stel met wie Hy in voortdurende gemeenskap kon leef. Nee verduidelik dit so: "In order to worship and fellowship with God man must possess a nature similar to His. 'God is *Spirit*, and those who worship Him must worship in *spirit* and truth' (John 4:24). There can be no communication between different natures" (MAN: II, 86). Pember bevestig dan ook dat "...direct communication between spirit and flesh is impossible" (EARTH'S, 75).

Daarom sê Murray met verwysing na Johannes 4:24: "Die eerste gedagte wat hier deur die Meester geopper word, is dat daar harmonie tussen God en sy aanbidders moet wees; soos God is, so moet sy aanbidding wees ... Omdat God *Gees* is moet ons *in gees* aanbid" (GEBED, 7). Murray verduidelik verder: "God is a Spirit ... He gave us a spirit with the one object of *holding fellowship with himself*" (ADORATION, 5).

Uit die voorafgaande blyk dit dus dat waar God die engele en die diere geskape het, daar steeds by Hom 'n behoefte was aan 'n wese op aarde wat direk met Hom kon kommunikeer. Daarom het Hy 'n wese geskape waarin al die eienskappe van die dier en dié van die engele gekombineer was. Dít

was die mens - 'n unieke wese in God se skepping.

Nee brei verder hierop uit deur daarop te wys dat wat die mens so uniek maak "is not that he possesses a soul but that he has a spirit which, joined to the soul, constitutes the man. Such union marks out man as extraordinary in the universe. Man's soul is not related directly to God; according to the Bible, it is his spirit that relates itself to God. God is Spirit; all who worship Him, therefore, must worship in spirit. It alone can commune with God. Only spirit can worship Spirit. We thus find in the Bible such statements as: 'serving with my spirit' (Rom. 1:9, 7:6, 12:11); 'knowing through the spirit' (1 Cor. 2:9-12); 'worshipping in spirit' (John 4:23-24; Phil. 3:3); 'receiving in spirit the revelation of God' (Rev. 1:10; 1Cor. 2:10)" (MAN: I, 62).

Dit is dan ook, soos dit reeds in hoofstuk 2 geblyk het, vir Murray, Penn-Lewis en Nee baie belangrik dat die mens sal weet dat hy 'n gees het. Nee stel dit verder so: "It is imperative that believers recognize a spirit exists within them, something extra to thought, knowledge and imagination of the mind, something beyond affection, sensation and pleasure of the emotion, something additional to desire, decision and action of the will. This component is far more profound than these faculties" (MAN: II, 7).

Die mens moet egter nie net weet dat hy 'n gees het nie, maar ook wat dit is. Nee omskryf die gees van die mens soos volg: "... the spirit itself is substantial, personal, invisible. It is beyond our present comprehension to apprehend the substance of the spirit. What we today

know of its substance comes via its various manifestations in us ... Our spirit is not material and yet it exists independently in our body. It must therefore possess its own spiritual substance, out of which arise various abilities for the performance of God's demands on man" (MAN: II, 68).

Hieruit blyk dit dus dat die menslike gees, volgens Murray, Penn-Lewis en Nee, 'n substansie is wat nie fisies tasbaar of sigbaar is nie, maar wat wel 'n realiteit is.

Hierdie gees van die mens is, volgens Murray, "the inmost part of our being, created for fellowship with God" (FAITH LIFE, 48). Na sy liggaam, sê Murray, "behoort hij de zichtbare schepping toe; hij deelt het zieleven met de dieren, met wie hij tezamen op den zesden dag is geschapen; hij staat met hen onder dezelfde wetten" (ONGELOOF, 230). Direkte kommunikasie tussen gees en stof is egter, soos reeds geblyk het, onmoontlik. Pember verduidelik: "their intercourse can be carried on only by means of a medium" (EARTH'S, 75). Hierdie medium, die siel, was dan, aldus Pember, die direkte resultaat van die kontak tussen die gees en die liggaam van Adam (a.w.). (Vgl. ook Penn-Lewis: SOUL, 4.)

Ons tref nie by enigeen van Murray, Penn-Lewis of Nee 'n poging aan om te spekuleer oor hoe die asem van die lewe in die mens se liggaam ingeblaas is of hoe die siel in die proses ontstaan het nie. Pember skryf egter gereeld die woord *lewe* in die sinsnede, "the breath of lives" in die meervoud. Dit doen hy na aanleiding van die oorspronklike Hebreeus waar dit in die meervoud voorkom. Hy verduidelik verder: " ... it may be nothing more than the well-known Hebrew plural of

know of its substance comes via its various manifestations in us ... Our spirit is not material and yet it exists independently in our body. It must therefore possess its own spiritual substance, out of which arise various abilities for the performance of God's demands on man" (MAN: II, 68).

Hieruit blyk dit dus dat die menslike gees, volgens Murray, Penn-Lewis en Nee, 'n substansie is wat nie fisies tasbaar of sigbaar is nie, maar wat wel 'n realiteit is.

Hierdie gees van die mens is, volgens Murray, "the inmost part of our being, created for fellowship with God" (FAITH LIFE, 48). Na sy liggaam, sê Murray, "behoort hij de zichtbare schepping toe; hij deelt het zieleven met de dieren, met wie hij tezamen op den zesden dag is geschapen; hij staat met hen onder dezelfde wetten" (ONGELOOF, 230). Direkte kommunikasie tussen gees en stof is egter, soos reeds geblyk het, onmoontlik. Pember verduidelik: "their intercourse can be carried on only by means of a medium" (EARTH'S, 75). Hierdie medium, die siel, was dan, aldus Pember, die direkte resultaat van die kontak tussen die gees en die liggaam van Adam (a.w.). (Vgl. ook Penn-Lewis: SOUL, 4.)

Ons tref nie by enigeen van Murray, Penn-Lewis of Nee 'n poging aan om te spekuleer oor hoe die asem van die lewe in die mens se liggaam ingeblaas is of hoe die siel in die proses ontstaan het nie. Pember skryf egter gereeld die woord *lewe* in die sinsnede, "the breath of lives" in die meervoud. Dit doen hy na aanleiding van die oorspronklike Hebreeus waar dit in die meervoud voorkom. Hy verduidelik verder: " ... it may be nothing more than the well-known Hebrew plural of

excellence: the word, which is the common term for life, is rarely found in the singular. But if we wish to give significance to the number, it may refer to the fact that the inbreathing of God produced a twofold life, sensual and spiritual ..." (EARTH'S, 74-75). Sowel Penn-Lewis (SOUL, 4-5) as Nee (MAN: I, 24) volg hom hierin na. In 'n voetnoot verduidelik Pember verder dat die meervoud in "die asem van die lewens" moontlik soos volg verstaan moet word: "the inbreathing of God became the spirit, and *at the same time, by its action upon the body, produced the soul*" (a.w.: 75; kursivering deur Penn-Lewis in haar aanhaling: SOUL, 5). Nee stel dit soos volg: "When the inbreathing of God entered man's body, it became the spirit of man; but when the human spirit reacted with the body the soul was produced. This explains the origin of our spiritual and soulical lives" (COVENANT, 8). Ons tref hierdie interpretasie van die meervoud in "die asem van die lewens" nie by Murray aan nie. Alhoewel daar verskil mag word oor hierdie siening, is die hoofsaak waarom dit by Murray, Penn-Lewis en Nee gaan, die volgende interpretasie van Genesis 2:7 soos Murray dit stel: "Toen God in de neusgaten van de nieuwgeschapen mensch heeft geblazen, was dit niets minder dan hem Zijnen Geest te geven, als de kracht waardoor hij eene levende ziel werd" (Murray: GOD IN ONS, Voorrede).

Uit dit wat Murray, Penn-lewis en Nee tot sover gesê het, blyk dit dan dat die mens, naas dat hy uit 'n liggaam en 'n siel bestaan, ook 'n gees het. Verder is dit duidelik hoe die gees, die siel en die liggaam, volgens hulle, ontstaan het. Die vraag is nou: Wat is die onderskeie funksies van die gees, die siel en die liggaam en hoe moet die onderlinge verhouding tussen die drie verstaan word?

In antwoord op hierdie vraag word daar nou eerstens gekyk na die basiese funksies van die gees, die siel en die liggaam en dan tweedens, na die verhouding waarin die drie tot mekaar staan.

3.1.1 Die onderskeie funksies van die gees, die siel en die liggaam

Murray skets die basiese rol van die gees, die siel en die liggaam in die drie-enige mens soos volg: "Die siel was die plek van ontmoeting, die punt van vereniging tussen liggaam en gees. Deur die *liggaam* was die mens, die lewende siel, verwant aan die uiterlike, sinlike lewe ... Deur die *gees* was hy verwant aan die geestelike wêreld en die Gees van God ..." (GEES: 301; BYLAE A, 269).


In 'n ander werk stel Murray dit so: "Die siel dus, wat die eintlike mens uitmaak, staan tussen die liggaam en die gees en verbind hul aan mekaar. Deur die liggaam staan die siel in verbintenis met die uitwendige wêreld, deur die gees met die onsienlike wêreld en met God" (GENEESHEER, 81-82). Pember verduidelik verder: "There was a perfect blending of his three natures [Adam s'n] into one, and the soul as the uniting medium became the cause of his individuality, of his existence as a distinct being. It was also to serve the spirit as a covering, and as a means of using the body; nor does Tertullian seem to have erred when he affirmed that the flesh is the body of the soul, the soul that of the spirit" (EARTH'S, 75).

Murray sluit hierby aan deur te sê dat die gees, die siel en die liggaam voorgestel kan word "als drie kringen in elkander. De eerste, de binnenste, de geest, geschapen om God te kennen. De tweede, de ziel

met de vermoëns, van te kennen, te gevoel, en te willen ... De derde, of buitenste kring is het lichaam waardoor de ziel in aanraking komt met de wereld rondom haar, en haar lief en leed ondervindt" (HARTE, 30).

Die onderskeid tussen die hierdie dele word nog duideliker wanneer daar na elk se onderskeie funksies gekyk word. Pember skets dit soos volg: "... the

body we may term the sense-consciousness, the soul the self-consciousness, and the spirit the God-consciousness. For the body gives us the use of five senses; the



soul comprises the intellect which aids us in the present state of existence, and the emotions which proceed from the senses; while the spirit is our noblest part, which came directly from God, and by which alone we are able to apprehend and worship Him" (EARTH'S, 76-77).

Murray se omskrywing van die funksies van die verskillende dele sluit sterk hierby aan. Hy stel dit so: "Die gees is die setel van ons godsbewussyn; die siel van ons selfbewussyn; die liggaam van ons wêreldbewussyn. In die gees woon God, in die siel die self en in die liggaam die sinne" (GEES, 305; BYLAE A, 273). Hy beskryf die gewes

waarmee die siel bedeed is as "veral dié van bewussyn en selfbepaling, van verstand en wil" (a.w., 302; A, 269). Hy brei nog verder daarop uit en sê dat die siel is "ons hele self met al ons gevoelens, gedagtes en wilsuitinge" (a.w., 304; BYLAE A, 271).

Met verwysing na Pember en Murray se woorde hierbo som Penn-Lewis die saak soos volg op: "Briefly, we see that all of these writers practically define the 'soul' as the seat of the personality, consisting of the will and the intellect or mind; a personal entity standing between the 'spirit' with its openness to the spiritual world, and the 'body' - open to the outer world of nature and sense - having the power of choice as to which world shall dominate or control the entire man" (SOUL, 5).

Die volledigste beskrywing van die verskillende funksies van die gees, die siel en die liggaam tref ons by Nee aan. Hy skets dit soos volg:

"It is through the corporal body that man comes into contact with the material world. Hence we may label the body as that part which gives us *world-consciousness*. The soul comprises the intellect which aids us in the present state of existence and the emotions which proceed from the senses. Since the soul belongs to man's own self and reveals his personality, it is termed the part of *self-consciousness*. The spirit is that part by which we commune with God and by which alone we are able to apprehend and worship Him. Because it tells us of our relationship with God, the spirit is called the element of *God-consciousness*. God dwells in the spirit, self dwells in the soul, while senses dwell in the body" (MAN: I, 26).

Nee brei vervolgens nog verder hierop uit:

- Die gees, sê hy, is die orgaan waardeur die mens "... holds intercourse with the spiritual world and with the Spirit of God, both receiving and expressing the power and life of the spiritual realm" (a.w.).
- Deur die liggaam met sy vyf sintuie is die mens volgens hom, "in contact with the outside sensuous world, affecting it and being affected by it" (a.w.).
- Die siel van die mens, so sê hy, "is linked with the spiritual world through the spirit and with the material world through the body. It also possesses the power of free will, hence is able to choose from among its environments" (a.w.)

Hierdie siening in verband met die onderskeie funksies van die gees, die siel en die liggaam vorm vir Murray, Penn-Lewis en Nee die basis van waaruit hulle die onderlinge verhouding tussen die drie verduidelik.

3.1.2 Die onderlinge verhouding tussen die gees, die siel en die liggaam

Waar Nee die verhouding tussen die gees, die siel en die liggaam skets, begin hy deur op die volgende te wys: "The spirit cannot act directly upon the body. It needs a medium, and that medium is the soul produced by the touching of the spirit with the body. The soul therefore stands between the spirit and the body, binding these two together" (MAN: I, 26). Die interrelasie tussen die gees en die liggaam word dus deur die siel bepaal. Nee verduidelik dit verder so:

"The spirit can subdue the body through the medium of the soul, so that it will obey God; likewise the body through the soul can draw the spirit into loving the world" (a.w.)

Nee gebruik die volgende beeld om te illustreer hoe dit werk: "Under normal conditions the spirit is like a mistress, the soul like a steward, and the body like a servant. The mistress commits matters to the steward who in turn commands the servant to carry them out. The mistress gives orders privately to the steward; the steward in turn transmits them openly to the servant. The steward appears to be the lord of all, but in actuality the lord over all is the mistress" (a.w., I, 43).

Murray skets die verhouding tussen die drie soos volg: "In die samestelling van hierdie drie dele van die mens se natuur was die gees, wat hom verbind met die Goddelike, die hoogste; die liggaam wat hom met die sinlike en dierlike verbind het, die laagste. Tussen die twee het die siel gestaan wat deelgenoot van die natuur van die ander twee was, die band wat hulle verenig het en deur wie hulle op mekaar kon reageer. Sy werk as die sentrale mag was om hulle in hul regte verhouding tot mekaar te hou ..." (GEES, 301-302; BYLAE A, 269).

Hierdie "regte verhouding" tussen die gees en die liggaam word deur Nee beskryf as "namely, that the lowest, the body, may be subjected to the spirit, and that the highest, the spirit, may govern the body through the soul. Man's prime factor is definitely the soul. It looks to the spirit to give what the latter has received from the Holy Spirit in order that the soul, after it has been perfected, may

transmit what it has obtained to the body; then the body, too may share in the perfection of the Holy Spirit and so become a spiritual body" (MAN: I, 27).

3.1.3 Die besondere plek en funksie van die liggaam

Uit die voorafgaande blyk dit dat die menslike liggaam, alhoewel dit die "laagste" van die drie genoem word, nie volgens Murray, Penn-Lewis en Nee minderwaardig is in verhouding tot die gees en die siel nie. In die samestelling van die menslike natuur na gees, siel en liggaam het die liggaam sy eie besondere plek en funksie. Sonder sy liggaam sou die mens hoegenaamd nie MENS gewees het nie. Murray sê dan ook: "In het lichaam huist het leven ... Het lichaam heeft vele leden, en is eene wonderbare samenvoeging van velerlei krachten" (JEZUS' BLOED, 145).

Verder brei Murray oor die liggaam met sy lede en sintuie, die liggaam as wêreldbewussyn, wat deur die wêreld beïnvloed word en ook invloed daarop uitoefen, soos volg uit: "Het lichaam heeft een hoofd. Wij spreken van het hoofd, met die hersenen, als de zetel van het verstand ... Het hoofd heeft ook zijne leden, oog en mond en oor. Door het oog kom ik in aanraking met de zienlijke wêreld en hare begeerlikheid ... Door het oor treed ik in gemeenschap met mijne medemenschen ... Met den mond openbaar ik wat in mij is, wat ik denk en zoek en wil, en oefen ik invloed op mijne medemenschen uit: mond en tong en lippen moeten ... spreken ... naar het wil van God en ter eere van Hem" (a.w.).

Dit is egter nie net deur die tong dat die liggaam invloed uitoefen nie. Murray skryf: "Het lichaam heeft ook handen en voeten. De handen vertegenwoordigen de kracht om te werken... Mijne voeten vertegenwoordigen mijne wegen en mijne wandel ..." (a.w.)

Naas die ledemate en sintuie van die liggaam is daar ook organe wat met die geestelike sy van die mens geassosieer word. So skryf Murray onder andere: "Het lichaam heeft een hart, het middelpunt des levens, waar het bloed, waarin de ziel woont, in en uitstroomt. In het hart is de verzamelplaats van al des menschen begeeren en trachten, van zijn willen en kiezen ..." (a.w.)

Murray tref hier dus geen definitiewe onderskeid tussen die fisiese en die psigiese "hart" van die mens nie. Die liggaam as meesterstuk van God se skeppingswerk is so onlosmaaklik deel van die menslike natuur dat dit nie moontlik is om daarvan te praat sonder om die analogie tussen dit en die gees en die siel te noem nie. Die drie is op mekaar aangewese en nie van mekaar te skei nie. Funksioneel word dit egter van mekaar onderskei. 'n Orgaan van die liggaam soos die hart kan dus sonder omhaal van woorde as model dien om die funksies van die "hart" (in geestelik sin) in die psigiese samestelling van die mens te skets. Dit word veral duidelik wanneer gekyk word na hoe Murray die "laagste" van die drie in verhouding tot die res skets. Hy skryf: "Hart en hoofd, handen en voeten maken te zamen een lichaam uit. Zij zijn samen vereenigd in dat wonderbaar gewrocht van vleesch waarin de ziel hare huisvesting heeft ... geschapen om de dienaar der ziel te wezen en in onderwerping aan de leiding van den geest te worden gehouden ... Het lichaam met zijn eten en drinken , met zijn slapen en werken, met dat

wonderbaar zenuwgestel waardoor de ziel met de wêreld in aanraking treed... het lichaam met ziel en geest daarin wonend, moet God eene levende offerande zijn..." (JEZUS' BLOED, 145-147).

Nee stel net so 'n hoë primaat aan die menslike liggaam wanneer hy sê: "We should know what place our physical body occupies in the purpose and plan of God. Can anyone deny the relationship between the body and spirituality? In addition to a spirit and a soul we also have a body ... By accurately searching the Scriptures we can discover how much attention God pays to man's body, for the Bible has a lot to say about it" (MAN: III, 139).

Verder openbaar die Bybel dat God 'n hoë doel gehad het met die skepping van die menslike liggaam. Murray verduidelik: "By die skepping is die siel geplaas tussen die geestelike of Goddelike en die waarneembare of wêreldlike, om aan elkeen sy regmatige plek toe te ken, en hulle tot volmaakte eenheid te lei wat daarop sou uitloop dat die mens sy bestemming sou bereik, 'n geestelike liggaam" (GEES, 225).

Penn-Lewis sluit direk hierby aan wanneer sy sê: "... when Adam walked in the garden of Eden, the spirit breathed into him by God dominated his 'soul' - i.e., intellect, mind, will - and *through the vessel of the 'soul'* shone out in, and through, the earthly tabernacle of clay - the body - making it luminous with light, impervious to cold and heat, and able perfectly to fulfil the object of its creation" (SOUL, 5).

As dit dan so is, kan met reg gevra word: Wat is dan die skeppingsdoel wat die mens moet vervul? Die antwoord op hierdie vraag werp verder ook heelwat lig op die eienskappe of funksies van die menslike gees. Dit het reeds geblyk dat die siel die selfbewussyn met die wil, intellek en emosies is. Die liggaam is die wêreldbewussyn met die vyf sintuie: gesig, gehoor, reuk, smaak en gevoel (die hele senustelsel). Die gees is die Godsbewussyn, maar hoe funksioneer dit en wat is die eienskappe daarvan? Wanneer daar gekyk word na die doel wat God met die skepping van die mens gehad het en na hoe die mens daaraan moes voldoen, word die antwoord op hierdie vraag duidelik.

Voor daar egter hierop ingegaan kan word, is dit eers nodig dat meer duidelikheid gekry word oor 'n sekere saak wat in Murray, Penn-Lewis en Nee se woordgebruik na vore gekom het. Hierdie saak is 'n saak wat, as dit nie reg verstaan word nie, tot onnodige misverstand kan lei. Dit is die hele kwessie rakende 'n "hoër" en 'n "laer" komponent in die menslike wese.

HOOFSTUK 4

'N HOËR EN 'N LAER KOMPONENT IN DIE DRIE-ENIGE MENS

4.1 GEES IS "HOËR" AS MATERIE

Wanneer Calvyn oor die mens praat, dan sê hy onder andere: "... there can be no question that man consists of a body and a soul; meaning by soul, an immortal though created essence, which is his nobler part" (INST.: I, 15, 2).

Waar Luther die gees van die mens beskryf, sê hy onder andere: "... der Geist, ist das höchste, tiefste und edelste Teil des Menschen ..." (MAGNIFIKAT, 28). (Vgl. BYLAE C, 279.)

Hierby, het ons gesien, sluit Murray, Penn-Lewis en Nee volledig aan wanneer hulle in verband met die verhouding tussen die gees, die siel en die liggaam sê dat die gees die hoogste en die liggaam die laagste van die drie is.

Hierteenoor lyk dit asof Berkouwer presies die teenoorgestelde sê. Hy skryf dat "in de Schrift de mens nimmer dualistisch of pluralistisch wordt uiteengerukt ..." Hy motiveer hierdie stelling van hom dan verder. Hy skryf dat dit onwaarskynlik is "dat het in het bijbels mensbeeld ooit gaan zal om een scheiding tussen een *hogere* en een *lager* deel van de mens in de zin, dat het *hogere* deel heiliger zou zijn dan het *lagere* en *dichter* bij God staat in onderscheiding van het *lagere*,

dat als zodanig onrein en zondig zou zijn en verder verwijderd van de God des levens. Deze visie op 'höger' en 'lager' in die mens vormt, meestal die eienlijke achtergrond van die antropologiese dualisme en word die meermalen ook in die teologie sightbaar" (MENS, 221).

As voorstander van 'n antropologiese dualisme waarsku Kuyper egter weer teen die oorbeklemtoning van die eenheid van die mens. Hy skryf: "Thans oordelen die meeste wijsgeren, en op hun voetspoor een aanzienlijk aantal godgeleerden, dat van eene samenstelling van den mens uit ziel en lichaam niet langer sprake kan zijn, en dat ons niets anders overblijft, dan in den mens een organiese eenheid aan te nemen" (DORDRACENO: II, 217).

Iemand wat weer die dualisme "siel en liggaam" of "gees en liggaam" heeltemal afwys, is Kuitert. Hy skryf dan ook dat hoe graag 'n mens ook al by die gebruik van die woord *rûah* "aan 'innerlijk' wil denken ... nergens kan die 'binnenkant' van die mens identiek gesteld worden aan een on-stoffelijk bestanddeel in dichotomistiese zin". Net so ook, sê hy, kan *bâsâr* nie gelykgestel word "aan materie of stof als tweede (en lagere) komponent (en in westerse zin: die buitenkant)" nie (MENS-VORMIGHEID, 208).

Hieruit kan ons, aldus Kuitert, op antropologiese gebied verklaar dat *rûah* "niet gebruik die word om die onstoffeliese substantie van die mens aan te duiden" (a.w.).

Kuyper wys egter op die konsekwensie van die miskenning van die onderskeid tussen gees en materie. Hy stel die soos volg: "Uiteraard

gaat dit verschil diep. Zijn we toch geestelijk van Gods geslacht en lichamelijk aan de tastbare schepping verwant, en stelt men dat nochtans siel en lichaam organisch één in ons zijn, dan heft men hiermee feitelijk het volstrekte onderscheid tusschen God en zijn schepping op. Gelijk in ons dan ziel en lichaam in den grond hetzelfde zijn, valt dan alle onderscheid tusschen geest en stof weg. Geest en stof blijken dan slechts twee woorden voor eenzelfde zaak te zijn, twee verschijningen van eenzelfde wezenheid. En zoo is het einde, dat wie begint met in ziel en lichaam een organische eenheid te zien, eindigen moet met zijn God te verliezen" (DORDRACENO: II, 217-218).

Al moontlikheid wat dan oorbly, verduidelik Kuyper verder, is "om, op de wijze der hedendaagsche wijsgeeren, zich een pantheïstischen god te droomen, die altoos bezig is om uit geest stof of uit stof geest te worden; maar zulk een panteïstische afgod hoort bij de Buddhisten thuis en heeft met den God en Vader van onzen Heere Jezus Christus den naam zelfs niet gemeen" (a.w., 218).

In sy afwysing van die dualisme bevind Kuitert hom dan ook duidelik te midde van die draaikolk waarteen Kuyper hier waarsku. So skryf hy byvoorbeeld dat wat "het spreken over Gods werkelykheid betrefte ... Er is voor de bijbelschrywers geen esse van JHVH, afgedacht van Zijn woorden en daden als Israels Bondgenoot ... Het wezenlyke onderscheid tussen God en mens is daarmee niet voor afwezig verklaard. Wij bedoelen alleen, dat het niet wordt uitgedrukt met behulp van een wezensbegrip, dat naar een substantieverskil verwijst" (MENSVÖRMIGHEID, 207). Die enigste keer, verklaar Kuitert dan verder, dat die wese van God met die woord *rûah* getipeer kan word, naamlik in Jesaja 31:3, gee vir ons

"geen enkele aanleiding om te denken, dat de bijbelschrijver nu ineens de sfeer van het goddelijke als het immateriële wil aanduiden (tegenover de sfeer van het menselijke als die van het stoffelijke)" (a.w., 209).

Berkouwer waarsku ook teen die gevaar "dat men uit reaktie teen die dualisme in een diffuus monisme belandt ..." (MENS, 245). Die probleem met die dualisme self is egter volgens hom, dat soos in die Griekse filosofie, so ook in die teologiese denke die siel en die liggaam as twee heel afsonderlike entiteite gesien word. Die gevaar in hierdie siening beskryf hy soos volg: "De ziel kwam als het hogere dichter bij God te staan dan het lichaam, dat het lagere vormde. En al ontkende men niet de schepping van de ganse mens, toch kon men de lichamelijke van die mens meermalen maar moeilijk binnen de ware creatuurlijkheid en de volle menselijkheid honoreren" (a.w., 221-222).

Daarom is dit volgens Berkouwer duidelik "dat voor deze konsepie over lager en hoger 'deel' van die mens, in die bijbels mensbeeld geen plaats is. Dat blyk vooral uit die feit, dat die zonde, die slechte en afvallige in die mens *nimmer* betrokken word op die een of andere antropologiese distinktie en nie *ergens in die mens* word gelocaliseer, alsof die eienlijke kwaad *hier* of *daar* zou zetelen, al heeft men meermalen getracht in die Skrifte een dergelyke lokaliserings aan te wysen" (a.w., 222).

Teenoor hierdie mening van Berkouwer sê Van Nifrik die volgende: "Geen water van een apologetiese see wast weg, dat onze vaderen een dualistiese ... antropologie huldigen, en in 'substanties' dachten.

Misschien hadden zij wel gelijk" (KERK EN THEOLOGIE, 188; soos gekwoteer deur Potgieter: ONSTERFLIKHEID, 858).

Hierteenoor wys Berkouwer egter die "*substantie-begrip*" (MENS, 238), in verwysing na Dooyeweerd, volledig af en sê onder andere: "Men kan natuurlik trachten het substantie-begrip van zijn historische complicaties te ontdoen en menen, dat deze trouwens toch niet in de gemeente meeresonneren. Het woord zelf leent zich echter uiterst moeilijk tot zulk een simplificerende reductie" (a.w., 240).

Hierop reageer prof. F.J.M. Potgieter deur te sê dat Berkouwer en Dooyeweerd hierin nie ontkom "aan die klem van Kuyper se argument nie, nl. wie leer dat siel en liggaam slegs onderskeie uitinge (of aspekte; vgl. pp.* 227 en 232), van die een menslike wese is, met opheffing van die wesensondersheid tussen gees en stof, *in casu* siel en liggaam, moet eindig met die prysgee van die volstrekte verskil tussen die stoflike skepping en die Skepper as louter geestelike Wese" (ONSTERFLIKHEID, 858).

Hier is dus twee standpunte wat direk teenoor mekaar staan. Dit is twee standpunte wat as sodanig totaal onversoenbaar is.

'n Feit wat egter in ag geneem moet word, is dat waar Luther van die gees en Calvyn van die siel as die hoër of edelste deel van die mens

* Die paginas waarna Potgieter hier verwys, is dié van Berkouwer se werk De mens het beeld Gods.

praat, hulle dit van die mens sê soos God hom geskep het.

Dit is ook hoe Murray, Penn-Lewis en Nee dit doen, wanneer hulle van die skepping van die mens praat.

Wat by Berkouwer opval, is dat hy klem lê op die eenheid van die mens ten koste van 'n hoër en laer deel in die wese van die totale mens. Dit dan omdat so 'n "laer" deel sogenaamd verder van God sal wees as die "hoër" deel. Dit alles gaan daarom dat "het in het Woord Gods juist om die ganse mens in zijn verhouding tot God te doen is" (MENS, 218).

In verband met hierdie verhouding tussen God en die ganse mens sal niemand met Berkouwer verskil nie, behalwe diegene wat op voetspoor van die Griekse wysbegeerte die "laer deel" of liggaam van die mens wil reduseer tot die setel van die sonde en slegte in die mens.

Die probleem lê dus nie in 'n hoër en 'n laer deel as sodanig nie, maar in 'n hoër = nie-sondige en 'n laer = sondige deel wat in dieselfde mens gesetel sou wees.

Murray, wat duidelik van die hoër en die laer deel van die menslike wese praat, verwerp egter die beskouing dat enige deel, insluitende die liggaam, as sodanig sondig is.

Murray verduidelik dit soos volg: "Die Bybel sê dit vir ons: die sonde behoort nie tot die wese van die mens nie, en hy kan nooit daarin rus vind nie. Dit het nie uit sy natuur ontstaan nie; dit is iets onnatuurliks, in stryd met sy aanleg en bestemming: vandaar kom dit

dat hy dit as 'n verkeerdheid voel. Die sonde is nie met die natuur van die mens deur God gewil nie: dit is die daad van 'n vrye skepsel, in stryd met die wil van sy God; vandaar die betaamlikheid van al daardie selfverwyt en die noodsaaklikheid van al daardie ellende as gevolg van die skeiding van sy God" (ONGELOOF: 1942, 226).

Die sonde is dus nie wesentlik van enige deel van die menslike natuur nie. Hoe is dit dan dat dit so 'n geweldige mag oor die mens het? Murray verduidelik dat, toe die mens uit sy eie vrye wil God se gebod oortree het, "het hy onder die mag en die heerskappy van die sonde geraak, en het hy aan die sonde huisvesting gegee in sy binneste. So het die sonde wat iets heeltemal onnatuurliks is, tot 'n tweede natuur geword, van die mag waarvan die mens homself nie kan bevry nie. En so kom dit dat hy elke keer weer gehoor gee aan die verleiding daarvan, al weet hy wat dit hom sal kos; so kom dit dat hy die goeie sien maar die kwade volg. Hy is 'n gevangene, 'n koningskind in kettings; by al die verkeerdheid van sy wil is daar die tekens dat die sonde net so min sy natuur as sy bestemming is" (a.w., 227).

Hieruit blyk duidelik dat die sonde nie wesentlik deel van die menslike wese is nie. Die vraag is nou egter: As Murray-hulle sê dat die liggaam die "laer deel" van die menslike wese is, dink hulle nie maar oor die liggaam op 'n Platoniese wyse nie? Murray skryf soos volg oor die feit dat sommige mense die liggaam geringskat: "Hulle verloën ... heeltemal die een sy van die menslike bestaan. Die mens bestaan uit liggaam en gees. Die liggaam is nie net die gevangenis van die gees nie, maar ook sy metgesel en sy wederhelf. Dit is die heerlikheid van die Christendom dat terwyl dit die sienlike, die vleeslike, in

sover as dit onder die mag van die sonde is, veroordeel het, om die weg te baan vir die heerskappy van die gees, dit ook die toekomstige vernuwning en herstelling van die sienlike belof het ... Die liggaam sal weer opgewek word. Afskei van die liggaam rus die gesaligde gees in die hoop van die heerlikheid. Daardie heerlikheid sal egter eers dan volmaak wees wanneer die 'verlossing van die liggaam' volbring sal wees, en die 'verheerlikte, geestelike liggaam' weer die woning van die gees sal wees. Die liggaam wat hier die tempel van die Heilige Gees is, kan nie die prooi van die verderf bly nie. Met daardie geloof het die Christendom ook die liggaam geheilig en in waarde herstel. Die hele mens, met al sy dele, kom tot sy reg en vind die vervulling van die regmatige verlange na 'n volkome verlossing" (a.w., 237).

Wat hier veral opval, is die hoë prioriteit wat Murray toeken aan die liggaam, wat hy, soos ons gesien het, elders as die "laere" deel van die menslike wese beskryf. Dit wys dus duidelik dat hy geensins met die liggaam as 'n "laere deel" enigiets negatief of sondig bedoel nie.

Van Oosterzee bevestig dit wat Murray oor die liggaam sê. Hy skryf dat, terwyl ons in die natuurwetenskap leer waaruit die menslike liggaam (fisies gesproke) opgebou is, ons uit die Skrif leer "dat het lichaam uit het stof der aarde genomen is ten gevolge eener bijzondere scheppingsdaad Gods (Gen 2:7), en geeft ook op die wijze beide aan de grootheid en aan de geringheid des menschen getuigenis. Nergens intusschen wordt hier de voorstelling gewekt of gewettigd, als of het lichaam een kerker der ziel, een hinderpaal der zedelijke ontwikkeling zijn zou. Integendeel komt hier ook de lichamelijkheid tot haar recht en

eer, als drager niet slechts, maar onmisbaar bestanddeel van des menschen geheele persoonlijkheid" (DOGMATIEK: I, 498).

Dit bring ons dan by die vraag: Wat presies word bedoel as die liggaam as die "laere" en die gees as die "hoër" deel van die mens beskryf word?

Delitzsch gee 'n volledige uiteensetting van die wyse waarop die saak gesien kan word. Hy skryf:

"We proceed from the fact, that Scripture primarily requires of us to recognise the essential opposition, and thus the dualism, of spirit and matter. At the outset it is not to be denied that *matter* is not a word which occurs in Scripture. The word certainly does not occur, but doubtless the idea does. All life, according to Scripture, is efficiency and operation of the spirit, whether it be in the case of the Living One, who Himself is Spirit as God, who as the absolute Living One is called *πνεῦμα* (John iv.24), comp. Isa.xxxi.3, and the super-terrene personal creatures which are called *πνεύματα* (Heb. i.14); or that it is pervaded by the spirit as the whole of nature; or is endowed with soul by spirit as the individual personalities. There is thus a distinction between the spirit as the living and the lifegiving on the one hand, and the corporeal as that which in itself is lifeless on the other; and this corporeal nature, lifeless in itself, is precisely that which we call matter" (PSYCHOLOGY, 103).

Ons kan dus sê dat materie of stof, dit waaruit God die menslike liggaam geformeer het, leweloos is. Dit lewe nie en is dus nie self tot enigiets in staat nie. Dit is dus "laer" as die gees wat lewe is. Gees is lewe en kan lewe gee en is dus "hoër" as die stof waaraan dit

lewe gee.

Waar die gees dan die hoër komponent in die mens genoem word, is dit dus nie ten koste van die liggaam of laer komponent nie. Dit word nie so beskryf om die liggaam te degradeer as minderwaardig of sondig nie.

Van Oosterzee verduidelik dit soos volg: "Van de stoffelijke ... is de geestelijke zijde van ons wezen bepaald onderscheiden, en naar gewijde voorstelling rechtstreeks van hooger en oorsprong (Gen. 2:7). God is de God der geesten van alle vleesch (Hebr. 12:9. verg. Num. 16:22), en die geest keert in het sterfuur weder tot Hem, ook waar het lichaam tot aarde keert (Pred. 12:7). Het Bijbelsch-anthropologisch standpunt is alzoo niet monistisch, maar bepaald dualistisch; in dien zin nochtans, dat het hoogere en lagere hier niet bloot uitwendig nevens elkander staat, maar tot eene levende éénheid verbonden is. Het lichaam-blijkt bestemd den geest te dienen; de geest om over het lichaam te heerschen" (DOGMATIEK: I, 498).

Ons weet dat die liggaam van die mens uit grondstowwe van die aarde bestaan. God het van die materie wat Hy uit niks geskep het, geneem en vir die mens 'n liggaam berei. Daarin het Hy die asem van die lewe geblaas - en die lewende mens was daar!

Archer skryf soos volg hieroor: "If we examine the biblical record carefully, we must recognize that when God created Adam and Eve in His own image (Gen. 1:27), He breathed something of His own Spirit into them (Gen. 2:7) in a way that He had not done to any previous order of

creation. Did that divine image consist of some material form, some special kind of skeleton or anatomic structure? Certainly not, for God is spirit, not flesh (John 4:24). Therefore what made Adam of central importance was his inward makeup of soul (*nepes*) and spirit (*rûah*), as well as his physical frame and bodily nature ..." (ENCYCLOPEDIA, 64).

Al die verskillende komponente wat in die mens se wese, kragtens sy samestelling tydens sy skepping, onderskei kan word, is dus van bepalende belang. Hierdie verskillende komponente het elk ook kragtens hul eie aard 'n eie funksie waarvolgens hulle kwalifiserend gedefinieer kan word. Derhalwe kan daar in die lig van die verduidelikings van Delitzsch en Van Oosterzee hierbo, van die gees as die hoëre en die liggaam as die laere komponente in die menslike wese gepraat word. Murray, Penn-Lewis en Nee, wat nie in diskussie was met Plato, Kuitert of enigiemand van welke standpunt ook al nie, het die komponente so beskryf as deel van hul poging om aan te toon wat die oorsprong, eie aard en funksie van elke deel ten opsigte van die geheel was.

Van Oosterzee vat dit soos volg pragtig saam: "De mensch is een zinnelijk-geestelijk wezen, naar het lichaam aan het stof der aarde, naar den geest aan God, den Vader der geesten verwant; eene persoonlijkheid, blijkens de geheele inrichting harer natuur in alle hare deelen, werkzaamheden en krachten bepaaldelijk aangelegd op het leven in gemeenschap met God" (DOGMATIEK: I, 497-498).

Hierdie onderskeid tussen 'n hoër lewegewende geestelike deel en 'n laer materiële deel wat nie op sigself lewe nie, in die menslike wese, ontlok die vraag of hierdie dele substansieel van mekaar te onderskei is.

Hierdie vraag kom na vore in die volgende gedeelte wat handel oor die drie-eenheid van die mens.

4.2 DIE DRIE-EENHEID VAN DIE MENS

Waar Murray, Penn-Lewis en Nee die mens beskryf, maak hulle veral van die begrippe "gees," "siel" en "liggaam" gebruik. Deur die eeue heen is daar gevra na die wese van die mens. Een van die belangrikste bronne wat geraadpleeg word in hierdie soeke is die Bybel. So is daar, en word daar steeds in die oorspronklike tale gesoek na die presiese betekenis van hierdie begrippe.

Uit hierdie soeke het daar uiteenlopende standpunte rakende die wese van die mens ontstaan.

Een van die redes vir die verskillende standpunte is dat daar verskil word oor die inhoud van die begrippe self. Verder word daar ook verskil oor die onderlinge verhouding tussen dit wat onder hierdie begrippe verstaan word.

Onder die verskillende standpunte rakende die begrippe "gees," "siel" en "liggaam" staan die voorstanders van die digotomie en die trigotomie direk teenoor mekaar.

Waar prof. F. J. M. Potgieter* sy standpunt oor die digotomie teenoor die trigotomie stel, gee hy die basiese uitgangspunt van elkeen weer. Hy sê: "Ek handhaaf dus die digotomie, dit is dat die mens bestaan uit 'n stoflike en onstoflike deel. Die trigotomie aanvaar drie wesenhede, die liggaam, die siel en die gees" (BYLAE D, 285).

Onder die digotomiste sowel as die trigotomiste is daar uiteenlopende standpunte. Dit is ongelukkig nie moontlik om hier volledig op al hierdie standpunte in te gaan nie. Om egter Murray, Penn-Lewis en Nee se posisie ten opsigte van die digotomie en die trigotomie te bepaal, is dit nodig om na sommige van hierdie standpunte te kyk. Elke standpunt het as agtergrond 'n eie inkleding van die begrippe waarmee gewerk word. Dit word soms weerspieël in die gedeeltes wat gekwoteer word. Die doel met die verwysing na sodanige standpunte is dus nie in die eerste instansie om dit as sodanig te beoordeel of om volledig daarop in te gaan nie. Daar word daarna verwys om aan te toon hoe uiteenlopend daar oor die saak gedink word. Die agtergrond vir die inkleding van die begrippe asook die wyse waarop dit hanteer word, word wel aangesny ten einde aan te dui wat die invloed is, al dan nie, van 'n spesifieke denkwys (filosofie) rakende begrippe soos dié waarmee gewerk word.

So kan begin word deur te kyk na Heyns se afwysing van, soos hy dit noem, die wanvoorstelling van beide die digotomie (of *dualisme*) en die trigotomie. As rede vir sy afwysing hiervan stel hy dat albei hul

* 'n Onderhoud wat met prof. Potgieter oor die kwessie van digotomie en trigotomie gevoer is, is as BYLAE D tot hierdie tesis bygevoeg.

ontstaan in die Griekse wysbegeerte het (DOGMATIEK, 124).

Heyns formuleer dit wat volgens hom omtrent die mens na gees, siel en liggaam gesê kan word, soos volg: "Die mens is as liggaam en siel 'n lewende wese. Maar die mens is ook 'n *geestelike wese*. Met die begrip gees word nie 'n derde deel tot die legkaart toegevoeg nie, maar 'n bepaalde omskrywing gegee van die wyse waarop die mens liggaam en siel is" (a.w., 123).

Barth praat ook in hierdie terme wanneer hy vanuit die verbondsperspektief oor die mens handel in sy hoofstuk oor *Der Geist als Grund der Seele und des Leibes* (K.D.: III, 2).

Waar hy verduidelik dat die dood ekwivalent is aan die afwesigheid van gees en dat dit die mens laat as 'n liggaamlose siel en 'n siellose liggaam, vervolg hy deur die trigotomie af te wys. Hy doen dit soos volg:

"Trichotomismus gefallen ist, wie er von Philo und in den christologischen Streitigkeiten des vierten Jahrhunderts von Apollinaris von Laodicea und im Mittelalter von den arabischen Philosophen vertreten worden ist ... Die einzige Bibelstelle, die man in dieser Hinsicht als undeutlich ansprechen könnte, ist 1.Thess. 5, 23; 'Der Gott des Friedens heilige euch vollkommen und euer Geist möge vollständig und die Seele und der Leib tadellos bewahrt werden bei der Wiederkunft unseres Herrn Jesus Christus.' Es ist zuzugeben, dass diese Stelle hart klingt: wegen der nur leise differenzierten Aneinanderreihung der drei Begriffe und noch mehr wegen des Umstandes, dass Paulus hier auch den Geist als der Bewahrung bedürftig, als nicht *per se*

vollständig bewahrt zu bezeichnen scheint ... Die, wenn auch leise Differenzierung, in der 'Geist' der Seele und dem Leib gegenübergestellt werden, muss entscheidend darum beachtet werden, weil die Stelle, wenn sie vom 'Geist' wirklich als von einem Dritten neben Seele und Leib reden würde, nicht nur bei Paulus, sondern auch im übrigen Alten und Neuen Testament ganz allein stehen würde" (K.D.: III, 2; 426-427).

Barth erken dus dat 1 Tessalonisense 5:23 vir hom 'n wesentlike probleem is in die afwysing van die trigotomie. Daarom maak hy sonder meer die volgende voorstel:

"Die Schwierigkeit der Stelle 1. Thess. 5, 23 würde sich beheben, wenn die Begriffe *αὐτὸς ὁ θεός*, *ὁλοτελής*, *ὁλόκληρον* und *τηρηθείη* sich so zueinander verhalten sollten, dass man folgendermassen paraphrasieren dürfte: 'Er selbst, der Gott des Friedens, heilige euch in der Ganzheit eures Seins, und es werde euer Geist (der diese Ganzheit eures Seins begründet und garantiert) und mit ihm die Seele und der Leib ohne jede Einbusse bewahrt in der Wiederkunft unseres Herrn Jesus Christus'" (a.w., 436-437).

In hierdie hantering van 1 Tessalonisense 5:23 gee Barth die sleutel tot sy eksegetiese hantering van teksgedeeltes in verband met die antropologiese openbaringsgewens weg.*

Waar Maria in Lukas 1:46-47 van haar "gees" en haar "siel" praat, maak Barth dit sonder meer af as 'n "parallelismus membrorum" (K.D.: III, 2; 427).

* Vergelyk byvoorbeeld Barth se eksegeses van Hebreërs 4:12 (K.D.: III, 2; 427).

Teenoor hierdie hantering van die Skrifgegewens kry ons by Brunner 'n ander benadering. Ter staving van sy standpunt in verband met die interrelasie van die gees, die siel en die liggaam verwys hy onder meer na "Luther's famous *Magnificat* passage" (REVOLT, 363). In die *Magnificat* word Luther se eksegesi van Lukas 1:46-47 aangetref. Hier noem hy die gees, die siel en die liggaam die "drie dele" van die menslike natuur (Kerr: COMPEND, 78). (Vgl. BYLAE C, 279.) Anders as Barth tref Brunner (en Luther) 'n duidelike onderskeid tussen die gees en die siel.

Brunner self sê dan verder ook: "In so far ... as the spiritual act as such is distinguished from the psychical - that is, so far as the specifically human element is concerned - of course even in the Bible a threefold nature is recognized: the body, the soul, which man has along with all that lives, and the spiritual or personal element, the reason and the 'heart'" (REVOLT, 363-364).

Die funksies van die verskillende dele sien Brunner soos volg: "The spirit therefore is that in which the relation to the *Logos*, to God, and to all that is Truth, Law, Norm, etc., operates; the soul, on the other hand, is that which connects all that lives, as such, even the living body ... The body is the means through which man communicates with the world, by which he is connected with it, adapted to it, and conditioned by it. Therefore the body is the most solid and impressive manifestation of the creaturely character of man" (a.w., 363 & 374).

Brunner huldig verder ook op grond van Genesis 2:7 die volgende belangwekkende mening in verband met die skepping van die mens. Hy

skryf: "God, the Creator, took a clod of earth from the soil, and out of it He formed the human body into which He breathed the spirit and thus formed it into a living personal being. This childlike point of view expresses a fourfold truth: body and mind belong equally to the nature of man, neither is to be deduced from the other, the spirit is 'from above' and the body 'from below' - and, this is the most important, they are both destined for each other, and in a definite way adapted to one another" (a.w., 374).

Brunner vat vervolgens die eintlike saak waarom dit alles gaan, soos volg saam: "The following question has often been discussed: Is the thought of the Bible a dichotomy or a trichotomy? That is, is there only one principle outside the body, namely the soul? - which is, in some way or another, bearer of the spirit - or are there two principles, soul and spirit, soul and reason, which should be regarded as constituting the nature of man? The question is insoluble so long as one fails to note the way in which soul and spirit are related to one another" (a.w.).

Dit is dan ook waar die groot verskilpunt lê. Duidelikheid wat betref die inhoud van die begrippe "gees" en "siel" behoort te lei tot insig in die verhouding waarin dit tot mekaar staan. Sodanige insig behoort ook meer lig te werp op die wyse waarop 'n mens daarvoor kan praat. Dit is egter nie so 'n eenvoudige saak nie want, soos vroeër geblyk het, is dit juis die inhoud wat aan hierdie begrippe gegee word, wat tot die geskilpunt tussen die digotomiste en trigotomiste aanleiding gee. Brunner som die saak soos volg op:

"The question of dichotomy or trichotomy has only been able to play such a large part in the theology of the Church because already the Biblical view of personality had been obscured by the influence of a Platonic dualism through the interest in the *anima immortalis*. Certainly the Platonic trichotomy encouraged this interest, since it set the spirit, as the higher, the immortal soul, against the psychical vital function. The idea of an *anima rationalis* is fused with that of the *natura rationalis* (Irenaeus) into a unity in that of the *anima immortalis*, which in death becomes separated from the body. The soul which after death ascends up to heaven, that is, after its severance from the body, is that Platonic element which has penetrated most deeply into the *faith* of the Church - and not only into its theology; even today it is the predominating metaphysic" (a.w., 362-363).*

Volgens Brunner het die Griekse denke in verband met die begrippe "gees," "siel" en "liggaam" dus 'n invloed gehad op die wyse waarop die Kerk deur die eeue die Bybel se gebruik daarvan verstaan het.

Wanneer Durand onderskeidelik die insig van Luther en Calvyn in die Griekse dualisme bespreek, sê hy onder andere: "Inderdaad is daar baie uitsprake van Calvyn wat verstommend is in die byna klakkelose oornam van Platoniese gedagtes" (MENS, 43).

Potgieter wys egter in sy proefskrif oor *Die verhouding tussen die teologie en die filosofie by Calvyn* duidelik uit dat Calvyn nie net

* Hierdie inkleding van die begrippe waarmee in die digotomie en die trigotomie gewerk word, is nog meer volledig uitgewerk deur onder andere Delitzsch (PSYCHOLOGY, 106 & 112), Heard (TRIPARTITE, 1-12) en Durand (MENS, 29-39).

die Platonisme goed begryp het nie, maar ook die Griekse dualisme deeglik afgewys het. So byvoorbeeld skryf hy: "Ten opsigte van die antropologie het reeds geblyk dat Calvin wel die dualiteit van siel en liggaam leer maar dat hy opkom teen die Gnostiese siel-liggaam dualisme. Aangaande die vrae na die oorsprong en die wese van die siel kan die filosowe, Plato en Aristoteles inkluis, geen antwoord gee nie" (CALVYN, 233-234).

Potgieter is verder oortuig daarvan dat die "suiwer Skriftuurlike antropologiese uitsprake uit die dae van die Reformasie nóg met die hylemorfisme van die Griekse wysbegeerte ... nóg met die spiritualisme iets uit te staan het" (ONSTERFLIKHEID, 858).

Hier is dus twee direk teenoorgestelde standpunte.

Aan die een kant sê Durand dat Calvin sterk beïnvloed was deur Plato, terwyl Potgieter, aan die ander kant, dit ten sterkste ontken. Brunner noem ook dat die Platoniese begrip rondom die siel die teologie beïnvloed het. Die vraag is nou: Wie is reg? Wie gaan presies bepaal watter invloed die heidense denkbeelde op die kerk of op die Reformasie of op iemand soos Calvin gehad het?

Dit is algemene kennis dat filosofie 'n invloed op die teologie kan hê, sodat dit selfs "the *faith* of the Church" kan binnedring. Daar moet egter gewaak word daarteen dat dit wat eg Bybels en dus Skriftuurlik is, nie onnodig afgemaak word as sou dit heidens-filosofies van oorsprong wees nie. As 'n mens die badwater met die kind en al uitgooi, behou jy niks. Dit bly egter nodig dat 'n mens voortdurend vra na die

"bril" waardeur jy die Skrif ondersoek. So moet daar in die twintigste-eeu veral ook gewaak word teen die eksistensialisme as uitgangspunt in die soeke na 'n Christelike antropologie. Die eksistensialisme kan net soos enige ander filosofiese sisteem, ontaard in 'n donkerbril wat die helder lig van die Skrif uitfiltreer.

In die Kerkargief te Kaapstad is daar heelwat handgeskrewe aantekeninge van Murray. Daaronder is daar 'n aantal kwotasies uit Bruce se werk *St Paul's conception of Christianity*. (Vgl. SIGHT.) In die lig van dit wat so pas gesê is, is dit interessant om te let op die voorbeeld wat Bruce in hierdie werk gee in verband met iemand wat valslik daarvan beskuldig is dat hy hom deur heidens-Griekse denkbearde laat beïnvloed het. Waar hy die begrip "vlees" behandel, soos Paulus dit hanteer, wys Bruce daarop dat Paulus ook beskuldig is van Grieks-filosofiese invloede. Die woord "vlees" by Paulus moet byvoorbeeld gesien word as die *substanzbegriff* en die "liggaam" as die *formbegriff*. Die rede vir hierdie onderskeid, verduidelik Bruce, is dat "the word 'flesh' points to the material of which the body consists, the word 'body' to the form of our material organism. The distinction is made in the interest of a theory to the effect that St. Paul shared the Greek view of flesh and of all matter - that it is inherently evil" (ST PAUL'S, 264).

'n Ander persoon wat maklik saam met die badwater van die Griekse wysgere uitgegooi word, is die Hellenisties-Joodse wysgeer Philo. Waar Delitzsch die begrip *logos* bespreek, verwys hy telkens na Philo se interpretasie daarvan. Hy verduidelik dan: "We do not cite these and other parallels from Philo under the delusion that his doctrine of the

Logos coincides entirely with that of the New Testament, or that the latter is derived from his writings, but because we have the dawn of truths in Philo which attained not to a noontide clearness till the obscuring elements which beset them were dispersed by the sunrise of the mystery of the Word incarnate ... These truths thus dawning in Philo had their root not merely in Pythagoraeo-Platonist ideas, but above all in the Old Testament: their natal soil"* (HEBREWS: I, 205).

Kon Paulus, wat as Fariseër deeglik opgevoed was in die Wet en Profete, nie ook sy gebruik van die terme, wat nou in die lig van die buite-Bybelse heidense filosofieë geïnterpreteer word, aan die Ou Testament ontleen het nie? In sy afwysing van die inkleding van die terme vanuit die Grieks-wysgerige denke, wys Kuitert ook daarop dat agter die Nieu-Testamentiese gebruik van die woord *pneuma* die Hebreeuse woord *rûah* staan. Daarom, sê hy, moet die Nuwe Testament teen die "achtergrond van het OTische spraakgebruik" gelees word (MENSVORMIGHEID, 205).

Dit is dan ook, aldus Bruce, hoe Paulus gelees moet word. In afwysing van die beskuldiging teen Paulus hierbo, skryf hy: "The theory that matter or flesh is essentially evil is decidedly *un-Hebrew*. The dualistic conception of man as composed of two natures, flesh and

* Delitzsch vestig hier die aandag daarop dat dit moontlik was dat 'n persoon die begrippe waarmee hy gewerk het, aan die Ou Testament kon ontleen. Die Ou Testament was dan sekerlik ook een van die belangrikste bronne waaruit Paulus die begrippe waarmee hy gewerk het, kon kry. Daar is egter ernstige verskille tussen Philo en Paulus - veral waar dit kom by Philo se beskouing rakende die liggaam van die mens. (Vgl. bv. Bruce: ST. PAUL'S, 269.)

spirit, standing in necessary and permanent antagonism to each other, is not to be found in the Old Testament Scriptures ... throughout his writings St Paul appears a Hebrew of the Hebrews. His intellectual and spiritual affinities are with the psalmists and prophets, not with Alexandrian philosophers; and if there be any leaven in his culture it is Rabbinical rather than Hellenistic" (ST PAUL'S, 269-270).

Verder kom Bruce, op grond van verskillende gegewens wat hy uit Paulus se briewe versamel het, tot die volgende gevolgtrekking:

"On these grounds it may be confidently affirmed that the metaphysical dualism of the Greeks could not possibly have commended itself to the mind of St Paul. An ethical dualism he does teach, but he never goes beyond that. It is of course open to anyone to say that the metaphysical dualism really lies behind the ethical one, though St Paul himself was not conscious of the fact, and therefore radical disciples like Marcion were only following out his principles to their final consequences when they set spirit and matter, God and the world, over against each other as hostile kingdoms. But even those who take up this position are forced in candour to admit that such gnostic or Manichaeic doctrine was not in all the apostle's thoughts" (a.w. 275-276).

Hieruit kan die volgende gesê word: Die Griekse wysgere het met sekere begrippe gewerk waaraan hulle 'n bepaalde inhoud gegee het. Waar hierdie begrippe deur die kerk gebruik is met dieselfde betekenis as wat die Griekse wysgere daaraan gegee het, het dit ook moontlik deur die eeue heen 'n invloed uitgeoefen op die "*faith* of the Church." Hierdie wysgere wat die eerste beginsels van die algemene openbaring

probeer definieer het, kon uit dit wat hulle waargeneem het, wel ook waarheidsmomente deurgegee het. Die skrywers van die Bybel, hetsy hulle van hierdie waarheidsmomente bewustelik gebruik gemaak het of nie, is deur die Heilige Gees die volle waarheid ingegee om dit as die besondere openbaring so neer te skryf vir ons, soos Penn-Lewis sê, "... to search, examine, and *investigate* what the God-breathed Word says ..." (CENTRALITY, 51).

Om sonder meer te beweer dat iemand soos Paulus geen kennis gehad het van dit wat Plato of Philo geleer het nie, is enersyds nie so maklik om te bewys nie en andersyds is dit nie nodig nie. Om egter te beweer dat 'n persoon soos Paulus homself sonder meer op sleeptou laat neem het deur hierdie denke, is net so moeilik om te staaf as om die volgende vraag te beantwoord: Hoe het dit gebeur dat diegene wat Paulus en andere so maklik van hierdie beïnvloeding beskuldig, dan self so skotvry daarvan afgekome het? Moes hulle dan nie ook kennis geneem het van die inhoud en betekenis van dit wat so 'n negatiewe uitwerking op Paulus-hulle gehad het nie?

Hierbo is onder meer beweer dat dit nie nodig is om te bewys dat Paulus (en ander skrywers van gedeeltes van die Nuwe Testament) nie kennis gedra het van die gangbare denke in die wêreld waarin hulle geleef het nie. Die rede hiervoor is dat kennis daarvan hulle geen skade sou berokken het nie. Hulle was sekerlik ook kinders van hulle tyd, maar hulle het in die eerste instansie geskryf (en gepreek) dit wat hulle uit die Skrifte en deur die openbaring van die Heilige Gees geweet het die waarheid is en nie dit wat Plato, Philo en andere geleer het nie. Die Nieu-Testamentiese kommentator, dr. Richard C. H.

Lenski, vat die saak soos volg saam: "The view that Paul was influenced by the pagan views of his day is unwarranted; the whole Scriptural revelation knows the constitution of man as it really is and speaks accordingly" (THESSALONIANS, 367).

Daar is egter baie wat as kinders van hulle tyd, dit wat Paulus en ander skrywers van gedeeltes van die Bybel neergepen het, probeer verstaan volgens hul eie vooropgestelde oortuigings. Hierdie vooropgestette idees is dikwels te blameer vir baie van die groot meningsverskille.

Vervolgens kan nog meer van hierdie standpunte onder oë geneem word.

Calvyn sê dat die mens uit 'n liggaam en 'n siel bestaan. Die siel is 'n onstofflike, maar geskape wese en word soms die gees genoem. Gees is dieselfde as siel, behalwe waar die twee terme saam aangetref word (INST. I, 15.2; 160).

Wanneer hy kommentaar lewer op 1 Tessalonisensie 5:23 verduidelik hy dat die siel twee basiese fakulteite het, naamlik die intellek en die wil. Die Skrif noem egter soms die twee apart van mekaar. Gevolglik, verduidelik Calvyn dan, "when we find mention made here of the term *spirit*, let us understand it as denoting reason or intelligence,* as

* Dit is interessant om te sien hoeveel teoloë wat wel van die gees van die mens praat, die gees definieer as die intellek. Hierdie siening kom nie net voor by die digotomiste nie. Outeurs soos Delitzsch, Pink en Archer, wat die driedeling voorstaan, sien die gees, anders as Murray, Penn-Lewis en Nee, as die setel van die intellek. [Vgl. Delitzsch (PSYCHOLOGY, 241); Pink (PAUL, 280) en Archer (ENCYCLOPEDIA, 258).]

on the other hand by the term soul, is meant the will and all the affections" (THESSALONIANS, 304).

Hieruit blyk dit dus dat Calvyn, as voorstander van die digotomie, sê dat die mens uit 'n liggaam en 'n lewende siel bestaan. Wanneer die Bybel egter van die gees van die mens praat, dan word daarmee die intellektuele vermoëns van die siel bedoel.

Berkhof definieer digotomie egter soos volg: "It is customary, especially in Christian circles, to conceive of man as consisting of two, and only two, distinct parts, namely, body and soul. This view is technically called *dichotomy*" (THEOLOGY, 191).

Ook Heyns, soos vroeër vermeld, stel die digotomie gelyk aan *dualisme* (DOGMATIEK, 124).

Potgieter sien egter meer in die mens as 'n blote dualisme. Volgens hom is daar 'n noue ooreenkoms tussen die liggaam en die siel van die mens en dié van die dier. Die mens verskil van die dier veral daarin dat sy siel 'n "glanspunt" het. Hierdie glanspunt van die siel is die gees. Die gees is sy selfbewussyn waarin sy verstandelike en wilvermoëns gesetel is. Verder het die mens, anders as die dier, kragtens hierdie selfbewussyn (sy gees) nie net selfkennis nie, maar ook self-beheersing.

As besliste voorstander van die digotomie sê Kuyper egter dat die Bybel in die mens "de twee substantien van zijn wezen", naamlik liggaam

en siel of vlees en gees onderskei (CREATIONE, 24).

Die vraag is nou: Hoe moet die digotomie dan verstaan word? Potgieter sê dat die digotomie twee wesenhede in die mens onderskei. Hy stel dit so: "Ek praat van die stoflike en die onstoflike deel van die mens. Vir sover die stoflike lewe het; dit wil sê geanimeer is, sou ek wetenskaplik van die siel praat. Hier is die kontak met die somatiese baie nou via die senuwees ... Die drif en dranglewe is egter onstoflik. As sodanig sluit dit wesenlik by die gees aan - die gees wat in beheer daarvan en trouens van die hele mens is" (BYLAE D, 285). Verder het dit geblyk dat, aldus Potgieter, die trigotomiste drie wesenhede in die mens onderskei.

Uit die standpunt van 'n openlike voorstander van die trigotomie soos Pink, blyk dit egter dat hy nie leer dat die mens uit drie onafhanklike substansies saamgestel is nie. (Vgl. PAUL, 280.) Nêrens by enige ander voorstanders van die "driedeling" kon iets gevind word wat daarop dui dat hulle die drie-enige mens beskou as 'n samestelling van drie verskillende wesenhede nie.

Bavinck is bekend daarvoor dat hy die digotomie voorstaan. As dit wat hy oor die mens leer, vergelyk word met die standpunt van Kuyper hierbo, dan wonder 'n mens oor die wenslikheid van die terme "digotomie" en "trigotomie".

Tot hiertoe is daar nog nie twee digotomiste aangetref wat dieselfde omtrent die mens leer nie. Verder is daar ook digotomiste wat in byna

dieselfde terme as Murray, Penn-Lewis en Nee oor die mens praat. Nog meer: Daar is tot hiertoe ook geen trigotomiste teëgekóm wat oor die menslike natuur dit verkondig waarvan die digotomiste hulle beskuldig nie.

So wys Bavinck byvoorbeeld die trigotomie af en sê dat die trigotomiste in die twee terme "gees" en "siel" "twee bijzondere substantiën" sien. Hy vervolg egter deur self daarop te wys dat die twee terme "... ofschoon niet essentiëel onderscheiden, ze zijn toch **geenszins identisch**" (G.D., 37; 291).

Wanneer gekyk word na wat Bavinck bedoel wanneer hy sê dat gees en siel nie identies is nie, is dit interessant om te ontdek hoe sy hantering van die terme in sekere opsigte byna woordeliks met dié van Murray, Penn-Lewis en Nee ooreenstem.

Bavinck leer in verband met die gees dat die mens anders as die dier is deurdat hy sy lewensbeginsel van bo, uit God het. God het vir hom die asem van die lewe ingeblaas. Die mens het 'n eie gees, wat onderskei moet word van die Heilige Gees. Omdat hy as sodanig aan die engele verwant is, kan hy ook "geestelike hemelsche dingen bedenken" (a.w.).

Die mens is 'n wese met 'n siel, skryf Bavinck, omdat "het geestelike bestanddeel bij hem van het eerste oogenblik af, in onderscheiding van de engelen, op een lichaam is aangelegd, voor een lichaam is georganiseerd" (a.w.).

Deur sy liggaam, vervolg Bavinck, is die mens aan die aarde en die uitwendige gebonde. Ja, as sodanig is hy aan die dier verwant (a.w.).

Verder blyk dit ook uit Bavinck se *Handleiding bij het onderwijs in den Christelijke godsdienst* dat die mens 'n wese is wat tussen die dier en die engele staan. Die engele is geeste (Heb. 1:14) en die dier bestaan uit 'n liggaam met 'n lewende siel daarin (Gen. 1:30): "Met beide heeft hij trekken van overeenkomst, en toch verschilt hij van beide door een eigen aard" (HANDLEIDING, 93).

Is dit nie presies wat Murray, Penn-Lewis en Nee omtrent die skepping van die mens leer nie?

Die vraag is nou: Waarom is mense soos Bavinck self so versigtig in hul formulering van hierdie sake? Waarom is hulle so gou om die gebruik van die terme "gees", "siel" en "liggaam" af te maak as trigotomisme?

■ APOLLINARIS

In 'n voetnoot skets Bavinck die ontstaan van die trigotomisme soos volg: "Het trichotomisme ging uit de Platonische filosofie in den eersten tijd tot enkele Christelijke schrijvers over, maar kwam later, vooral door Apollinaris, in discrediet" (G.D., 37; 291).

De Jong som dit wat Apollinaris in verband met die menswording geleer het, op deur te wys op die pertinente rol wat die terme "geës", "siel" en "liggaam" daarin gespeel het. Hy skryf: "Het menswording van Christus beschreef hij als het aannemen van een menselijk lichaam en van een menselijke ziel. Maar de plaats van menselijke geest werd bij Christus ingenomen door de logos. Die was dus Christus' eigenlijke 'ik', en deze logos verheerlijkte het vlees. Wie alle termen woog, moes uit Apollinaris' omschrijving toch opmaken dat Christus niet helemaal mens was geworden, dat Hij meer God dan mens was. Dit verwierp het concilie van Constantinopel in 381" (KERK, 65).

Van Oosterzee wys daarop dat die trigotomisme by verskillende kerkvaders "en anderen voorspraak en beskerming gevonden heeft. Waarschijnlijk zou zij nog algemeener zijn voorgestaan, had niet de vrees voor het Apollinarisme, dat zich mede op die onderscheiding beriep, de rechtzinnige kerk daarvan later afkeerig gemaakt" (DOGMATIEK: I, 499).

Heard wys ook op die wyse waarop die trigotomie in diskrediet geraak het. Hy skryf:

"The Greek Fathers, generally speaking, understood the psychology of Scripture aright: but unfortunately confounding the Platonic Logos or Nous with the Pneuma of the New Testament, they either distinguished the pneumatical and psychical as the *intellectual* and the *carnal* man respectively (which was the root error of the Gnostics) or confounded in a semi-pantheistic way the human Pneuma with the divine, which, in the case of Origen and Apollinaris, led to distinct heresies, which the Church afterwards formally condemned. The consequence of this was, that in

the reaction against these errors the Latin Church generally, as guided by Augustine and Jerome, rejected altogether the distinction between Psyche en Pneuma, for which the Latin tongue was not flexible enough to find equivalents, and so the usual dichotomy of man into body and soul only became the prevailing view throughout the West" (TRIPARTITE, x-xi).

Uit dit alles blyk dit dus dat, veral gesterk deur die konsilie van Konstantinopel, daar 'n algemene reaksie in die kerk teen die trigotomisme ontstaan het weens Apollinaris se dwaalleer in dié verband. Verder blyk dit dat die voorstanders van die digotomisme oor die algemeen gesproke die trigotomisme afwys as sou dit leer dat die mens as gees en siel en liggaam uit drie afsonderlike substansies bestaan.

Dit het ook geblyk dat daar diegene is wat die trigotomisme verwerp, maar ook die digotomisme afwys as sou dit leer dat die mens 'n dualisme van liggaam en siel is. Daar is egter ook voorstanders van die digotomisme wat meer in die mens sien as twee dele of twee substansies wat tot 'n mindere of 'n meerdere mate 'n selfstandige bestaan onafhanklik van mekaar het.

Kyk 'n mens verder na wat voorstanders van die trigotomisme self daaronder verstaan, dan wonder 'n mens waarom die geskil werklik gaan. So is daar Van Oosterzee wat die trigotomisme bo die digotomisme verkies. Hy sê dan ook dat die verskil daarvoor gaan " ... of wij 's menschen *ziel* en *geest* nog van elkaar onderscheiden, dan wel vereenzelvigen moeten" (DOGMATIEK: I, 499).

Onder die aanvaarding van die trigotomisme, verduidelik Van Oosterzee verder, "hebben wij dan door ziel het lagere levensbeginsel in het lichaam, bepaald in het bloed te verstaan, dat de mensch met de dieren gemeen heeft; door geest het hooger redelijk en zedelijk beginsel, dat alleen in den mensch wordt gevonden" (a.w.).

Volgens hierdie siening van Van Oosterzee van waarom dit in die trigotomisme gaan, moet iemand soos Bavinck, wat die trigotomisme so sterk afwys, eintlik ook onder die voorstanders daarvan tel. Hy is immers nie 'n voorstander van dualisme as sodanig nie. Heard het hierbo gewys hoedat die eindresultaat van die stryd teen die dwalinge van Apollinaris en Origenes daarop uitgeloop het dat die mens oor die algemeen beskou word as bestaande uit 'n liggaam en 'n siel.

Dit is bekend dat optrede teen 'n dwaling in die kerk 'n oorreaksie daarteen tot gevolg kan hê. Dit wil nou na alles lyk asof daar wel so 'n algemene oorreaksie teen enigiets is wat maar lyk na trigotomisme. Is dit nie juis hierdie oorreaksie wat die deur geopen het vir die Platoniese mensbeeld in die kerk nie?

Waarom moet digotomiste, wat wel glo dat die gees en die siel van mekaar te onderskei is, so versigtig wees in hul formuleringe van dit wat hulle graag wil sê? Is dit vrees dat hulle misverstaan sal word, dat hulle moontlik geklassifiseer sal word as trigotomiste wat in die dwaling van Apollinaris verval het?

Dit is opvallend hoe sterk die reaksie is teen iemand wat, dit waag om die terme "gees", "siel" en "liggaam" openlik te gebruik.

'n Voorbeeld hiervan is Roberts wat in sy M.A.-tesis oor die teologie van Watchman Nee sê dat die kerk nie behoefte het aan onchristelike leiers soos Nee nie. Nee is volgens hom niks anders nie as 'n "gnostic guru" (NEE, 153) omdat sy leer oor die antropologie van die gnostisisme kom. Dit sê Roberts na aanleiding daarvan dat, soos hy dit stel, " ... some forms of Greek gnostic philosophy ... saw the spirit in opposition to the limitations of the soul and body" (a.w., 147).

Nog 'n voorbeeld van iemand wat die driedeling sterk aanval, is Kuyper. Dit is interessant dat hy dieselfde terme as Roberts gebruik. Waar daar gesê word dat die siel ontstaan wanneer die gees die liggaam lewend maak, dan sê hy die volgende omtrent die siel: "Dit is de Demiurg van het Gnosticisme. Het Pantheïsme is er altijd op uit geweest de absolute grenzen op ieder gebied weg te nemen en tusschen de beide polen een neutraal of gemengd terrein in te schuiven; en zoo deden zij ook hier" (CREATIONE, 25).

Roberts, wat 'n studie van Nee se teologie gemaak het en behoort te weet wat hy omtrent die gees, die siel en die liggaam leer, sê verder dat Nee se " ... teachings on anthropology are ... based on a trichotomous division of man ... " (NEE, 144). Hierdie trigotomistiese verdeling, sê Roberts dan, kom daarop neer dat "spirit, soul and body are entirely distinct human entities" (Nee, 148).

Dit is egter interressant om daarop te let dat Murray, Penn-Lewis sowel as Nee nie leer dat die mens 'n samestelling of optelsom van drie verskillende substansies is nie. Trouens, nêrens in enige van die bronne wat in verband met hierdie onderwerp geraadpleeg is, is gevind dat enigeen van diegene wat die sogenaamde "driedeling" leer, soos Murray, Penn-Lewis en Nee dit voorstaan, sê dat die gees, die siel en die liggaam drie afsonderlike substansies is nie.

Verder is daar ook nie by enigeen van hulle enige siening aangetref wat dui op beïnvloeding vanuit die gnostiek nie.

Dit is interessant dat Kuyper self daarop wys dat die voorstanders van die "driedeling" nie leer (soos Roberts hierbo beweer), dat die mens "uit drie bestanddelen" bestaan nie. Hulle glo, aldus Kuyper, dat "twee geschapen zijn en dat daaruit een derde geworden is" (CREATIONE, 25).

Dit is egter vir hom onaanvaarbaar. Hy verduidelik sy afkeer aan hierdie siening deur die volgende beeld: "Wanneer een beeldgieter in een vorm gloeiend brons giet, dan krijgt hij niet drie dingen, maar twee, die tot een worden n.l. het bronzen standbeeld" (a.w., 26).

Na aanleiding van hierdie beeld wat Kuyper gebruik, kan die volgende vraag aan hom gestel word: As twee gasse soos waterstof en suurstof bymekaar gevoeg word en dit word water, bly dit dan twee gasse of het dit 'n derde substansie geword? H_2O bestaan tog nie as twee gasse nie.

Nee gebruik ook 'n beeld om die drie-eenheid van die menslike wese te illustreer. Hy sê dit kan gedeeltelik geïllustreer word deur 'n elektriese gloeilamp. Hy verduidelik: "Within the bulb, which can represent the total man, there are electricity, light and wire. The spirit is like the electricity, the soul the light, and body the wire. Electricity is the cause of the light while light is the effect of electricity. Wire is the material substance for carrying the electricity as well as for manifesting the light. The combination of spirit and body produces soul, that which is unique to man. As electricity, carried by the wire, is expressed in light, so spirit acts upon the soul and the soul, in turn, expresses itself through the body" (MAN: I, 25).

Na aanleiding van hierdie beeld verduidelik Nee dan hoe God die mens geskape het. Hy skryf: "God treated man's soul as something unique. As the angels were created as spirits, so man was created predominantly as a living soul. Man not only had a body, a body with the breath of life; he became a living soul as well. Thus we find later in the Scriptures that God often referred to men as 'souls.' Why? Because what the man is depends on how his soul is. His soul represents him and expresses his individuality" (a.w.).

Kuyper praat ook in dié terme (al sal hy dit wil ontken) wanneer hy sê dat "de mensch, dichotomisch bestaande, in zijn 'ik' die twee tot een saamsmeedt ..." (CREATIONE, 23).

Dit is insiggewend om verder daarop te let dat Murray, Penn-Lewis en Nee nêrens praat in terme van "digotomie" of "trigotomie" nie. Nie een van hulle probeer ooit doelbewus om 'n "dualisme" of enige ander stelsel te weerlê of om 'n "trigotomisme" as die enige ware leer daar te stel nie. Al waarmee hulle besig is, is om vanuit die Skrifgegewens die lesers te leer hoe om in hulself te onderskei wat hul gees, wat hul siel en wat hul liggaam is. Met ander woorde, om vanuit die kennis van die funksies van die verskillende komponente en volgens die besondere wetmatighede van elk, in hulself te kan onderskei wanneer hulle enige gewaarwording, gedagte of aanvegting ervaar, wát van die vlees, wát van die duiwel en wát van die Heilige Gees is. Dit sodat die Christen in die alledaagse praktyk waarin hy staan, sal weet hoe om nie na die stem van die vreemde te luister nie. Hoe om ook nie in die krag van die vlees te wandel nie, maar hoe om God te behaag deur in die Gees, waardeur hy lewe, te wandel.

Hieruit blyk dit dus dat Murray, Penn-Lewis en Nee dit met Brunner eens sou wees waar hy die volgende sê: "If ... we start from the Biblical idea of personality, then the question: *dichotomy versus trichotomy* becomes pointless. The same human being who has been created by God has physical, psychical and spiritual functions, which as such are absolutely distinguishable, but which cannot be distinguished metaphysically" (REVOLT, 363).

Die hele kwessie rakende digotomie of trigotomie word deur Delitzsch soos volg raakgevat:

"It is of no avail to say that either Dichotomy or Trichotomy exclusively is the scriptural representation of the constitution of human nature. There are such various kinds of views of dichotomy and trichotomy, that, in general, neither conformity with, nor opposition to, Scripture can be predicated of either. Scripture speaks at one time in a definitely dichotomic strain, as e.g. Matt. vi.25, Jas. ii.26, 1 Cor. vi.20 (according to the reading of the *textus rec.*); at another in a strain as absolutely and undeniably trichotomic, as 1 Thess. v.23, Heb.iv.12. For there is a false trichotomy, and in opposition thereto a scriptural dichotomy; and there is a false dichotomy, and in opposition to it a scriptural trichotomy" (PSYCHOLOGY, 103).

Dit alles lei tot vraag: Wat is nou die regte beskouing? Of eerder: Hoe moet die saak dan benader word?

Nadat Durand die antropologie van Luther ontleed het, sê hy: "Uit verskeie oorde is al beweer dat Luther meer as Calvyn bewus was van die fundamentele verskil tussen die Grieks-filosofiese dualistiese antropologie en die Bybelse mensbeeld en dat hy ook 'n beter insig gehad het in die Bybelse antitese van vlees en gees in onderskeiding van die liggaam-siel-verhouding" (MENS, 43).

Dit is insiggewend om te sien wat dr. Martin Luther oor die natuur van die mens sê.* Daarin vind ons 'n merkwaardige ooreenkoms met dit wat Murray, Penn-Lewis en Nee in hul werke leer.

* Die kern van Luther se leer oor die natuur van die mens is as BYLAE C tot die tesis toegevoeg.

Waar Luther agtereenvolgens die *gees*, die *siel* en die *liggaam* omskryf, blyk dit dat daar heelwat raakpunte is tussen sy beskouing en sommige van die standpunte van beide digotomiste en trigotomiste, soos hierbo weergegee.

Nadat hy eerstens die *gees* van die mens beskryf het, skryf hy dan soos volg in verband met die *siel*:

"Das zweite Stück, die *Seele*, ist ihrer Natur nach ebenderselbe Geist, aber doch in einer andern Wirkungsart, nämlich in der, dass er den Leib lebendig macht und durch ihn wirkt. Er wird oft in der Schrift [als Ausdruck] für das 'Leben' genommen; denn der Geist kann wohl ohne den Leib leben, aber der Leib lebt nicht ohne den Geist. Bei diesem Stück sehen wir, wie es auch im Schlaf und unaufhörlich lebt und wirkt. Seine Art ist nicht, die unbegreiflichen Dinge zu fassen, sondern was die Vernunft erkennen und ermessen kann. Die Vernunft ist nämlich hier das Licht in diesem Hause, und wo nicht der Geist, vom Glauben als von einem höheren Licht erleuchtet, dies Licht der Vernunft regiert, so kann sie nimmermehr ohne Irrtum sien. Denn sie ist zu minderwertig, um mit göttlichen Dingen umzugehen. Diesen zwei Stücken spricht die Schrift vielerlei Eigenschaften zu, z. B. sapientia und scientia, die Weisheit dem Geist, die Erkenntnis der Seele; sodann auch Hass, Liebe, Lust, Grauen und dergleichen" (MAGNIFIKAT, 28-29; BYLAE C, 279).

Dit is interessant dat, ten spyte van die feit dat hy die *siel* so duidelik van die *gees* onderskei, Luther tog sê dat dit kragtens sy natuur dieselfde is as die *gees*. Dit vervul egter 'n ander funksie as die *gees*.

Ook Bavinck sê dat die terme "gees" en "siel" "in de Schrift het onzienlijk bestanddeel van den mensch aanduiden ..." (G.D., par. 37; 291).

Dit is dus duidelik dat hier nie sprake is van drie verskillende nature, wesenhede of substansies wat van mekaar geskei kan word nie. Wanneer die silwerdraad verwyder word en die liggaam "terugkeer" na die aarde en "die gees na God ... wat dit gegee het" (Pred. 12:6, 7) (vgl. ook Job 34:14,15.), dan is dit hierdie gees-siel kombinasie wat na sy ewige bestemming gaan. Die twee vorm dus 'n onskeibare eenheid.* Op die meeste sou uit dit wat Murray, Penn-Lewis en Nee oor die skepping van die mens leer, gesê kan word dat waar die bevrugte eierselletjie aan die wand van die baarmoeder vasheg** dit die Gees van God is wat 'n nuwe lewe, siel of persoon skep (Job 33:4). Die gees van die mens en sy persoonlikheid (ego) word dan nooit weer as geskei van mekaar geskets nie.

Lenski lig dan ook 'n betekenisvolle mening hieroor. Hy beantwoord die vraag of die mens uit twee of drie dele bestaan, soos volg:

* Die bekende Switserse Christen-natuurwetenskaplike, dr. A. E. Wilder-Smith, hou hierop 'n baie interessante mening na. Waar hy 'n Analysis of death process aanbied in 'n analise van Jesus se sterwe aan die kruis, gee hy heelwat stof tot nadenke oor hierdie aspek van die mensbeeld. (Vgl. DESTINY, 249 e.v.) Daar word hier nie verder op ingegaan nie, aangesien Murray, Penn-Lewis en Nee self nie veel aandag daaraan gee nie. Wat sy siening verder oor die antropologie betref, stem hy saam met hul siening oor die onderskeid van gees, siel en liggaam (a.w., 247 e.v.).

** In 'n vraag in verband met aborsie meld Ouweneel onder andere dat " ... het begin van het menselijk bestaan bij het begin van de nidatie (innesteling) van het bevruchte ei in de baarmoederwand (6 à 7 dagen na de bevruchting) welke gebeurtenis doorslaggevend is voor de verdere ontwikkeling, omdat daarbij de placenta (moederkoek) haar aanvang neemt ..." (SUPERMENS, 30). Dit is dan duidelik dat slegs 'n klein persentasie bevrugte eierselle ooit aan die wand van die baarmoeder vasheg. Daarom is dit miskien meer reg om nie in tradisionele terme van "die oomblik van bevrugting" te praat, as die begin van die lewe nie.

"Man's material can be separated from his immaterial part, but the immaterial part cannot be divided; it is not a duality of spirit and soul. Where, as here, spirit and soul are distinguished, the spirit designates our immaterial part as it is related to God, as being capable of receiving the operations of the Spirit of God and of his Word; while soul ($\psi\upsilon\chi\eta$) designates this same immaterial part in its function of animating the body and also as receiving impressions from the body it animates. Death is described as the spirit's leaving the body and as the soul's leaving, for it is the sundering of the immaterial from the material" (THESSALONIANS, 366-367).

Hier moet daarop gewys word dat Murray, Penn-Lewis en Nee in die hoofstukke wat volg, telkens sterk nadruk lê op die "drie dele" en op die omskrywing van die verskillende komponente en hul funksies. Dit word nooit gedoen met die opset om enige daarvan te oorbeklemtoon ten koste van die res van die drie-enige wese van die mens nie. Dit word spesifiek beskryf juis om die funksie wat dit in relasie tot die res van die mens in sy geheel vervul, uit te lig. Waar daar aan die einde van hoofstuk 7 oor *Die verlossing van die mens* gekyk word na Murray, Penn-Lewis en Nee se eksegeese van Hebreërs 4:12, sal dit verder duidelik blyk hoe hulle die mens met al sy dele juis as 'n eenheid sien. Dit is 'n eenheid met 'n verskeidenheid dele of komponente met verskillende vermoëns en funksies wat goed saamgevoeg is. As 'n eenheid funksioneer dit goed saam, juis wanneer dit alles ten volle oorgegee is aan die heiligende werking van die Heilige Gees van God, wat begeer om dit alles saam heilig te maak, soos God heilig is.

In sy kommentaar op die sinsnede "... julle gees en siel en liggaam ..." (1 Tess. 5:23) vat Lenski die hele saak soos volg saam:

"The three are merely named side by side in our passage and should be left so and not be changed as though the wording combines spirit and soul, or as though it combines soul and body. Yet '*your*' is most significant and thus also the order of the nouns. These Thessalonians are Christians, whose spirit is controlled by God's Spirit and is not like the helpless spirit of pagans. Their soul (*ψυχή*) is thus also controlled by the spirit (*πνεῦμα*) and is not like the soul of pagans, which runs away with the spirit and gives rein to the body. Their body is thus also with the animating soul submissive to the spirit and not like the body of pagans which is urged on by its own low desires. Of *your* spirit, soul, and body it can be said that they are preserved in a blameless way, the passive implying the divine Spirit as the agent" (THESSALONIANS, 367-368).

Om die saak saam te vat, kan gesê word dat Murray, Penn-Lewis en Nee nie 'n digotomistiese en ook nie 'n trigotomistiese mensbeeld voorgestaan het nie. Hulle het self ook nooit gepraat in terme van 'n Bybelse mensbeeld nie. Om die waarheid te sê, begrippe soos "mensbeeld" en "antropologie" kom nie by hulle voor nie. Wat hulle wel gedoen het, was om die mens, soos hy in die Bybel geopenbaar word, te skets. Hierdie "skets van die mens", of mensbeeld, kom in hul werke na vore waar hulle in die lig van die verlossing wat die mens in Christus deelagtig word, verduidelik wat God se doel met die skepping van die mens was, wat die gevolge van die sondeval vir hom was en hoe die Heilige Gees subjektief die werk van Christus aan die kruis van Golgota, in die mens tot openbaring bring.

Uit hul hantering van die Skrifgewens self blyk dit dat hulle die Bybel nie beskou het as 'n handboek vir die wetenskap nie, maar dat die Bybel in sy verkondiging van die heil in Christus, wel deeglik grondwaarhede bevat wat van fundamentele belang is vir ons voor-wetenskaplike kennis - kennis wat as geopenbaarde waarheid vir die gelowige tot kriterium dien in sy wetenskapsbeoefening; ook in die beoefening van die menswetenskappe.

In hul hantering van die Skrif speel hul Skrifbeskouing natuurlik 'n bepalende rol. Hulle het geglo in die woordelike inspirasie van die heilige Skrif. (Vgl. bv. Murray: COVENANTS, vii; Penn-Lewis: CENTRALITY, 51; Nee: SEARCH, 75.) Verder het hulle geglo dat 'n persoon eers deur die Heilige Gees voorberei is tot 'n bruikbare instrument vir God, alvorens die Heilige Gees hom kon gebruik om die woorde neer te skryf wat in die Bybel opgeteken is. Waar so 'n persoon dan onder inspirasie van die Heilige Gees byvoorbeeld 'n faset van die menslike natuur beskryf, sou dit wees nadat die Heilige Gees aan hom die volle waarheid daaromtrent openbaar het.

Waar die menslike natuur dan deur die eeue heen dieselfde was, het die verskillende skrywers met hul verskillende persoonlikhede en uiteenlopende taalvermoëns, onder leiding van die Heilige Gees dieselfde omtrent die mens geskryf.*

* Nee verduidelik hoe dit werk dat terwyl elke skrywer van 'n gedeelte van die Bybel "n kind van sy tyd" was, dit wat hy geskryf het, tog in harmonie met die res van die Bybel was: "The whole Bible contains sixty-six books, written by approximately forty persons. Each of the writers has his own peculiarities, style, and phraseology; (vervolg op p. 88)

Reg deur die Bybel is alles rakende die natuur van die mens dus vir Murray, Penn-Lewis en Nee in volkome harmonie met mekaar. Hulle het egter, in dit wat hulleself omtrent die mens geskryf het, nie die alledaagse spraakgebruik van die Bybel gelykgestel aan wetenskaplike terminologie nie.** Hulle het duidelik tot hul eie formulering oorgegaan en ook, waar nodig, nuwe terme, soos byvoorbeeld die woord *intuïsie* (vgl. hoofstuk 5) gebruik en daaraan 'n spesifieke inhoud gegee.

Met hierdie wetenskaplike terminologie wat hulle gebruik het, het hulle egter so na as moontlik aan die begripsvermoë van die gewone leser van hulle werke gebly sodat elkeen kon volg wat hulle probeer deurgee het.

Wat hul eksegetiese metodiek betref, het hulle in die eerste plek geglo dat die Skrif homself verklaar. Hulle het gedeeltes wat vir hulle helder en duidelik was, as sleuteltekste gebruik waarmee die

(vervolg van p. 87) each possesses his personal feeling, thought, and individual traits. When the word of God came to these writers, God used their personal human elements. Some were used more while some were used less. But all have been used by God, and all have received revelation. The word of God is like a symphony and the writers are like the musical instruments. There are many and various musical instruments in an orchestra, each emitting its own sound; but when they play together they render harmonious music. We can still distinguish the sound of the piano, violin, trumpet, clarinet, or flute. Yet what we hear is not a jarring discord but a syphonic blending" (MINISTRY, 57-58).

** Ouweneel verduidelik: "Het bybels spraakgebruik is hetzelfde als dat van het alledaagse leven, en dat is een buitengewoon rijk, vloeiend, plastisch spraakgebruik. Het wetenschappelijk spraakgebruik echter is juist 'arm'; doordat elk woord een strakke, nauw omschreven betekenis heeft; daardoor worden vergissingen en dubbelzinnigheden zoveel mogelijk vermeden. Het betekent wel dat de wetenschap heel veel woorden in een andere zin gebruikt dan de mensen in het dagelijks leven en zelfs heel veel nieuwe woorden moet 'uitvinden' om haar ideeën zo adequaat mogelijk onder woorden te brengen" (PSYCHOLOGIE, 57-58).

minder duidelike gedeeltes "oopgesluit" kon word. Hulle het ook duidelik onderskei dat 'n bepaalde woord in die Bybel vir verskillende sake aangewend kan word. Dit kom veral duidelik na vore in Nee se *The spiritual man* waar hy telkens 'n hele paar Skrifplase kwoteer om die gebruik van 'n spesifieke begrip in die Bybel aan te toon. Waar sodanige Skrifplase gekwoteer is, het dit telkens duidelik geblyk dat die gebruik van die begrip aldaar nie verwar is met ander betekenisvelde van dieselfde woord nie.*

Verder het hulle hul telkens bepaal by die onderwerp waarmee hulle besig was en hulle nie op allerlei sypore begeef nie. Sodoende het hulle nie onnodig betrokke geraak in redenasies oor sekere teologiese kwessies wat moontlik hul aandag van die eintlike saak waarmee hulle besig was, sou aflei nie. Dit het egter daartoe gelei dat daar heelwat vrae kan oorbly nadat daar gekyk is na hoe hulle die mensbeeld skets.**

Hul uitsluitlike doel met die beskrywing van die mens was egter om, in die lig van die volkome verlossing wat Christus aan die kruis vir hom verwerf het, die mens sy eie natuur te laat ontdek, sodat hy al hoe meer gelykvormig sou word aan die beeld van die Seun.

* Roberts loods 'n direkte aanval op Nee deur te beweer dat Nee sonder meer 'n konkordansie sou neem en reekse tekste onder 'n sekere woord daaruit sou oorneem sonder om die literêre en historiese konteks van so 'n teks in ag te neem (NEE, 147). Dit sê hy nadat hyself duidelik aangetoon het hoe deeglik Nee in die bestudering en hantering van die Skrif onderleg was (a.w., 10-18).

Wat betref die verskillende betekenisvelde van begrippe kan gekyk word na hoe Wolf aantoon dat byvoorbeeld 'n woord soos nepes in die Ou Testament vir soveel as sewe verskillende basiese sake aangewend is (ANTHROPOLOGIE, 25-48).

** Vergelyk BYLAE E waar Archer vrae, soos onder andere die na die betekenis van woorde in die Ou Testament en na die "gees" van die dier, beantwoord.

Dit lei dan tot die vraag: Wat leer Murray, Penn-Lewis en Nee verder alles omtrent die drie-enige mens? Wat was God se doel met die skepping van die mens? Wat is die gees van die mens presies en hoe funksioneer dit? Hierdie laaste vraag na die gees van die mens word in

Die hoë adel van die mens behandel.

---oOo---

HOOFSTUK 5

DIE HOË ADEL VAN DIE MENS

Laat ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis ...

- Gen. 1:26

5.1 DIE HOË DOEL WAARTOE GOD DIE MENS GESKAPE HET

Murray het heelwat te sê oor die beeld en gelykenis van God in die mens. Hy noem dit die hoë adel van die mens of die bestemming waartoe God die mens geskape het. Hierdie tema loop volgens Anderssen soos "n lyn dwarsdeur alles wat Murray oor die mens te sê het" (MURRAY, 53).

Waar Murray skryf oor die mens soos God bedoel het dat hy moes wees, staan hy meermale stil by Genesis 1:26.

Na aanleiding van hierdie teks verklaar Murray dan ook: "... in these words of the Council of Creation, with which the Bible history of man opens, we have the revelation of the Eternal purpose to which man owes his existence, of the glorious eternal future to which he is destined. God proposes to make a GODLIKE CREATURE, a being who shall be His very image and likeness, the visible manifestation of the glory of the Invisible One" (CHRIST, 217). In 'n ander werk skets Murray die doel wat God met die skepping van die mens gehad het, soos volg: "Hier vind

ons die eerste gedagte aan die mens - sy oorsprong en sy eindbestemming is geheel en al goddelik. God het die verbasende taak onderneem om 'n skepsel te maak wat nie God is nie, maar wat tog 'n volmaakte beeld is van Hom in sy goddelike heerlijkheid" (GELOOFSLEWE, 37). Murray stel dit elders onomwonde soos volg: "Tot GODEGELIJKHEID, voor zooverre een skepsel er voor vatbaar is, werd de mensch geschapen, om op aarde Gods evenbeeld te wezen, het afschijnsel zijner heerlijkheid" (GELIJK, 1).

Dit alles was God se doel met die skepping van die mens. Daarom verduidelik Murray verder: "Toen God in de neusgaten van den nieuwgeschapen mensch heeft geblazen, was dit niets minder dan hem Zijnene Geest te geven, als de kracht waardoor hij eene levende ziel werd. *Die Geest Gods in hem* zou hem in staat stellen om naar het beeld en de gelykenis Gods te leven" (GOD IN ONS, Voorrede).

Op welke wyse die beeld en gelykenis van God in die mens vergestalt sou wees, kan ons slegs weet uit God se mededeling van wat Hy bedoel het dat die mens moes wees. Murray stel dit so: "Die bestemming van die mens vind ons duidelik in die woorde van God by Sy skepping. Gods oogmerk was dat die mens die aarde sou *vul*, dit sou *onderwerp* en daarvoor *heers*. Al drie uitdrukkings hier wys ons daarop dat die mens bestem was om as Gods verteenwoordiger* oor die aarde heerskappy te voer. As onderkoning sou hy hier die plaasvervanger van God wees; self

* Dit is interessant om daarop te let dat die 1983-vertaling van die nuwe Afrikaanse Bybel Genesis 1:26 weergee as: "Toe het God gesê: 'Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers ...'"

aan God onderdanig, sou hy in naam van God alles in onderdanigheid hou. Dit was Gods wil dat alles wat op aarde gedoen moes word deur die mens sou gedoen word: die geskiedenis van die wêreld sou geheel en al in sy hande wees" (GEBED, 80).

Die vraag is nou egter: Waarom wou God so 'n onderkoning; so 'n verteenwoordiger hierop aarde hê? In Psalm 115:16 lees ons: "Die hemele is hemele vir die Here, maar die aarde het hy aan die mensekinders gegee." Maar waarom gee God die aarde met sy volheid aan die mens? Murray verduidelik: "God het vir Hom die hemel as woning geskep: heerlik, volmaak en volstrek heilig. Vir die mens het hy die aarde as woning gegee: alles goed, maar nog in 'n beginstadium, om verder bewerk en bebou te word. *Die mens sou die werk van God voortsit en vol-eindig*" (ELKANDER, 35).

Nou is die vraag of dit nie sou beteken dat alles op aarde in ooreenstemming met die wil en regering van die mens moes geskied nie. Murray verduidelik dat dit juis so is dat op die mens se "advies en versoek sou die hemel sy seën aan die aarde gegee het. Sy gebed was bedoel om die wonderlike, hoewel eenvoudige en natuurlikste, kanaal te wees waardeur die Koning in die hemel en sy getroue dienskneg, die mens, as heer oor hierdie wêreld, se gemeenskap met mekaar sou gehandhaaf word. God het die bestemming van die wêreld oorgegee aan die krag van die begeertes, die wil en die gebed van die mens" (GEBED, 81).

Daarom is dit so dat die mens sy hoogste bestemming, soos Murray elders verduidelik, in aanbidding vind: "Hy is geskape om in

gemeenskap met God te lewe, en van daardie gemeenskap is aanbidding die mees verhewe uitdrukking ... om te aanbid is die mens se hoogste bestemming, omdat God alles daarin is" (WERK, 13).

Om God so te kan aanbid, moet die mens dus daartoe in staat wees om met Hom in gemeenskap te kan lewe. Daarom het God die mens as sy beelddraer geskape. Murray stel dit so: "Man was created for fellowship with God. God made him in His own image and likeness, that he might be fit for this, capable of understanding and enjoying God, entering into His will and delighting in His glory. Because God is the Everywhere-present and All-pervading One, he could have lived in the enjoyment of an unbroken fellowship amidst whatever work he had to do" (CHAMBER, 15)

Die mens kan ook so in gedurige gemeenskap met God lewe, want [f]or nothing less than this, did God breathe his own life into man, that it might reproduce in man on earth a perfect likeness to God in heaven" (Murray: a.w., 126).

Hierdie volmaakte gelykenis aan God het in die mens in veel meer as net die uiterlike heerskappy wat aan hom opgedra was, bestaan. Murray verduidelik dat God ook aan die mens die innerlike geskiktheid daarvoor gegee het. Daarom moet die feit dat die mens God se beelddraer was, volgens Murray, "teruggelei word tot die inwendige gelykenis in sy wese. Daar was 'n innerlike ooreenkoms en gelykenis tussen God en die mens, 'n aanvanklike goddelikheid, waardeur die mens werklik geskik gemaak was om die middelaar tussen God en sy skepping te wees" (GEBED, 81).

Hierdie middelaarskap van die beelddraer van God het volgens Murray daarin bestaan dat die mens profeet, priester en koning was "om Gods wil te verklaar, om die aarde se behoeftes voor te dra, en om Gods volheid te ontvang en uit te deel. Omdat hy Gods beeld gedra het, kon hy Gods heerskappy op hom neem; inderdaad was hy so na die beeld van God geskape, kon hy Gods wil so verstaan, en aan sy planne uitvoering gee, dat God hom met die wonderlike voorreg kon vertrou om te vra en te verkry wat die wêreld nodig gehad het" (a.w., 81-82).

Die inwendige gelykenis in wese tussen God en die mens is egter nie net geleë in die feit dat die mens, soos ons vroeër reeds gesien het, ook 'n gees het, direk met God kan kommunikeer en oor die wêreld kan heers nie. Nee, "to have a being, at once created and yet Godlike, was indeed a task worthy of Infinite Wisdom" (Murray: CHRIST, 217).

Murray verduidelik dan ook verder dat "*Godsgelykheid*", soos hy dit noem, behels dat die mens ook van God se eienskappe sou toon, want: "Die vrije keuse en eigen werkzaamheid is toch een onmisbaar deel van die ware Godegelykheid" (GELIJK 2).

Vervolgens brei Murray verder uit op hierdie eienskappe van God en op die wyse waarop dit ook in diegene wat na sy beeld en gelykenis geskape is, tot openbaring moet kom. Hy verduidelik: "It is the nature and glory of God that He is absolutely independent of all else, having life in Himself, owing His existence to none but Himself alone. If man is to be Godlike, he must bear His image and likeness in this too, that he must become what he is to be, of his own free choice; he must make himself" (CHRIST, 217). Die mens is egter 'n produk van God se

skeppingswerk. Hy is dus ondergeskik aan en afhanklik van God. Hoe kan hy nou deur sy eie vrye wilsbeslissing word dít wat hy moet wees? Hoe kan hy wat afhanklik is van sy Skepper, nou homself bepaal? Met ander woorde: hoe kan hy terselfdertyd geskape en tog Goddelik wees?

Die antwoord op al die vrae lê vir Murray opgesluit in die mens, die beeldraer van God. Murray verduidelik: "In man the mystery is solved. As a creature God gives him life, but endows him with the wonderful power of a free will; it is only in the process of a personal and voluntary appropriation that anything so high and holy as likeness to God can really become his very own" (CHRIST, 217).

God het die mens dus "goed en na sy beeld, volmaak geskape" (Murray: ONGELOOF: 1942, 219). Hierdie mens is egter, aldus Murray, "bestemd om in die gebruik van sy rede en wil homself te ontwikkel tot die hoogste volmaaktheid" (a.w., 223).

Hieruit klink dit asof dit wat Murray sê, daarop neerkom dat die mens wat deur God na sy beeld en gelykenis geskape was, nog 'n bestemming gehad het om te bereik, naamlik die beeld van God.

Hierdie oënskynlike teenstrydigheid vorm egter, aldus Murray, 'n pragtige geheel. Hy vestig die aandag daarop dat die woord "volmaak" in tweërlei sin gebruik kan word. Hy verduidelik: "Daar is 'n volmaaktheid van dele en vermoëns, soos wanneer ek van 'n welgeskape kind sê: dit is 'n volmaakte mens. Alles wat nodig is om 'n mens te vorm, is daar. Maar dit alles is nog nie ontwikkel nie. Wanneer daardie kind later opgegroeï het, al sy vermoëns op die beste manier geoefen is en hy in

velerlei omstandighede die proef deurgestaan het, dan sê ek in 'n ander sin: dit is 'n volmaakte mens" (a.w., 219-220). Murray verduidelik dan verder dat wanneer ons sê dat die mens na die beeld van God geskape is, "spreek ons van die volmaaktheid van Adam in die eerste sin. Hy was volmaak goed. Hy het geen gebrek of sonde gehad nie, - hy kon die sonde oorwin as hy in die proef kom. Daardie volmaaktheid moes egter nog die proef deurstaan, en so bevestig of verloor word... Nogtans was die volmaaktheid van Adam net so volkome as wat God hom kon skep, eerdat sy wil beproef was" (a.w., 220).

Nee se oortuiging in dié verband sluit sterk aan by dié van Murray. Hy stel dit so: "Adam was created perfect - by which we mean that he was without imperfections because created by God - but that he was not yet perfected" (LIFE, 155). Hy verduidelik: "God had not yet done all that he was intended to do in Adam. There was more in view, but it was as yet in abeyance" (a.w.). Die rede waarom dit nog teruggehou was, verduidelik Nee soos volg: "God was moving towards the fulfilment of His purpose in creating man, a purpose which went beyond man himself, for it had in view the securing to God of all His rights in the universe through man's instrumentality" (a.w.).

Maar hoe kon die mens self behulpsaam wees in die verwesenliking van God se plan? Hoe kon die mens self die instrument wees waardeur God die mens sou vervolmaak? Nee antwoord dat die mens hierin behulpsaam kon wees "... by a co-operation that sprang from living union with God" (a.w.). Hierdie medewerking met God was vir die mens moontlik want daar was 'n lewende vereniging tussen God en mens. Hierdie lewende vereniging het sy ontstaan daarin dat, met die skepping van die mens,

so sê Nee, "God was seeking to have not merely a race of men of one blood upon the earth, but a race which had, in addition, His life resident within its members" (a.w.).

Die mens kon dus, aldus Nee, met God saamwerk in die bereiking van God se plan met hom. Hierdie medewerking tussen skepping en Skepper was moontlik as gevolg van die lewende vereniging tussen die twee - 'n vereniging wat daaruit bestaan dat die skepping die lewe van die Skepper in hom het. Vir die regte verstaan van hierdie inwonende lewe van God in die mens is dit volgens Nee egter nodig om te weet dat: "three different words are employed in the Greek to designate 'life': (1) *bios* (2) *psuche* (3) *zoe*. They all describe life but convey very different meanings." Hy verduidelik dan verder: "*Bios* has reference to the means of life or living. Our Lord Jesus used this word when He commended the woman who cast into the temple treasury her whole living. *Zoe* is the highest life, the life of the spirit. Whenever the Bible speaks of eternal life it uses this word. *Psuche* refers to the animated life of man, his natural life or the life of the soul. The Bible employs this term when it describes the human life" (MAN, I, 38-39).

Hieruit volg dan dat daar onderskei moet word tussen die *psuche*-, siels- of natuurlike lewe van die mens en die *zoe*-, geestelike of ewige lewe van God. Nee verduidelik verder: "Just as man was created by God, so his original life was also given by God. Speaking of man's originally created life, the Bible indicates that it was upright (Eccles. 7: 29) and 'very good' (Gen. 1:31). But so far as God's eternal purpose was concerned, man did not yet have God's own

uncreated life"* (COVENANT, 83).

Nee verduidelik verder dat met die skepping van die mens, die mens 'n lewende siel geword het, maar "the eternal purpose of God is to give Himself to man. He takes pleasure in entering into man and uniting with him so that man may have His life and His nature" (a.w., 82).

Die inwonende lewe van God in die mens, wat die basis vorm vir die lewende vereniging tussen God en die mens en van waaruit die mens medewerker van God kon wees, is dus niks anders as hierdie *zoe-* of ongeskape lewe van God wat Hy aan die mens gee nie.

Murray verduidelik waarom God sy eie Goddelike lewe aan die mens gee: "God wou Homself in en deur sy geskape wesens openbaar deur aan hulle net soveel van sy eie goedheid en heerlikheid mee te deel as wat hulle in staat was om te ontvang" (NEDERIGHEID, 10). Hierdie mededeling, sê Murray, was egter nie "die gee aan die skepsel van iets wat hy in homself kon besit - 'n sekere lewe of goedheid wat aan sy sorg of beskikking toevertrou was nie!" (a.w.).

Murray verduidelik hoe dit wel gegee word: "Die lewe wat God gee, word nie eens en vir altyd meegedeel nie, maar oomblik ná oomblik deur

* Die indruk mag hier gelaat word dat hier van die Rooms-evolutionistiese gedagtegang uitgegaan word waar die mens as 't ware 'n verhewe dier is wat die geestelike lewe van God bo die dier verkry het en sodoende deel kry aan die Godheid. In 7.3.1.2 word aangetoon hoe die mens vandag deur die wedergeboorte wel die ongeskape geestelike lewe van God, deur geloof in Christus Jesus, deelagtig word. (Vgl. 2 Pet. 1:4.) Hy kry dit egter nie as iets staties nie, soos Murray ook hieronder verduidelik, maar as 'n lewende werklikheid waardeur sy verhouding met God bepaal word. (Vgl. ook Potgieter se standpunt in BYLAE D, 283.)

die onophoudelike werking van sy almagtige krag" (a.w., 11).

Die is asof Murray reg deur sy werke nie genoeg nadruk kon lê op hierdie oomblik-ná-oomblik-gemeenskap tussen God en mens nie. Dit bied 'n belangrike sleutel tot die verstaan van Murray se teologiese denke. Hy stel dit so omdat God nie net die Skepper nie, maar ook die Onderhouer van sy skepping is. Hierdie eienskap van God bepaal ook die verhouding tussen Hom en sy skepping. Murray stel dit soos volg: "...aangesien God die altyd lewende, altyd teenwoordige, altyd handelende is, wat alle dinge dra deur die woord van sy krag, en in wie alle dinge bestaan, so kan die verhouding van die skepsel tot God slegs een wees van onophoudelike, volslae, algemene afhanklikheid. So waaragtig as wat die Here eenmaal deur sy krag geskape het, so waaragtig moet God elke oomblik deur dieselfde krag onderhou" (a.w., 10).

Daarom dat God, toe hy die mens geskape het, besluit het om hom na sy beeld en gelykenis te skep. Murray gee die volgende voorstelling van hoe God bedoel het dat die mens daar sou uitsien: "Die mens moes in volkome afhanklikheid van God lewe en moes direk en onophoudelik van Hom ontvang die invloeiing van alles wat heilig en geseënd was in die Goddelik Wese. Die heerlikheid van God, sy heiligheid en sy liefde, moes in hom woon en deur hom uitstraal" (GELOOFSLEWE, 37). Die mens as beelddraer van God moet dus in die eerste instansie, aldus Murray, "terugkyk na die oorsprong en die eerste begin van bestaan, en erken dat hy dáár alles aan God verskuldig is" (NEDERIGHEID, 10). Verder moet hy ook weet dat "... sy vernaamste sorg, sy hoogste deug, sy enigste geluk, nou en deur alle ewigheid, is om homself aan te bied as

'n leë werktuig waarin God woon en Sy mag en goedheid kan openbaar" (a.w., 10-11).

Om dit reg te kry, moet die mens dus voortdurend oomblik ná oomblik in gemeenskap met God self verkeer. Daarom, sê Nee, "he must needs choose God and God's life" (COVENANT, 83).

Die mens moes dus enersyds 'n wese wees wat self kon kies en andersyds moes die lewe van God tot sy beskikking wees sodat hy dit kon kies as hy wou. Hierdie potensiaal om **selfstandig** te kon kies, het God dan ook, so verduidelik Nee, aan die mens gegee: "Deur sy gees was Adam in aanraking met die geestelike wêreld van God; deur sy liggaam was hy in aanraking met die fisiese wêreld van materiële dinge. Hierdie twee kante van God se skeppingsdaad is in hom saamgevat om 'n persoonlikheid voort te bring, 'n lewende wese in die wêreld wat selfbewegend is en *die vermoë van vrye keuse het*. Aldus as 'n geheel gesien was hy 'n selfbewuste en selfuitlewende wese, 'n lewende siel'" (LEWE, 155).

Naas die vryheid van wil het God ook aan die mens, so verduidelik Nee verder, die gulde geleentheid gegee om die goddelike lewe te kies. Hy skryf: "After God had created Adam He put him in the garden of Eden. In the midst of the garden were the tree of life and the tree of the knowledge of good and evil (Gen. 2:9). These two trees were most conspicuous, they could easily attract man's attention. God gave command to man, saying, 'Of every tree of the garden thou mayest freely eat: but of the tree of the knowledge of good and evil, thou shalt not eat of it: for in the day that thou eatest thereof thou shalt surely die' (Gen. 2:16-17). Turning it around, this statement

meant that the fruit of the tree of life could be eaten. Had man eaten the fruit of the tree of life he would have chosen God, because the tree of life pointed to God" (COVENANT, 82-83,).

Uit dit alles kan ons dan tot die gevolgtrekking kom dat God aan die mens twee basiese vryhede gegee het. Die een is die vermoë om selfstandig te kan kies. God het aan hom 'n volkome vrye wil gegee. Die ander is die absolute vryheid van keuse. Hy kon dus deur sy eie vrye wil kies dit wat hy wou hê. Albei moontlikhede was daar. Hy het selfs geweet wat die gevolge vir hom kon wees as hy sy keuse gemaak het. Daar was egter niemand wat hom sou keer om te doen dit waarop hy besluit het nie.

In hierdie keusepotensiaal en -vryheid word die beeld van God in die mens sigbaar. Wanneer Murray aan die hoë adel van die mens dink, verduidelik Anderssen, dan kan hy daaraan "klaarblyklik op geen ander wyse uitdrukking gee, as dat hy in die verhouding tussen God en mens die vryheid van God sodanig dink, dat dit ruimte laat vir 'n selfstandige vryheid by die mens nie" (MURRAY, 54).

Hierdie vryheid wat God aan die mens gegee het om sy bestemming te bereik, beskryf Murray self soos volg: "God het die mens na sy beeld geskape; om soos Hyself te word, in staat daartoe om met Hom in sy heerlikheid gemeenskap te hou." Daarom, verduidelik Murray dan verder, het God in die paradys "aan die mens twee weë voorgehou waarlangs hy die beeld van God gelykvormig kon word. Hulle is voorgestel deur die twee bome - die boom van die lewe en die boom van kennis. Gods weg was die eersgenoemde - kennis en gelykvormigheid aan God sou deur die lewe

kom. Deur in Gods wil te bly en sy lewe deelagtig te word, sou die mens volmaak word" (WERK, 49).

Die mens was egter, volgens Nee, nog nie vervolmaak nie. Hy verduidelik dit so: "Adam was created innocent; he had no knowledge of good and evil. Think of a grown man, say thirty years old, who has no sense of right or wrong, no power to differentiate between the two! Would you not say such a man was undeveloped? Well, that is exactly what Adam was" (LIFE, 80). Nee voeg egter by dat "the knowledge of good and evil, though forbidden to Adam, is not wrong in itself. Without it however, Adam is in a sense limited in that he cannot decide *for himself* on moral issues" (a.w.).

Hoe moes Adam dan te werk gaan wanneer hy 'n beslissing moes vel? Nee antwoord: "Judgement of right and wrong resides not in him but in God, and Adam's only course when faced with any question is to refer it to Jehovah God. Thus you have a life in the garden which is totally dependent on God" (a.w.). Dit is presies wat die eerste mensepaar moes doen toe die vrugte van die boom van kennis vir hulle aangebied is.

Nee gaan egter verder en sê dat as Adam in ooreenstemming met God se wil van die boom van die lewe se vrugte sou geëet het, "he would partake of the life of God. Thus he would become a 'son' of God, in the sense of having in him a life that derived from God. There you would have God's life in union with man: a race of men having the life of God in them and *living in constant dependence upon God for that life*" (a.w., 81).

In hierdie mens sou die beeld en gelykenis van God vervolmaak gewees het. Die vraag is egter: Hoe moes die mens elke kwessie aan God voorlê? Hoe werk dit dat hy so voortdurend in direkte gemeenskap met God kon lewe, sy wil kon ken en doen, Hom so in alles kon gehoorsaam en in sy plek die wêreld kon regeer? Anders gestel: Hoe moes die mens sy bestemming bereik?

Anderssen wys daarop dat Murray voortdurend die hoë adel en bestemming van die mens beklemtoon, weens twee sake wat daarin na vore kom. Hy verduidelik: "Tot hierdie hoë adel en bestemming van die mens behoort nie alleen sy vryheid as basiese gegewene van sy mensheid nie, maar ook sy samestelling as liggaam, siel en gees lê die grondslag vir die bereiking van die hoë adel en bestemming van die mens. Daardeur is dit vir die mens moontlik om op sodanige wyse met God in gemeenskap te kan verkeer, dat hy werklik vir God 'n vennoot en vriend kan word" (MURRAY, 53-54).

Hier noem Anderssen twee belangrike aspekte wat volgens Murray die mens in staat sou stel om sy hoë adel te verwesentlik.

Vir 'n antwoord op die vraag na hoe die mens sy bestemming moes bereik, is dit dus nodig om verder te kyk na wat hierdie twee aspekte behels.

Die eerste aspek waarop daar dan dieper ingaan moet word, is die saak wat so pas in hierdie hoofstuk duidelik na vore gekom het, naamlik die vryheid as basiese gegewene van die mensheid.

5.1.1 Die vryheid as basiese gegewene van die mensheid

Vryheid is, soos reeds gemeld, 'n basiese eienskap van God. Die beeld-draer moet dus ook 'n wese wees met 'n eie selfstandige vryheid. Anderssen verduidelik dat Murray vryheid juis so beskou het: "Dit is juis die vryheid van God wat Hom genoodsaak om ook in die beeld van God die elemente van vryheid en selfbestemming na vore te bring" (MURRAY, 25). Murray self sê: "When God created man with the power of willing and choosing what he should be, He limited Himself in the exercise of His will" (INTERCESSION, 23).

Penn-Lewis wys verder daarop dat "God never 'wills' INSTEAD of man, and whatever a man does, he himself is responsible for his actions" (WAR, 74). Sy verduidelik dan verder: "God does not *choose instead* of man, otherwise he would become a machine; neither does he decide in his stead. He chooses an eternal inheritance for him, but even this choice of God *for* the man cannot be fulfilled apart from the believer's intelligent co-operation" (a.w., 161).

Nee stel dit so: "The man God created was not a machine run by God; instead he had perfect freedom of choice. If he chose to obey God, he could; if he decided to rebel against God, he could do that too. Man had in his possession a sovereignty by which he could exercise his volition in choosing to obey or to disobey" (MAN, I, 43).

Murray verduidelik verder dat waar God aan die mens die mag om te wil en te kies gegee het, "His one aim was that man's desire should be in perfect accord with his own". Hy wys daarop dat net soos in God, "so

in man desire is the great moving power" (INTERCESSION, 23). Nee verduidelik egter dat "... from the very beginning God had ordered man to obey and not to be self-willed" (AUTHORITY, 21).

In Genesis 1:26-28 kan gesien word, aldus Nee, waarom God so 'n wilskrag aan die mens gegee het: "We see from these verses the man God desired. God desired a ruling man, a man who would rule upon this earth; then He would be satisfied" (CHURCH, 8).

"Laat ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers ..." Dit was die wil en begeerte van God. Soos Hy, so ook moes sy beelddraer gesag kon uitoefen. Nee verduidelik waar gesag vandaan kom: "The acts of God issue from His throne, and His throne is established on His authority. All things are created through God's authority and all physical laws of the universe are maintained by His authority. Hence the Bible expresses it as 'upholding all things by the word of his power,' which means upholding all things by the word of the power of His authority" (AUTHORITY, 10). Hierdie gesag wou God aan sy skepsel oordra. Daarom sien ons in Genesis 2 en 3 hoedat God, nadat Hy Adam geskape het, aan hom sekere opdragte gee. Nee verduidelik dat "among these was the order to not eat the fruit of the tree of the knowledge of good and evil. The crux of this charge was more than the forbiddance to eat a certain fruit; it rather was that God was putting Adam under authority that he might learn obedience. On the one hand God placed all the created things on the earth under the authority of Adam that he might have dominion over them; but on the other hand God placed Adam himself under *His* authority that Adam might obey authority. Only the one who is under authority can be an

authority" (AUTHORITY, 20).

Hieruit kan dan tot die gevolgtrekking gekom word dat, waar God aan die mens 'n volkome vrye wil gegee het, die mens as skepsel van God in 'n spesifieke verhouding tot sy Skepper sou staan. Hy het 'n selfstandige vryheid gehad, maar God wou dat hy die vryheid slegs sou gebruik in harmonie met die wil en begeertes van sy Skepper. Die verhouding van die mens tot God sou dus gekenmerk word deur gehoorsaamheid. Nee stel dit so: "... it is only by working under obedience to authority that we can work in accordance with the will of God" (a.w., 16).

Murray brei soos volg oor hierdie gehoorsaamheid uit: "*Obedience is essential*. At the very root of the relation of a creature to his God, and of God admitting the creature to His fellowship, lies the thought of obedience. It is the one only thing God spoke of in Paradise when 'the Lord God commanded the man' not to eat of the forbidden fruit" (COVENANTS, 114). In 'n ander werk stel Murray dit so: "Note how obedience to the command is the one virtue of paradise, the one condition of man's abiding there, the one thing his Creator asks of him. Nothing is said of faith or humility or love; obedience includes all. The demand for obedience as the one thing that is to decide his destiny is as supreme as the claim and authority of God. In the life of man, to obey is the one thing needful" (OBEDIENCE, 10).

Omdat gehoorsaamheid dan die kenmerk sou wees van die mens in wie God behae sou hê, kan Nee na aanleiding van God se raadsbesluit in Genesis 1:26 die volgende skryf: "It is by man that God's plan is fulfilled, and through man His own need is met. What, then, does God require from

the man whom He created? It is that man should rule. When God created man He did not predestine man to fall ... In God's plan to create man, He did not predestine man to sin ... If it were, then man would have to sin. In God's plan to create man, man was ordained to rule" (CHURCH, 9-10).

En hoe moes die mens heers? Nee antwoord: "Man's action should not be governed by the knowledge of good or evil; it should be motivated by a sense of obedience. The principle of good and evil is to live according to what is right or what is wrong. Before Adam and Eve ate the forbidden fruit their right and wrong were in God's hand. If they did not live before God they knew nothing at all, for their right and wrong actually were in God" (AUTHORITY, 21).

Die vryheid van die mens kan dus saamgevat word as 'n vryheid-in-gehoorsaamheid. Die mens was dus volkome vry. So vry dat "... al sou God ook hoe graag die mens wou verhinder om die verkeerde weg te kies, Hy nie die kreatuurlike vryheid van die mens geweld kon aandoen deur hom dit te ontnem in daardie kritieke stadium van sy ontwikkeling toe hy juis vry moes wees om sy eie toekoms te bepaal nie" (Anderssen, MURRAY, 27). (Vgl. ook Nee: MAN, III, 77).

Die vraag waartoe dit lei, is: As die mens dan so vry is om teen God se wil te kies en te handel, hoe moet hy God gehoorsaam wees? Hoe moes hy in 'n tyd van direkte versoeking soos dié waarin die eerste mensepaar hulle bevind het, God gehoorsaam wees? Moes God nie in die samestelling van die mens hom so gemaak het dat hy te alle tye God se

wil kan ken en Hom kan gehoorsaam nie?

Die antwoord op hierdie vraag lê opgesluit in die tweede aspek wat as grondslag gelê is vir die bereiking van die hoë adel en bestemming van die mens.

5.1.2 Die samestelling van die mens as gees, siel en liggaam

Hoe moes die mens sy bestemming bereik? Dit het geblyk dat hy gehoorsaam moes wees aan God. Die vraag is dus nou: Hoe moes hy God se wil gehoorsaam? Dit wat tot dusver geblyk het omtrent die liggaam en die siel van die mens, bied nog geen antwoord op hierdie vraag nie. Die mens het egter ook 'n gees waardeur hy met God kommunikeer. Sou meer lig op die gees van die mens nie dalk die vraag hierbo beantwoord nie? Kom ons kyk.

Murray, Penn-Lewis en Nee sê dat die gees die godsbewussyn van die mens is. Deur die gees is die mens in staat tot gemeenskap met die geestelike wêreld en met die Gees van God. Uit hierdie gemeenskap put die gees die krag en lewe wat dit aan die siel en die liggaam deurgee. In die gees het die mens dan gemeenskap met God, ken en aanbid hy Hom.

Uit die feit dat die mens sy hoë adel moes verwesenlik en handhaaf, is dit duidelik dat die mens God nie alleen moes ken en aanbid nie, maar ook moes weet wat sy wil was. In sy omgang met God moes hy ook kon vasstel wat vir Hom goed of kwaad, reg of verkeerd, aanvaarbaar of verwerplik is. Alleen 'n wese wat hiertoe in staat sou wees, kon die verantwoordelikheid om die wêreld te beheers, God-welbehaaglik uitoefen.

Dit is presies waartoe God die mens in staat gestel het. Nee verduidelik: "Adam lived by the breath of life becoming spirit in him. By the spirit he sensed God, knew God's voice, and communed with God. He had a very keen awareness of God" (Man: I, 50).

Penn-Lewis praat ook van 'n "acute spirit-sense" van die mens waardeur "you can 'sense' the meaning of some deep thing of God which you cannot grasp with your intellect". Sy verduidelik dat "[s]ome call this 'intuition' ..." (CENTRALITY, 51). Hierdie intuïsie, verduidelik sy, "... comes from the human spirit indwelt by the Holy Spirit" (a.w., 52).

Naas hierdie intuïtiewe kennis van God kan die mens, volgens die aanhaling van Nee hierbo, ook die stem van God ken. Murray praat dikwels van "die stem van die gewete" (WERK, 33,38) waarna die moes moet luister. Hy verduidelik: "Die gewete is nie slegs die regter wat uitspraak moet gee oor ons daade nie, dit is die inwendige stem wat getuig van ons betrekking tot God en Gods betrekking tot ons" (KRAG, 38). Hy sê verder: "die gewete ... is die geestelike orgaan in ons gees waaraan en waardeur die Heilige Gees sy getuienis gee" (GEES, 342).

Daar is reeds by herhaling gemeld dat die mens in sy gees in gemeenskap met God kan verkeer. Deur sy gees kan die mens dus met God kommunikeer. Hierdie kommunikasie geskied, soos nou duidelik bly, deur die funksies van die intuïsie en die gewete in die gees van die mens. Daarom sê Nee dat "the human spirit can be said to comprise three parts; or, to put it another way, one can say it has three main

functions. These are conscience, intuition and communion" (MAN, I, 31).

Hierdie drie verskillende funksies van die menslike gees is deur Nee soos volg beskryf:

■ Deur die gees leef die mens in gemeenskap met God: "*Communion* is worshipping God. The organs of the soul are incompetent to worship God. God is not apprehended by our thoughts, feelings or intentions, for He can only be known *directly* in our spirits. Our worship of God and God's communications with us are directly in the spirit. They take place in 'the inner man,' not in the soul or outward man" (a.w., 32).

■ Verder is die mens deur sy gees ook in staat tot direkte kennis van God en van sy wil. Nee verduidelik: "*Intuition* is the sensing organ of the human spirit. It is so diametrically different from physical sense and soulical sense that it is called intuition. Intuition involves a direct sensing independent of any outside influence. That knowledge which comes to us without any help from the mind, emotion or volition comes intuitively. We really 'know' through our intuition; our mind helps us to 'understand'. The revelations of God and all the movements of the Holy Spirit are known to the believer through his intuition" (a.w.).

■ In sy gees weet die mens verder ook wat vir God reg is en of hy Hom behaag of nie. Nee stel dit so: "The *conscience* is the discerning organ which distinguishes right and wrong; not, however, through

the influence of knowledge stored in the mind but rather by a spontaneous direct judgment. Often reasoning will justify things which our conscience judges. The work of the conscience is independent and direct; it does not bend to outside opinions. If man should do wrong it will raise its voice of accusation ... A believer must therefore heed these two elements; the voice of conscience and the teaching of intuition" (a.w.).

Nee vat die onderlinge verhouding tussen die verskillende funksies van die gees soos volg saam: "We can conclude then that these three elements of conscience, intuition and communion are deeply inter-related and function coordinated. The relationship between conscience and intuition is that conscience judges according to intuition; it condemns all conduct which does not follow the directions given by intuition. Intuition is related to communion or worship in that God is known by man intuitively and reveals His will to man in the intuition" (a.w.).

Uit dit alles blyk dit duidelik dat God die mens as 'n volkome vry wese geskep het. Hy het hom so saamgestel dat hy 'n vrye wil gehad het waarmee hy kon kies of hy God sou gehoorsaam of nie. Hy was egter ook so saamgestel dat God deur sy Gees in hom kon woon. In sy gees kon hy direk met God kommunikeer, weet wat vir Hom aanvaarbaar is of nie, wat sy wil is en Hom aanbid.

Ja, God het die mens as gees en siel en liggaam geskape, in staat daartoe om dit te word wat hy in beginsel reeds was, naamlik die beeld en gelykenis van God. Dit wat tot sover bekend geword het rakende die

verskillende fakulteite en hul funksies in die mens, is deur Nee soos volg saamgevat:

"The body is the site of 'world-consciousness'; the soul, of 'self-consciousness'; and the spirit, of 'God-consciousness'. With its five senses the body gives man various kinds of sensations. Through this physical body man is able to communicate with the outside world. Consequently, it is the place of 'world-consciousness.' The soul is comprised of the mind, emotion, will, and so forth: all of these belong to the man himself, being expressions of his personality. Hence it is the place of 'self-consciousness.' The spirit has the functions of conscience, intuition, and communion; and by these man comes to know his relationship with God and learns to worship and serve Him. It is therefore the place of 'God-consciousness'" (COVENANT, 82).

Uit hierdie kennis omtrent die samestelling van die mens kom twee vrae na vore wat nog beantwoord moet word. Die twee vrae word elk afsonderlik behandel. Die eerste vraag is:

■ Hoe moes die mens sy hoë adel verwesenlik?

Die antwoord lê voor die hand: Hy moes die vrugte van die boom van die lewe eet. Die vraag is egter: Wat moes hy doen toe hy voor die versoeking te staan gekom het om van die boom van kennis se vrugte te eet? Die woord "gehoorsaamheid" bied hier vir ons die antwoord. Die mens moes God se gebod gehoorsaam. Die vraag is nou verder: Hoe moes die verskillende fakulteite van die mens saam gefunksioneer het indien die mens God sou gehoorsaam? Nee verduidelik dat in die samestelling van die mens "the spirit controls the whole being through the soul. If the spirit desires to act, it communicates its intention to the soul,

which in turn will move the body to obey the command of the spirit. According to God's ordering, the spirit, being the highest part of man, should control the whole being. Nevertheless, the will, being the mainstay of personality, belongs to the soul. This will of man's soul has a sovereign right to choose the rule of the spirit, the rule of the body, or even the rule of self. In view of such power belonging to the soul - which is also the seat of personality - the Bible calls man 'a living soul' (COVENANT, 82).

Wat moes die mens dus doen toe hy versoek is? Murray sê: "Obedience to God's will shows itself in tender regard for the voice of conscience" (OBEDIENCE, 98). Die Here God het volgens Genesis 2:16-17 duidelik aan die mens bekend gemaak wat sy wil was. In die oomblik van versoeking sou die stem van sy gewete hom hieraan herinner het. Nee verduidelik hoe dit werk: "... conscience never argues of reasons. It discerns God's will through intuition and condemns everything which is not according to Him" (MAN: II, 111).

Die mens moes dus ag gegee het op die wil van God waaraan sy gewete hom in sy gees sou herinner. In sy siel moes sy verstand hierdie boodskap geformuleer het as 'n *nee* vir die vrugte van die boom van kennis. Met sy wil moes hy besluit om nie daarvan te neem nie, al het hy ook hoe 'n sterk begeerte daarna gehad. Sy liggaam moes dan, aangedryf deur sy wilskrag, sy oë afwend en sy hande teruggehou het van die vrugte wat na die dood sou lei. So sou die mens sy vermoë om te kies, in harmonie met God se geopenbaarde wil gebruik het. As hy verder sou besluit om van die vrugte van die boom van die lewe te neem en te eet, soos God dit vir hom aangebied het, dan sou hy sy

bestemming bereik het. Hy sou in alle opsigte God se beeld en gelykenis gewees het.

Dit lei verder tot die tweede vraag wat uit die kennis van die samestelling van die mens na vore kom, naamlik:

■ Hoe sou die mens daar uitgesien het as hy van die vrugte van die boom van die lewe sou neem en eet?

God het, soos reeds gemeld, in die boom van die lewe en die boom van die kennis, twee weë aan die mens voorgehou waartussen hy kon kies. Nee skets die betekenis van die twee bome soos volg: "The meaning of the tree of the knowledge of good and evil is independence, the taking of independent action. The tree of life, though, signifies dependence or reliance on God. The significance of this tree further tells us that Adam's original life is but a human life, and that therefore he needs to depend on God and receive God's life in order to live. But the tree of knowledge of good and evil discloses that man does not need to depend on God but he can work and live and bear fruit all by himself" (LATENT, 38-39). Nee sê verder: "In Genesis 2 we learn that after God had created man, He merely hinted that man should exercise his free will to choose God's life" (COVENANT, 122). Hoekom? Omdat God 'n spesifieke bestemming vir die mens in die oog gehad het. Murray stel dit so: "When God created man in his image and likeness, it was that he might have a life as like His own as it was possible for a creature to live. This was to be by God Himself living and working all in man. For this man was to yield himself in loving dependence to the wonderful glory of being the recipient, the bearer, the manifestation of a Divine life. The one secret of man's happiness was to be a

trustful surrender of his whole being to the willing and the working of God" (COVENANTS, 2-3).

Dit kon egter slegs gebeur as die mens die vrugte van die boom van die lewe sou neem en eet. Nee verduidelik: "The tree of life signifies the life of God, the *uncreated* life of God. Adam is a *created* being, and therefore he does not possess such uncreated life. Though at this point he is still without sin, he nevertheless is only natural since he has not received the holy life of God. The purpose of God is for Adam to choose the fruit of the tree of life with his own volition so that he might be related to God in divine life. And thus Adam would move from simply being created by God to his being born of Him as well. What God requires of Adam is simply for him to deny his created, natural life and be joined to Him in divine life, thus living daily by the life of God. Such is the meaning of the tree of life. The Lord wanted Adam to live by that life which was not his originally" (MESSENGER, 136-136). God se doel was dus dat die mens sy ongeskape lewe deelagtig sou word. Daartoe het Hy hom, die "lewende siel" in staat gestel. Hy het hom, volgens Murray, bedeel met die wonderbare gawes waarvan "... veral dié van bewussyn en selfbepaling, van verstand en wil ...", die vorm of houer sou wees "waarin die lewe van die Gees, die ware wese en waarheid van die Goddelike lewe, ontvang en opgeneem moes word" (GEES, 302; BYLAE A, 269). Hierdie eienskappe van die siel, aldus Murray, "was 'n Godgegewe vermoë om die kennis en die wil van God sy eie te maak. Deur dit te doen, sou die persoonlike lewe van die siel vervul en in besit geneem gewees het deur die lewe van die Gees, die hele mens sou geestelik geword het" (a.w.). Dit kon so gebeur, verduidelik Murray elders, omdat net soos "die Gees die

persoonlike lewensbeginsel in God self is, so kan Hy dit in die kind van God wees" (WERK, 26).

Nee vat die hele saak soos volg saam:

"God bestowed upon man a sovereign power and accorded numerous gifts to a human soul. Thought and will or intellect and intention are among the prominent portions. The original purpose of God is that the human soul should receive and assimilate the truth and substance of God's spiritual life. He gave gifts to men in order that man might take God's knowledge and will as his own. If man's spirit and soul would maintain their created perfection, healthiness and liveliness, his body would then be able to continue forever without change" (MAN: I, 44).

Uit dit alles kan die gevolgtrekking gemaak word dat as die mens van die boom van die lewe se vrugte sou geëet het, dit ewige gevolge vir hom in sy samestelling as gees, siel en liggaam sou gehad het. Nee verduidelik wat hierdie gevolge presies sou wees:

"If he would exercise his will by taking and eating the fruit of life, God's Own life undoubtedly would enter his spirit, permeate his soul, transform his entire inner man, and translate his body into incorruptibility. He then would literally be in possession of 'eternal life'. In that event his soulical life would be filled completely with spiritual life, and his whole being would be transformed into that which is spiritual" (a.w.).

Hierdie geestelike mens sou vir ewig afhanklik van sy Skepper geleef het. Nee beantwoord die vraag na hoe die mens daar sou uitsien as hy in gehoorsaamheid aan God die vrug van die boom van die lewe sou geëet het, soos volg:

"For the created being to live by the life of the Creator, he has to be wholly dependent because the life he would then live by is not his but God's. He could not be independent of God but would have to maintain constant fellowship with Him and completely rely on Him. Such life is what Adam does not have in himself and so he must trust God to receive it. Moreover, such life - if received by Adam - is what he could not live out by his own effort; and therefore he would have to depend on God continuously in order to keep it. And thus the condition for keeping it would become the same condition for receiving it. Adam would have to depend on God day by day in order for him to live out this Godly life in a practical way" (MESSENGER, 137).

Maar helaas, vandag sien die mens heel anders daar uit. Penn-Lewis verduidelik: "... man fell, and after a time the result was seen as described by the Lord Himself in His words, 'Every imagination of the thoughts of his heart was only evil continually' (Genesis 6:5)" (SOUL, 5).

Die sonde van die mens toe hy teen God se verbod van die vrugte van die boom van kennis geneem en geëet het, het ook ingrypende gevolge gehad vir sy samestelling as gees, siel en liggaam.

Voor daar verder gekyk word na die gevolge van die sondeval op die samestelling van die mens, is dit eers nodig om kortliks stil te staan by die eintlike doel van God met die mens. Dit werp nog meer lig op die interrelasie tussen die gees, die siel en die liggaam.

5.2 DIE EINTLIKE DOEL VAN GOD MET DIE SKEPPING VAN DIE MENS

Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie?

- 1 Kor. 3:16.

In hoofstuk 6, wat handel oor *Die sondeval*, verduidelik Murray, Penn-Lewis en Nee meermale, na aanleiding van Genesis 6:3, hoedat die Heilige Gees maar net nie daarin kon slaag om vir Hom 'n woonplek in die mens te verkry nie. Later in die weg van verlossing waarop God sy volk gelei het, het Hy in die woestyn deur middel van die tabernakel en nog later in die beloofde land deur die tempel, kom openbaar wat sy bedoeling met die skepping van die mens was.

In die tempel kon die mens sien hoe God in hóm wou woon en deur hóm Homself wou openbaar.

Murray verduidelik dit soos volg: "Deur die gebruik van die beeld van die tempel as die tipe van Gods woning in ons deur die Heilige Gees, nooi die Skrif ons om die ooreenstemming te bestudeer. Die tempel is presies gemaak volgens 'n plan wat deur Moses op die berg gesien is, 'n skaduwee gewerp deur die ewige geestelike werklikhede wat dit moes voorstel. Een van hierdie werklikhede ... is die mens se drievoudige natuur. Omdat die mens na die beeld van God geskape is, is die tempel nie net die voorstelling van die verborgenheid van die mens se toetrede tot die teenwoordigheid van God nie, maar eweneens Gods wyse om tot die mens in te kom, om by hom woning te maak" (WERK, 149).

Penn-Lewis bevestig hierdie siening van Murray soos volg: "To arrive at an understanding of the Apostle's words, 'your *body* is a sanctuary of the Holy Spirit,' clear light is first needed upon the teaching of the Scriptures as to the place the indwelling Spirit occupies in the tripartite being of man. The simplest explanation will be found in the picture lesson given to us in the antitype of the Tabernacle in the wilderness. This is not only 'a pattern of things in the heavens' (Heb. ix. 23), showing our way of access to God, but also His method of communication with man, for it is a type of the threefold being of man and the place of the Divine indwelling - typified by the Shekinah" (SANCTUARY, 21).

Nee verduidelik vervolgens hoe die tempel self daar uitgesien het. Hy skryf: "We know the temple is divided into three parts. The first is the outer court which is seen by all and visited by all. All external worship is offered here. Going further in is the Holy Place, into which only the priests can enter and where they present oil, incense and bread to God. They are quite near to God - yet not the nearest, for they are still outside the veil and therefore unable to stand before His very presence, God dwells deepest within, in the Holy of Holies, where darkness is overshadowed by brilliant light and into which no man can enter. Though the high priest does enter in once annually ..." (MAN: I,29).

As die tempel uit drie dele, die een onlosmaaklik binne-in die ander, bestaan, dan is die analogie tussen tempel en mens, volgens Murray, Penn-Lewis en Nee, baie duidelik. Ook Luther het dit so gesien. (Vgl. BYLAE C, 280.)

God wou dat die mens hier op aarde in gemeenskap met Hom in die hemel lewe. Hierdie mens sou, as sy verteenwoordiger op aarde, in gehoorsaamheid aan Hom, oor sy skepping heers as onderkoning. (Vgl. Murray: GEBED, 80-82.)

Wanneer God se Woord dan aan ons openbaar dat die drievoudige tabernakel (of tempel) waarin Hy onder sy volk gewoon het, 'n teëbeeld is van die ware woning van God (Heb. 9:21-24), dan is dit 'n beeld van hoe God oorspronklik in die mens wat Hy na sy beeld en gelykenis geskep het, wou woon. (Vgl. Murray: WERK, 2.)

Penn-Lewis verduidelik die analogie tussen mens en tempel soos volg: "The Holy of Holies, hidden behind a veil, figures the human spirit as a shrine wherein God Himself, by His Spirit, takes up His abode ... The Holy Place, wherein the priests might freely enter under certain conditions, pre-figures the 'soul' - the faculties and personality of man; and separated from this, the Outer Court represents the outer physical framework of the body, open to the outer world through the avenues of sense" (SANCTUARY, 21).

Nee stel dit nog meer volledig wanneer hy skryf dat die gees van die mens "is like the Holy of Holies indwelt by God, where everything is carried on by faith, beyond the sight, sense or understanding of the believing one. The soul resembles the Holy Place for it is amply enlightened with many rational thoughts and precepts, much knowledge and understanding concerning the things in the ideational and material world. The body is comparable to the outer court, clearly visible to all. The body's actions may be seen by everyone" (MAN: I, 29-30).

Nee verduidelik dan verder hoe die tempeldiens daar moes uitsien. Hy skryf: "Temple service moves according to the revelation in the Holy of Holies. All activities in the Holy Place and in the outer court are regulated by the presence of God in the Holiest Place. This is the most sacred spot, the place upon which the four corners of the temple converge and rest. It may seem to us that nothing is done in the Holiest because it is pitch dark. All activities are in the Holy Place; even those activities of the outer court are controlled by the priests of the Holy Place. Yet all the activities of the Holy Place actually are directed by the revelation in the utter quietness and peace of the Holy of Holies" (a.w., 30).

Waar hierdie beeld oorgedra word op die korresponderende "dele" in die menslike natuur, hou dit sekere implikasies in vir die mens soos God bedoel het dat hy moes wees. Dit is dat die siel met sy wil, intellek en emosies, wat die eintlike mens uitmaak en wat die liggaam rig en stuur, voortdurend direk onder leiding van die gees, waarin God woon, sou wees.

God se eintlike doel met die skepping van die mens was dus nie net om 'n verteenwoordiger op aarde te hê nie, maar ook 'n lewende persoon in wie Hy hier op aarde kon woon.

Die vraag is nou egter: As die uiterlike sigbare liggaam met al sy kragte die voorhof van die tempel is en die siel met die emosies, wil en intellek die heilige plek, hoe sien die gees, die allerheiligste, wat die siel en liggaam so duidelik lei, dan daar uit?

Murray beantwoord hierdie vraag soos volg: "If man be the antitype of the temple, and his spirit the most holy place where God dwells, it is not difficult to fix the place and the meaning of that part of its furniture which typifies conscience. This is none other but the ark of the covenant. The marks of identification are three. The ark was that in which the law of God was contained and carried. Conscience is that power which has God's law as its contents" (SPIRIT, 369). (Vgl. BYLAE B, 276.)

Nee sê na aanleiding van hierdie waarheid dat daar gelet moet word op die respek waarmee Israel die ark bejeën het. Hy skryf: "In crossing the Jordan River they had no other guidance save the ark, but they followed it without hesitation. In fighting against Jericho, they did nothing except march behind it. Later, they could not stand before the Philistines when they tried to use the ark according to their way ... These incidents ought to teach us to be exceptionally careful with our ark, which is our spirit with its threefold functions" (MAN: II, 69).

Die mens het egter nie na God se stem in die ark - diep binne-in sy gees - geluister nie. Hy het God se gebod oortree en in sonde geval. Waar God self die lig sou wees - daar was nou slegs duisternis. God kon nie in die mens, wat Hy na sy beeld en gelykenis geskape het, woon nie.

Vervolgens word daar nou gekyk na die gevolge wat die ongehoorsaamheid van die mens vir sy hele wese gehad het.

HOOFSTUK 6

DIE SONDEVAL

En die Here God het aan die mens bevel gegee en gesê: "Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe."

Toe sê die slang vir die vrou: "Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken."

Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te verkry; en sy neem van sy vrugte en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet.

- Gen. 2:16,17; 3:4-6.

Die wese wat God na sy beeld geskape het en met wie Hy so 'n hoë doel gehad het, het deur ongehoorsaamheid in sonde geval. Die belangrikheid van hierdie gebeure word deur Murray soos volg beskryf:

"Na de schepping van de mensch is het eerste dat de Schrift ons van hem verhaalt, zijn zondeval. En door de geheele Schrift blijft dat stuk op den voorgrond, omdat zonder dat, de mensch evenmin verstaan kan hoe het komt dat hij zulk eene verdorvene natuur heeft en zichzelf niet helpen kan als waarom het noodig was dat God zou komen om hem te verlossen, en hoe geheel hij van Hem afhankelijk is. En zoo is bij ieder enkele ziel, de kennis van haren zondeval, en de geheele verdorvenheid van hare natuur, eene hoofdzaak" (GODZALIG, 41).

Waar Penn-Lewis oor die val van die mens skryf, onderstreep sy ook die belangrikheid daarvan dat dit reg verstaan word. Sy skryf:

"... the recognition of the Fall of man, is the basic truth for the understanding of the dealings of God with man, revealed to us in the Scriptures, and only from this deep bed-rock base can the Scriptures themselves be understood. If we cast aside this revealed truth, the whole edifice of Scripture teaching falls to pieces, as having no foundation.

"Apart from the key of the Fall the blood shedding of the sacrifices in Israel had no meaning, nor has the Cross erected on Golgotha any delivering message to man to-day, nor at any time in the history of the race" (NEW, 24).

Die leer aangaande die sondeval is dus, volgens Murray en Penn-Lewis, een van die belangrikste sleutels waarmee die Bybelverhaal van God se handeling met die mens oopgesluit kan word.

Daarom kyk ons nou na Murray, Penn-Lewis en Nee se beskrywing van eerstens hoe die mens geval het en tweedens na wat die gevolge daarvan vir die mens was.

6.1 DIE VAL VAN DIE MENS

God het die mens, so het dit geblyk, volmaak geskape. Hierdie volmaaktheid het onder andere sy vryheid ingesluit. Hy was vry om self te kies of hy God sou gehoorsaam en in afhanklikheid van Hom sou leef, al dan nie. Hy was verder ook, soos dit geblyk het, onskuldig geskape. Onskuldig in dié sin dat hy geen kennis van goed en kwaad gehad het nie.

Nee stel dit so: "Adam was, so to speak, created morally neutral - neither sinful nor holy, but innocent ..." (LIFE, 80).

Nee verduidelik dit verder soos volg: "Adam was created neutral.* He had a spirit which enabled him to hold communion with God, but as man he was not yet, so to speak, finally orientated; he had powers of choice and he could, if he liked, turn the opposite way" (a.w., 156).

Vir hierdie "finale oriëntasie" het God die mens in die tuin van Eden geplaas waar die boom van die lewe en die boom van die kennis van goed en kwaad was.

Die mens was wel verbied om van die vrug van die boom van kennis te

* Hoekema wys daarop dat Pelagius geleer het dat Adam en Eva "were created neutral, neither good nor bad, and human beings today are born in the same condition." Alrede waarom hulle vandag in sonde val, is, aldus Pelagius, omdat hulle omring word deur slegte voorbeelde. Augustinus het uit reaksie teen Pelagius geleer dat "human beings were created good, in a state in which they were 'able not to sin'" (CREATED, 232). In 7.1.1 word aangetoon dat Murray, Penn-Lewis en Nee nie pelagiaans was waar hulle wel gesê het dat die mens neutraal geskape is nie. Alle mense, sedert Adām en Eva, word volgens hulle in sonde gebore.

eet, maar die vrug van die boom van die lewe was vryelik beskikbaar. God het egter, volgens Nee, albei die bome doelbewus daargestel sodat die mens self "might exercise free choice. He could choose the tree of life, or he could choose the tree of the knowledge of good and evil" (LIFE, 80).

Deur hierdie keuse sou die mens, so het dit in 5.1.1 geblyk, self beslis of hy aan God se skeppingsdoel met sy lewe sou beantwoord of nie.

God het dan ook aan hom die volle vermoë tot so 'n keuse gegee deur aan hom 'n vrye wil te gee - 'n wilsvermoë waardeur die mens vry was om self te beslis of hy hom in gehoorsaamheid aan God se wil en begeerte sou onderwerp of nie.

Hierdie vrye wil was deel, so het dit geblyk, van die wonderlike eienskappe waarmee die siel van die mens bedeed was. Dit was dan ook, so verduidelik Murray, in die siel as die setel van die selfbewussyn van die mens, dat die keuse gemaak moes word. Hy stel dit so: "Deur die siel kon die gees met die kragte van die hoër wêreld selfs op die liggaam werk om dit in gehoorsaamheid te hou en om dit geestelik te maak. Net so kon die liggaam deur die siel op die gees werk en dit na die aarde aftrek. Die siel moes beslis aan watter van die twee hy gehoor sou gee, aan die stem van God deur die gees, of van die wêreld deur die sinne" (GENEESHEER, 82).

Murray verduidelik wat gebeur het toe Satan God se doel met die mens probeer verydel het: "Deur die liggaam is die siel versoek en verlei

en die gees van die mens onder die sinlike gevange geneem" (a.w.).

Die rede waarom dit kon gebeur, verduidelik Murray soos volg: "The relation between body and spirit is so intimate, the power of sin in the spirit comes so much through the body" (HOLY, 202).

Die belangrike rol wat die liggaam in hierdie stryd speel, skets Murray deur middel van die volgende beeld: "... the body is, to the soul and spirit dwelling and acting within it, like the walls of the city. Through them the enemy enters in. In time of war, everything yields to the defence of the walls. It is often because the believer does not know the importance of keeping the walls defended, keeping the body sanctified, that he fails in having the soul and spirit preserved blameless" (a.w.).

Nee wys ook op die rol van die liggaam in die val van die drie-enige mens: "Satan always uses physical need as the first target for attack. He simply mentioned eating fruit to Eve, an entirely physical matter. Next he proceed to entice her soul, intimating that by indulging, her eyes would be opened to know good and evil. Although such searching for knowledge was perfectly legitimate, the consequence nonetheless led her spirit into open rebellion against God because she misconstrued God's forbiddance as arising from an evil intention. Satan's temptation reaches initially to the body, then to the soul, and lastly to the spirit" (MAN: I, 46).

Met hierdie werkwyse van Satan, skryf Murray, "the three temptations of Jesus by Satan correspond exactly: he first sought to reach Him

through the body, in the suggestion to satisfy His hunger by making bread; the second (see Luke 4) appealed to the soul, in the vision of the kingdoms of this world and their glory; the third to the spirit, in the call to assert and prove His Divine Sonship by casting Himself down" (HOLY, 203).

So is dit dan ook, vervolg Murray, dat ons "cannot note too carefully that it was on a question of eating what appeared good for food that man's first sin was committed, and that that same question of eating to satisfy hunger was the battleground on which the Redeemer's first encounter with Satan took place" (a.w., 203-204).

Daarom is dit duidelik, sê Murray, dat "[t]he first approaches of sin are made through the body" (a.w., 204).

Dit bring ons by Nee se interpretasie van Genesis 3:6. Hy skryf: "To begin with, 'the tree was good for food.' This is the 'lust of the flesh.' Eve's flesh was the first to be stirred up. Second, 'it was a delight to the eyes.' This is 'the lust of the eyes.' Both the body and her soul were now enticed. Third, 'the tree was to be desired to make one wise.' 'This is the pride of life.' Such desire revealed the wavering of her emotion and will. Her soul was now agitated beyond control. It no longer stood by as a spectator but had been goaded into desiring the fruit" (MAN:I, 46).

Hieruit kan gesien word hoedat die sonde die siel deur die liggaam bereik het.

Daarom dat Penn-Lewis verder sê: "The 'Fall' apparently began in the intellectual department of the soul, for it is said that Eve saw that 'The tree was to be desired to *make one wise*.'" Sy verduidelik dan verder: "The appeal of the serpent was ... directed to the intellect and understanding of man, and based on a lawful desire to advance in knowledge and power in the unseen realm of another world. 'Ye shall be as *God*,' said the serpent, not 'ye shall be as *the beasts*', created by God! The temptation was KNOWLEDGE, and the very knowledge which probably God meant to give in due season, but grasped before its time, and out of God's will" (SOUL, 5).

Murray verduidelik ook dat deur aan die mens die boom van kennis voor te hou, "het Satan die mens verseker dat kennis die een begeerte is waardeur ons aan God gelyk kan word. En toe die mens die lig van kennis bo die lewe in gehoorsaamheid gekies het, het hy die vreeslike weg wat na die dood lei, betree. Die begeerte om te weet, het sy grootste versoeking geword ... en kennis was vir hom meer werd as gehoorsaamheid en lewe" (WERK, 49).

Op die vraag waarom Eva so 'n sterk begeerte na die vrug van die boom van kennis gehad het, antwoord Nee: "It was not merely the lust of the flesh and the lust of the eyes, but also curiosity's urge for wisdom" (MAN: I, 46).

Hoe dit alles gebeur het en waarheen dit gelei het, verduidelik Nee soos volg: "Satan tempted Eve with a question. He knew his query would arouse the woman's thought. If she were completely under the spirit's control she would reject such questioning. By trying to answer she

exercised her mind in disobedience to the spirit. Doubtless Satan's question was full of errors, for his prime motive was merely to incite Eve's mental exertion. He would have expected Eve to correct him, but alas, Eve dared to change God's Word in her conversation with Satan. The enemy accordingly was emboldened to tempt her to eat by suggesting to her that, in eating, her eyes would be opened and she would be like God - knowing good and evil. 'So when the woman saw ... that the tree was to be desired to make one wise, she took of its fruit and ate' (Gen. 3:6). That was how Eve viewed the matter. Satan provoked her soulical thought first and then advanced to seize her will. The result: she fell into sin" (MAN: I, 45-46).

Nee verduidelik vervolgens wat onderskeidelik in die siel van die mens, Adam, en in die siel van die vrou, Eva, gebeur het met die val en wat die uiteindelijke gevolge daarvan was. Hy skryf:

"The apostle Paul tells us 'Adam was not deceived,' indicating that Adam's mind was not muddled on that fatal day. The one who was feeble-minded was Eve: 'the woman was deceived and became a transgressor' (1 Tim. 2:14). According to the record of Genesis it is written that 'the woman said, *The serpent beguiled me and I ate*' (Gen. 3:13); but that 'the man said, *The woman gave (not beguiled) me fruit of the tree and I ate*' (Gen. 3:12). Adam obviously was not deceived; his mind was clear and he knew the fruit was from the forbidden tree. He ate because of his affection for the woman. Adam understood that what the serpent said was nothing more than the enemy's deception."

"Satan moved Adam to sin by seizing the latter's will through his emotion, while he tempted Eve to sin by grasping her will through the channel of a darkened mind. When man's

will and mind and emotion were poisoned by the serpent and man followed after Satan instead of God, his spirit, which was capable of communing with God, suffered a fatal blow" (MAN: I, 47-48).

Dit was, aldus Murray, Penn-Lewis en Nee, die diepste gevolge van die sonde; dit was die eintlike doel wat Satan voor oë gehad het toe hy Eva mislei het - die gees van die mens moes bereik word. Daardie komponent van die menslike wese waarmee hy met God kon kommunikeer, sy gees, was die eintlike teiken.

Satan het geval toe hy homself verhef het deur te besluit: "Ek wil my gelykstel met die Allerhoogste."

Net so, verduidelik Penn-Lewis, het Satan ook gekom en "in the form of the serpent, gained his entrance into the new race, by beguiling them into the same sin against God which brought about his own fall. 'Ye shall be *as God*, knowing good and evil,' said the crafty foe. Who would not be *like God* if he could? How lawful it seemed to desire to be wise, but God knew there was danger in the knowledge of the evil which *then existed only among the fallen angels*" (NEW, 30).

Die verleiding deur Satan het die intellek en die emosies van die siel deur middel van die sintuie van die liggaam binnegedring en sodoende die wil beïnvloed. Hierdeur het die vyand, soos ons hieronder nog duideliker sal sien, sy eintlike teiken, naamlik die gees van die mens, getref. In die gees van die mens moes die mens luister na die stem van God wat hom verbied het om te eet van die boom van kennis. Hy moes God gehoorsaam en homself aan God se wil onderwerp. Daarom dat

Nee sê dat "the tree of life implies a sense of *dependence*" (MAN: I, 49).

Sou die mens van die boom van die lêwe se vrugte geëet het, sou hy vir ewig in afhanklikheid van God se wil in gemeenskap met God geleef het.

Nou is dit egter so, sê Nee, dat "the tree of the knowledge of good and evil suggests *independence* because man strived by the exercise of his will for the knowledge not promised, for something not accorded him by God. His rebellion declared his independence. By rebelling he did not need to depend upon God" (a.w.).

Hierin kan die sonde van die gees van die mens gesien word. Ongehoorsaamheid aan God se stem in die gewete is die eintlike begin van die sonde. Sonde wat niks anders is nie as rebellie teen God se wil - 'n opstand teen God wat begin in die gewete diep binne-in die gees en eindig in die val van die mens.

Murray skets die effek wat sonde in een komponent van die menslike wese op die totale mens het, soos volg: "What Scripture teaches as to the intimacy of the connection between the body and spirit, physiology confirms. What appear at first merely physical transgressions leave a stain and have a degrading influence on the soul, and through it drag down the spirit. And on the other side, spiritual sins, sins of thought and imagination and disposition, pass through the soul into the body, fix themselves in the nervous constitution, and express themselves even in the countenance and the habits or tendencies of the body" (HOLY, 204).

Die totale mens was dus skuldig aan die oortreding wat sy val veroorsaak het. Sy gees, sy siel en sy liggaam het elk na hul eie aard, hul eie bepaalde rol in sy val gespeel.

Voordat hier nou nader ingegaan word op die effek van die sonde op die mens, is dit interessant om te let op die gevolgtrekking van Nee in verband met die werkwyse van Satan om die mens te verlei, teenoor die wyse waarop God in sy kinders se lewens werk.

Nee sê dat waar die wyse waarop Satan deur die mens se liggaam na sy siel werk om sy gees te bereik, ontleed word, "we can see the law which governs the work of Satan. He uses the things of the flesh (eating fruit) to entice man's soul into sin; as soon as the soul sins, the spirit descends into utter darkness. The order of his working is always such: from the outside to the inside. If he does not start with the body, then he begins by working on the mind or the emotion in order to get to the will of man. The moment man's will yields to Satan he possesses man's whole being and puts the spirit to death. But not so the work of God. His is always from the inside to the outside. God begins working in man's spirit and continues by illuminating his mind, stirring his emotion, and causing him to exercise his will over his body for carrying into execution the will of God. All satanic works are performed from the outside inward; all divine works, from the inside outward. We may in this way distinguish what comes from God and what from Satan" (MAN: I, 48).

Hierdie lig op die wyse waarop die hele drie-enige mens in die sonde geval het, lei nou verder tot die gevolge wat die val op die mens in

sy samestelling na gees, siel en liggaam gehad het.

6.2 DIE GEES, SIEL EN LIGGAAM NÁ DIE SONDEVAL

Murray skryf: "If Adam had eaten of the tree of life, he would have received and known all the good God had for him in living power as an experience. And he would have known evil only by being absolutely free from it. But Eve was led astray by the desire for knowledge ... and man got a knowledge of good without possessing it, a knowledge of it, only from the evil that was its opposite" (CHAMBER, 62-63).

Hierdie kennis het die mens verkry wetende dat God gesê het dat die dag as hy van die verbode vrug eet, hy sou sterf.

Adam en Eva het egter nog honderde jare nadat hulle dit geëet het, geleef. Die dood waarvan God hier gepraat het, was dus in die eerste plek nie, aldus Nee, 'n fisiese dood nie. Nee, "Adam's death began in his spirit" (MAN: I, 50).

Hy verduidelik verder hoe hierdie dood verstaan moet word: "According to its scientific definition, death is 'the cessation of communication with environment.' Death of the spirit is the cessation of its communication with God. Death of the body is the cutting off of communication between spirit and body. So when we say the spirit is dead it does not imply there is no more spirit; we simply mean the spirit has lost its sensitivity towards God and thus is dead to Him. The exact situation is that the spirit is incapacitated, unable to commune with God" (a.w.).

Murray stel dit soos volg: "The spirit in man became dormant - a capacity for knowing and serving God which would have to wait its time for deliverance and quikening. The soul ruled instead of the spirit ..." (SPIRIT, 334; BYLAE, 270).

Nee verduidelik dat "if the order of spirit and soul would be reversed, then man would plunge into darkness and the human body could not last long but would soon be corrupted" (MAN: I, 44).

Dit is dan ook presies, sê Nee, wat met die sondeval gebeur het. Die mens "has been defeated and has sinned; consequently, the proper order of spirit, soul and body has been confused" (a.w.).

Murray verduidelik dit so: "Deur die val het die siel die heerskappy van die gees verwerp en die slaaf van die liggaam geword. Die gees het sy bestemde plek van heerskappy verloor en nie veel meer as 'n sluimerende krag geword nie; dit was nou nie meer die heersende beginsel nie, maar 'n worstelende gevangene" (WERK, 14).

Nee verduidelik verder hoedat dit gebeur het dat die rangorde van die gees en die siel so omgekeer kon word. Hy sê dat die vrug van die kennis van goed en kwaad "uplifts the human soul and suppresses the spirit. God does not forbid man to eat of this fruit merely to test man. He forbids it because He knows that by eating this fruit man's soul life will be so stimulated that his spirit life will be stifled. This means man will lose the true knowledge of God and thus be dead to him. God's forbiddance shows God's love. The knowledge of good and evil in this world is itself evil. Such knowledge springs from the

intellect of man's soul. It puffs up the soul life and consequently deflates the spirit life to the point of losing any knowledge of God, to the point of becoming as much as dead" (MAN: I, 44-45).

Die rede waarom die oorstimulasie van die siel so 'n effek op die gees kon hê, verklaar Nee soos volg: "God imparted a perfect balance to the three parts of man. Whenever one part is over-developed the others are afflicted" (a.w., 45).

Die siel, soos God dit geskape het deur die asem van die lewe in die liggaam van die mens in te blaas, is op sigself nie die wortel van die kwaad nie. Nee beskryf die rol van die siel soos volg: "The soul's usefulness is indeed extensive if it maintains its proper place as a steward, permitting the spirit to be mistress. Man can then receive God's life and be related to God in life. If, however, this soulical realm becomes inflated the spirit is accordingly suppressed. All man's doings will be confined to the natural realm of the created, unable to be united to God's supernatural and uncreated life. The original man succumbed to death in that he ate of the fruit of the knowledge of good and evil, thereby abnormally developing his soulical life" (a.w.).

Nee beskryf voorts presies wat die abnormale ontwikkeling van die mens se siel behels het. Hy skryf dat die mens se keuse vir die boom van kennis die verdere lyne vir sy ontwikkeling bepaal het. Van toe af "he could command a knowledge; he 'knew'. But - and here we come to the point - the fruit of the tree of knowledge made the first man *over-developed in his soul*. The emotion was touched, because the fruit

was pleasant to the eyes, making him 'desire'; the mind with its reasoning power was developed, for he was 'made wise'; and the will was strengthened, so that in future he could always decide which way he would go. The whole fruit ministered to the expansion and full development of the soul, so that not only was the man a living soul, but henceforth man will *live by the soul*. It is not merely that man has a soul, but that from that day on, the soul, with its independent powers of free choice, usurps the place of the spirit as the animating power of man" (LIFE, 156).

Murray beskryf die uiteindelijke vrug op hierdie abnormale ontwikkeling van die siel, soos volg: "Toen Adam gezondigd heeft en dadelijk geestelijk gestorven is verviel hij uit een hemelsch leven door den Geest, in een dierlijk vleeschelijk leven onder de macht van de begeerlijkheden dezer wereld, en onder de heerschappij van het Zelfbèhagen, en de Zelfverheffing, waarin hij van God geheel gescheiden werd" (GOD IN ONS, 150).

Alles het voortaan vir die mens om homself gegaan, verduidelik Murray, want so lank as wat die regte verhouding bestaan het "and the soul with its self was subject to the spirit, and through it to God, all was well. But sin came as the assertion of self in seeking its life through sense and not obedience to the spirit. And so the soul, self, selfishness became the ruling principle of man's life" (SPIRIT, 336, BYLAE A, 273).

Murray skets verder hierdie gevalle toestand van die mens waar die siel as setel van die selfbewussyn regeer, as 'n staat waar die mens

verval het "in het dierlijk leven van deze wereld. Hij is vleesch geworden (Gen. 6:3, 12). Hij is vervallen in een leven van zelfbehagen, in de vervulling, evenzoo als de dieren, van al zijn begeerlijkheden. En alzoo heeft hij het leven van God in hem verloren" (GOD IN ONS, 152).

As gevolg van die sonde het die mens dus die lewe van God verloor. Dit het verdere gevolge gehad as net vir die gees van die mens. God se waarskuwing dat die mens sou sterwe as hy van die verbode vrug sou eet, het besliste gevolge vir die hele mens in sy samestelling na gees, siel en liggaam gehad. Nee verduidelik wat hierdie gevolge behels het: "The death which began in our forefather's spirit gradually spread until it reached his body. Though he lived on for many years after his spirit was dead, death nevertheless worked incessantly in him until his spirit, soul *and* body were all dead. His body, which could have been transformed and glorified, was instead returned to dust. Because his inward man had fallen into chaos, his outward body must die and be destroyed" (MAN: I, 51).

Penn-Lewis vat die toestand waarin Adam en Eva se sonde die mens gedompel het, soos volg saam: "The full effect of the downfall we do not see until years afterward, when the record of the condition of the race shows that the road down was rapid, for the 'wisdom' which gave knowledge of good and evil in the Garden of Eden reached its ultimate in due course, in a complete sinking into 'flesh', so that the part of man's tripartite nature which he had in common with the animal creation, obtained the upper hand. Then it was that God looked down upon the fallen race, and said, 'My Spirit shall not abide in man ... for in their going astray they are *flesh*' (Genesis. vi.3, R.V. m.)"

(SOUL, 6).

Die gees van die mens het gesterf, maar tog bly bestaan. Hoe moet dit verstaan word in die lig van die uitspraak dat die mens vlees geword het? Nee beantwoord hierdie vraag na analogie van die val van Satan, wat 'n gees is: "Satan's fall came before man's; we therefore can learn about our fallen state from Satan' plunge. Satan was created as a spirit that he might have direct communion with God. But he fell away and became the head of the powers of darkness. He now is separated from God and from every godly virtue. This however does not signify that Satan is non-existent. His fall only took away his right relationship with God. Similarly, man in his fall also sank into darkness and separation from God. Man's spirit still exists but is separated from God, powerless to commune with Him and incapable of ruling. Spiritually speaking, man's spirit is dead. Nonetheless, as the spirit of the sinful archangel exists forever so the spirit of sinful man continues too. Because he has a body his fall rendered him a man of flesh" (MAN: II, 9).

6.2.1. Die vlees

Nee se uitspraak hierbo gee aanleiding tot die vraag: Wat moet onder die begrip "vlees" verstaan word? Murray sê dat "vlees" is "die naam vir die lewe van die siel en liggaam gesamentlik, in hul onderworpenheid aan die sonde" (WERK, 14).

Nee verduidelik verder dat die gees, met die sondeval, "fell under the oppression of the soul and the two parts became closely united ...

spirit and soul have become one. While they are intimately knit they plunge man into a psychic world. Everything is done according to the dictates of intellect or feeling. The spirit has lost its power and sensation, as though dead asleep. What instinct it has in knowing and serving God is entirely paralyzed" (MAN: I, 51).

Waar die mens dan "vlees" geword het, beteken dit nie dat hy nie meer 'n gees het nie. Penn-Lewis verduidelik dat hierdie "dooie" gevalle gees wat een geword het met die siel, steeds aktief is. Sy skryf dat terwyl "the human spirit is thus 'dead' to God, and in darkness, it remains as full of activity as mind or body. In some instances the spirit part of the unregenerate man may be so large in its capacity that even in its dark condition, it dominates the soul and body. Then the man may be said to be 'spiritual', in the sense of possessing more 'spirit' than others, who are mainly soulish or fleshly. These are the ones who seek intercourse with the spirit-world apart from the Holy Spirit of God, and become 'mediums', capable of exercising 'occult powers', such as clairvoyance, etc., bestowed upon them by satanic means, *for unless the human spirit of a man is regenerated and indwelt by the Holy Spirit of God, it is in accord with the fallen spirits of Satan, and governed by the prince of the power of the air, the spirit which now worketh in the children of disobedience (Ephesians ii.2,3)*" (SOUL, 7).

Die mens na gees, siel en liggaam het vlees geword. Murray verduidelik waar die term "vlees" vandaan kom: "Omdat die siel onder die mag van die vlees staan, word dit van die mens gesê dat hy vlees geword het, of vleeslik is. Aangesien die liggaam uit vlees en been bestaan, en

die vlees dié deel is wat in besondere sin sensitief is, en waardeur ons ons gewaarwordings van die uiterlike wêreld kry, stel die vlees die menslike natuur voor soos dit aan die sinlike wêreld onderworpe geword het. En omdat die hele siel op hierdie wyse onder die mag van die vlees gekom het, praat die Skrif van al die eienskappe van die siel as behorende tot die vlees, en as staande onder sy mag"* (WERK, 14).

Die mens wat "vlees" geword het, is dus dié mens wie se gees gesterf het in dié sin dat hy nie meer met God kan kommunikeer nie. Die gees is nou onder die heerskappy van die siel wat nou die bepalende faktor in die mens geword het. Die siel is dus nou in beheer van die gees en die liggaam, maar kan selfs ook beïnvloed word deur die bose gevalle geeste van Satan in die gees of deur die liggaam, met sy vleeslike drange, aangewakker deur die verleiding van die wêreld rondom hom.

Nee beskryf die invloed wat die liggaam op die siel van die vleeslike mens het, soos volg: "While man is fleshly he may be controlled by more than just the soul; he may be under the direction of the body as well; for the soul and body are closely entwined. Because the body of sin is abounding in desires and passions, man may commit the most hideous of sins. As the body is formed of the dust, so its natural

* Dit is interessant om hier te let op Scheepers se verklaring van die woord "vlees". Hy skryf onder andere: "'Vlees', bāsār, word in die O.T. gebruik vir die spiermassa (vlees, vleis) ... t.o.v. mense en diere, vgl. Gen. 2:21; Job 10:11 en Ex. 16:8; Lev. 7:15 ens. Omdat dit die deel van die liggaam is wat die meeste opval, word dit sinekdogies vir die hele liggaam gebruik, Lev. 15:13; 1 Kon. 21:27 ens. Dit (en die verwante begrip sjē'ēr) word selfs gebruik vir die persoon self, Ps. 63:2 ...; Spr. 11:17; Pred. 5:5" (GEES, 74).

tendency is toward the earth. The introduction of the 'serpent's poison' into man's body turns all its legitimate desires into lusts. Having once yielded to the body in disobeying God, the soul finds itself bound to yield every time. The base desires of the body may therefore often be expressed through the soul. The power of the body becomes so overwhelming that the soul cannot but become the obedient slave" (MAN: I, 54).

Penn-Lewis vat vervolgens die toestand van die tot-vlees-vervalle mens soos volg saam: "Thus the condition of the unregenerate man is now (1) his human spirit severed from God, fallen and alienated from His life (*Ephesians iv.18*) 'without God', separate from Christ (*Ephesians ii.12*), and incapable of fellowship with Him; (2) the soul - intellect, mind, will, self-consciousness - *may* rule over the body, or (3) the body in its desires and appetites may be enslaving and dominating the soul" (SOUL, 7).

Dat die liggaam so in beheer van die mens kan wees, is duidelik, sê Nee, want, "once man turns fleshly his spirit sinks into servitude to the soul. Further degradation follows when man becomes 'bodily' (of the body), for the basest body rises to be sovereign. Man has then descended from 'spirit-control' to 'soul-control', and from 'soul-control' to 'body-control.' Deeper and deeper he sinks" (MAN: I, 54).

So het die sonde van die mens die dood tot gevolg gehad vir sy hele wese na gees, siel en liggaam. Hierdie doodstraf het egter nie net vir Adam getref nie, maar soos Penn-Lewis sê, "every human being born in

the likeness of the first Adam is of the 'earth, earthly', and is dominated by the flesh instead of the spirit" (SOUL, 6).

Nee verduidelik meer breedvoerig wat die gevolge van Adam se sonde was: "Every son of Adam is ... not only dead in his spirit but he is also 'from the earth, a man of dust' (1 Cor. 15:47). Fallen men are governed completely by the flesh, walking in response to the desires of their soulish life and physical passions. Such ones are unable to commune with God. Sometimes they display their intellect, at others times their passion, but more often both their intellect and passion. Unimpeded, the flesh is in firm control over the total man" (MAN: I, 52).

Paulus leer in Romeine 5:12 en 14 dat die sonde deur een mens die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood. Die dood weer het tot alle mense deurgedring, ook tot hulle wat nie gesondig het in die gelykheid van Adam nie, want almal het gesondig.

So het nie net die hele mensdom nie, maar ook die hele mens na gees, siel en liggaam geheel en al onder die mag van die vlees verval. Murray praat dan ook daarvan dat "deur die sondeval die menslike natuur ... geheel bedorwe geword het." Hy verduidelik dan verder "dat deur die val die *wese* van die mens nie verander is nie, maar slegs die *hoedanighede* waarmee die wese bevoorreg was, soos heiligheid en volmaaktheid; dat die siel van die mens nie sy *vermoëns* van verstand, wil en gevoel verloor het nie, maar slegs die *goeie eienskappe* wat hy by die begin gehad het. Na die val het die mens sy rede, sy gevoel en sy wil nog behou. Dat wanneer ons sê dat die mens onbekwaam is tot

enige goed, dit vanselfsprekend is dat dit beteken 'onbekwaam tot enige *geestelike en bonatuurlike* goed, aangesien met betrekking tot wat burgerlik en natuurlik goed kan genoem word, die onbekeerdes dikwels baie groot bekwaamhede besit'" (ONGELOOF: 1942, 8-9).

Die feit dat die mens na die sondeval steeds al sy vermoëns behou het, stel hom egter nie daartoe in staat om homself te verlos van die mag van die vlees oor hom nie. Nee stel dit duidelik: "Once man is completely under the dominion of the flesh he has no possibility of liberating himself" (MAN: I, 52).

Nie met die beste gebruik van sy wil of sy rede kan die mens homself hieruit red nie. Daarom is dit nou, volgens Murray, "duidelik in watter betekenis die uitdrukkings 'die natuur is geheel bedorwe,' 'die verstand is geheel verduister' moet opgevat word ... Om uit homself of uit die natuur God te ken, daartoe is hy geheel onbekwaam; die verstand is verduister ... Die mens het sy *sedelike aanleg en vermoëns* nog na die val behou; dit is sy *geestelike volmaaktheid* wat hom deur die val ontnem is" (ONGELOOF: 1942, 9-10).

Ja, inderdaad, die mens het vlees geword. Met sy mooiste bedoelinge, met gereelde godsdiensoefening, met 'n voorbeeldige lewe, met ywerige goeie werke - deur wat hy ook al bedink of doen - hy kan homself nie red nie. Wat hy ook al bedink of doen, is vleeslik, want hy is vlees. Murray som dit soos volg op:

"'Die vlees' - in die Skrif beteken hierdie uitdrukking die hele menslike natuur in sy teenswoordige toestand onder die

mag van die sonde. Dit sluit ons hele wese in, gees, siel en liggaam. God het immers na die sondeval gesê dat die mens vlees is (Gen. 6:3). Al sy kragte, verstand, emosies en wil staan onder die mag van die vlees. Die Skrif praat van die wil van die vlees, van die gemoed van die vlees (vleeslike gemoed), van die hartstogte en begeerlikhede van die vlees. Dit vertel ons dat in ons vlees niks goeds woon nie: die gemoed van die vlees staan vyandig teenoor God. Op grond hiervan leer dit ons dat niks wat uit die vlees is, wat die vleeslike gemoed of wil dink of doen, hoe 'n mooi vertoning dit ook al mag maak, en hoe baie die mens ook al daarin mag roem, enige waarde in die oog van God kan hê nie" (WERK, 177).

Alhoewel die mens na die val dus steeds sy wilskrag en intellektuele vermoëns behou het, is dit vervalle onder die vlees en dus nie aanvaarbaar vir God nie. Die mens het nou soos God geword deur die kennis van goed en kwaad wat hy in sy ongehoorsaamheid opgedoen het, maar hy kan die lewe van God nie meer self kies nie. (Vgl. Genesis 3:22,24.) Hy het dus, alhoewel hy sy wilskrag as sodanig behou het en dus sy eie keuses vryelik kan doen, die geleentheid om die ewige lewe te kies, verbeur.

Die mens het dus in sonde geval. Hy het die hoë doel wat God met hom gehad het, misgeloop. God het egter 'n plan gemaak. Murray stel dit soos volg:

"When sin entered, and man fell from his high destiny, God did not give up his purpose ... Redemption had no higher ideal than Creation had revealed; it could only take up and work out the Eternal purpose.

"It was with this in view that the Father sent to the earth the Son who was the express Image of His person. In Him the Godlikeness to which we had been created, and which we had personally to appropriate and make our own, was revealed in human form; He came to show to us at once the image of God and our own image. In looking upon Him, the desire after our long lost likeness to God was to be awakened, and that hope and faith begotten which gave us courage to yield ourselves to be renewed after that Image" (CHRIST, 218).

Hierdie verklaring van Murray in verband met die doel van die koms van Jesus Christus na die wêreld, open die eintlike saak waarom dit vir Murray, Penn-Lewis en Nee gaan, naamlik die verlossing van die drie-enige mens. In die verlossing wat die Vader in sy Seun vir die mens aan die kruis van Golgota bewerk het, word die belangrikheid van die regte verstaan van die mensbeeld nog duideliker.

HOOFSTUK 7

DIE VERLOSSING VAN DIE MENS

Dit is van die allergrootste belang dat die verlossing wat God in sy Seun vir die in-sonde-gevalle-mens daargestel het, reg verstaan sal word. Murray stel dit soos volg:

"Of all questions in theology there is none that leads us more deeply into the glory of God, or that is of more intense vital and practical importance for daily life, than that which deals with what is the consummation and culmination of the revelation of God and the work of redemption: in what way and to what extent God's Holy Spirit can dwell in, can fill, can make into a holy and beautiful temple of God, the heart of his child, making Christ reign there as an ever-present and almighty Saviour. It is the question in theology of which the solution, if it were sought and found in the presence and teaching of the Spirit Himself, would transform all our theology into that knowledge of God which is eternal life" (SPIRIT, 8).

God het, toe die mens wat Hy met so 'n hoë doel geskape het, deur sy ongehoorsaamheid in die sonde geval en gesterf het, hom nie sonder meer aan sy lot oorgelaat nie. Nee, God het 'n unieke plan van verlossing vir die mens bewerk sodat Hy sy einddoel met sy skepping kon bereik.

Die een aspek waaraan God aandag gegee het in die verlore mens was sy ongehoorsaamheid. Nee stel dit so: "A careful reading of the

Scriptures will yield the fact that a common denominator underlies all our sins: the principle of disobedience. Through Adam's disobedience we perish; through the obedience of Christ we are saved. Formerly we were sons of disobedience; today God wants us to be sons of obedience. Disobedience means to follow one's own will; obedience means to follow God's will. The purpose of divine salvation is to encourage us to deny our own will and be united with Him" (MAN: III, 83)..

Hieruit blyk dit dat, in die verlossing van die mens uit sy staat van ongehoorsaamheid, God 'n plan moes maak om die wil van die mens te verlos.

Die eerste saak van belang vir die regte verstaan van die verlossing soos Murray, Penn-Lewis en Nee dit sien, is dan hul beskouing van hoe God verlossing gebring het vir die wil van die mens, sodat die mens Hom spontaan kan en sal gehoorsaam.

Verder moes God in sy verlossingsplan voorsiening maak vir die redding van die totale mens. Volgens Nee kan geen engel of dier "suffer the penalty of sin in man's stead. It is man's truline nature which sins, therefore it is man who must die. Only humanity can atone for humanity. But because sin is in his humanity, man's own death cannot atone for his sin. The Lord Jesus came and took human nature upon himself in order that *He* might be judged instead of humanity. Untainted by sin, His holy human nature could therefore through death atone for sinful humanity. He died a substitute, suffered all penalty of sin, and offered his life a ransom for many. Consequently, whoever believes on Him shall be judged no more (John 5:24)" (MAN: I, 55-56).

Die tweede saak van belang vir die regte verstaan van die verlossing, aldus Murray, Penn-Lewis en Nee, is dan hul beskouing aangaande die versoening wat Christus Jesus na gees, siel en liggaam, aan die kruis vir die verlore mens bewerk het.

Die derde saak van belang, is dan hoe Murray, Penn-Lewis en Nee beskryf dat hierdie verlossing deel word van die mens.

Hierdie drie aspekte van die verlossing word agtereenvolgens volledig in 7.1, 7.2 en 7.3 behandel.

Die eerste saak is dan:

7.1 JESUS CHRISTUS HET AS DIE TWEDE ADAM SY BESTEMMING BEREIK EN SODOENDE BEVRYDING VIR DIE WIL VAN DIE MENS GEBRING

Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het en nadat Hy volmaak is, het hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword

- Heb. 5:8,9.

Alvorens daar gekyk word na die lyding van Jesus Christus na gees, siel en liggaam is dit nodig om te vra presies waarom Hy so 'n lyding moes deurgaen.

Die mens wie se lewe sou beantwoord aan sy skeppingsdoel, so het dit geblyk, se lewe sou 'n lewe van gehoorsaamheid aan die wil van sy

Skepper wees.

Die eerste mens, Adam, was egter ongehoorsaam aan God se wil en het in sonde geval. Romeine 5:19 sê dat "deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is". Die rede hiervoor, verduidelik Nee, is dat "Adam is humanity's head from whom all other men have come into the world" (MAN: I, 56).

Murray brei hierop uit deur verder te verduidelik presies hoe dit werk dat alle mense deur die ongehoorsaamheid van een mens, as sondaars gebore word. Hy skryf:

"There was a twofold connection between Adam and his descendants: the judicial and the vital. Through the judicial, the whole race, though yet unborn, came at once under the sentence of death.

"This judicial relation was rooted in the vital connection. The sentence could not have come upon them if they had not been in Adam. And the vital again becomes the manifestation of the judicial; each child of Adam enters life under the power of sin and death. 'Through the disobedience of the one, the many were constituted sinners,' both by position subject to the curse of sin, and by nature subject to its power" (OBEDIENCE, 25).

Romeine 5:19 sê egter ook dat "deur die gehoorsaamheid van die Een baie tot regverdiges gestel word." Die rede hiervoor, verduidelik Nee, is dat "the obedience of one man, Christ, becomes the righteousness of many, both of the present and the past, inasmuch as Christ constitutes the head of a new mankind entered into by a new birth" (MAN: I, 56).

In Romeine 5:14 lees ons egter dat Adam 'n voorbeeld is van Hom, die tweede Adam, wat sou kom. Na aanleiding hiervan verduidelik Murray die volgende:

"Adam's disobedience in its effects is the exact similitude of what the obedience of Christ becomes to us. When a sinner believes in Christ, he is united to Him and is at once, by a judicial sentence, pronounced and accepted as righteous in God's sight. The judicial relationship is rooted in the vital. He has Christ's righteousness only by having Christ Himself and being in Him. Before he knows anything of what it is to be in Christ, he can know himself acquitted and accepted. But he is then led to know the vital connection and to understand that as real and complete as was his participation in Adam's disobedience with the dead as well as the sinful nature that followed on it, so is his participation in Christ's obedience, with both the righteousness and the obedient life and nature that come from it" (OBEDIENCE, 25-26).

In die lig dan van Adam se ongehoorsaamheid wat die mens toegereken word sodat hy as "kind van die ongehoorsaamheid" in die wêreld kom, is dit volgens Murray "evident that the one work Christ was needed for was to remove this disobedience - its curse, its dominion, its evil nature and workings. Disobedience was the root of all sin and misery. The first object of His salvation was to cut away the evil root and to restore man to his original destiny: a life in obedience to his God" (a.w., 26-27).

Om dit te kon doen, moes Jesus self gehoorsaamheid leer en dit deur lyding heen. So leer Hebreërs 5:8,9 dat Hy volmaak geword het sodat Hy vir diegene "wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid

geword" het.

Murray verduidelik nou verder: "Lyding is vir die mens iets onnatuurliks. Dit is vir hom deur God ingeskape om geluk en rus te geniet, net soos God self. Maar deur sonde het die lyding gekom, en daar is geen verlossing uit sonde nie as om die lyding gewillig te dra. Daardeur erken ons die regverdigheid van Gods straf oor die sonde; daardeur vereenselwig ons ons met Sy wil wat die sonde haat en straf; ons leer om die wil van God te doen" (HEILIGDOM, 162).

Daarom vind ons in Getsémané, aldus Murray, 'n duidelike blik op die mensheid van die Seun van God. "Getsémané was werklik vir Jesus 'n leerskool. Hy moes daar gehoorsaamheid leer, die hoogste, volmaakte gehoorsaamheid. Hy het dit geleer uit wat hy gely het" (a.w., 161, 162).

Murray verduidelik verder waarom hierdie lyding vir die Seun van God nodig was: "Christ needed suffering that in it He might learn to obey and give up His will to the Father at any cost. He needed to learn obedience that as our great High Priest He might be made perfect. He learned obedience; He became obedient unto death that He might become the Author of our salvation. He became the Author of salvation through obedience that He might save those 'who obey him'" (OBEDIENCE, 38).

Die vraag is nou: Waarom moes die Seun van God gehoorsaamheid leer? Was Hy dan nie volmaak nie?

In 5.1 het dit geblyk hoe die gebruik van die woord "volmaak" in tweërlei sin verstaan moet word. In antwoord op die vraag na die

volmaaktheid van Christus is Murray se verklaring van die woord "volmaak", na aanleiding van Hebreërs 2:10; 5:8,9 en 7:28 baie insiggewend. Hy skryf:

"IN PERFECTION THERE ARE DEGREES. We have perfect, more perfect, most perfect. We have perfect, waiting to be perfected. So it was with our Lord Jesus. In Hebrews we read thrice of Him that He was perfected or made perfect. Of sinful imperfection there was not the faintest shadow in Him. At each moment of His life He was perfect - just what He should be. And yet He needed, and it became God to perfect Him through suffering and the obedience He learned in it. As He conquered temptation, and maintained His allegiance to God, and amid strong crying and tears gave up His will to God's will, His human nature was perfected, and He became a High Priest, 'the Son perfected for evermore.' Jesus during His life on earth was perfect but not yet perfected" (PERFECT, 75-76).

Hierdie verklaring aangaande die volmaaktheid van Christus tydens sy lewe op aarde en hoe Hy deur lyding heen vervolmaak is, korrespondeer met dit wat Murray leer in verband met die eerste Adam. Hy was, aldus Murray, volmaak na die beeld van God geskape, "net so volkome as wat God hom kon skep, eerdad sy wil beproef was" (ONGELOOF: 1942, 220).

Die eerste Adam is dan ook, in die tuin van Eden, voor 'n keuse gestel. Ook die tweede Adam moes sy keuse van gehoorsaamheid maak. Hierdie gebeure het in die tuin, Getsémané, afgespeel.

In die verlossing wat Jesus vir die totale mens gebring het, kan die belangrikheid van die gebeure te Getsémané, volgens Murray, nie oorskat word nie. Hy skryf: "Van die uitwendige offer op Golgota sien ek in Getsémané die innerlike wese. Wat daar tussen die Vader en die Seun plaasgevind het; wat dit die Seun gekos het; wat eintlik aan die offer sy waarde gegee het - dit alles kan Getsémané alleen vir my leer. En van dit alles was die middelpunt hierdie woord ... '*Nie My wil nie!*'" (WIL, 25).

Die eintlike rede waarom Christus voor hierdie keuse te staan moes kom, stel Murray soos volg: "Jezus Christus kwam op aarde tot uitvoering van den raad Gods in de schepping van den mensch naar zijn beeld en zijne gelijkenis" (GELJK, 2).

Om dit te kon doen, verduidelik Murray verder, "there was a twofold work He had to do. The one was to *to reveal in His life the likeness of God*, so that we might know what a life in that likeness was and understand what it was we had to expect and accept from Him as our Redeemer. When He had done this, and shown us *the likeness of the life of God* in human form, He died that He might win for us and impart to us, His own life as *the life of the likeness of God*, that in its power we might live in the likeness of what we had seen in Him. And when He ascended to heaven, it was to give us in the Holy Spirit the power of that life He had first set before us and then won to impart to us" (CHRIST, 218).

Murray vat die tweërlei werk van Jesus soos volg saam: "Christus leefde op aarde om het beeld van het leven Gods aan ons te toonen; Hij

leeft in den hemel om *het leven van het beeld Gods in ons te werken*" (GELIJK, 3).

Anderssen wys dan ook daarop dat die adel van die mens, soos Murray dit leer, beteken dat Adam geskep was met die bedoeling om uiteindelik die beeld van God, soos dit in Christus aanwesig is, te vertoon. Christus is dus "die blikpunt en doel wat God met die skepping van die mens van die begin af gehad het" (MURRAY, 22).

Daarom, wanneer die tweede Adam in Getsémané voor die finale keuse tydens sy aardse lewe te staan kom, vind die volgende wonder, aldus Murray, plaas: "Die Seun neem die beker wat so verskriklik is vir Sy heilige siel, offer sy wil op, en staan op om die wil van die Vader te doen en die beker uit te drink tot op die laaste druppel, tot op die verlatenheid deur God" (WIL, 25).

Hy is die Een wat gesê het: "Wie sy lewe (*psuche*) liefhet, sal dit verloor; maar wie sy lewe (*psuche*) haat in hierdie wêreld, sal dit bewaar vir die ewige lewe" (Joh. 12:25). Hy wat dit gesê het, het dit self ook gedoen.

So het Hy, die tweede Adam, in elke opsig "volmaak" geword. So het Hy aan die mens die beeld van God, soos dit in 'n mens van vlees en bloed vergestalt kan word, kom openbaar. So het Hy kom toon dit wat Hy deur sy krag kan en wil werk in diegene "wat hom gehoorsaam is".

Murray skets die keuse waarvoor Jesus te staan gekom het as 'n toets van geen geringe aard nie: "Die menslike wil van Jesus het 'n afkeer van die lyding gehad, net soos dié van ons. Maar alles wat God oor Hom laat kom het, het Hy opgeneem as die wil van die Vader. Toe die allerswaarste lyding, die dood, die vloekdood, die verberging van Gods aangesig oor Hom sou kom, toe het hy teruggedeins. Hier was 'n swaarder toets as wat Hy nog deurgestaan het, 'n swaarder les as wat Hy nog geleer het. In die gebede en smekinge wat hy met sterke geroep en trane geoffer het, het hy krag ontvang om iets groter te doen as wat Hy nog ooit gedoen het, het Hy 'n gehoorsaamheid geleer soos wat Hy nog nie bewys het nie, die gehoorsaamheid tot die dood toe" (HEILIGDOM, 162).

Jesus moes deur lyding heen gehoorsaamheid leer! Hierdie lyding het onder andere behels dat hy sy wil moes versaak vir dié van sy Vader.

Murray verduidelik: "Suffering is unnatural to us and therefore calls for the surrender of our will" (OBEDIENCE, 38).

Dit is daarom dat dit nodig is dat die mens sy eie wilskrag leer ken sodat hy die versoening en verlossing van die eie-wil wat Jesus deur lyding heen vir hom gebring het, sy eie kan maak. Dit sal daartoe lei dat die beeld van die Seun van God des te meer in sy lewe tot openbaring kom.

Nee verduidelik wat die wil van die mens presies behels. Volgens hom is daar "two massive contradictory wills throughout the universe. On the one side stands the holy and perfect will of God; on the other is

arrayed the defiled, defiling and opposing will of Satan. In between subsists the sovereign, independent, free will of man" (MAN: III, 77).

Verder verduidelik Nee, wat van hierdie vrye wil geword het met die sondeval: "When man listens to the devil and rebels against God he seems to render an eternal 'no' to God's will and an abiding 'yes' to Satan's. Since man employs his volition to choose the will of the devil, his volition falls captive to the devil. Therefore all his acts are governed by Satan's will. Until he overturns his early subjection, man's will remains unquestionably oppressed by the enemy power. In this fallen position and condition man is fleshly. This flesh - by which his will, together with his other organs, is ruled - is thoroughly corrupted" (a.w., 77-78).

Hierdie vleeslike wil van die gevalle mens kan met die beste bedoelings God nie behaag nie. Daarom het Jesus na die wêreld gekom. Murray stel dit so: "The Son of God came on earth to show what the life of man must and may become. His resurrection life gives us power to live as He lived. Jesus Christ enables us, through His Spirit, to walk not after the flesh, but according to the will of God" (CHRIST, 83).

Dit lei tot die vraag: Waarom is dit dat die wil van die drie-enige mens so belangrik is?

Nee beskryf die funksie van die wil en die rol wat dit speel soos volg:

"A man's will is his organ for decision-making. To want or not to want, to choose or not to choose are typical operations of the will. It is his 'helm' by which he sails upon the sea of life.

"The will of a man can be taken as his real self, for it truthfully represents him. Its action is the action of the man. When we declare 'I will,' it is actually our volition which wills. When we say 'I want, I decide,' again it is our volition which wants and decides. Our volition acts for the entire man. Our emotion merely expresses how we feel; our mind simply tells us what we think; but our will communicates what we *want*. Hence, it is the most influential component of our entire person. It is deeper than emotion and mind. So in seeking spiritual growth the believer must not neglect the volitional element in him" (MAN: III, 75).

Waar die wil die eintlike ware mens uitmaak, vat Penn-Lewis die hele saak soos volg saam: "Christ wrought out for man upon Calvary's Cross salvation of spirit, soul, and body, from the dominion of sin and Satan; but that full salvation is wrought out in the believer through the central action of the will, as he deliberately chooses the will of God for each department of his tripartite nature" (WAR, 209).

Die feit is egter dat die mens as 'n gevalle wese in die wêreld kom, dat die wil vleeslik is en God in geen opsig kan behaag nie. Nee vra dan ook: "How can anything pleasing ever result from such a darkened will? Even his questing after God springs from the realm of the flesh and therefore lacks any spiritual value. He may invent many ways of worshipping God at this time, yet all are his own ideas, all are 'will-worship' (Col. 2:23 ASV), totally unacceptable to Him" (MAN: III, 78).

As dit, dan so is dat die mens se wil so bedorwe is dat dit die lewe van God nie kan kies en die mens nie kan red nie, hoe word die mens dan gered? Verlossing begin immers by die wil. Nee stel dit so: "True and perfect salvation saves man's will" (a.w., 76).

Penn-Lewis beantwoord hierdie vraag in die volgende samevatting van die verlossing wat God in sy Seun vir die mens gebring het. Sy skryf:

"God created man, with dominion over himself. This dominion was exercised by his act of will, even as it was by his Creator. But man fell, and, in his fall, yielded his will to the rule of Satan, who from that time by the agency of his evil spirits has ruled the world, through the enslaved will of fallen man. Christ the Second Adam came, and taking the place of man, chose obedience to the Father's will, and never for one moment diverged from His perfect co-operation with that will. In the wilderness He refused to exercise the Divine power at the will of Satan, and in Getshemane in suffering His will never wavered in the choice of the Father's will. As Man He willed the will of God right through, becoming obedient even unto death, thus regaining for regenerated man, not only reconciliation with God, but liberty from Satan's thralldom, and the restoration of man's renewed and sanctified will to its place of free action, deliberately and intelligently exercised in harmony with the will of God" (WAR, 208-209).

Maar hoe gebeur dit dat die verlossing wat Jesus Christus vir die wil bewerkstellig het, die vleeslike wil van die mens vernuwe en heilig tot 'n vrye wil wat God behaag.

In sy kommentaar op die *Heidelbergse Kategismus*, wat sê dat die tweede

Adam as die Middelaar tussen God en mens 'n ware mens en terselfdertyd ware God moet wees, verduidelik Murray: "n Verlosser en Middelaar moet 'n mens wees. Dog ook meer as 'n mens. Om die groot werk te doen, die dra van die toorn van God, moet hy meer as mens of skepsel wees; Hy moet God wees" (KATEGISMUS, 76).

Hy moet ware God wees, verduidelik Murray verder, want "Hy moes die las van die toorn van God dra, sodat Hy ons die geregtigheid en die lewe nie alleen sou verwerf nie, maar ook werklik sou kon *teruggee*" (a.w., 81).

Verder moes die middelaar ook ware mens wees, verduidelik Murray, "om die ewige lewe in die menslike natuur te openbaar en oor te bring. So alleen kon Hy daardie nuwe lewe voorberei wat Hy aan Sy volk moes meedeel ... So alleen kon Hy 'n voorbeeld gee waarna ons werklik kon verander word ... Die menswording van die Seun van God was nie net om te kom ly en sterf nie, maar om ons die Goddelike natuur deelagtig te maak en tot volle deelgenootskap in die lewe en gemeenskap van God te bring" (a.w., 77).

Ons kan dan ook deelgenote van die goddelike natuur word, sê Murray, want Jesus se "vereniging met ons natuur in die menswording het in Sy opstanding en die uitstorting van Sy Gees ons wedergeboorte en ons vereniging met God geword. So is die verlore lewe herstel" (a.w., 78).

Nee verduidelik dan ook dat "except a man receive God's new life and serve Him therein, every bit of service for God is but the work of the flesh. His intention to serve and even to suffer for Him is vain.

Before he is regenerated, his will, even though it may be inclined towards good and God, is futile. For it is not what fallen man intends to do for God but how He Himself wishes man to do for Him that really counts in God's eyes. Man may devise and initiate countless notable works for God; nonetheless, if they do not originate with God they are nothing more than will-worship" (MAN: III, 78).

Penn-Lewis verduidelik verder: "... the natural man does not reach this stage of renewal and liberation of his will, without first knowing the regeneration of his own human spirit. God is not in fallen man until the moment of his *new birth* (Ephes. ii.12; iii.16; John iii.5-8). He must be 'begotten of God'; the very fact of such a begetting being necessary, declares the non-existence of Divine life in him previously" (WAR, 209).

Die in-sonde-gebore-mens moet dus deur die wedergeboorte 'n deelgenoot word van die goddelike natuur. Hy wat sonder enige goddelike lewe in hom in hierdie wêreld gekom het, kan op grond van Christus se sterwe en opstanding die goddelike lewe deelagtig word. Sy wil wat ook deur die sonde besmet is, kan hierdie lewe nie self kies nie. Daarom moes Christus Jesus versoening vir sy eintlike self, naamlik sy wil, bring.

Dit is wat Jesus kom doen het. Murray verduidelik: "Onse Hoëpriester het geleer wat dit 'n mens kos om sy wil as 'n volkome offer aan God te offer. Hy het ondervind wat ... 'n opregtheid en eenvoudigheid van sin nodig is as mens daartoe wil kom om geen eie sin meer te behou nie. Hy het ons laat sien dat Hy, wat dit ookal gekos het, vir sy eie wil niks wou oorlaat nie, en dat Hy daarop staan dat ook by ons nie die minste

eie wil moet oorbly nie. 'Sy gehoorsaamheid tot dié dood toe, het ons eie wil versoen. Sy dood en opstanding het ons wil geheel en al oorwin en kragteloos gemaak" (HEILIGDOM, 162-163).

Die vraag is nou egter: Hoe word ons wil verlos? Nee beantwoord die vraag na aanleiding van die volgende drie teksgedeeltes in die Skrif:

■ In Johannes 1:12-13 lees ons dat iemand wat die Here aanneem "uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man" nie 'n kind van God word nie.

■ Openbaring 22:17 sê egter: "... laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet."

■ In Johannes 5:40 sê Jesus aan die Jode: "...julle wil nie na My toe kom om die lewe te hê nie."

In die geval van Johannes 1 is die wil van die mens in die soeke na God onvrugbaar. In Johannes 5 lê die verantwoordelikheid om na Jesus te kom, egter by die wil van die Jode. So ook in Openbaring 22 kan dié wat wil, die water van die lewe neem.

Die saak wat hieruit blyk, word deur Nee soos volg gestel:

"If man himself commences the search for salvation, he is yet perishing ... But if man, upon hearing the gospel, is *willing* to accept what God *offers* to him, he shall be saved. In the one case, man originates; in the other he receives. The one does the willing himself while the other accepts

God's will. John 1 speaks of man himself willing, whereas John 5 and Revelation 22 refer to man's *accepting* God's will. Hence no contradiction exists between these two; rather is there a very crucial lesson for us to learn.

"God is instructing us that in such a paramount and excellent matter as salvation anything which proceeds from self cannot be accepted but is rejected by Him" (MAN: III, 79).

Die mens kan homself nie red nie. Hy kan nie deur sy eie inspanning God behaag nie. Dit is God wat in sy genade die mens red. Hy doen dit deur sy Seun te stuur. Murray verduidelik: "Jesus Christ became man to bring us back to the blessedness of *doing God's will*. The great object of redemption was to make us and our will free from the power of sin, and to lead us again to live and do the will of God. In His life on earth He showed us what it is to live only for the will of God; in His death and resurrection He won for us the power to live and do the will of God as He had done" (CHRIST, 80).

Murray verduidelik verder hoe hierdie krag van die dood en opstanding van die Here Jesus in die mens werk: "It is *this life of obedience*, wrought out by the Lord Jesus in the flesh, that is not only imputed to us, but *imparted through the Holy Spirit*. Through His death our Lord Jesus has atoned for our self-will and disobedience. It was by conquering it in His own perfect obedience that He atoned for it. He has thus not only blotted out the guilt of our self-will before God, but broken its power in us. In His resurrection He brought from the dead a life that had conquered and destroyed all self-will. And the believer who knows the power of Jesus' death and resurrection, has the

power to consecrate himself entirely to God's will" (a.w., 81-82).

Vervolgens verduidelik Nee wat die posisie van die wil van die mens is in hierdie verlossingswerk wat die Vader deur die Heilige Gees in die verlore mens doen. Hy skryf:

"... when the Holy Spirit convicts a man of sin, that conviction is such that the man would not have a word to say even should God condemn him to hell. Then when that man is shown by God His definite plan in the cross of Christ he will gladly accept it and express his readiness to receive the salvation of God. Thus do we observe that the first stage of salvation is essentially a salvation of the will. A sinner's faith and acceptance is but his *desire* to take the water of life and be saved. Similarly his opposition and resistance are his *unwillingness* to come to the Lord for life, and accordingly he perishes. The battle whether to be saved or to perish is fought out in the will of man. Man's original fall was due to the rebellion of his will against God's; and so his present salvation is effected by having his volition brought into obedience to God" (MAN: III, 80-81).

Beide Satan en God moet dus, om die mens te beïnvloed, so te werk gaan dat die mens self sal besluit om hul leiding (of verleiding) te volg. Daarom is die begin van die verlossing van die mens daarin geleë dat God die wil van die mens red en vernuwe tot 'n instrument wat graag sy wil uitvoer. Dit is daarom dat Jesus, waar Hy deur lyding heen gehoorsaamheid moes leer, in die eerste plek geleer het wat dit beteken om in alle opsigte, nie sy eie wil nie, maar dié van sy Vader te soek en te doen.

Daarom is dit so, verduidelik Penn-Lewis, dat wanneer die Vader in 'n mens se lewe werk, Hy soek na "the active co-operation of the WILL of the believer, i.e., God in the spirit of the man, does not use the man's hand apart from the 'I will use my hand' of the man himself" (WAR, 207).

Hierdie vrywillige samewerking met die wil van die Vader word duidelik sigbaar in die lewe van Jesus op aarde. Dit moet net so ook tot openbaring kom in die lewens van diegene in wie Jesus se beeld vergestalt word. Penn-Lewis verduidelik aan die hand van sekere van Jesus se uitsprake hoe die gelowige, net soos Jesus self, die wil van die hemelse Vader kan doen. Uitsprake soos: "'I came not to do Mine own will, but the will of Him that sent Me,' 'The Son can do nothing of Himself,' and yet He said also, 'My Father worketh hitherto and I work.' 'The works that I do shall ye do also!' He had a separate will, but He came not to do His own will, but the will of the Father, and He was doing the Father's will when He said to the one who sought His healing power, 'I WILL, be thou clean!'" (a.w., 208).

Na aanleiding hiervan verduidelik Penn-Lewis verder: "Thus it should be in the life of the believer. Granted the essential union of his will with the will of God, and the energizing power of the Holy Spirit, by his own deliberate choice of harmony with that Holy Will, the believer is actively to use his will in ruling himself in spirit, soul and body.* God dwelling in his spirit co-working with him through

* Penn-Lewis skets hierdie werking van die wil van die mens soos volg (vervolg op p. 167):

his exercised volition" (a.w.).

Daarom is dit, aldus Penn-Lewis, so dat in die verlossing van die mens "God calls him into co-action with Himself, to 'work out his own salvation, for it is God who works with and in him, to enable him to will and to do His pleasure' (Phil. ii.12-15)" (a.w., 211).

Hierdie siening van Murray, Penn-Lewis en Nee in verband met die verlossingswerk van God in en deur sy Seun vir die wil van die mens, lei tot die volgende gevolgtrekking:

7.1.1 Murray, Penn-Lewis en Nee is nie Pelagiaans, Arminiaans of Metodisties nie**

Die mens wat na die beeld van God geskape is, het sy vrye wil met die sondeval verloor. Sy wil het nou soos die res van sy wese, vleeslik geword en enigiets wat daaruit mag voortkom, is vir God verwerplik. Dit is in kort hoe Murray, Penn-Lewis en Nee die wil van die mens

(Vervolg vanaf p. 166):

"On the part of the believer the action of the will is governed by the understanding of the mind, i.e., the mind sees what to do, the will chooses to do it, and then from the spirit comes the power to fulfil the choice of the will, and the knowledge of the mind. For example, the man (1) sees that he should speak, (2) he chooses or wills to speak, (3) he draws upon the power in his spirit to carry out his decisions. This means knowledge of how to use the spirit, and the necessity of knowing the laws of the spirit, so as to co-operate fully with the Holy Ghost" (WAR, 212-213). (Vgl. ook Nee, MAN: II, 64).

** Die leser moet daarna oplet dat hier slegs kursories na die Pelagianisme, Arminianisme en Metodisme verwys word. Daarmee word nie bedoel om die drie rigtings gelyk te stel aan mekaar of om die verskille tussen hulle op te hef nie. Gemeenskaplik aan die drie rigtings is die feit dat hulle elkeen 'n spesifieke siening in verband met die wil van die mens in sy verlossing toegeken het. Dit is weens hierdie feit dat hulle hier saam genoem word.

skets. Verder glo hulle in die totale bedorwenheid van die mens as gevolg van die sondeval en in die daaruit voortspruitende leer van die erfsonde. Die mens word, ongeag die geestelike stand van sy ouers, met 'n bedorwe natuur gebore en kan niks doen wat God behaag nie. God alleen kan die mens in genade aansien en red.

In sy Seun se kruisdood en opstanding het God redding vir die mens gebring en deur sy Gees werk hy hierdie verlossing in die mens uit. Weens die feit dat die wil van die mens bedorwe is, kan die mens homself nie red deur self die gawe van die ewige lewe te kies nie. Nee vat dit soos volg saam: "... according to the actual condition of man, while he is a sinner his will is rebellious against God. Therefore God must bring men to Himself as well as grant him new life" (MAN: III, 80).

Hierdie oortuiging verskil geheel en al van die siening dat die mens kragtens sy vrye wil self die gawe van die ewige lewe kan kies.

Gevolglik is dit dus onmoontlik om enige raakvlakke te vind tussen die antropologie van Murray, Penn-Lewis en Nee aan die een kant, en dié van iemand soos Pelagius aan die ander kant.

Pelagius word hier genoem weens die feit dat hy die beginsel dat die mens sedert die sondeval steeds met 'n vrye wil gebore word, so sterk gestel het. Hierdie beginsel was sedertdien reg deur die eeue 'n strydpunt in die dogmageskiedenis. Volgens De Jong was Pelagius wel bekend met 'n teks soos Romeine 5:12. De Jong verduidelik egter dat Pelagius "zag de zonde niet als iets erfelijks: mensen zondigen wanneer

ze het voorbeeld van de eerste mens navolgen ... Elk mens had de genade ontvangen om vrij te kunnen kiezen tussen goed en kwaad. Koos hij het goede, dan kon hij zich inspannen om verdienstelijk voor God te leven" (KERK, 73). (Vgl. ook Hoekema: CREATED, 232.)

Die sinode van Carthago het wel die leerstellinge van Pelagius verwerp, maar telkens was daar andere wat soortgelyke beskouinge gehandhaaf het.

So wys De Jong onder andere op Arminius (1560 tot 1609) wat erken "dat God om Christus' wil de mens uit genade verlost, maar hij liet alle licht vallen op het geloof en de verantwoordelijkheid van de mens. De mens bezit de vrije wilskeuze om al of niet te geloven" (a.w., 261).

Die Sinode van Dordrecht het in 1618 tot 1619 *Die Dordtse Leerreëls* teenoor die beskouinge van Arminius en sy navolginge opgestel.

Die gedagte dat die mens 'n vrye wil het om self die ewige lewe in Christus Jesus te kies, het later weer tot 'n strydpunt tussen George Whitefield en die twee Wesley-broers, John en Charles, ontwikkel.

Die Wesley-broers, wat as Metodiste bekend gestaan het, het eers goed met Whitefield saamgewerk. Whitefield was egter, verduidelik De Jong, "theologiesch vervreemd van de Wesley's. Hij hield als calvinist vast aan die leer van de uitverkiezing. John Wesley wilde die niet noemen, want de prediking moest volgens hem een beroep kunnen doen op de wilsbeslissing van de toehoorders. Met de terminologie van de nederlandse twisten rond 1605 heetten de wesleyaanse methodisten

voortaan ook wel 'arminiaans'. Zo kwam er een splitsing in de opwekkingsbeweging" (a.w., 250).

Whitefield het hierna sterk aansluiting gevind by die Puriteinse Calvinisme en ook voortgewerk in Presbiteriaanse en kongregasionalistiese kringe. Deel van die vrug op sy arbeid, aldus De Jong, was die ontstaan van die Calvinistiese Metodisme in Wallis (a.w.). Dit is derhalwe interessant om daarop te let dat Penn-Lewis, wat in Wallis gebore is, die volgende vertel: "My father's father was the Rev. Samuel Jones, of Neath, an eminent minister of the Calvinistic Methodist connection, whose service was for the whole Principality, North and South, going on preaching tours as colleague with the leading divines of his time ... My father's house was a rendezvous for the leading ministers of the Connection as they passed hither and thither on their Master's business ... I was brought up, therefore (soos ons voorheen reeds gesien het), in religious surroundings and in the lap of Calvinistic Methodism" (Garrard, PENN-LEWIS, 1-2).

Dit blyk dus dat hierdie "Calvinistiese Metodisme" onder Whitefield se invloed ontstaan het en gevolglik nie dieselfde Arminiaanse inslag gehad het as die Metodisme van die Wesley's nie.

Die rede waarom dié sake hier aangesny word, is omdat Murray se teologie maklik afgemaak word as "Metodisme". Anderssen behandel dit volledig aan die begin van sy proefskrif, 'n *Kritiese ontleding van die soteriologiese teologie van Andrew Murray*. Na aanleiding hiervan stel Anderssen dit homself ten doel om nie alleen krities te beoordeel of Murray "werklik mistikus en metodisties was en of hy moontlik tot die

geestelike vaders van die pentekostalisme gereken moet word nie, maar ook of hy nie teologiese standpunte gehuldig het wat in werklikheid vreemd staan teenoor die gereformeerde tradisie waaruit hy gekom het en waarin hy gewerk het nie" (MURRAY, 8).

Waar Anderssen aan die einde van sy verhandeling kom, noem hy dan ook hoedat hy deurentyd gesoek het na "skynbaar metodistiese trekke in Murray se teologie" (a.w., 218).

"In billikheid teenoor Andrew Murray", skryf Anderssen dan, "moet ons sê dat, alhoewel hy geen beswaar gehad het teen die leer van 'n 'tweede seën' nie, hy dit seker 'n ander inhoud gegee het as Wesley" (a.w., 216-217).

Anderssen skryf verder in verband met Murray: "Dit sou dan ook onbillik wees om vanuit sy aanvaarding van die gedagte van 'n 'tweede seën' eenvoudig te konkludeer dat hy metodisties was, of selfs dat hy as een van die vaders van die moderne pentekostalisme genoem kan word" (a.w., 218).

In die slotsom van sy proefskrif sê Anderssen dat Murray se teologiese wortels nie in die Metodisme gesoek moet word nie, want "[h]y het nie die pad van die metodisme bewandel nie" (a.w., 228).

Verder sê Anderssen dat 'n poging om Murray as die vader van die Pentekostalisme aan te wys, nie afgaan nie, want "[o]p die beslissende punte gaan hy 'n ander weg as die pentekostalisme in" (a.w., 229).

Verder ontmasker Anderssen die valse bewering, naamlik dat Murray in sy verweer teen die liberalisme, nie Calvinisties nie, maar Metodisties sou wees. Hy wys daarop dat juis Murray se werk *Het modern ongeloof* sy leerredes teenoor die modernisme bevat: "En wat kry ons nou in hierdie reeks redes? Juis niks anders nie as daardie prinsipiële afwysing van die liberalisme uit gereformeerde standpunt ..." (MURRAY, 218). Murray maak dan ook hierin, in sy verdediging van die mensbeeld, heelwat gebruik van *Die Dordtse Leerrëels*. (Vgl. onder andere ONGELOOF, 8,9.)

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat Murray, Penn-Lewis en Nee, kragtens hul beskouing rakende die wil van die in-sonde-gebore-mens, beslis nie Pelagiaans, Arminiaans of Metodisties is nie.

Verder blyk dit ook dat hulle nie sê dat die mens wat reeds verlossing in Christus Jesus gevind het, se wil na sy bekering ongekwalfiseerd as 'n "vrye wil" bestempel kan word nie.

Waar Anderssen die verskil tussen dit wat Murray destyds met die term "second blessing" bedoel het en dit wat Wesley as "entire sanctification" verkondig het, verduidelik, kom hy tot die gevolgtrekking dat by Murray "[d]ie twee state van geregverdig te wees en ook nog sondaar (simul justus et peccator!) bly. Daarom is dit aldus Murray moontlik dat 'even when his experience is most fully, that of the law of the Spirit of Life in Christ Jesus making him free, he still bears about in him the body of sin and death'" (MURRAY, 217). (Kwotasie uit Murray: SPIRIT, 172.)

Murray gebruik 'n beeld om die saak te verduidelik. Hy skryf: "Na 'n mens se wedergeboorte is die nuwe lewe in hom maar soos 'n klein saadkorreltjie te midde van 'n groot liggaam van sonde en vlees, met sy vleeslike wysheid en wil. In daardie klein saadkorreltjie is Christus en sy Gees soos 'n almagtige krag, maar as sodanig 'n klein, eenvoudige dingetjie wat maklik oorgesien of gewantrou word. Geloof ken die magtige krag wat daar in daardie klein saadkorreltjie is om die wêreld te oorwin en om die hele vlees en lewe te onderwerp. So heers en oorwin die Gees en laat dit die werke van die liggaam sterwe, en word die mens waarlik geestelik" (WERK, 147-148).

Penn-Lewis skryf ook dat na die wedergeboorte "it is also necessary to understand that the regenerated man does not, as a rule, immediately become a spiritual man, i.e., a man wholly dominated by, and walking after the spirit" (WAR, 209).

Sy verduidelik dan waarom die mens, wat reeds die Heilige Gees ontvang het, nie dadelik 'n geestelike mens genoem word nie: "At first the regenerated man is but a 'babe in Christ,' manifesting many of the characteristics of the natural man in jealousy, strife, etc., until he apprehends the need of a fuller reception of the Holy Spirit to dwell in the regenerated spirit as His sanctuary" (a.w., 209-210).

Nee verduidelik dit verder soos volg: "Although at the moment of new birth man's will is not yet fully united with God, his fallen will nonetheless is uplifted through his acceptance of the Lord Jesus and his denial of Satan, self, and the world. By believing God's Word and receiving His Spirit, his will is also renewed. After a man is born

anew he obtains a new spirit, a new heart, and a new life; his will receives a new master and is henceforth under new management. If his will is obedient it becomes a part of the new life; if it resists, it returns out to be a formidable enemy to the new life" (MAN: III, 81).

Wat betref hierdie "nuwe eienaar" onder wie se beheer die wil van die wedergebore mens geplaas is, skryf Penn-Lewis: "In the hour of his regeneration God gives to man the decisive liberty of will to rule over himself, as he walks in fellowship with God. And by this restoration of a will free to act in choosing for God, SATAN LOSES HIS POWER" (WAR, 211).

Penn-Lewis vervolg dan deur te verduidelik hoe die gelowige se wil kan toeneem in vryheid deurdat die gelowige dit bewustelik onder die beheer van God stel:

"The liberation of the will from its passive condition, and control by the prince of this world, takes place when the believer sees his right of choice, and begins to deliberately place his will on God's side, and thus choose the will of God. Until the will is fully liberated for action, it is helpful for the believer to assert his decision frequently by saying, 'I choose the will of God, and I refuse the will of Satan.' The soul may not even be able to distinguish which is which, but the declaration is having effect in the unseen world, i.e., God works by His Spirit in the man as he chooses His will, energizing him through his volition continually to refuse the claims of sin and Satan; and Satan is thereby rendered more and more powerless, whilst the man is stepping out into the salvation obtained potentially for him at Calvary, and God is gaining once more a loyal subject in a rebellious world" (a.w., 212).

Murray verduidelik verder aan die hand van Romeine 6, 7 en 8 dat, naas die owerste van hierdie wêreld, die gelowige ook rekenskap met die sonde, die wet en die vlees moet hou alvorens "die objektiewe vryheid in Christus", wat vir sy geloof aangebied word, sy "subjektiewe persoonlike besit" sal word (WERK, 105).

Daarom is dit telkens so, sê Murray, dat "[d]ie gelowige voel dat daar nie 'n dag is wat hy verder vorder as die woorde, '... in my, dit wil sê in my vlees, (woon) niks goeds nie ...' (Rom. 7:18). En selfs wanneer hy die vreugde smaak van in die wil van God te bly en gesterk word om nie net te wil nie, maar ook om te doen, weet hy dat dit nie hy is nie, maar die genade van God" (a.w., 106).

Dit lei verder tot die vraag of die genade van God weerstaanbaar is of nie. Kan die mens deur sy eie wilsbeslissing self kies of hy God gaan gehoorsaam of nie? Kan die mens, as God in sy genade hom wil red, hierdie genade weerstaan en selfs weier?

In hoofstuk 6 wat handel oor *Die sondeval*, het dit geblyk dat God aan die mens 'n vrye wil gegee het; dat God volgens Penn-Lewis die mens nie as 'n outomaat geskape het wat maar sy wil moes uitvoer nie en dat God, volgens Murray, so groot en almagtig is, dat toe die mens van die boom van die kennis wou neem en eet, Hy hom nie gekeer het nie.

Die wil van die mens is egter bedorwe deur die val en kan die lewe van God nie self kies nie. Dit is God wat die mens moet red. Soos Nee dit stel: "In salvation, we are saved not because we want to be saved but because God wants to save us ..." (MAN: III, 80).

Hierdie beginsel, naamlik dat dit God is wat in die mens werk, so verduidelik Nee verder, geld reg deur die geestelike lewe.* Dit lei verder tot die volgende vraag: As dit dan so is dat dit God is wat sedert ons verlossing in Christus Jesus, deur sy Gees in ons werk om te wil en te werk na sy welbehae, hoe is dit dan dat daar nog so baie ongehoorsaamheid in die kinders van God se lewens te bespeur is?

Murray sê dat elke Christen deur God geroep is om 'n geestelike mens te wees. Hoe is dit dan dat daar nog so baie Christene is wat maar net vleeslik bly? Het die gelowige dan vryheid van wil om onder die mag van Satan, die sonde, die wet en die vlees te bly en God se wil te weerstaan?

Hierop antwoord Murray soos volg: "Die vraag bring ons in die teenwoordigheid van daardie vreemde en onpeilbare verborgenheid - die mag wat God die mens gegee het om sy aanbiedinge aan te neem of te weier, om opreg of ontrou te wees teenoor die genade wat Hy gegee het" (WERK, 145).

Hieruit blyk dus dat Murray nie anders oor die saak kan dink nie as dat God, wat so groot en verhewe is, aan die mens, ten spyte van sy verlorenheid, sondigheid en vleeslikheid, steeds kragtens sy beeld wat in hom is, die mag toegesê het om oor sy eie lot te beslis. Die mens

* Nee sê dat dit baie belangrik is om te let op die geestelike beginsels waarop God werk. Hy stel dit onder andere soos volg: "... if we wish to advance in our spiritual development we must understand and bear in mind every vital principle God used in dealing with us at the time of regeneration. These initial principles betoken how we ought to continue in our spiritual life" (MAN: III, 80).

was aan God ongehoorsaam en het in sonde geval. God is die mens genadig en wil hom red en herstel tot 'n geestelike mens, maar steeds bly die mens beelddraer van God wat ten spyte van sy gebroke, gevalle en gebonde, wil self moet kies of hy God gaan gehoorsaam of nie.

In die daaglikse lewenswandel van die gelowige kom hierdie beginsel, volgens Nee, soos volg tot openbaring:

"If we give ourselves unreservedly to God, many adjustments may have to be made: in family, or business, or church relationships, or in the matter of our personal views. God will not let anything of ourselves remain. His finger will touch, point by point, everything that is not of Him, and He will say: 'This must go.' Are you willing? It is foolish to resist God, and always wise to submit to Him. We admit that many of us still have controversies with the Lord. He wants something, while we want something else. Many things we dare not look into, dare not pray about, dare not even think about, lest we lose our peace. We can evade the issue in that way, but to do so will bring us out of the will of God. It is always an easy matter to get out of His will, but it is a blessed thing just to hand ourselves over to Him and let Him have His way with us" (LIFE, 74).

Jesus het sy eie wil algeheel en onvoorwaardelik oorgegee aan die wil van die Vader in die Hemel. In Getsémané, sê Murray, het Hy gevoel dat sy menslike wil wou "terugdeins en dit anders wil hê as die Vader" (WIL, 25). Daar het 'n stryd in die Here Jesus gewoed, so intens dat sy sweet soos bloeddruppels geword het. Hierdie stryd is beëindig deur sy oorgawe met die woorde: "Nie My wil nie."

Hierdie woorde, skryf Murray, "is die geheim, die sleutel van ons verlossing. In hierdie woord vind die gehoorsaamheid van Jesus sy krag tot volkome versoening van ons sonde. Ter wille van daardie woord kan al die sonde van ons eie wil volkome en vir ewig vergewe word: dit weeg op teen al die sondes waarmee ons God in ons eie wil vertoorn het" (a.w., 25-26).--

Daarom is die verlossing wat God in sy Seun vir ons gebring het, aldus Nee, in die eerste plek "to deliver man from his created, natural, animal, fleshly, and self-emanating will" (MAN: III, 82).

Baie Christene begeer egter om waarlik in die wil van God te leef; om Hom in alles te behaag. Hulle gee daagliks hulle eie wil oor aan Jesus Christus en neem sy kruis op, maar tog ervaar hulle weinig sukses daarin om Hom te volg. Penn-Lewis sê dat "the believer thus co-operating with God in the use of his volition, must understand that the choice of the will is not sufficient alone, as we see by Paul's words in Rom. vii.18. 'To will is present with me, but to *do* ... is not'. Through the spirit, and by the strengthening of the Holy Spirit in the 'inward man' (the regenerate human spirit - Eph. iii.16), is the liberated will desirous and determined to do God's will, empowered to carry out its choice ... God gives the power to do, from the spirit where he dwells, and by the believer understanding the using of his spirit, as clearly as he understands the use (1) of his will, (2) of his mind, or (3) of his body. He must know how to discern the sense of his spirit, so as to understand the will of God, before he can do it" (WAR, 213).

Die gelowige moet dus nie onkundig wees nie, maar ten einde 'n geestelike mens te word wat in die Gees wandel, moet hy die verskillende komponente van sy wese met hulle verskillende vermoëns onderskei en weet hoe dit funksioneer. Hy moet dus ook weet hoe dit alles kragtens die sondeval van die eerste Adam verval het en wat die verlossing, wat die tweede Adam daarvoor bewerk het, behels.

Daarom is dit verder nodig om te kyk na die verlossing wat Christus vir die totale mens gebring het.

7.2 JESUS CHRISTUS HET NA GEES, SIEL EN LIGGAAM AAN DIE KRUIS GELY

Jesus se lyding aan die kruis van Golgota was nie net vir die redding van die mens se "siel" nie. Die sonde het 'n ontwrigtende effek op die totale menslike wese gehad. God haat die sonde en straf dus alle vorme daarvan. Sodoende het alles wat deur die sonde bederf is, onder God se toorn deurgeloop. Dit het egter ook gelei tot volkome verlossing vir die mens in sy hele wese. Daarom, verduidelik Nee, "... the Son of God - even the man Jesus Christ - suffered in his spirit, soul and body on the cross for the sins of the world" (MAN: I, 57).

■ SY SIEL

Jesus het, so het dit in 7.1 geblyk, deur lyding heen gehoorsaamheid geleer. Hy het "Homself verneder deur gehoorsaam te word tot ... die dood van die kruis" (Fil. 2:8). Deur lyding heen het Hy dan ook geleer om sy eie menslike wil te versak en God se wil te kies en te doen. Sodoende het Hy dan ook verlossing vir die eie wil van die mens gebring deur gewillig gehoorsaam te wees aan sy Vader se wil. Nadat Hy

eenmaal die wil van die Vader gekies het, het Hy gedetermineer na die kruis gegaan en Homself daar in die plek van die mens geoffer. Die wil is een van die vermoëns waarmee die siel bedeed is. Die gees van die mens moet egter in beheer wees van die siel en deur die siel ook in beheer van die liggaam. Waarom is die hele kwessie van die verlossing van die wil dan so belangrik? Hoe skakel die gees hierby in?

Nee beantwoord die vrae soos volg: "Actually the soul is the pivot of the entire being, because man's volition belongs to it. It is only when the soul is willing to assume a humble position that the spirit can ever manage the whole man. If the soul rebels against taking such a position the spirit will be powerless to rule. This explains the meaning of the free will of man ... God desires that the spirit, being the noblest part of man, should control the whole being. Yet, the will - the crucial part of individuality - belongs to the soul. It is the will which determines whether the spirit, the body, or even itself is to rule" (MAN: I, 28).

As Jesus deur lyding heen verlossing vir die wil van die mens gebring het, hoe het Hy dan verlossing vir die res van die siel met sy self bewerkstellig?

Murray verduidelik dat "Christus het geen sondige self gehad nie, maar Hy het 'n self gehad, en daardie self ... wat nie gesondig het nie, het hy oorgegee in die dood sodat Hy dit weer uit die graf van God kon ontvang, opgewek en verheerlik" (VOLHEID, 213).

Jesus was verder by sy volle bewussyn terwyl Hy geboet het vir die mens se sonde. Nee verduidelik dit so: "The soul is the organ of self-consciousness. Before being crucified, Christ was administered wine mingled with myrrh as a sedative to alleviate pain, but he refused it as he was not willing to lose His consciousness. Human souls have fully enjoyed the pleasure of sins; accordingly in His soul Jesus would endure the pain of sins. He would rather drink the cup given Him by God than the cup which numbed consciousness" (MAN: I, 57-58).

So het Jesus dan, ten volle by sy bewussyn, Homself oorgegee aan die dood. Nee beskryf vervolgens hoedat Hy ten opsigte van sy siel gelyk het:

"No one can ever ascertain how fully the soul of the Savior suffered on the cross. We often contemplate His physical suffering but overlook the feeling of his soul. A week before the Passover He was heard to mention: 'Now is my soul troubled' (John. 12.27). This points to the cross. While in the garden of Getshemane Jesus was again heard to say: 'My soul is very sorrowful, even to death' (Matt 26.38). Were it not for these words we would hardly think his soul had suffered. Isaiah 53 mentions thrice how His soul was made an offering for sin, how his soul travailed, and how He pured out His soul to death (vv. 10-12). Because Jesus bore the curse and shame of the cross, whoever believes in Him shall no more be cursed and put to shame" (a.w., 58-59).

Hierdie lyding in sy siel kon, wat betref die vloek en die skande van die kruis, in verskillende opsigte duidelik geïdentifiseer word. Nee verduidelik dat 'n slaaf wat weggehardloop het en gevang is, destyds met die kruisdood gestraf is. So, sê hy dan, het Jesus as 'n slaaf

gekóm "to rescue us who are subject to the lifelong bondage of sin and Satan. We are slaves to passion, temper, habits and the world. We are sold to sin. Yet He died because of our slavery and bore our entire shame" (a.w., 58).

In Johannes 19:23 staan daar dat "toe die soldate Jesus gekruisig het, neem hulle sy klere ..." Nee verklaar na aanleiding hiervan: "Our Lord was stripped bare before Pilate and again on Calvary. How would His holy soul react to such abuse? Would it not insult the holiness of His personality and cover Him with shamefulnes? Who can enter into His feeling of that tragic moment? Because every man had enjoyed the apparent glory of sin, so the Savior must endure the real shame of sin" (a.w.).

So het Jesus sy siel, as setel van sy selfbewussyn met sy wil, intellek en emosies, aan die kruis gegee "as 'n losprys vir baie" (Mat. 20:28).

■ SY LIGGAAM

Christus het ook in sy liggaam lyding verdra. Dit is deur die sintuie van die liggaam dat die mens in aanraking kom met die verleiding van die wêreld rondom hom. Deur dit wat Eva gehoor en gesien het, het sy in sonde geval. In die liggaam geniet die mens die tydelike genot van die sonde. Die liggaam moet dus ook gestraf word.

Murray wys daarop dat toe die Christuskind gebore is, God vir Hom 'n liggaam berei het waarin Hy een was met die mens wat Hy met sy Vader kom versoen het. Later toe Hy die wêreld deur die kruisdood heen

verlaat het, sê Murray, "it was in His own *body* that He bore our sins upon the tree. So it was in the body, no less than in soul and spirit, that He did the will of God. And therefore it is said, 'By which will we have been sanctified through the offering of the *body* of Jesus Christ once for all'" (HOLY, 201).

Die liggaamlike lyding van Jesus, waar Hy hierdie offer vir die mens gebring het, word deur Nee soos volg beskryf:

"Who can fathom the physical sufferings of the Lord Jesus on the cross? ... His hands, His feet, His brow, His side, His heart were all pierced by men, pierced *by* sinful humanity and pierced *for* sinful humanity. Many were His wounds and high ran His fever for, with the weight of His whole body hanging unsupported on the cross, His blood could not circulate freely. He was extremely thirsty and therefore cried out, 'My tongue cleaves to my jaws' - 'for my thirst they gave me vinegar to drink' (Ps. 22:15, 69:21). The hands must be nailed, for they love to sin. The mouth must suffer, for it loves to sin. The feet must be pierced, for they love to sin. The brow must be crowned with a thorny crown, for it too loves to sin. All that the human body needed to suffer was executed upon His body. Thus He suffered physically even to death. It was within His power to escape these sufferings, yet he willingly offered his body to endure immeasurable trials and pains, never for a moment shrinking back until He knew that 'all was now finished' (John. 19:28). Only then did he dismiss his spirit" (MAN: I, 57).

So het Jesus dan, behalwe dat hy sy siel as 'n losprys vir die mens gegee het, ook "self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra ... sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid kan lewe" (1 Pet. 2:24).

Naas dit alles het Hy egter ook in sy gees vir die mens gely.

■ SY GEES

Die geestelike mens is, volgens Murray, "the man who is clothed with the spirit of the suffering, crucified Jesus" (PERFECT, 65).

Hierdie lyding was reeds deel van Jesus se lewe voor die kruisiging self. Nee verduidelik: "When he surveyed the death of Lazarus, Jesus might have been thinking of his Own approaching death, and so 'he was deeply moved in spirit and troubled' (John 11:33). Upon the announcing that He would be betrayed and die on the cross, He was again 'troubled in spirit' (John 13:21)" (MAN: I, 59).

Wanneer Jesus aan die kruis hang, kom die diepste ontsteltenis in sy gees tot uiting wanneer Hy, die Seun van God self, met 'n sterk stem uitroep: "My God, My God, waarom het U My verlaat?" Na aanleiding van hierdie uitroep van Jesus, vra Murray: "How deep must have been the darkness that overshadowed Him, when not one ray of light could pierce, and he could not say, 'My Father'!" (CROSS, 36)

Hierdie duisternis, die duisternis van Godverlatenheid, het Jesus so toegesak as gevolg van die sonde van die mens. Nee verduidelik: "Sin affects most deeply the spirit; consequently, holy as the Son of God was, still He had to be wrenched away from the Father because he bore the sin of others ... Sin alone could separate: even though that sin be the sin of others. Jesus suffered this spiritual separation for us in order that our spirit could return to God" (MAN: I, 59).

Nee verduidelik verder wat die gevolge van die sonde vir die gees van die mens was. Hy skryf: "Man's human spirit has so separated itself from God, exalted itself, and followed the evil spirit that man's spirit must be totally broken in order that it may no longer resist God and remain allied with the enemy. The Lord Jesus became sin for us on the cross. His inner holy humanity was completely smashed as God passed judgment upon unholy humanity. Forsaken by God, Christ thus suffered sin's bitterest pain, enduring in darkness the punitive wrath of God on sin without the support of the love of God or the light of His countenance. To be forsaken by God is the consequence of sin" (a.w., 60).

Jesus Christus, die Seun van God alleen, kon in sy gees verlossing vir die gees van die mens bring. Hy alleen kon die effek van die sonde op die gees van die mens verduur, want alleen Hy wat ware God is, kon die beker van God se grimmigheid oor die sonde verduur. Nee beskryf die lyding wat Jesus in sy gees verduur het, soos volg:

"His spirit too suffered immensely. The spirit is that part of man which equips him to commune with God. The Son of God was holy, blameless, unstained, separated from sinners. His spirit was united with the Holy Spirit in perfect oneness. Never did there exist a moment of disturbance and doubt, for he always had God's presence with Him ... Nevertheless, while he hung on the cross - and if there ever were a day when the Son of God desperately needed the presence of God it must be that day - He cried out, 'My God, my God, why hast thou forsaken me?' (Matt. 27:46) His spirit was split asunder from God. How intensely He felt the loneliness, the desertion, the separation. The Son was still yielding, the Son was still obeying the will of the Father-God, yet the

Son was forsaken: not for his Own sake, but for the sake of others" (a.w., 59).

Jesus het in gehoorsaamheid aan die wil van die Vader daar gehang. Hy het 'n tweede keer met 'n sterk stem na sy Vader geroep. Dié keer was dit sy laaste woorde op aarde: "Vader, in u hande gee ek my gees oor!" Penn-Lewis berig hieroor: "When Jesus our Lord was on Calvary's Cross He 'poured out His soul unto death,' but He said to His Father, 'Into Thy hands I commend My spirit.' His Father took charge of his spirit so that the power of darkness could not touch it" (LIFE, 33).

Murray brei verder hierop uit: "Like David (Ps. 31:6) Christ had often committed His spirit into the hands of His Father for His daily life and need. But here is something new and very special. He gives up His spirit into the power of death, gives up all control over it, to sink down into the darkness and death of the grave, where He can neither think, nor pray, nor will. He surrenders Himself to the utmost into the Father's hands, trusting Him to care for him in the dark, and in due time raise Him up again" (CROSS, 38).

Die Seun van God het dus in die plek van die in-sonde-gevalle-mens na gees, siel en liggaam aan die kruis van Golgota gely en gesterf. Nee sê na aanleiding hiervan dat "our sinful humanity has been judged completely because it was judged in the sinless humanity of the Lord Jesus. In Him, holy humanity has won its victory. Whatever judgment should come upon the body, soul and spirit of sinners has been poured upon Him. He is our representative. By faith we are joined to Him. His death is reckoned as our death, and his judgment as our judgment. Our

spirit, soul and body have altogether been judged and penalized in Him" (MAN: I, 60).

Die straf wat Jesus aan die kruis verduur het, het dus verlossing vir die gees, siel en liggaam van die mens gebring. Penn-Lewis vat dit soos volg saam:

"The Cross and the Fall exactly and perfectly correspond - the one as the remedy for the other. First by the death, of the Saviour on the Cross the *sin* had to be put away, and the way made possible for the Holy God to pardon the sinner, and secondly the sinner must be given a way of escape from the bondage of soul and body into which he had fallen. The tripartite nature of man could then be again adjusted, with the spirit once more in domination, and the body acting merely as the outward and material vessel - the instrument of the spirit through the soul". (SOUL, 8-9).

Die vraag is nou: Hoe word hierdie verlossing wat Christus aan die kruis vir die mens gebring het, hier en nou deel van die mens?

Hierdie vraag lei tot die volgende:

7.3 DIE HEILIGE GEES MAAK DIE VERLOSSING WAT CHRISTUS AAN DIE KRUIS VERWERF HET, DIE SUBJEKTIEWE PERSOONLIKE BESIT VAN DIE DRIE-ENIGE MENS

Penn-Lewis wys daarop dat "the work of the Holy Spirit is not only to reveal what Christ has done on the Cross in carrying sin, and the sinner, to the Tree, but also to *subjectively apply the power of that*

death to the sinner himself ..." (NEW, 50).

Nee verduidelik hierdie werk van die Heilige Gees volledig soos volg:

"The work of the cross has been fulfilled by the Lord Jesus, but it is left to the Holy Spirit to apply this finished work to the sinner's heart. We ought to know the relationship between the cross of Christ and its application by the Spirit. The cross accomplishes all, but the Holy Spirit administers to man what it has accomplished. The cross grants us position; the Holy Spirit gives us experience. The cross brings in the fact of God; the Holy Spirit brings about the demonstration of that fact. The work of the cross creates a position and achieves a salvation by which sinners can be saved; the task of the Holy Spirit is to reveal to sinners what the cross has created and achieved so that they may in fact receive it and be saved. The Holy Spirit never functions independently of the cross: without the cross the Holy Spirit has no proper ground from which to operate: without the Holy Spirit the work of the cross is dead, that is, it produces no effect upon men even though it is already effective before God" (MAN: II, 11).

Hierdie subjektiewe werk van die Heilige Gees in die mens se lewe, waar hy die objektiewe heilsdaad van Christus aan die kruis die persoonlike besit van die mens maak, staan verder nooit los van die Woord van God nie.

Nee verduidelik: "Through the Holy Spirit God uses His word to impart His life to us and have it planted in us. We are moved by the Holy Spirit into believing God's word and thus receiving God's life. In God's word the life of God is hidden; indeed, His words 'are life'

(John. 6:63). As soon as we accept God's word we receive his life" (COVENANT, 87).

Waar God so deur sy Gees en sy Woord in die mens werk om hom te red, neem Hy altyd die natuur van die mens in ag. Murray verduidelik dit so: "Man could not save himself from the power of sin. If his redemption was to be effected, God must do it all. And if God was to do it in harmony with the law of man's nature, man must be brought to desire it, to yield his willing consent, and entrust himself to God" (COVENANTS, 3).

Wanneer God dus deur sy Heilige Gees in die mens werk, doen Hy dit volgens die natuur van die mens soos Hy hom geskep het. Nee verduidelik:

"God's work begins without exception within man, from the center to the circumference. How unlike Satan's pattern of work! He operates from the outer to the inner. God aims first to renew man's darkened spirit by imparting life to it, because it is this spirit which God originally designed to receive His life and to commune with Him. God's intent after that is to work out from the spirit to permeate man's soul and body" (MAN: II, 9).

Penn-Lewis beaam dit wat Nee sê: "The spirit of God works in the sinner from centre to circumference - i.e., spirit soul and body. The first application of the finished work of Christ on the Cross, is to the man when he passes from death to life through faith in the fact of Christ bearing his sins on the tree. By the inbreathing of the Spirit of life he then becomes a partaker of the Divine nature, for 'that

which is born of the Spirit *is Spirit*" (NEW, 50).

Hier kom twee dinge ter sprake. Die een is dat die mens tot geloof moet kom in dit wat Christus aan die kruis vir hom gedoen het. Die tweede is dat hy 'n deelgenoot van die goddelike natuur word deurdat hy uit die Gees gebore word.

Dit is twee aspekte van die verlossing wat vir Murray, Penn-Lewis en Nee van groot belang is. Die een aspek is dan die hele kwessie rakende geloof. Terwyl dit behandel word, kom die wedergeboorte, waardeur 'n mens 'n deelgenoot van die goddelike natuur word, ook ter sprake.

7.3.1 Geloof

Murray het hierbo daarop gewys dat as God die mens se natuur in ag wil neem wanneer Hy in hom werk, Hy die mens daartoe moet bring om gewillig met Hom saam te werk in dit wat Hy in die mens wil doen.

Murray verduidelik verder: "All that God wanted man to do was, to believe in Him. What a man believes, moves and rules his whole being, enters into him, and becomes part of his very life. Salvation could only be by faith: God restoring the life man had lost; man in faith yielding himself to God's work and will. The first great work of God with man was to get him to believe" (COVENANTS, 3).

Dit is ook, volgens Murray, vir God moontlik om aan die mens wat deur die sonde geheel bedorwe geword het, geloof te skenk. Dit sê hy deur hom onder andere op *Die Dordtse Leerreëls* te beroep. Dit kom in die

volgende gedeelte duidelik na vore.

7.3.1.1 Die beeld van God in die mens

Hierdie aspek van die mensbeeld word hier volledig behandel, omrede Anderssen beweer dat Murray "nêrens enige belangstelling in die onderskeiding tussen die beeld van God in ruimer of enger sin (formeel en materieel) toon nie, en dat hy ook nie in soveel woorde die vraag stel na wat in die mens ongeskonde gebly het deur die sondeval nie" (MURRAY, 44).

Hoekema wys op die belangrikheid daarvan om die regte beskouing te hê rakende die beeld van God in die mens. Hy sê: "The concept of the image of God is the heart of Christian anthropology" (CREATED, 66).

Murray het, waar hy skryf oor die beeld van God, moontlik nie die nodige teologiese terminologie vir Anderssen aangewend nie, maar hy het wel deeglik onderskei tussen die beeld van God in die mens vóór en ná die sondeval. So skryf hy dan:

"Er wordt geleerd dat 'Zelfs in den mensch, die verduisterd is in het verstand, er toch nog eenig licht der natuur is overgebleven, vonkskens van het beeld Gods, waaruit hij weet, dat er een God is, gelijk ook wat goed en kwaad is.' Er wordt verder vooral verklaard, dat het deze overblijfselen zijn, 'die God gebruikt tot wederoprigting van Zijn beeld in ons.' Zij zijn inderdaad de aansluitingspunten, waaraan Genade haar 'verlossingswerk begint,' 'want gelijk de zonde de natuur des menschen niet heeft weggenomen, alzo werkt de Goddelijke genade in de wedergeboorte des menschen niet als in stokken en blokken, vernietigt niet den wil en zijne eigenschappen, maar maakt ze geestelijk levendig, heelt ze, en verbetert

ze!.*

"Uit een en ander blijkt, dat, naar de Kerkleer, er in den gevallen mensch, is overgebleven *het vermogen*, waarmee hij de waarheid Gods vernemen en erkennen moet. Zonder dit vermogen, de natuurlijke vatbaarheid om te oordeelen over degenen, die, als gezanten Gods, voorgeven Zijnen wil te verkondigen, en aanvankelijk de Gode-waardigheid van die boodschap te erkennen, zoude de gedachte aan eene openbaring, als eene boodschap van God tot den mensch gerigt, eene onmogelijk zijn; de openbaring zoude allen redelijken grondslag missen. Zal den blinde het gezigt wedergegeven worden, er moet een oog zijn, al is het ook krank, dat geopend wordt om het licht te ontvangen" (ONGELOOF, 10-11).

Hierdie "oog" wat deur die sonde siek geword het en deur die genade genees kon word, is volgens wat Murray verder in sy werke skryf, al die veelvuldige eienskappe van die drie-enige mens. Murray bely die totale verdorwenheid van die mens (*corruptio totalis*) deur die val van Adam, maar stel dit duidelik dat die mens nie daardeur sy wesenseienskappe verloor het nie. Net so kry die mens ook nie in die wedergeboorte nuwe eienskappe nie. Murray stel dit so: "By sy vernuwingswerk skep die Heilige Gees nie nuwe eienskappe nie; Hy vernuwe en heilig dié wat reeds bestaan" (WERK, 129).

Hierdie oortuiging van Murray pas volledig in by 'n voorstel wat Hoekema in sy werk *Created in God's image* maak. Nadat hy 'n historiese oorsig gegee het van die hantering van die leer in verband met die

* Vgl. Die Dordtse Leerreëls, 3:16.

beeld van God in die mens, kom hy dan tot die volgende voorstel: Waar daar normaalweg in die teologie onderskei word tussen dié beeld van God in byvoorbeeld ruimer of engere sin, formele of materiële sin, stel Hoekema voor dat daar verder gevra moet word na die verhouding tussen die strukturele en dié funksionele aspekte van die mens (CREATED, 69).

Hy verduidelik wat hy bedoel deur die volgende voorbeeld:

"Since the image of God includes the whole person, it must include both man's structure and man's functioning. One cannot function without a certain structure. An eagle, for example, propels itself through the air by flying - this is one of its functions. The eagle would be unable to fly, however, unless it had wings - one of its structures. Similarly, human beings were created to function in certain ways: to worship God, to love the neighbor, to rule over nature, and so on. But they cannot function in these ways unless they have been endowed by God with the structural capacities that enable them to do so. So structure and function are both involved when we think of man as the image of God" (a.w.).

Verder motiveer Hoekema hierdie onderskeiding soos volg:

"The distinction between the structural and the functional aspects of the image of God helps us to verbalize man's pre-Fall and post-Fall condition. When man was created, he possessed the image of God in the structural or broader sense, and at the same time imaged God properly in the functional or narrower sense, since he lived in perfect obedience to God. After man had fallen into sin, however, he retained the image of God in the structural or broader sense

but lost it in the functional or narrower sense. That is to say, fallen human beings still possess the gifts and capacities with which God has endowed them, but they now use these gifts in sinful and disobedient ways. In the process of redemption God by his Spirit renews the image in fallen human beings - that is, enables them once again to use their God-reflecting gifts in such a way as to image God properly - at least in principle. After the resurrection of the body, on the new earth, redeemed humanity will once again be able to image God perfectly" (a.w., 72-73).

Murray sou baie duidelik geen probleem met hierdie onderskeiding, wat Hoekema hier voorstel, gehad het nie. Hy stel dit byvoorbeeld baie duidelik dat, in terme van Hoekema, die mens deur die val die funksionele aspek van die beeld van God verloor het, en gevolglik nie in staat is tot enige positiewe handeling op geestelike of bonaatuurlike gebied nie. Daarenteen is dit egter so, aldus Murray, dat betreffende dit wat "burgerlijk en natuurlijk goed mag heeten, de onbekeerden dikwijls zeer groote bekwaamheden bezitten" (ONGELOOF, 10).

Murray mag homself moontlik nie uitgedruk het in al die terme rakende die beeld van God in die mens, wat deur teoloë soos Bavinck, Berkhof, Brunner, Cairus en andere gebruik is nie. Om egter te beweer dat hy geen belangstelling getoon het in die onderskeiding wat deur hulle gemaak nie, is bietjie vergesog.

So is dit ook nie waar dat hy nie gevra het na wat in die mens ongeskonde gebly het deur die sondeval nie.

Dit is duidelik dat niks in die mens, aldus Murray, deur die sonde "ongeskonde" gebly het nie. Sou 'n mens egter na die strukturele aspek van die beeld van God (soos Hoekema dit hierbo verduidelik) in die mens kyk, dan is dit duidelik dat, volgens Murray, die mens al sy wesenseienskappe deur die sondeval heen behou het. Dit is dan ook by hierdie natuurlike eienskappe van die mens, verduister en besoedel deur die sonde soos dit mag wees, dat God aansluit wanneer Hy in die mens werk om hom te red.

Murray het hierbo verwys na "vonkies van die beeld van God" wat in die gevalle mens oorgebly het. Hierdeur, so sê hy hierbo, weet die mens "dat daar 'n God is, en net so ook wat goed en wat kwaad is".

Volgens Murray, Penn-Lewis en Nee, so het dit geblyk, is dit in die gees van die mens dat die mens se godsbewussyn gesetel is. In sy gees is verder ook sy gewete. Dit is dus onder meer in die gevalle gees van die in-sonde-gebore-mens dat hierdie "vonkies" van die beeld van God aangetref word. Hieruit kan dan afgelei word dat dit in sy gees is dat die mens weet dat daar 'n God is, asook wat reg en wat verkeerd is.

Nee verduidelik dat naas "the functions of intuition and communion, our spirit performs still another task. - that of correcting and reprimanding so as to render us uneasy when we fall short of the glory of God. This ability we call conscience. As the holiness of God condemns evil and justifies good, so a believer's conscience reproves sin and approves righteousness" (MAN: II, 106).

Murray bevestig hierdie ooreenstemming tussen die heiligheid van God en die funksie van die gewete. Hy skryf: "God's highest glory is *His Holiness*, in virtue of which He hates and destroys the evil, loves and works the good. In man, conscience has the same work: it condemns sin and approves the right. Conscience is the remains of God's image in man, the nearest approach to the Divine in him, the guardian of God's honour amid the ruin of the fall. As a consequence, God's work of redemption must always begin with conscience" (SPIRIT, 204).

Die gewete as sodanig beklee dus 'n belangrike posisie in die drie-enige mens ten opsigte van God se verlossingswerk in die mens.

Nee skets die toestand van die gewete in die ongeredde mens soos volg: "While we were sinners our spirit was thoroughly dead; our conscience was therefore dead as well and unable to function normally. This does not mean the conscience of a sinner stops working altogether. It does continue to operate, though in a state of coma" (MAN: II, 106).

Murray verduidelik verder Wie se werk dit is om die gewete lewendig te maak: "Conscience is the work of the Spirit of God the Creator; as the Spirit of God the Redeemer His first care is to restore what sin has defiled. It is only by restoring conscience to full and healthy action, and revealing in it the wonderful grace of Christ, 'the Spirit bearing witness with our spirit,' that He enables the believer to live a life in the full light of God's favour" (SPIRIT, 206).

Naas die gewete, waarin die mens weet wat reg en verkeerd is, het Murray hierbo verder ook genoem dat daar "in die gevalle mens die

vermoë oorgebly het waarmee hy die waarheid van God moet verneem en erken". Kragtens hierdie vermoë kan die hoorder, die boodskap sowel as die prediker wat dit verkondig, beoordeel en aanvaar. Murray berig soos volg hieroor: "Uit zichzelf, of uit de natuur God te kennen, daartoe is hij [die gevalle mens] geheel onbekwaam: het verstand is verduisterd. Voor de verlossing Gods is hij echter nog vatbaar; wat verduisterd is, is nog altijd het verstand, het redelijk deel van het wezen des menschen; daarin begint God Zijn genadewerk, tot deze Rederigt Hij Zijn woord, aan deze werkt Hij ter genezing" (ONGELOOF, 11).

Waar God werk om die mens te verlos, gebruik Hy dus ook die rede - so verduister soos dit is. Nee wys op die verband tussen die kennis wat die verstand opdoen en die reaksie van die gewete daarop. Hy sê dat waar ons na die stem van die gewete luister, "we should remember one thing, and that is, conscience is limited by knowledge. It is the organ for distinguishing good and evil, which means it gives us the knowledge of good and evil ... The degree of knowledge may be determined by individual environment or perhaps by the instruction each has received" (MAN: II, 119).

Daarom is dit belangrik om te weet, aldus Nee, dat "conscience can condemn only to the extent of its newest light; it cannot judge as sinful that of which it is not conscious. As the knowledge of a believer grows, his conscience too increases in its consciousness. The more his knowledge advances the more his conscience judges". (a.w. 120).

Die kennis wat deur die intellek opgedoen word, is dus van bepalende belang vir die normale funksionering van die gees. In die lig hiervan is dit insiggewend om te let op Romeine 10:17. Dit lui: "Die geloof is uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God."

Murray sê dat God sy genadewerk begin deur sy Woord tot die verstand van die mens te rig - dit is die gepredikte woord wat die mens hoor. Hy het egter ook gesê dat die verlossingswerk "altyd by die gewete begin". Dit beteken dat wanneer God die mens wil red, Hy deur 'n sintuig van die liggaam aan die intellek die nodige kennis deurgee wat weer op sy beurt die gewete kan aanwakker. Die "siek oog" waarvan Murray in die beeld hierbo praat, kan dus as die hele menslike wese gesien word. Die hele mens, oorspronklik geskep as beeld van God, is as gevalle wese steeds, in strukturele sin, beeld van God. God werk deur die liggaam en die siel om die gewete in die gees te bereik.

Dit mag teenstrydig klink met dit wat vroeër gesê is, naamlik dat God in sy verlossingswerk van binne na buite werk, maar dit is nie. Die mens is kragtens die sondeval *corruptio totalis* en het in sy hele wese, wat wel in strukturele of formele sin God se beeld is, geen greintjie lewe van God nie. Daarom werk God, wat so 'n hoë doel met die mens het en aan wie Hy so 'n selfstandigheid gegee het, in aansluiting by die menslike natuur deur sy gehoor na sy gees. Die rede hiervoor is sodat Hy, nadat sy Woord daar diep binne-in die mens se gees aanvaar is, hom dan vanuit sy innerlike kan herskep tot sy beeld, ook in funksionele of materiële sin.

Simon Petrus het aan Jesus gesê: "U het die woorde van die ewige lewe." Jesus self het gesê: "...die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe" (Joh. 6:63, 68). Murray sê dat dit soos volg verstaan moet word:

"Sy woord is gees en is lewe. Hulle is nie bedoel vir die verstand nie, maar vir die lewe. Hulle kom in die krag van die onsigbare Gees, hoër en dieper as alle gedagtes, en dring deur tot die wortels van die lewe. Hulle besit as sodanig self 'n Goddelike lewe, wat met 'n Goddelike energie doeltreffend die waarheid uitwerk wat hulle tot uiting laat kom in die ondervinding van diegene wat hulle ontvang.

"As gevolg van die geestelike karakter wat hulle besit ... het hierdie woorde van Hom 'n geestelik-natuur nodig om hulle te ontvang. Saad het geskikte grond nodig: daar moet in die grond sowel as in die saad lewe wees. Die woord moet nie net in die verstand, of in die gevoel, ja selfs nie net in die wil nie, maar deur hulle in die lewe geneem word. Die middelpunt van daardie lewe is die mens se geestelike natuur, met die gewete as Sy stem. Daar moet die outoriteit van die woord erken word" (WERK, 20).

Die gees van die mens is dus die grond waarin die saad van die Woord gesaai word. Daar in die gewete, diep binne in die gees, daar begin God om die mens te herstel tot sy beeld en gelykenis. So kom die funksionele aspek van die beeld van God, aldus Hoekema, tot openbaring wanneer die Woord van God soos 'n saadkorrel in die gewete ontkiem en opgroei om die hele strukturele aspek van die beeld van God te deurtrek met die lewe van God.

Murray verduidelik hoe die Woord van God hierdie werk in die mens doen: "The Word of God is more than once called Seed; it is the seed of the Divine life ... True life is found only in God. But that life cannot be imparted to us unless set before us in some shape in which we know and apprehend it. It is in the Word of God that the Invisible Divine life takes shape, and brings itself within our reach, and becomes communicable. The life, the thoughts, the sentiments, the power of God are embodied in His words. And it is only through His Word that the life of God can really enter into us. His Word is the seed of the Heavenly life" (CHRIST, 117-118).

Die Skrif leer, aldus Murray, hoedat Christus aarde toe gekom het en die beeld van God, waarna die mens oorspronklik geskape was, aan die mens kom toon het (GELIJK, 2). Hy is die Woord wat vlees geword het en onder die mense kom woon het (Joh. 1:1,14). Die feit dat die gevalle mens gered en vernuwe moet word na die beeld van God soos dit in Christus tot openbaring kom, is 'n tema, sê Anderssen, "wat soos 'n goue draad deur Murray se hele teologie vleg, dat naamlik g'n verlossing, herskepping of heiligmaking moontlik sou gewees het as Christus nie sy verskyning op aarde gemaak het nie" (MURRAY, 20-21).

Murray self stel dit soos volg: "To study the image of God in the man Christ Jesus, to yield and set open our inmost being for that image to take possession and live in us, and then to go forth and let the heavenly likeness reflect itself and shine out in our life among our fellow-men - this is what we have been redeemed for, let this be what we live for" (CHRIST, vii).

Hierdie beeld van God in die Seun van die mens word in die Skrif geopenbaar. Daar kan die mens dit bestudeer en deel van homself maak. Die Woord van God, die Saad van die lewe, leer egter verder ook, aldus Murray, dat Jesus Christus gesterf en opgestaan het en sodoende die nuwe lewe vir die mens verwerf het. Hy is in die hemel opgeneem, vanwaar Hy hierdie nuwe lewe meedeel sodat die mens in staat kan wees om sy beeld uit te leef (GELIJK, 3).

Nadat hy die strukturele en funksionele aspekte van die beeld van God verduidelik het, sê Hoekema ook dat die beeld van God in die Seun tot volle openbaring kom. Hy stel dit so:

"As we continue to ask what we must understand by the image of God, we are reminded of the fact that in the New Testament Christ is called the image of God par excellence; he is the 'image of the invisible God' (Col. 1:15). If therefore, we wish to know what the image of God in man is really like, we must first look at Christ. This means, among other things, that what is central in the image of God is not such matters as reason or intelligence but rather love, since what stands out more than anything else in the life of Christ is his amazing love" (CREATED, 73).

Waar Christus aan die regterhand van God in die hoogte sit en regeer, laat Hy dus deur sy Gees die beeld van God in sy dissipels hier op aarde tot openbaring kom. Die belangrikste kenmerk van hierdie beeld is die liefde.

Murray wys daarop dat "when that Spirit enters us, His first work is, 'The love of God is shed abroad in our hearts by the Holy Ghost which was given unto us' ... and is, if we know it, and trust it, and give

up to it, the power for us to live in too" (SPIRIT, 284-285).

Verder verduidelik Murray wat hierdie eienskap van die beeld van God behels en hoe dit deel van die mens word: "Die liefde van God, as iets wat geestelik bestaan, as 'n lewende krag, kom in ons harte in. Dit kan nie anders wees nie, want die liefde van God bestaan in die Gees; die uitstorting van die Gees is die uitstorting van die liefde. Hierdie liefde neem nou van die hart besit: daardie selfde liefde waarmee God vir Jesus liefhet en onself en al sy kinders, en wat uitstroom na die hele wêreld, is binne-in ons" (WERK, 184).

Nee verduidelik verder dat "God's life has a nature of its own; so we who have His life are made 'partakers of the divine nature' (2 Pet. 1:4). It is now possible for us to know God's will, to love to do his pleasure, and to live out the image of God (Col. 3:10)" (COVENANT, 87).

"God is liefde." "God is Gees." In hierdie woorde openbaar die Skrif vir ons iets omtrent die natuur van God. Wanneer God wat liefde en Gees is, die mens red, dan maak Hy die mens 'n deelgenoot van sy natuur. Hy maak die mens dus deur sy Gees 'n beelddraer van sy ewige liefde.

God begin hierdie werk in die mens wanneer Hy aan hom sy Heilige Gees gee en hom sodoende inloop in die liggaam van sy Seun. Dit sodat die mens deurdronge kan wees van sy Gees van liefde. (Vgl. Romeine 5:5 en I Korintiërs 12:13.)

Nee verduidelik hoe God te werk gaan om dit reg te kry en sodoende sy hoë doel met die mens te bereik. Hy skryf: "He will yet give His own life to man by entering into man and uniting with him in life ... He will come to solve the sin problem, rescue the fallen man, release His life through His Son, and regenerate man by the Holy Spirit" (a.w., 84).

Dit lei tot die vraag: Wat verstaan Murray, Penn-Lewis en Nee onder die begrip "wedergeboorte"?

7.3.1.2 Die wedergeboorte van die gees

Dit wat tot hiertoe reeds duidelik geword het omtrent die kruis van Christus, word deur Nee soos volg saamgevat:

"The cross is where the sinner - spirit, soul and body - is altogether judged. It is through the death and resurrection of the Lord that the Holy Spirit of God is able to impart God's nature to us. The cross bears the sinner's judgment, proclaims the sinner's worthlessness, crucifies the sinner, and releases the life of the Lord Jesus. Henceforth anyone who accepts the cross shall be born anew by the Holy Spirit and receive the life of the Lord Jesus" (MAN: I, 61).

Penn-Lewis verduidelik verder: "The regeneration of the spirit ... comes through the inbreathing of the Spirit of life from God, on the man's simple faith in the atoning sacrifice of the Son of God upon the Cross in his behalf" (SOUL, 12).

Hier kom twee dinge ter sprake. Die een is die **wedergeboorte** van die gees van die mens. Die ander is **geloof** in Christus se offer aan die kruis.

Vervolgens word gekyk na die begrip "wedergeboorte" as sodanig en daarna na wat onder "geloof" verstaan word.

■ WEDERGEBOORTE

Waar Murray sê dat die gees van die mens deur die sondeval sluimerend of stil geword het, verduidelik hy dan verder: "In regeneration it is this spirit of man which is quickened again and renewed" (SPIRIT, 334). (Vgl. BYLAE A, 270.)

Nee verduidelik dit soos volg:

"The new birth which the Lord Jesus spoke about to Nicodemus is the new birth of the spirit. It certainly is not a physical birth as Nicodemus suspected, nor is it a soulical one. We must noté carefully that new birth imparts God's life to the *spirit* of man. Inasmuch as Christ has atoned for our soul and destroyed the principle of the flesh, so we who are joined to Him participate in His resurrection life. We have been united with Him in His death; consequently it is in our spirit that we first reap the realization of His resurrection life. New birth is something which happens entirely within the spirit ..." (MAN: I, 61).

Penn-Lewis beaam dit wat Nee hier sê. Sy skryf: "In the 'new birth' which the Lord told Nicodemus was necessary for every man, the

regeneration of the fallen spirit takes place. 'That which is born of the Spirit is spirit' (John iii.6), 'a *new spirit* will I put within you' (Ezek. xxxvi.26)" (WAR, 214).

Nee wys verder op Spreuke 20:27 wat lui: "Die gees van die mens is 'n lamp van die Here, dit deursoek al die kamers van die binneste." Hy verklaar dit soos volg: "During the time of regeneration the Holy Spirit comes into man's spirit and quickens it as though kindling a lamp. This is the 'new spirit'* mentioned in Ezekiel 36:26; the dead old spirit is quickened into life when the Holy Spirit infuses it with God's uncreated life ... At regeneration man receives God's Own life into his spirit and is born of God. As a consequence, the Holy Spirit now rules man's spirit which in turn is equipped to regain control over the soul and, through the soul, to govern his body. Because the Holy Spirit becomes the life of man's spirit, the latter becomes the life of man's whole being" (MAN: I, 63).

Murray bevestig dit wat Penn-Lewis en Nee hierbo sê, soos volg: In the regenerate man the original relation between the soul and the spirit has been restored. The spirit of man has been quickened to become an habitation of God's Spirit, who is now to teach and to lead,

* Wolf het 'n heel eie benadering wanneer dit by die gees van die mens in die Ou Testament kom. Waar hy die onderskeie betekenisvelde van die woord rûah bespreek, verklaar hy dit, waar die rûah van die mens ter sprake kom, as die wilskrag van die mens. So vertaal hy dan die woord rûah in onder andere Esra 1:5; Psalm 51:12 en Esegïel 11:19; 36:26 as die "wil" van die mens. Hy noem dit selfs aan die een kant "die rûah Jahwes selbst" en aan die ander kant "des neuen Willens" (ANTHROPOLOGIE, 66). Dit is egter onduidelik hoe hy sy mening eksegeties fundeer.

by communicating as a Divine life, as something substantial and real, the Truth, the actual good things which Christ has for us. This Divine leading into the Truth by the Spirit of God takes place not in our soul or mind, in the first place, but in our spirit, in the inner recesses of a life deeper than mind or will" (SPIRIT, 334). (Vgl. BYLAE A, 270-271.)

Nee brei verder uit oor die inwoning van die Heilige Gees in die wedergebore gees van die mens. Hy wys weer eens op die belofte in Esegïel 36:26-27: "Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in julle binneste ... en Ek sal My Gees in julle binneste gee ..." Hy verklaar dan: "The first statement signifies that believers shall receive a new spirit through the renewal of their deadened spirit by the incoming of life. The second has reference to the indwelling or the abiding of the Holy Spirit in that renewed spirit of theirs. Believers at new birth obtain not only a new spirit but also the Holy Spirit dwelling within" (MAN: II, 12).

Penn-Lewis wys op die noodsaaklikheid daarvan dat die gelowige sal weet dat die Heilige Gees in sy gees woon. Sy skryf: "The believer's life is ... to be a walk 'after the spirit' minding 'the things of the spirit' (Rom. viii.4-5). In the R.V. the word 'spirit' is not written with a capital 'S' denoting the Spirit of God, but with a small 's' as referring to the spirit of man. But the believer can only thus walk 'after the spirit,' if the Spirit of God dwells in him (Rom. viii.9), the Holy Spirit lifting his spirit to the place of rule over soul and body - 'flesh,' both ethically and physically - by joining it to the

Risen Lord, and making it 'one spirit' with Him (1 Cor. vi.17)" (WAR, 214).

Murray wys op Christus se belofte in verband met die Gees van die waarheid, waar Hy sy dissipels verseker: "...julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees" (Joh. 14:17). Hy verduidelik dan hoe die Heilige Gees in die gelowige woon: "In that inner shrine of our wondrous nature, the spirit (deeper than the soul, with all its life of feeling, and thought, and will), which God made for Himself, in the spirit quickened by His power, *there dwells the Holy Spirit*. There, in the life which He has imparted, there He dwells; that life He leads ever deeper into the Truth, the actual possession of the substance of the grace revealed in Christ" (SPIRIT, 338). (Vgl. BYLAE A, 274-275.)

Hierdie wonder van die tweeledige werk van die Heilige Gees in die wedergeboorte, waar Hy die mens 'n deelgenoot van die goddelike natuur maak en dan binne-in die nuwe gees van die mens kom woon, word soos volg volledig deur Nee saamgevat:

"The regenerative work of the Spirit of God embraces far more than convincing of sin and leading us to repentance and faith in the Savior. It verily confers upon us a new nature. The promise of the Holy Spirit indwelling us follows closely the promise of having a new spirit. Actually they form two parts of one promise. In convincing men of sin and leading them to believe in the Lord, the Spirit is just preparing the groundwork for His Own indwelling. The singular glory of this dispensation of grace is that God's Spirit indwells believers in order to manifest the Father

and the Son. God already has imparted to His children His Spirit; they now should faithfully acknowledge the Holy Spirit and loyally submit themselves to Him" (MAN: II, 13).

Die wedergeboorte van die gees van die mens is dus die werk van die Gees van God. Penn-Lewis wys op die woorde van die Here Jesus in dié verband: "The way that the new life from above reaches the fallen spirit of man is shown in the Lord's words. 'The Spirit *breatheth* where [He] listeth ... so is every one that is born of the Spirit' (John iii.8, R.V. m.); and the cause of the Spirit of God quickening the spirit into new life, is given in John iii.14, as the death of the God-Man upon the Cross in the place of the sinner, that 'whosoever believeth *into* (lit. Greek) Him, should not perish, but have eternal life'" (SOUL, 8).

Ja, "elkeen wat in Hom glo", het die ewige lewe. Daar is egter iets wat in die mens moet wees, alvorens God die Heilige Gees hom kan wederbaar, naamlik:

■ GELOOF

Murray, Penn-Lewis en Nee skryf heelwat in hul werke oor die begrip "geloof". Die aspek van geloof wat hier spesifiek van belang is, is dit wat ter sprake kom in die antwoord op die vraag: Wat moet ek doen om wedergebore te word?

Nee antwoord hierdie vraag soos volg:

"We know that the Lord Jesus died in the sinner's place. He suffered in His body on the cross for all the sins of the world. God views the death of the Lord Jesus as the death of all the world's people. His holy humanity suffered death for all unholy humanity. But something does remain for man himself to do. He must exercise faith in committing himself - spirit, soul and body - into union with the Lord Jesus. That is to say, he must reckon the death of the Lord Jesus as his own death and the resurrection of the Lord Jesus as his own resurrection. This is the meaning of Joh. 3:16: 'Whoever believes into (literal) him should not perish but have eternal life.' The sinner must exercise faith and a believing into the Lord Jesus. By so doing, he is united with Him in His death and resurrection and receives eternal life (Joh. 17:3) - which is spiritual life - unto regeneration" (MAN: I, 64).

Hier is 'n hele paar dinge wat opval:

- Die persoon wat wedergebore word, het sekere kennis nodig in verband met Christus se sterwe en opstanding.
- Hy moet weet dat Christus in sy plek gesterf het.
- Hy moet dit alles glo en deur geloof vir homself toe-eien.
- God gee dan aan hom die ewige lewe.

Hieruit blyk dat die mens dus kennis nodig het van dit wat in die Skrif geopenbaar word omtrent Christus se sterwe en opstanding. Verder moet die Woord tot hom kom. Hy moet dit hoor. God openbaar Homself aan die mens deur sy Woord. Die mens moet dit dus hoor (of lees).

Nou is dit so dat die Woord en ook die kruis nooit werk sonder die

Heilige Gees nie. Die werk van die Heilige Gees, dit noem Murray, Penn-Lewis en Nee gereeld in hulle werke, is om te oortuig. (Vgl. bv. Murray, WERK: I, 68; Penn-Lewis: WAR, 231; Nee, MAN: II, 10.) Die Heilige Gees "oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel" (Joh. 16:8). Wanneer die Heilige Gees nou die gekruisigde en opgestane Christus deur die Woord aan die gevalle mens openbaar, dan is dit wanneer Hy die mens ook oortuig van die waarheid van die mens se verloreheid en ongeloof en van die versoening wat die mens kan verkry deur die geloof in Christus. (Vgl. Murray: SPIRIT, 119.)

Die vraag is nou: Hoe kom die mens onder so 'n oortuiging en wat maak hy daarmee?

In die lig van alles wat tot sover duidelik geblyk het uit die werke van Murray, Penn-Lewis en Nee rakende die Woord van God, die kruis van Christus en die subjektiewe werking van die Heilige Gees, asook die wil van die mens, sy verstand en sy gewete, kan die vraag soos volg beantwoord word: Die kennis van God se liefde vir die mens en van die verlossing wat Hy deur die kruisdood en opstanding van sy Seun vir hom gebring het, dring vanuit die Woord deur die sintuie die verstand van die mens binne. Vandaar verlig dit die gewete en die Heilige Gees kry die geleentheid om die mens in sy gees te oortuig van sy eie verloreheid en die redding wat in Christus Jesus vir hom gebied word.

Die mens is dus nou onder oortuiging. Wat moet hy nou doen? Hy moet die stap van die geloof neem. Hy moet glo in dit wat Christus Jesus vir hom gedoen het en hy moet Hom aanroep (Rom. 10:13).

Geloof is nooit passief nie. Dit is aktief. Murray stel dit so: "Faith looks to God working, and yields itself to His strength, as revealed in Christ through the Spirit; it allows God to work both to will and to do. Faith must work; without works it is dead, by works alone can it be perfected" (HOLY, 161-162).

Geloof is dus aktief. Dit is op God gerig, want dit wil graag doen dit wat God openbaar as sy wil. Waar God dan die mens oortuig van sy verloreheid en aan hom die reg van die verlossing openbaar, is die werk van die geloof vir daardie mens om sy verloreheid te erken en sy Verlosser aan te roep.

Die Heilige Gees oortuig die mens in sy gees. Hy word diep in sy hart getref (Hand. 2:37). Naas die werk van die Heilige Gees in die gees van die mens, verduidelik Penn-Lewis, "[t]he next stage is often the obtaining of the citadel of the will for God" (NEW, 50).

Nee verduidelik dan verder dat "aside from God giving us a new life, the turning of our will to Him is the greatest work in salvation ... God aims his arrow of salvation not so much at our emotion or our mind but at our will, for once the latter is saved, the rest are included ... Since our total being moves according to our will, it is obvious that it constitutes the most influential part of man. Even so noble an organ as the spirit must yield to the rule of the will ... The spirit does not symbolize the whole man, for it is but his organ for communication with God" (MAN: III, 82).

Nadat die Heilige Gees die mens in sy gees oortuig het dat hy sy skuld moet bely en Christus moet aanroep, is sy werk dus verder om die mens daartoe te bring om dit te doen.

Hiervoor het Hy die mens se samewerking nodig. Die mens moet self besluit om dit te doen. Hy moet dus sy wilskrag inspan en die stap neem.

Daarom verduidelik Penn-Lewis aan die hand van Filippense 2:13 die volgende: "'It is *God* which worketh in you ... to will,' i.e., to enable the believer to decide or choose. Then it is 'God which worketh in you ... to *do* His pleasure' ... i.e., energizes the believer with power to carry out the choice" (WAR, 213).

Hieruit kan tot die volgende gevolgtrekking gekom word in verband met die rol wat die wil van die mens in sy verlossing speel: Die mens het, so het ons gesien, nie 'n vrye wil waarmee hy uit homself die ewige lewe kan kies nie. Uit dit wat hierbo gesê is, blyk dit dat hy sy eie wil moet neerlê by dit waarvan die Heilige Gees hom in sy gees oortuig. Sodoende gee die Heilige Gees ook vanuit sy gees, kragtens die verlossingswerk van Christus vir die wil van die mens, aan hom die nodige krag om God se wil gehoorsaam uit te voer. Dit bly dus God wat in die mens werk, "om te wil sowel as om te werk na sy welbehag".

Die funksie van die wil in die proses van die wedergeboorte is dus om dit wat geloof aanbied, aan te gryp. Dit is waarom Nee hierbo kon sê: "... something does remain for man himself to do. He must exercise faith ..."

Geloof kom dus daarin tot openbaring dat God, wanneer Hy die mens in sy innerlike van 'n saak oortuig, Hy terselfdertyd ook aan hom die krag gee om die saak te kan uitvoer. Die mens wat God se wil ken, kan dus geloof beoefen deur in gehoorsaamheid aan God dit te doen wat God welbehaaglik is.

Murray bevestig verder dat geloof iets is wat deur God in die mens gewerk word. Hy wys daarop dat die woord "geloof" die eerste maal in die Bybel in verband met Abraham, die vader van die gelowiges, genoem word. So skryf hy: "In Abraham's life we see what faith is: the spiritual sense by which man recognises and accepts the revelation of his God, a spiritual sense called forth and awakened by that revelation: It was because God had chosen Abraham, and determined to reveal Himself, that Abraham became a man of faith. Each new revelation was an act of the Divine Will; it is the Divine Will, and the revelation in which it carries out its purpose, that is the cause and the life of faith. The more distinct the revelation or contact with God, the deeper is faith stirred in the soul" (SPIRIT, 265).

Uit dit wat Murray hier sê, bevestig hy dan verder dat daar twee dinge is wat saamwerk om geloof te wek: "... eers is daar die Teenwoordigheid en dan die Woord van die Here. Dit is alleen die lewende Teenwoordigheid wat die lewende Woord tot stand bring; so kom die koninkryk nie deur die Woord alleen nie, maar ook deur krag ... dit is alleen deur direkte en lewende aanraking met God self dat die woord met krag kan werk en die hart vir God kan ontsluit. Die geloof neem God op sy woord; maar kan dit alleen doen wanneer en soos Hy Homself gee ... Geloof is gemeenskap met God; geloof is oorgawe aan God; dit

is die indruk wat geskep word deurdat Hy nader kom; die besit wat Hy van die siel neem deur sy woord, en dit hou en voorberei vir sy werk" (WERK, 171).

Nee wys verder daarop dat "just as the will of man represents the man - for it is the essence of his being, so the divine will personifies God - it being His very life" (MAN: III, 80).

As God Homself dus deur sy Woord aan die mens openbaar en die mens onder die indruk van sy teenwoordigheid kom, dan weet die mens ook wat sy wil is. Murray stel dit so: "Just as the eye in seeing is receptive, and yields to let the object placed before it make its impression, so faith is the impression God makes on the soul when He draws nigh. Was not the faith of Abraham the fruit of God's drawing near and speaking to him, the impression God made on him?" (HOLY, 166).

Geloof beteken dus dat God Homself aan die drie-enige mens deur sy Woord sodanig in sy gees openbaar, dat daar by die mens geen twyfel bestaan omtrent die oorsprong en sekerheid van dit wat hy nou glo nie. (Vgl. Murray: LIFE, 26.)

Geloof sterf egter as die mens nie positief 'n keuse maak vir dit wat God so aan hom openbaar nie.

Geloof leef en kom tot sy volle openbaring daar waar dit, deurdat die mens dit self so kies, kans kry om ook besit te neem van, en sy krag mee te deel aan die vermoëns van die siel van die mens. Wanneer dit

gebeur, kan die mens, in gehoorsaamheid aan die goddelike openbaring, die hand aan die ploeg slaan en sodoende geloof beoefen.

Wanneer God dus sy liefde aan die verlore mens openbaar deurdat Hy deur sy Woord en deur sy Gees die verlossing wat Hy vir die mens in sy Seun gebring het, bekend maak, dan wek hy geloof in die mens se hart.

As die mens homself dan gewillig voor God neerbuig en die dood en opstanding van sy Seun vir hom toe-eien as sy eie, dan laat God deur die werking van sy Heilige Gees die geloof wat Hy in die mens gewerk het, met volle krag deurbreek, sodat dit vanuit sy hart besit kan neem van sy hele wese. Dit gebeur wanneer die mens in die geloof wat God aan hom gee, die soenverdienste van Christus met dank aanvaar. Op daardie oomblik word die mens uit God gebore en kom die Heilige Gees in sy nuwe lewende gees woon. So word hy deur die genade van God 'n kind van Abraham - iemand wat as geregverdigde uit die geloof leef.

7.3.1.3 Geloof en die hart van die mens

Die "hart" van die mens het hier heel pertinent ter sprake gekom. Dit is in die hart dat God deur sy Gees geloof werk. Die mens kom onder die oortuiging dat hy gered moet word wanneer die gepredikte Woord (soos op Pinksterdag) hom diep in die hart tref. In 7.3.2.3 word daar meer spesifiek na die plek van die "hart" van die mens in die samestelling van die drie-enige mens gekyk. Die regte verstaan van die plek wat die geloof in die hart van die mens inneem, maak dit egter makliker om die werking van die geloof self te begryp. Daarom word hier nou kortliks op een en ander rakende die hart van die mens

ingegaan.

Nee sê: "The heart, according to the Biblical concept, is the conscience of man's spirit, plus the mind in man's soul" (KNOWLEDGE, 85).

Hiervolgens is daar iets van die gees, sowel as iets van die siel, in die hart opgesluit.

Murray verduidelik ook dat daar twee afdelings in die hart te bespeur is. Hy stel dit so:

"The heart is the temple* of God. In the temple there was an outer court and an inner sanctuary. So also is it in the heart. The gate of the court is the understanding; what I do not understand cannot enter into the heart. Through the outer gate of the understanding, the Word comes into the court. There it is kept by memory and reflection. But, it is not yet properly in the heart. From the outer court there is an entrance into the innermost sanctuary; the entrance of the door is *faith*. What I believe, that I receive into my heart. Here it then becomes held fast in love and in the surrender of the will. Where this takes place, there the heart becomes the sanctuary of God. His law is there, as in the ark, and the soul cries out, 'Thy law is within my heart'" (LIFE, 21-22).

* Hierdie beeld van die hart as die tempel moet nie verwar word met die beeld van die tempel waar die drie dele daarin vergelyk word met die gees, die siel en die liggaam van die mens nie. (Vgl. 5.2.)

Waar die Woord die mens nie aanstaan nie en die wil homself gevolglik nie daaraan onderwerp nie, daar word dit nie in die hart opgeneem nie.

Dit gebeur omdat die wil keer dat dit deur die ingang na die binneste heiligdom, naamlik die geloof, die hart binnedring. Sodoende kan dit dus nie die gewete verlig en deel van die hart word nie.

Presies hoe die Woord wel die hart binnedring en tot geloof kom, verduidelik Murray aan die hand van die verskil tussen die algemene en die besondere geloof of, soos hy dit noem, die natuurlike en die saligmakende geloof. Hy gebruik weer eens die beeld van die hart as 'n tempel met twee dele as hy skryf:

"There is the outer court, with the understanding as its gate or entrance. There is the innermost sanctuary, with the faith or the heart as its entrance. There is a natural faith - the historic faith - which every man has; with this I first receive the Word into my keeping and consideration. I must say to myself, 'The Word of God is certainly true. I can stand upon it.' Thus I bring the Word into the outer court, and from within the heart desire reaches out to it, seeking to receive it into the heart. The Word now exercises its divine power of life: it begins to grow and shoot out roots. As a seed which I place in the earth sends forth roots and presses still deeper into the soil, the Word presses inwardly into the holy place. The Word thus works true saving faith" (a.w., 30).

Elke mens het dus natuurlike, historiese of algemene geloof. Elke mens het 'n deur of ingang na sy binneste heiligdom waardeur hy in sy hart dit absorbeer wat hý goed vind. Elke hart het dus oë soos die waarvan Paulus in Efesiërs 1:18 meld, wanneer hy vir die Efesiërs bid dat die

Vader aan hulle mag gee "verligte oë" van die hart (*kardia*)*, sodat hulle kan weet ...

Lenski verduidelik wat die uitdrukking "verligte oë van die hart" beteken. Hy skryf: "Paul speaks of 'the eyes of your heart having been enlightened' ('spirit of revelation'). The unregenerate heart is stone-blind; it must first receive sight, i.e., be given eyes to see. 2 Cor. 4:3-6 is most instructive; add John 9:39-41; Eph. 4:18. 'The eyes of the heart' are the spiritual powers of sight. But even when we have these inner eyes, they must be more and more filled with the heavenly light of revelation in order to receive all that this light reveals" (EPHESIANS, 395).

In sy kommentaarreeks, wat deur beide Murray, Penn-Lewis en Nee gebruik is, verklaar Alford ook "die oë van die hart" in Efesiërs 1:18. Hy sê dit is deur "that inner eye of the heart, through which light is poured in on its own purposes and motives, and it looks out on, and perceives, and judges things spiritual: the eye, as in nature, being both receptive and contemplative of the light" (GREEK: III, 83).

Murray sê dan ook: "Die gebed wat Paulus vir die Efesiërs gebied het ... dat die oë van hul harte verlig mag word ... is 'n gebed wat ons nooit genoeg vir onself sowel as vir ander kan bid nie" (WERK, 43).

* In die 1953-vertaling van die Bybel in Afrikaans is die woord "hart" in Efesiërs 1:18 vervang met "verstand". Daarom lees ons daar van die "verligte oë van julle verstand". Waar dit geestelike dinge is wat aan hulle openbaar moet word, is die Nuwe Afrikaanse Bybel se weergawe van "geestesoë" dus meer korrek.

Nee verduidelik verder: "There can be no communication between different natures; hence both the unregenerate whose spirit obviously has not been quickened and the regenerate who does not use his spirit to worship are equally unqualified to have genuine fellowship with God ... Our fellowship with Him is experienced in the deepest place of our entire being, deeper than our thought, feeling and will, even in the intuition of our spirit." Derhalwe moet daar altyd in gedagte gehou word dat "Man's thought cannot envisage God's work, for the latter transcends the former. It is therefore evident that he who desires to know and commune with God cannot depend solely upon his thought" (MAN: II, 86-87).

Murray wys verder op die verhouding tussen die intellek en die hart: "That intellect is indeed most needful, to offer to the heart the Word of God which the Holy Spirit can quicken. And yet it is absolutely impotent, either to impart, or quicken, the true life. It is but a servant that carries the food; it is the heart that must feed, and be nourished and live" (CHAMBER, 62).

Die hart moet dus dit wat die verstand deur die sintuie waarneem beoordeel en besluit of hy dit aanvaar of nie. Daarvoor het die hart "oë" waarmee hy kan sien wat die uiterlike mens vir hom aanbied.

Hierdie vermoë van die hart om te "sien" of te "weet" (Efe. 1:18), verskil van die wyse waarop die intellek dinge verstaan of begryp. Nee verduidelik dit as die onderskeid tussen "om te weet" of "om te verstaan". Hy skryf: "We usually do not make a distinction between these two words; in spiritual matters, however, the difference between

them is incalculable: the spirit 'knows' while the mind 'understands.' A believer 'knows' the things of God by the intuition of his spirit. Strictly speaking, the mind can merely 'understand': it can never 'know.' Knowing is the work of intuition; understanding, the task of the mind. The Holy Spirit enables our spirit to know ..." (MAN: II, 73).

Nee sê dan elders dat die normale Christelike lewe "must begin with a very definite 'knowing', which is not just knowing something about the truth nor understanding some important doctrine. It is not an intellectual knowledge at all, but an opening of the eyes of the heart to see what we have in Christ" (LIFE, 39).

Hieruit blyk dit dan dat die oë van die hart die ingang of deur na die binneste heiligdom van die hart is. Dit is dus die natuurlike vermoë tot geloof in die hart. In terme van Hoekema se onderskeiding met betrekking tot die beeld van God in die mens, sou dus gesê kon word dat die oë van die hart die strukturele aspek van die geloof in die mens is. Dit moet deur die Heilige Gees "verlig" word alvorens dit geestelike dinge kan onderskei. Daarvoor is gebede nodig, soos Paulus se gebed in Efesiërs 1 (Nee: MAN: II, 101). God verlig die oë van die hart deur die lig van sy Woord en deur die werking van sy Gees.

Wanneer God die oë van die hart so verlig, kan die mens sien of weet wat God aan hom openbaar. So kom die Woord deur die strukturele basis van die geloof die hart binne. Daar moet egter, aldus Murray, daarmee rekening gehou word dat die Woord vergelyk word met saad. Hy verduidelik: "The Word is seed. As the seed must have time, must be kept

in the ground, so must the Word be carried in the heart." Hier moet die mens daaraan gee "the best powers of your heart, your love, your desire, the willing and joyful activity of your will ..." (LIFE, 22).

Waar die mens homself nie so oorgee aan die Woord in sy hart nie, gebeur so maklik dit waarteen die gelykenis van die Saaier waarsku. (Vgl. Lukas 8:11-14.)

Dit is hier waar die belangrike rol wat die wil van die mens speel, nie oorbeklemtoon kan word nie. Waar dit hier oor die verhouding tussen die hart en die verstand, maar ook die wil gaan, is die volgende volledige kwotasie van Murray waar hy weer eens sy verwondering oor die selfstandigheid wat God aan die mens gegee het, te kenne gee, baie insiggewend. Murray skryf:

"De aandachtige lezer van de geschiedenis van Farao in het Boek van Exodus ... zal opmerken, dat terwijl *tien malen* de verharding van Faraos hart aan God wordt toegeschreven, evenzeer *tien malen* wordt gezegd, dat hij zijn hart verhardde, of dat zijn hart verhard werd, zonder zulks aan God toe te schrijven. De verhouding wordt dus evenveel malen aan den hoogmoed en eigenzin van Farao, als aan de regterlijke magt Gods toegeschreven. Deze gelijke verdeeling van de uitdrukkingen, waardoor de vrijheid van 's menschen wil en zijne verantwoordelijkheid aan de eene zijde, en de algemeene heerschappij van God aan de andere, eene heerschappij, die zelfs door den tegenstand des goddeloozen niet wordt verhinderd, is zeker alleropmerkelijkst. De schrijver wil ons er op wijzen, in die geschiedenis van Farao, die als voorbeeld dient van den strijd tusschen den wil van den Schepper en het schepsel, hoe in de beschouwing van de zonde er twee groote magten zijn, die wij beide moeten erkennen, al kunnen wij hare

onderlinge betrekking niet verklaren, - de magt van 's menschen vrije beslissing ten kwade, en de magt van Gods vrijmagt, die ook den zondaar dienstbaar maakt aan Zijn rijk" (ONGELOOF, 78-79).

Die mens kan dus sy hart verhard en die Woord verwerp. Die wonder is egter, aldus Murray, dat waar die Woord deur die werking van die Heilige Gees die oë van die hart verlig "[e]ven the natural man can say, 'This Word of God is certainly true.' And when he with a desire of the soul says, 'It is true; I will believe it,' the living Spirit, through whom the Word is living and powerful, works this living faith" (LIFE, 30).

Waar die mens hierdie wilsbeslissing maak en homself oorgee aan die volle werking van die Woord, word die strukturele basis van die geloof, wat God aan hom as mens gegee het, verlig en lewend gemaak as die kanaal waardeur God aan hom nou die volle lewende geloof skenk. Nou is die mens 'n wedergeborene. 'n Kind van Abraham wat, met die gawe van die funksionele geloof, as regverdige kan lewe.

Hy kan nou "uit geloof tot geloof" gaan, want deur sy Woord en sy Gees praat God nou daagliks met hom. Murray verduidelik dat waar God nou so met die wedergebore mens praat en aan hom byvoorbeeld 'n opdrag gee, kan hy dit eenvoudig in sy hart opneem en koester met die wete dat "... if I trust in the Word to have its working and in the living God who gives it its operation - that commandment will work in me the desire and the power for obedience. When I hold fast the command, it works the desire and the will to obey; it urges me strongly toward the conviction that I can certainly do what my Father says. The Word works

to energize both faith and obedience. The obedience of the Christian is the obedience of faith. I must believe that through the Spirit I have the power to do what God wills, for in the Word the power of God works in me. The Word, as the command of the living God who loves me, is my power" (a.w., 31).

Die mens is nou wedergebore. God het in sy genade aan hom 'n nuwe geestelike natuur gegee. Hy het nou 'n nuwe hart en 'n nuwe gees in sy binneste.

Hy het tot geloof in Jesus Christus gekom. Hy het nou, aldus Nee, verder nog 'n belangrike les om te leer. Hy moet nou leer om sy geloof en sy ervaring daarvan nie met mekaar te verwar nie. Deur geloof het hy moontlik baie meer gekry as wat hy besef of ervaar. Nee verduidelik dit aan die hand van dit wat sy posisie kragtens sy regverdigmaking is, en dit wat sy ervaring daarvan is. Hy skryf: "At the time one believes in the Lord Jesus he may be most weak and ignorant; he is nonetheless placed by God in the perfect position of being considered dead, raised and ascended with the Lord. He who is accepted *in* Christ is as acceptable *as* Christ. This is position. And his position is: all that Christ has experienced is his. And position causes him to experience new birth, because it hinges not on how deep he has known experimentally the death, resurrection and ascension of the Lord Jesus, but on whether he has believed in Him. Even if experimentally a believer is totally ignorant of the resurrection power of Christ (Phil. 3:10), he has been made alive together with Christ, raised up with Him and seated with Him in the heavenly places (Eph. 2:5-6)" (MAN: I, 66). Sy gees is nou lewend gemaak.

Luther beskryf die gees van die mens as "das höchste, tiefste und edelste Teil des Menschen, wodurch er befähigt ist, unbegreifliche, unsichtbare, ewige Dinge zu fassen. Kurz, er ist das Haus, worin der Glaube und Gottes Wort wohnt. Davon sagt David Ps 51,12: 'Herr, schaffe in meinem Innersten einen richtigen Geist', d.h. einen aufrechten, unmittelbaren Glauben" (MAGNIFIKAT, 28; BYLAE C, 279).

Die mens wat uit die Gees van God gebore is, het egter oneindig meer as net 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gekry. God die Heilige Gees het self nou in sy nuwe wedergebore gees kom woon! Baie meer as wat Adam voor die sondeval gehad het, is nou waar in sy lewe.

God het nou sy belofte in Esegieël 36:27 in sy lewe vervul. Hierdie nuwe mens kan nou "in sy insettinge wandel en sy verordeninge onderhou en doen". Dit omdat hy die Here nou ken (Heb. 8:11), na sy stem luister en Hom volg (Joh. 10:4), want hy het "die salwing van die Heilige" wat in hom bly en hom "aangaande alles leer" (1 Joh. 2:20, 27).

Die vraag is nou: Hoe moet hierdie "salwing van die Heilige", wat die gelowige nou alles leer sodat hy nie nodig het om van enigiemand iets te leer nie, verstaan word? Om dit te verstaan, is dit nodig om te weet dat die drie basiese funksies van die gees van die mens met die wedergeboorte ook uit die dood opgewek en lewendig gemaak is.

7.3.1.4 Die drie basiese funksies van die gees

Penn-Lewis skryf soos volg omtrent die funksies van die gees:

"The human 'spirit' is often spoken of in the Scriptures as having activities, and is described as being in various conditions. It can be moved, or be inactive, it can be 'loosed,' bound, depressed, faint, free, and moved from three sources: God, the devil, or the man himself. It can be pure, or 'filthy' (2 Cor. vii.1, A.V.), or *in a mixed condition*, in the sense of being pure up to a degree, with other degrees of impurity to be dealt with.

"By the cleansing power of the Blood of Christ (1 John i.9), and the indwelling of the Holy Spirit, the spirit is brought into union with Christ (1 Cor. vi.17), and should actively dominate the man in full co-operation with the Holy Spirit" (WAR, 78).

Kennis van die werksaamhede of funksies van die gees kan dus net tot groot hulp wees in die uitvoering van die opdrag om in die Gees te wandel (Gal. 5:16).

Nee wys op die noue interaksie van die verskillende funksies van die gees: "... the functions of the spirit could be classified as intuition, communion, and conscience. While these three *can* be distinguished, still, they are closely entwined. It is therefore difficult to treat of one without touching upon the others. When we talk for example about intuition, we naturally must include communion and conscience in our discussion. Thus in dissecting the spirit we necessarily must look into its triple functions" (MAN: II, 68).

Waar daar reeds in 5.1.2 op die verskillende funksies van die gees ingegaan is, word hier in hoofsaak gekyk na die wyse waarop hierdie funksies van die gevalle gees, deur die genade van God, herstel word.

tot hul oorspronklike doel.

■ DIE GEES AS MEDIUM VIR GEMEENSKAP MET GOD

Die oomblik wanneer die mens die Here Jesus in geloof aanroep om vergifnis vir sy sonde en vir redding vanuit sy verlore toestand, word hy deur die bloed van Christus gereinig en deur die Heilige Gees gewederbaar. Nee skryf: "This is the first step towards the communion between God and man. The Holy Spirit comes to dwell within us. As God is a Spirit, He must be worshipped in spirit and truth. The Holy Spirit therefore leads us in our human spirit to worship and to fellowship with God. This speaks of the function of communion in the human spirit" (COVENANT, 133).

■ DIE INTUISIE

Net soos die liggaam sintuie het en die siel sy vermoëns het om dinge waar te neem, net so ook die gees van die mens. Nee gee 'n hele reeks tekste waaronder Markus 2:8; Johannes 4:23; Handeling 17:16 en 1 Korintiërs 2:11 waardeur hy aantoon dat "the spirit clearly senses and that such sensing is manifold. The Bible is not telling us here how our heart senses but rather how our *spirit* does" (MAN: II, 71).

Hy verduidelik dan verder: "This spiritual sensing is called 'intuition,' for it impinges *directly* without reason or cause. Without passing through any procedure, it comes forth in a *straight* manner. Man's ordinary sensing is caused or brought out by people or things or events. We rejoice when there is reason to rejoice, grieve if there is justification to grieve and so forth. Each of these senses has its respective antecedent; hence we cannot conclude them to be expressions

of intuition or direct sense. Spiritual sense, on the other hand, does not require any outside cause but emerges directly from within man" (a.w.).

Nee verduidelik verder hoedat daar in die alledaagse lewe, prakties gesproke, ag geslaan kan word op die intuïsie:

"For instance, we may be contemplating doing a certain thing. It appears quite reasonable, we like it, and we decide to go ahead. Yet somehow within us is a heavy, oppressive, unspeakable sensing which seems to oppose what our mind has thought, our emotion has embraced, and our will has decided. It seems to tell us that this thing should not be done. This is the forbiddance or *restraint of intuition*.

"Or take another yet opposite example. A certain thing may be unreasonable, contrary to our delight, and very much against our will. But for some unknown reason there is within us a kind of constraint, urge or encouragement for us to do it. If we do, we will feel comfortable inside. This is the *constraint of intuition*" (COVENANT, 134-135).

'n Duidelike voorbeeld hiervan, aldus Penn-Lewis, is die geval waar Paulus afskeid neem van die ouderlinge van Efese en sê dat die Heilige Gees kragtig getuig dat boeie en verdrukkinge in elke stad op hom wag, maar hy gaan omdat hy gebind is deur die Gees (Hand. 20:22). Dit is interessant om te let op die *Amplified Bible* se weergawe hiervan. Dit lees: "...I am going to Jerusalem, bound by the (Holy) Spirit, *and* obligated *and* compelled by the [convictions of my own] spirit ..."

Penn-Lewis verduidelik dan: "In his own spirit Paul knew that he was going forward into 'bonds', and knew this to be the testimony of the Holy Spirit in his spirit. Here is seen clearly the co-action of the Holy Spirit with the human spirit - the spirit of man as the organ, and the Spirit of God working in and through it" (CENTRALITY, 46).

Dit is vir die mens moontlik, sê Penn-Lewis dan, om so na die intuïsie van sy gees te luister. Sy verduidelik: "Practically it means that "when the man's spirit is actually 'joined' with the Risen Lord, the Holy Spirit gives him a spirit sense, or faculty, whereby he is able to compare, or 'examine' spiritual things, and 'combine' spiritual facts with spiritual" (a.w. 50).

Nee verduidelik verder dat "die salwing van die Heilige" direk verband hou met die intuïsie. Na aanleiding van 1 Jöhannes 2:27 verduidelik hy dan: "This Anointing will teach us in all things by the operation of intuition. The Holy Spirit will express His thought through the spirit's intuition because the latter has a kind of ability to know what the Holy Spirit means by His action. We therefore need only follow the dictate of intuition - and not inquire of other people not even of ourselves - if we wish to do the will of God" (COVENANT, 136).

In 'n voetnoot wys die vertaler van die werk daarop dat Nee in die hoofstukke wat ná die kwotasie hierbo volg, erken dat "there is a place for outward instruction as a complement to (but never a substitute for) the inward teaching, and that there is also a need to check the inner anointing against the word of God" (a.w.).

Die gees is dus, as die setel van die Godsbewussyn, die plek waar die mens gemeenskap met God het en deur die salwing van die Heilige Gees, die wil van God ken. Dit is egter ook die orgaan waarin die mens weet wat goed en wat kwaad is.

■ DIE GEWETE

Saam met die intuïsie berispe die gewete in die mens se gees hom, nog voor hy 'n oortreding begaan. Nee sê dat "our conscience together with our intuition will protest immediately and make us uneasy at any thought or inclination which is displeasing to the Holy Spirit" (MAN: II, 106).

'n Ander interessante feit wat Nee noem, is dat voor die wedergeboorte "in man's dead spirit conscience appears to do a little more work than the other functions of the spirit. The death of intuition and of communion seems to be a greater one than that of conscience" (a.w.; 107).

Die rede hiervoor, aldus Nee, is dat toe Adam gesondig het, "his intuition and communion died completely towards God, but his power of distinguishing good and evil (which is the function of conscience) was increased ... This does not imply that man's conscience is alive; for according to the Biblical meaning of aliveness only that which has the life of God is reckoned as living ... Since the conscience of a sinner does not embrace the life of God it is accounted dead, though it may appear to be active according to man's feeling" (a.w.).

Die gewete is inderdaad aktief in die ongeredde mens. God self het immers verklaar: "Nou het die mens geword soos een van Ons deur goed en kwaad te ken." Hy het toe verder gekeer dat hierdie mens nie self "ook van die boom van die lewe neem en eet en lewe in ewigheid" in die toestand waarin hy toe was nie. (Vgl. Genesis 3:22-24.)

Moontlik is dit weens die feit dat hierdie goddelike eienskap so aktief is in die mens wat nie die lewe van God in hom het nie, dat dit, soos vroeër geblyk het, die eintlike oorblyfsel van God se beeld in die mens genoem word.

Daarom begin die ware verlossingswerk van God in die mens, soos Murray verduidelik, altyd by die gewete. Hy skryf: "The Spirit of God is the Spirit of His Holiness; conscience is a spark of the Divine holiness; harmony between the work of the Holy Spirit in renewing and sanctifying man, and the work of conscience, is most intimate and essential" (SPIRIT, 204).

God verlig die oë van die hart en skyn daardeur sy lig in die gewete van die mens in. Nee verduidelik: "The Holy Spirit illuminates a sinner's conscience with the light of God's law so as to convict him of sin; the same Spirit also enlightens man's conscience with the light of the gospel so as to save him. If a sinner, upon being convicted of his sin and hearing the gospel of God's grace, is willing to accept the gospel and by faith take it, he will see how the precious blood of the Lord Jesus answers all the accusations of his conscience" (MAN: II, 107-108).

Murray verduidelik hoe die gewete daar uitsien: "Conscience can be compared to the window of a room, through which the light of heaven shines into it, and through which we can look and see that heaven, with all that its light shines on ... On the walls of that chamber there is written the law of God. Even in the heathen it is still partly legible, though sadly darkened and defaced. In the believer the law is written anew by the Holy Spirit, in letters of light, which often at first are but dim, but grow clearer and brighter as they are freely exposed to the action of the light without" (SPIRIT, 205).

Nee verduidelik hoe God die lig van sy Woord in die gewete in laat flits en hoe die gewete daarop reageer: "He uses the thunders and lightnings of Mount Sinai to shake and enlighten this darkened conscience so as to convince the sinner of his violation of God's law and of his inability to answer God's righteous demand and additionally to convict him as one who is condemned and who deserves nothing but perdition. If one's conscience is willing to confess whatever sins have been committed, including the sin of unbelief, it will be sorrowful in a godly way, earnestly desiring the mercy of God ... Should a man's conscience be closed at the conviction, however, then he can never be saved" (MAN: II, 107).

Murray verduidelik verder dat dit God in sy genade is wat deurbreek in 'n lewe wat Hy red: "A room may have its curtains drawn, and even its shutters closed: this cannot prevent the lightning flash from time to time shining into the darkness. Conscience may be so sin-stained and seared that the strong man within dwells in perfect peace. When the lightning from Sinai flashes into the heart, conscience awakens up, and

is at once ready to admit and sustain the condemnation" (SPIRIT, 206).

Verder is dit ook God in sy genadige voorsiening van die Offerlam op Golgota, wat die gewete wat roep om vergifnis, reinig. Murray verduidelik: "When the windows of a house are stained, they need to be washed. 'How much more shall the blood of Christ cleanse *your* conscience.' The whole aim of the precious blood of Christ is to reach the conscience, to silence its accusations, and cleanse it" (a.w., 207).

Die bloed van Christus reinig die gewete wat in die lig van Gods Woord en onder die oortuiging van die Heilige Gees, in ware berou, God om genade aanroep. Op die oomblik dat die bloed van Christus die "gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien" (Heb. 9:14) word die hele gees van die mens wederbaar.

Nee skryf na aanleiding van Hebreërs 9:14 dat "the cleansing by the blood and the regeneration of the spirit occur simultaneously. Here we are informed that before one can serve God he must receive a new life and have his intuition quickened through the cleansing of the conscience by the blood. A conscience so cleansed makes it possible for the intuition of the spirit to serve God" (MAN: II, 109).

Die bloed van Christus reinig die gewete dus tot diens aan die lewende God. Dit reinig egter ook die hart van 'n slegte gewete tot gemeenskap met God. Deur die bloed van Jesus kan die mens nou die heiligdom met vrymoedigheid binnegaan. Nee verduidelik na aanleiding van Hebreërs 10:19-22 die volgende: "We do not draw near to God physically as did the people in the Old Testament period, for our sanctuary is in

heaven; nor do we draw near soulically with our thoughts and feelings since these organs can never commune with God. The regenerated spirit alone can approach Him. Believers worship God in their quickened intuition. The verse above affirms that a sprinkled conscience is the basis for communion with God intuitively. A conscience tinged with offense is under constant accusation. That naturally will affect the intuition, so closely knit to the conscience, and discourage its approach to God, even paralyzing its normal function. How infinitely necessary to have 'a true heart in full assurance of faith' in a believer's communion with God" (a.w.)

* * *

Uit alles hierbo blyk dit dat die mens deur die genadige werking van die drie-enige God in sy gees wederbaar word. Die wedergeboorte is die opwekking van die gees van die mens vanuit die dood in 'n lewende gemeenskap met God. Die gees met al sy funksies word gereinig en geaktiveer tot dit waarvoor dit bedoel was. Met sy wedergeboorte het die mens so 'n nuwe gees ontvang dat die Heilige Gees van God in hom kom woon het. Hy is nou iemand wat nie meer "na die vlees wandel nie, maar na die Gees" (Rom. 8:4).

Murray skets die wandel "na die Gees" in die konteks van Romeine 8 soos volg:

"The Spirit is to lead, to decide and show the path. This implies surrender, obedience, a waiting to be guided. He is to be the ruling Power, we are in all things to live and act under the Law, the legislation, the Dominion of the Spirit. A holy fear to grieve him, a tender watchfulness to know His

leading, an habitual faith in his hidden but most sure presence, a lowly adoration of him as God, must be the mark of such a life. The words which Paul uses towards the close of this section are to express our one aim: 'If ye, through the Spirit, make to die the deeds of the body, ye shall live.' The Holy Spirit possessing, inspiring, animating all the powers of our spirit and soul, entering even into the body, and, in the power of His Divine life, enabling us to make and keep dead the deeds of the body, this is what we may count upon as the fulfilment of the word, 'The law of the Spirit of the Life in Christ Jesus made me free from the law of Sin and Death.' This is the 'salvation in sanctification of the Spirit' to which we have been chosen" (SPIRIT, 181-182).

Hierdie nuwe lewenswyse is as wandel na die Gees ook, so verduidelik Murray, 'n wandel deur die geloof: "Daartoe is nodig die vars en direkte salwing dag vir dag van die Heilige in gemeenskap met Christus, die Gesalfde ..." (WERK, 113).

'n Wedergeborene wat so in gemeenskap met God wandel dat hy elke dag 'n vars, nuwe salwing van die Heilige Gees deur die Woord van God ontvang, is 'n geestelike mens in wie se lewe die Here sy einddoel bereik het.

Nee wys egter op 'n feit wat in ag geneem moet word. Hy skryf: "Regeneration is the obvious first step in spiritual development. Though the life received is perfect, it waits to be matured. At the moment of new birth life cannot be full-grown. It is like a fruit newly formed: the life is perfect but it is still unripe. There is therefore boundless possibility for growth. The Holy Spirit is able to

bring the person in complete victory over body and soul" (MAN: I, 67).

Die weg na hierdie totale oorwinning oor die liggaam en die siel, is die offeraltaar waar die Woord van God, as die swaard van die Gees, skeiding maak tussen gees en siel.

7.3.2. Die Woord van God kloof die siel oop, openbaar die gedagtes van die hart en stel die gees vry

Die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart. En daar is geen skepsel onsigbaar voor Hom nie, maar alles is oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het.

- Heb. 4:12, 13.

Met die wedergeboorte ontvang die mens 'n nuwe hart en 'n nuwe gees waarin die Heilige Gees kom woon. Die mens ondergaan hierdeur die besnydenis "van die hart, in die gees" (Rom. 2:29). Wanneer dit plaasvind, skryf die Heilige Gees die wet van God op die vleestafels van die hart, sodat die mens God nou "in die Gees dien en in Christus Jesus roem" (Fil. 3:3). So 'n wedergeborene het "die salwing van die Heilige" en word al hoe meer verander om gelykvormig te wees aan die beeld van die Seun (2 Kor. 3:18).

Die mens is nou beelddraer van God en leef vanuit die liefde van Christus wat hom dring. Die liefde van God is in sy hart uitgestort deur die Heilige Gees wat aan hom gegee is (Rom. 5:5).

Murray wys daarop dat "die Gees inderdaad niks anders is nie as die Goddelike liefde self wat neergedaal het om in ons te woon, en dat ons maar net soveel van die Gees het as wat ons liefde het" (WERK, 183).

Die vraag is nou: As al die wonderlike dinge wat God bedoel het met die wedergeboorte, waar is, hoekom word daar so min daarvan in die lewe van God se kinders gesien? As die gelowige deur God verordineer is om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun en hierdie beeld veral in die liefde gesien kan word, hoekom kom die beeld van God dan so min in mense se lewens tot openbaring?

Vir die antwoord op hierdie vrae, sê Murray, is dit nodig dat die verhouding tussen die gees van die mens en die liefde nagegaan word. Hy verduidelik dit soos volg:

"Ons het gesien dat die siel, as die setel van die selfbewussyn, aan die gees, die setel van ons Godsbewussyn, onderworpe moet wees, dat die sonde eenvoudig eie-aanmatiging is en dat die siel die heerskappy van die gees weier om homself te kan bevredig met die begeerlikhede van die liggaam. Die vrug van daardie sonde is dat die self die troon van die siel bestyg om daar in plaas van God in die gees te heers. Selfsug het die heersende mag in die mens se lewe geword. Die self wat God sy reg ontsê, het meteens die medemens sy regmatige deel ontsê, en die vreeslike verhaal van die sonde in die wêreld is eenvoudig die geskiedenis van die oorsprong, die groei, die mag en die heerskappy van die

self. Dit is alleen wanneer die oorspronklike orde herstel word, wanneer die siel aan die gees die voorrang gee waarop dit aanspraak maak, en die self verloën word om vir God plek te maak, dat selfsug oorwin sal word en liefde tot ons broer sal vloei uit die liefde tot God. Met ander woorde, namate die vernude gees die woonplek van die Gees van God en van sy liefde word, en namate die wedergebore mens homself oorgee om die Gees volkome spel te gee, sal die liefde weer ons lewe en ons vreugde word" (WERK, 184).

Die wedergeboorte van die gees het 'n direkte uitwerking op die siel en die liggaam van die mens. God, wat binne die nuwe gees kom woon het, werk nou van binne af uit na buite. Hy is die jaloerse God en sy Gees begeer met jaloersheid heerskappy oor die hele mens (Jak. 4:5). Hy wil elke fakulteit van die mens vul met sy heerlikheid en teenwoordigheid. As Gees van die liefde wil hy die mens met sy liefde deurdring.

Daarvoor is dit nodig, sê Murray hierbo, dat die oorspronklike orde tussen die gees, die siel en die liggaam herstel moet word. Die siel moet homself verloën sodat die gees waarin God woon, sy regte plek kan inneem. Dit gebeur alleen, verduidelik Murray verder, "as the soul, in the confession of how blinded it has become, or how slowly its faculties really become spiritual and divinely enlightened, in the willingness to be foolish and ignorant, and in teachableness to wait on God's Spirit to give His Truth in the life, yields itself to that complete supremacy of the Spirit which was its original destiny" (SPIRIT, 335). (Vgl. BYLAE A, 271.)

Die probleem is egter dat die siel homself nie so maklik verloën en aan die gees ondergeskik stel nie. Murray, Penn-Lewis en Nee noem die

rede vir hierdie probleem die oordrewe werksaamheid van die siel.

7.3.2.1 Die oordrewe werksaamheid van die siel

In die hele kwessie rakende die oordrewe werksaamheid van die siel word die eintlike rede gevind waarom die kennis van die onderskeiding tussen gees en siel van soveel belang is vir Murray, Penn-Lewis en Nee. Tot hiertoe is daar baie volledig op sekere aspekte van hul mensbeskouing ingegaan, juis sodat hierdie belangrike aspek daarvan helder en duidelik na vore kan kom. Hierdie aspek bied 'n baie belangrike sleutel tot die bestudering van hul werke.

Dit is interessant om daarop te let dat waar Murray gekwoteer word, dit dikwels juis hierdie aspek is waarna verwys word. Beide Penn-Lewis en Nee het dit dan ook aangedui as een van die belangrikste aspekte van die mensbeeld wat hulle by Murray geleer het. (Vgl. bv. Penn-Lewis: SOUL, 15; Nee: MAN: I, 11.)

Murray self het die saak soos volg verwoord:

" ... now comes the most important lesson, not easy to learn ... of the relation between the soul and the spirit. The greatest danger the religion of the Church or the individual has to dread is the inordinate activity of the soul, with its power of mind and will. It has been so long accustomed to rule, that even when in conversion it has surrendered to Jesus, it too easily imagines that it is now its work to carry out that surrender, and serve the King it has accepted. Many a believer has no conception of the reality of the Spirit's indwelling, and of the extent to which *He*

must get the mastery of the soul, that is, of our whole self in all our feeling and thinking and willing, so as to purge out all confidence in the flesh, and work that teachableness and submissiveness which is indispensable to the Spirit's doing His work. The call of the Master to hate our own life, not to seek it but to lose it (the word used is *psyche* - soul), is the call to give the soul, with its power of willing and acting, unto death, that it may find its true life again in the quickening and leading of the Spirit. As long as this is understood, there will not be that fear of self and its wisdom, that absolute dependence and waiting on the Spirit, which is the first condition of the spiritual life" (SPIRIT, 335). (Vgl. BYLAE A, 271-272.)

Murray verduidelik verder dat wat nooit vergeet moet word nie, is dat dit wat die Heilige Gees die meeste bedroef, naas sonde in die gelowige lewe, "is the soul repeating the first offence, and follow *its own thoughts about what is good and wise*" (a.w., 336).

Hy verduidelik verder: "In the regenerate man there is no more subtle temptation than this, that even in the service of God self still seeks to assert itself, and in its will and strength to do God's will, instead of waiting in dependence on the Holy Spirit for Him to work, both to will and to do" (a.w., 337).

Daarom is dit so, verduidelik Murray, dat "the great mark of all religion, even in its most earnest struggles after God, is that it is the soul, man's own energy without the Divine Spirit, putting forth its effort to find and to please God" (a.w., 334).

Nee bevestig dit wat Murray hier sê. Hy skryf: "Independence is a special mark of the soulish. That thing - no matter how good, even worshipping God - is unquestionably of the soul if it does not require complete trust in God and instead calls for reliance upon one's own strength" (MAN: I, 50).

By sommige mense het die siel hierdie vermoë tot pseudo-godsdienstigheid, reeds voor die wedergeboorte aangeleer. Nee wys daarop dat die ongeredde mens "may be religious, moral, learned, capable, strong, wise, but he is dead to God. He may even talk about God, reason about God and preach God, but he is still dead to Him" (a.w., 50-51).

Die godsdiens van so 'n mens is vleeslik, na die letter en het slegs geestelike dood as vrug. So ook die godsdiens van die wedergeborene wanneer dit sy oorsprong in die natuurlike vermoëns van die siel het, in plaas daarvan dat dit deur die Heilige Gees in sy gees gewerk word.

Penn-Lewis sê: "There are only two classes of men: saved and unsaved, regenerate and unregenerate; but different classes of believers, described according to growth and knowledge in the life in God" (SOUL, 10).

Die twee groepe mense in die wêreld, sê Murray met verwysing na 1 Korintiërs 2:14,15, is die geestelike mens en die natuurlike mens. Paulus het hier "die gelowige as geestelike gestel teenoor die onwedergeborene" as die natuurlike (siels -) mens" (WERK, 142).

Murray verduidelik dan dat die benaming "geestelike mens" kom "hulle toe wat nie net die Gees ontvang het nie, maar wat hulself aan Hom oorgegee het om deur Hom besit te word sodat Hy hul hele lewe kan bestier" (a.w.).

Na aanleiding van 1 Korintiërs 3:1-3 sê Murray verder dat Paulus aan die Korintiërs skryf dat hoewel hulle die Gees het kragtens hul wedergeboorte, hy hulle nogtans nie geestelik kan noem nie. Hulle is diegene wat hulself nog nie algeheel oorgegee het aan die Heilige Gees in hulle nie. Hulle is diegene "in wie die krag van die vlees nog meer geopenbaar word as dié van die Gees" derhalwe moet hulle "nie geestelik nie, maar vleeslik genoem word" (a.w.).

Hieruit kom Murray tot die gevolgtrekking dat 'n mens in een van die volgende drie toestande kan verkeer: "Die onwedergeborene is nog die *natuurlike mens* wat nie die Gees van God het nie. Die wedergeborene, wat nog 'n klein kindjie in Christus is, of dit nou is omdat hy nog maar onlangs tot bekering gekom het, of omdat hy stil gestaan en geen vordering gemaak het nie, is die *vleeslike mens* wat toegee aan die mag van die vlees. Die gelowige in wie die Gees volle heerskappy verower het, is die *geestelike mens*" (a.w.).

Die vraag is nou: Waar kom die benaminge "natuurlike", "vleeslike" en "geestelike" vandaan en wat beteken dit?

Penn-Lewis wys daarop dat, "although we have the nouns 'spirit and soul' - which are too often treated as synonyms - we have no *adjective* from the latter, with the consequence that the omission of such an

adjective has almost concealed man's tripartite nature in the versions of the English Bible, where the *Greek word which signifies 'pertaining to the soul'** is sometimes rendered 'natural' and sometimes 'sensual' (see 1 Corinthians ii.14, James iii:15, Jude 19)" (SOUL, 1).

Verder wys Penn-Lewis dan daarop dat "Greek scholars know well the different words in the original which stand for spirit - *pneuma*; soul - *psuche*; flesh - *sarx*; but to the generality of Christians these distinctions are veiled" (a.w.).

In die Grieks word in 'n gedeelte soos byvoorbeeld 1 Korintiërs 2:14-3:3, drie benaminge vir die drie groepe mense aangetref.

Penn-Lewis noem hulle:

- (1) *The spiritual man* - dominated by the Spirit of God, indwelling and energizing his renewed human spirit.
- (2) *The soulish man* - dominated by the soul, i.e., by the intellect or emotions.
- (3) *The carnal man* - dominated by the flesh, in fleshly habits or desires, i.e., 'the power of the flesh' (SOUL, 10).

In Afrikaans word daar normaalweg nie van die "siels-mens" of die "sielige mens" gepraat nie, maar van die natuurlike mens. Dit is die mens in wie die siel in beheer is. Hy is nie onder beheer van sy

* Hierdie kursief-gedrukte gedeelte is, volgens Penn-Lewis, 'n kwotasie iewers uit Pember se werk Earth's earliest ages. Sy erken hierdie bron vir al die inligting in die gedeelte hierbo.

liggaamsdrange en begeertes nie. Hy het nie die Heilige Gees nie, maar leef 'n heel beskaafde lewe waarin die uiterlike werke van die vlees (Gal. 5:19-21) nie openlik tot openbaring kom nie. Hierdie natuurlike mens kan 'n baie aktiewe kerklidmaat wees. Sy gees is egter nog dood (onwedergebore), maar hyself het goeie beheer oor sy liggaam. Hy maak 'n mooi vertoning in die samelewing en word maklik getipeer as 'n "goeie mens."

Penn-Lewis verduidelik verder: "In the converted man ... the soul is dominated either from beneath, *by the animal-life*; or from above *by the spirit-life*" (a.w.).

Die wat deur die "animal life" gedomineer word, is die vleeslike mens in wie die liggaam en die siel die werke van die vlees tot openbaring bring.

Die wat deur die "spirit-life" beheer word, is die geestelike mens wat in die Gees wandel en deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak (Rom. 8:13).

Penn-Lewis het egter 'n baie interessante vraag wat sy vra - 'n vraag wat lei tot die eintlike saak rakende die skeiding van gees en siel. Sy skryf:

"The believer who has been quickened in spirit, is born of the Spirit, and the Spirit of God dwells in his spirit. He has had the revelation of the Cross which has shown him the way of victory over the life after the flesh, and he now walks in newness of life, and victory over sin as manifested

in the 'works of the flesh'. But at this stage the question must be asked: What about the 'soul' - the man himself in his personality, and intellectual or emotional activities. *Which power is animating the actions of the man himself apart from the 'works of the flesh'? Is he animated and governed by (1) the spirit life which comes from above - from the Risen Lord as the Last Adam, the Life-giving Spirit, or (2) by the life which comes from the lower realm - the fallen life of the first Adam?" (SOUL, 15).*

Onder die wedergeborenes is daar twee groepe mense. Die geestelike mens en die vleeslike mens. Penn-Lewis wil deur hierdie vraag die aandag vestig op iets wat maklik misgekyk kan word. Sy wil 'n verdere onderskeid tref. Sy wil die "vleeslike Christene" ook in twee groepe onderverdeel. Die Christen wat van nature 'n "goeie mens" is of wat weens die kennis van Christenskap wat hy sedert sy bekering opgedoen het, die lelike uiterlike werke van die vlees afgelê het en 'n mooi vroom lewe lei, wil sy ook aan die kaak stel. Dit is diegene wat nie regtig geestelike mense geword het, wat na die Gees en in geloof wandel nie. Dit is hulle wat, alhoewel hulle wedergebore is en God nie haat, soos die vleeslike mens doen nie (Rom. 8:7), tog net soos die natuurlike mens nie geestelike dinge kan onderskei nie (1 Kor. 2:14).

Dit is van dié mens wat Murray praat wanneer hy van "die oordrewe werksaamheid van die siel met sy gemoeds- en wilskrag," juis waar dit by Christenskap en godsdienstige aktiwiteite kom, praat.

Dit is dié Christen wat sy godsdiens vanuit die vermoëns van die siel beoefen sonder om te weet dat hy 'n gees het en hoe om na die stem van God in sy gees te luister.

Hierdie gelowige mag, aldus Penn-Lewis, "be entirely freed from the manifest 'works of the flesh' ... whilst his intellect and emotions are still moved by the '*psuche*', or 'animal-soul' life - i.e., they are not yet renewed, and fully animated by the Holy Spirit working through the regenerated human spirit" (SOUL, 16).

Hierdie natuurlike wedergebore mens leef vanuit sy intellektuele oortuigings of sy emosionele gewaarwordinge en is niks anders nie as 'n vleeslike Christen wat geestelike dinge nie kan verstaan en die geestelike Christen nie kan beoordeel nie. Vir hom is geestelike dinge dwaasheid en die optrede van geestelike mense onaanvaarbaar.

Hy is of 'n intellektuele of 'n emosionele Christen wat deur sy intellek òf deur sy emosie òf deur beide gelei word en nie deur die Gees van God nie.

Murray vat die toestand van die natuurlike Christen soos volg saam: "In the believer there is ever going on a secret struggle between the soul and the Spirit. On behalf of God, the Spirit seeks to possess and pervade all. On behalf of self, the soul seeks to take the first place, and to assert the right of independent action. As long as this is the case, and the soul takes the lead, expecting the Spirit to follow, and help and bless what it does, our life and work will be barren of truly spiritual results ... Here is the cause of such frequent failure in the spiritual life, of the evanescent character of many of our most precious experiences; our faith stood more in the wisdom of man, in the influence of human teaching and human apprehension, than in the power of God and His Spirit" (SPIRIT, 337). (Vgl. BYLAE A, 273-274.)

Al oplossing hiervoor, aldus Murray, Penn-Lewis en Nee, is dat God in sy genade deur sy Woord en sy Gees hierdie mens sal oortuig van die vleeslikheid van sy Christenskap, die nutteloosheid van sy beste werke en die doodsheid van sy gebede.

Dit is dus nodig dat die Here vir hom sal wys hoedat alles uit sy siel, uit sy self, kom en gevolglik vir God verwerplik is.

Hiervoor is dit nodig dat Hebreërs 4:12 waar word in sy lewe.

Voor daar na Murray, Penn-Lewis en Nee se verklaring van hierdie sleutelteks in hul beskouing rakende die mens gekyk word, is dit nodig om te kyk na Archer se opmerking rakende die natuurlike en geestelike mens in sy *Encyclopedia of Bible difficulties*. Hy skryf:

"A clear distinction between *pneuma* and *psyche* is unquestionably implied by 1 Corinthians 2:14-15, which defines the difference between a believer who is dominated by the *pneuma* (the *pneumatikos*, 'spiritual man') and the once-born 'natural' man (the one dominated by his-egoistic *psyche*): 'But a natural [*psychikos*] man does not accept the things of the Spirit of God; for they are foolishness to him, and he cannot understand them, because they are spiritually [*pneumatikos*] appraised' (NASB).

"Similarly, in 1 Corinthians 15:44,46, the same distinction is maintained in reference to the transformation from a merely physical body (prior to death and resurrection) and a spiritual body (i.e., a body especially adapted to the needs and desires of the glorified spirit of the redeemed believer): 'It is sown a natural [*psychikon*] body, it is raised a spiritual [*pneumatikon*] body' (NASB). In v.46 we

read, "However, the spiritual is not first, but the natural; then the spiritual..." (NASB). Quite clearly then, the spirit is distinct from the soul, or else these verses add up to tautological nonsense" (ENCYCLOPEDIA, 260; BYLAE E, 293).

7.3.2.2 Hebreërs 4:12

Die probleem met die natuurlike mens is dat hy deur die vermoëns van sy siel, met ander woorde, deur homself gelei en gerig word. Soos hy voel, soos hy dink en dit waardeur hy hom laat beïnvloed - so doen hy.

Die duiwel mik sy vurige pyle van buite af juis op hierdie "ek" of "ego" van die mens om hom te **ding** (te verlei en te beïnvloed) om hom, die vader van die leuen, te gehoorsaam. Hy skiet sy pyle af in die gevoel of in die gedagtes van die mens om die wil te buig tot oortreding op oortreding van God se wil.

Hierteenoor rig God deur sy Gees sy Woord op die hart en deur dit in die gees van die mens, om hom daar te oortuig van dit wat God graag wil hê dat hy moet doen. Wanneer die mens hom daardeur wil laat oortuig, **ding** God hom deur die werking van sy Gees om sy wil te doen.

Daarom is die appèl van die kruis van Christus, aldus Nee, "to beckon us to hate our natural life, to seek opportunity to lose, not to keep, it. Our Lord wants us to sacrifice self and be yielded wholly to the working of His Spirit. If we are to experience afresh His true life in the power and guidance of the Holy Spirit, we must be willing to present to death every opinion, labor and thought of the soul life" (MAN: I, 193).

Vir diegene wat begeer dat dit so in hul lewe sal wees, is daar 'n oplossing. Penn-Lewis verduidelik: "The work of dividing soul and spirit is done by the Lord Himself, through His Spirit wielding the Word of God, as a living, active 'sword', which penetrates to the inmost recesses of the immaterial being of man" (SOUL, 34).

Dit is ook noodsaaklik dat 'n gelowige hierdie werk van die swaard van die Gees in sy lewe sal toelaat; dat hy daarvoor sal bid en dit sal soek. Die rede hiervoor, sê Nee, is dat die skeiding van gees en siel "is necessary for entering spiritual life. It is that preparation without which believers shall continue to be affected by the soul and hence shall always pursue a mixed course: sometimes walking according to the spirit life but at other times walking according to the natural life. Their pathway fails to be marked by purity, for both spirit and soul are their life principles. This mixture holds believers fast within a soulish framework which damages their work as well as hinders the important work of the Spirit" (MAN: II, 20-21).

Murray verduidelik verder: "This is what is meant in Heb. 4:12: 'The word of God is living, and active, and sharper than any two-edged sword, piercing even to the dividing of soul and spirit.' Just as, in creation the first work of the word was to divide, separating between light and darkness, earth and sea, so, as the Living Word, by the Holy Spirit, does it work in us, the difference between the spirit as the higher and the seat of the Divine, and the soul as the lower, ever with all its powers to be kept subject to the spirit, becomes clear to us. And we learn to understand that in the renewed spirit is the home of God's Holy Spirit" (SPIRIT, 337; BYLAE A, 274).

In aansluiting hierby verduidelik Nee ook hoe God in die daarstel van die "nuwe skepping" (2 Kor. 5:17) vanuit die chaos van die sonde dit deur sy skeppingswoord doen:

"As at the first the Word of God had operated on creation by separating light from darkness, so now it works within us as the Sword of the Spirit, piercing to the separation of the spirit and soul. Hence the noblest habitation of God - our spirits - is wholly separated from the base desires of our souls. Wherefore we come to appreciate how our spirit is the dwelling place of God the Holy Spirit and how our soul with all its energy shall indeed do the will of God as revealed to the human spirit by the Holy Spirit. No room can there be then for any independent action" (MAN: I, 196).

In sy kommentaar op die Hebreërbrief verduidelik Murray verder presies waarom hierdie werk van die swaard van die Gees nodig is en wat dit behels. Hy skryf: "Die natuurlike lewe setel in die siel; die geestelike en die Goddelike in die gees. Deur die sonde het hierdie met mekaar in verwardheid geraak; die gees is onder die mag van die sielelewe. Gods Woord maak skeiding, wek die gees op om die ewige te soek; dit bring die siel tot die regte kennis van homself as gevange in die sonde; dit sny skerp en diep om alles te ontdek wat verkeerd is. Dit dring deur selfs tot die verdeling van die gewrigte en murg; selfs tot in die liggaamlike het dit sy werking; daar is geen deel van die lewe waar sy werk nie sal deurdring nie" (HEILIGDOM, 137-138).

Pember verduidelik verder waar die skrywer van Hebreërs 4:12 aan sy beeld van die swaard, wat skeiding maak, kom. Hy sê dat die outeur "plainly speaks of the immaterial part of man as consisting of two

separable elements, soul and spirit; while he describes the material portion as made up of joints and marrow, organs of motion and sensation. Hence he claims for the Word of God the power of separating, and, as it were, taking to pieces the whole being of man, spiritual, psychic, and corporeal, even as the priest flayed and divided limb from limb the animal for the burnt offering, in order to lay bare every part, and discover if there were any hidden spot or blemish" (EARTH'S, 76; vgl. Penn-Lewis: SOUL, 27).

Penn-Lewis brei, aan die hand van Fausset se kommentaar, verder op hierdie beeld uit. (Vgl. SOUL, 27, 80-82.) [Fausset word hieronder direk gekwoteer.]

Wat betref "die Woord van God" wat skeiding maak, wys Fausset daarop dat die brief aan die Hebreërs geskryf is in die tyd waarin Philo se gedagtes algemeen bekend was. Hy wys daarop dat "Philo similarly speaks of 'God passing between the parts of Abraham's sacrifices [Genesis 15:17, where, however, it is a *burning lamp* that passed between the pieces] with his word, which is the cutter of all things: which sword, being sharpened to the utmost keenness, never ceases to divide all sensible things, and even things not perceptible to sense or physically divisible, but perceptible and divisible by the word'" (HEBREWS, 449).

Fausset verklaar dan die werk van die Woord volgens Hebreërs 4:12, naamlik om "deur te dring" en "skeiding te maak", soos volg: "piercing - Greek, 'coming through.' even to the dividing of soul and spirit - i.e., reaching through even to the separation of the animal *soul*, the lower part of man's incorporeal nature, the seat of animal desires,

which he has in common with the brutes; cf. the same *Greek*, 1 Corinthians 2:14, 'the natural [animal-souled] man' (Jude 19), from the spirit (the higher part of man, receptive of the Spirit of God, and allying him to heavenly beings). and of the joints and marrow - rather, (*reaching even to*) 'both the joints (so as to divide them) and marrow'" (a.w., vetdruk syne).

Vervolgens verklaar Fausset presies wat die Woord as swaard versinnebeeld: "As the knife of the levitical priest reached to dividing parts, closely united as the *joints* of the limbs, and penetrated to the innermost parts, as the *marrows* (the Greek is plural); so the word of God divides the closely-joined parts of man's immaterial being, soul and spirit, and penetrates to the innermost parts of the spirit" (a.w., 449-450).

Hierdie beeld van die Woord van God as die swaard, mes of kapbyl wat die priester gebruik het om die offerdier oop te kap en te deursoek, is volgens Fausset "[a]n image (appropriate in addressing Jews) from the literal dividing of joints, and penetrating to, so as to open out, the marrow, by the priest's knife, illustrating the previously-mentioned spiritual 'dividing of soul from spirit,' whereby each (soul as well as spirit) is laid bare and 'naked' before God; this view accords with v. 13. Evidently 'the dividing of the soul from the spirit' answers to the 'joints' which *the sword, when it reaches unto, divides asunder*, as the 'spirit' answers to the innermost 'marrow.' ... The soul draws with it the body; the spirit draws with it both soul and body" (a.w., 450).

Daar moet verder, aldus Fausset, daarop gelet word dat die "Woord van God" in Hebreërs 4:12 nie net die geskrewe woord is, soos wat dikwels verklaar word nie. Na aanleiding van vers 2 sê hy dat dit ook die gepredikte woord kan wees. Verder is dit ook nie die verpersoonlikte Woord naamlik Christus nie, "for He is not the sword, but *has* the sword". (Vgl. Openbaring 1:16.) (Alford: GREEK, 82-83 en Delitzsch: HEBREWS: I, 202-203 bevestig hierdie standpunt.) Fausset wys dan vervolgens hoe Christus die Woord as swaard hanteer: "Christ 'knows what is in man' (John 2:25): so His word reaches as far as to the most intimate and accurate knowledge of man's most hidden parts, feelings, and thoughts, dividing, i.e., *distinguishing* what is *spiritual* from what is *carnal* and *animal* in him the *spirit* from the *soul*" (HEBREWS, 449).

Nee vat hierdie hele uitleg van Hebreërs 4:12 pragtig soos volg saam:

"These therefore tells us how much the Lord Jesus fulfills His work as High Priest with respect to our spirit and soul. The Holy Spirit compares the believer to a sacrifice on the altar. During the Old Testament period when people presented an offering, they bound their sacrifice to the altar. The priest then came and killed it with a sharp knife, parting it into two and piercing to the division of the joints and marrow, thus exposing to view all that formerly had been hidden from human sight. Afterwards it was burned with fire as an offering to God. The Holy Spirit uses this event to illustrate the work of the Lord Jesus towards believers and the experience of the believers in the Lord. Just as the sacrifice of old was cut asunder by the priest's knife so that the joints and marrow were exposed and divided, even so the believer today has his soul and spirit split apart by the Word of God as used by our High Priest, the Lord Jesus.

This is that the soul may no longer affect the spirit nor the spirit any more be under the soul's authority; rather, each will find its rightful place, with neither confusion nor mixture" (MAN: I, 196).

7.3.2.2.1 Die hart van die drie-enige mens

Murray wys verder daarop dat die Woord as swaard ook "'n beoordelaar [is] van die oorlegginge en gedagtes van die hart". Hebreërs 3:8, 10 en 12 meld die verharde, die bese ongelowige en die dwalende hart. Na Hebreërs 4:12 berig Hebreërs 8:10, 10:22 en 13:9 egter van "'n hart waarin die wet van God geskrywe is, 'n waaragtige hart, een wat besprinkel is met bloed, 'n hart versterk deur genade". In Hebreërs 4:12 sê hy dan "het ons die oorgang van die een tot die ander. Die hart wat hom nie net met Gods woord besig hou nie, maar wat hom deur Gods woord laat ondersoek, al sy oorlegginge en gedagtes deur Gods woord laat beoordeel, sal bevry word van sy verharding en dwaling en ongeloof, en sal verander word in 'n opregte hart na Gods sin" (HEILIGDOM, 138).

In 7.3.1.3 het dit reeds geblyk hoe Murray en Nee die hart van die mens sien. Murray praat van die hart as bestaande uit twee dele - 'n buitekant of voorhof met die verstand as sy poort of ingang en die binnekant of binneste heiligdom met die geloof as sy ingang. Volgens Nee is die hart 'n kombinasie van die gewete en die verstand. Penn-Lewis sê verder dat die hart "is the seat of the affections" (CENTRALITY, 48).

Waar Murray verduidelik dat die Woord aan die een kant met "saad" en aan die ander kant met 'n "swaard" vergelyk word, stel hy verder ook die wilsvermoë van die mens as deel van die hart. So verduidelik hy: "Die woord is nie net die saad nie, maar die werktuig waardeur die bodem gesuiwer en berei word. Die woord is lewendig en kragtig. Waar die hart, die wil, dit in ootmoedige heilbegeerte opneem en bewaar, daar ontdek dit die sonde en verkeerdheid, en word die hart voorberei om die groot beloftes van God in die geloof te ontvang en te geniet" (HEILIGDOM, 137).

Dit lei tot die vraag: Wat presies is die hart van die mens? Watter plek neem dit in en watter funksie beklee dit in die samestelling van die drie-enige mens? Dit blyk uit die voorafgaande asof al die vermoëns van die siel, maar ook die funksies van die gees iets met die hart te doen het. Die hart het, so het dit in 7.3.1.3 geblyk, oë waarmee die gees dinge in die siel kan waarneem.

Nee sluit hierby aan wanneer hy die vraag na die hart van die mens beantwoord, deur dit soos volg te omskryf:


"The spirit communes with God and is the organ for knowing His will, whereas the heart is the steward of the spirit, working towards the expression of all which is in the spirit. Whatever is in the spirit is expressed through the heart. The heart is therefore the link or the place of exchange for the workings of the spirit and of the soul. It is like the operating center of a telephone system where all the lines will converge and be connected. All that enters the spirit enters from the heart. Hence the heart is the connecting point of all communications. The spirit reaches the soul via the heart; and through the heart the soul

conveys to the spirit what it has gathered from the outside. The heart is where our personality is located. It is our real self. Since it is the link between the spirit and the soul, the heart may be considered as the real "I" (KNOWLEDGE, 85-86).

Na aanleiding van hierdie omskrywing wat Nee van die hart gee, kan die drie-enige mens dus skematies voorgestel word as vier sirkels inmekaar. Die binneste is die gees met die hart as die tweede sirkel en rondom dit die siel as die derde sirkel. Die buitenste of vierde sirkel sal dan die liggaam wees.

Nee verduidelik vervolgens waarom die hart van die mens so 'n belangrike posisie in die Bybel beklee: "The heart is of exceeding importance, for it is our real self. What our heart is is what we really are. It is the source of life ... We commune with God by the spirit, but what God looks at is our heart. It is the most essential factor in our lives. We say we are saved: but how are we saved after all? It is when we believe in our heart. How are we now serving God? It is serving God with the heart. Whom does God bless? Those who are upright in heart. What shall be judged in the future? God will judge

* Dit is interessant om hier te let op iemand soos Ouweneel se omskrywing van die hart, soos hy sê, "geheel in lyn met de bijbelse gegewens." Hy omskryf die "hart" dan soos volg: "Het Ik of het hart van de mens is niet een 'ding' of 'deel', maar een 'punt', een 'brandpunt', dat net zomin los te denken is van de totale mens als een middelpunt los te denken is van de cirkel, of een brandpunt los te denken is van de lens. Anders gezegd: het Ik kan nooit als een afzonderlijk 'ding' of 'deel' losgedacht worden van het geheel van de mens. In dit 'punt' ervaart de mens de eenheid van heel zijn menselijk bestaan, komen al de aspecten en structuren van zijn mens-zijn bij elkaar als de stralen in een brandpunt of middelpunt, of als de spaken in de as van een wiel. Het is een 'punt', geen 'ding'" (PSYCHOLOGIE, 57).



'N SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE MENSBEELD SOOS BESKRYF IN DIE WERKE VAN ANDREW MURRAY, JESSIE PENN-LEWIS EN WATCHMAN NEE

the hidden things in the heart of man. For this reason, we must have a good heart when we come near to God" (a.w., 87-88).

In sy kommentaar op Efesiërs 1:18 bevestig Lenski dit wat Nee hier van die hart sê. Hy skryf: "'The heart' is in brief the central organ of the personal life and as such the seat not only of the feelings (the common English idea) but also and especially of the intellect and of the will. Here the spiritual life pulsates, here dwell God and the

Spirit. Here, in the unregenerate, wickedness and even Satan himself dwell" (EPHESIANS, 395).

Nee wys verder op die onderskeid wat die Bybel tref tussen die hart en die gees: "Although the heart and the spirit have a number of things in common, even so, the Bible does not mix up these two but keeps them in their respective place. It is said in Ezekiel, 'A new heart also will I give you, and a new spirit will I put within you; and I will take away the stoney heart out of your flesh, and I will give you a heart of flesh' (36:26). God does not say, I will give you a new spirit and a new soul, for He deems the soul to be an organ not needing to be remade. Only man's heart must be recreated, because out of it flow the issues of life" (KNOWLEDGE, 87).

Die vraag is nou net: Wat maak 'n gelowige met sy hart en sy gees as hy gesondig het? Nadat die profet Natan hom aangespreek het, het Dawid berou gehad en onder andere gebid: "Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees" (Ps.51:12). Nee sê na aanleiding hiervan: "This verse reveals how God looks upon the heart and the spirit of a believer. If defiled, he ought to ask God to create in him a clean heart. Our heart must be clean; our spirit must be made right" (a.w.).

Dit is waar Hebreërs 4:12 inkom: "Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart."

Die vraag is nou: Wat staan die mens te doen wat sê: "Ek wil graag 'n geestelike mens wees, ek wil nie in die vlees wandel nie. Ek wil God in alles wat ek doen, behaag. Ek het Hom lief en wil Hom dien met my hele hart en met my hele siel en met my hele verstand en met al my krag"?

7.3.2.2.2 Die vrylating van die gees

Hebreërs 4:15 sê dat die gelowige 'n Hoëpriester het wat met sy "swakhede medelye kan hê". Hy is, aldus Penn-Lewis, "the only One Who can take the sacrificial knife, and patiently 'divide' the soulish life from its penetration into thoughts and feelings, the intellect, and even mental conceptions" (SOUL, 28).

Die antwoord op die vraag na wat 'n gelowige te doen staan om 'n geestelike mens te word, lê dus daarin dat hy sy hele wese, na gees, siel en liggaam, aan sy hemelse Hoëpriester, wat sy onvermoë verstaan, moet oorgee.

Hy sal hom op die regte tyd help, op die wyse wat in Hebreërs 4:12 neergelê is.

Die vraag is nou net: Hoe word Hebreërs 4:12 prakties gesproke waar in 'n mens se lewe?

Om die vraag te kan beantwoord, is dit nodig om te weet wat hierdie sleutelteks, in die antropologie van Murray, Penn-Lewis en Nee, regtig beteken. Is hul interpretasie daarvan korrek? Indien dit korrek is,

hoe word dit dan deel van 'n mens se lewe?

■ HEBREËRS 4:12 NADER TOEGELIG

Delitzsch wys daarop dat die woord vir swaard in Hebreërs 4:12 anders is as die in Lukas 2:35. Dit dui dus nie soseer op 'n swaard as sodanig nie, maar eerder op "a large knife, employed in slaughtering, carving, or dissection" (HEBREWS: I, 211).

Daar is teoloë wat die verwysing na "gewrigte en murg" in Hebreërs 4:12 verklaar as die liggaam van die mens. Die Woord as swaard sal dan skeiding maak tussen die drie dele, naamlik gees, siel en liggaam.

Lenski wys daarop dat dit eerder gesien moet word as "figurative terms which are added for the sake of illustration: 'of both joints and marrow,' for the joints, where the bones of the body articulate, and the marrow, which is inside the bones themselves, are not next to each other so that one could speak of cutting them apart. To pierce up to division of *psyche* and *pneuma* is that activity of the Word upon man by which it separates and shows up in its true nature all that inheres in his earthly, bodily life and in the condition of his spirit. This it does just as a piercing physical sword lays bare both the joints, where the bones meet, and even the bones themselves, where the marrow lies" (HEBREWS, 143).

Die priester sny dus met sy groot skerp slagmes deur die vleis om die been by die gewrigte te ontbloot. Hy kap verder ook die been oop tot in die murg - alles om seker te maak dat die offerdier gebrekloos is. As daar aan die uiterlike niks verkeerd gesien kan word nie, sal die

gewrigte toon indien daar enige gebrek is. Die eintlike toets kom egter by die murg. Nadat dit alles so oopgekloof is, en daar geen gebrek is nie, kan die vuur aan die brand gestee word. Alles van die offerdier - tot selfs die murg - gaan dan as 'n welriekende offer aan God in die vlamme op.

Soos die mes van die priester nie skeiding maak tussen "die gewrigte" aan die een kant en die "die murg" aan die ander kant nie, so is die bedoeling ook nie dat die siel en die gees as 't ware van mekaar geskei word nie. Die siel word dus nie op sy eie eenkant alleen geplaas, afsonderlik van die gees, wat weer aan die ander kant alleen geplaas word nie.

Alford verduidelik dat die gees en die siel "two separate departments of man's being [is], each subordinate to the process indicated by *μερισμοῦ*. The *λόγος* pierces to the dividing, not of the *ψυχή* from the *πνεῦμα*, but of the *ψυχή* itself and of the *πνεῦμα* itself: the former being the lower portion of man's invisible part, which he has in common with the brutes ... the latter the higher portion, receptive of the Spirit of God ... *both which* are pierced and divided by the sword of the Spirit, the word of God" (GREEK: IV, 84-85).

In sy eksegesi van die gedeelte vat Wuest die hele saak verder soos volg saam:

"'Piercing' is the translation of *diikneomai* which means 'to go through.' The words 'The dividing asunder of soul and spirit,' do not mean, 'the dividing asunder of soul from spirit.' Nor is it 'the dividing asunder of joints from

marrow.' The case in Greek is the genitive of description, defining the action in the verb in this case. It is a going through the soul, a going through the spirit. Joints and marrow are not in contact with one another, and cannot therefore be said to be divided asunder. The preposition prefixed to the verb is *dia* which means 'through,' in the sense of 'the sword pierced through the heart.' The dividing asunder here is not that of one thing from another, but of one thing in itself by the action of something separating its constituent elements from one another by piercing it" (HEBREWS, 89).

Hierdie interpretasie van die skeiding tussen gees en siel, bevestig dit wat Murray, Penn-Lewis en Nee daaroor leer. Nee self vat dit soos volg saam:

"The cleaving of soul and spirit means not only their separation but also a cracking open of the soul itself. Since the spirit is enveloped in the soul, it cannot be reached by the Word of life save through a cracked shell. The Word of the cross plunges in and splits open a way into and through the soul so that God's life can reach the spirit within and liberate it from the bondage of its soulish shell. Having received the mark of the cross, the soul now can assume its proper position of subjection to the spirit. But if the soul fails to become a 'thoroughfare' to the spirit, then the former surely will become the latter's chain" (MAN: I, 197).

Wanneer die Woord van God as die swaard van die Gees die siel van die mens oopkloof, is dit dus nie om die gees en die siel los te sny van mekaar as twee afsonderlike substansies wat voortaan los van mekaar sal funksioneer nie. Wanneer die Woord deur die sintuig van die gehoor die intellek binnedring, is dit om die oë van die hart te verlig sodat

die gees intuïtief kan weet wat God aan die mens wil openbaar. Dit is waar die mens die Woord toelaat om so in sy lewe in te sny dat die oorlegginge en gedagtes van die hart (waarvan God wel deeglik bewus is) aan hom geopenbaar word vir wat dit is. In die lig van die Woord word dit beoordeel en die mens besef skielik die sondigheid en die vleeslikheid daarvan. Onder hierdie oortuiging kan hy hom oorgee aan die dieper werk van die Woord en die Gees om waarlik skeiding te bring tussen vlees en gees in sy lewe. Sodoende kan hy aan homself sterf, sy siel met al sy vermoëns kan homself neerbuig voor die Heilige Gees in sy gees en Hom daar aanbid. (Vgl. Murray: WERK, 150.)

Hoe word die mens so? Penn-Lewis antwoord: "*By definite surrender of the whole man as a burnt-sacrifice laid upon the altar of the Cross, with the entire consent of the will irrevocably given, that the High Priest, Christ Jesus, should by His Spirit, bring the entire being into conformity to His death (Philippians iii.10) i.e., that He should never stay His hand until the animal-soulish life is 'divided' from the 'spirit', so that the man may become a vessel into which, and through which, the inflow and outflow of the Spirit of God may flow freely from the shrine of the spirit*" (SOUL, 28-29).

Die regte verstaan van Christus se sterwe aan die kruis is nodig, aldus Murray, sodat die gelowige sal weet om hierdie besliste oorgawe van die self te maak, deur homself op die altaar van die Nuwe Testament, naamlik die kruis van Christus, te plaas.

Murray verduidelik dit so:

"Scripture teaches us that there are two points of view from which we may regard Christ's death upon the cross. The one is *the redemption of the cross*: Christ dying for us as our complete deliverance from the curse of sin. The other, *the fellowship of the cross*: Christ taking us up to die with him, and making us partakers of the fellowship of His death in our own experience" (CROSS, 12).

Alle wedergeborenes ken die eerste aspek. Hulle het tot geloof in Christus se offer aan die kruis gekom en is geregverdig in sy bloed. Diegene wat ook reeds die tweede aspek aangegryp het, is diegene, verduidelik Murray, wat "gradually enter more deeply into the meaning and the power of their high calling to live as those who were dead to sin and the world and self. Each in his own measure would bear about in his life the marks of the cross, with its sentence of death on the flesh, with its hating of the self life and its entire denial of self, with its growing conformity to the crucified Redeemer in His deep humility and entire surrender of His will to the life of God" (a.w., 15).

Dit is diegene in wie se lewens die Woord van God al sy dieper werk gedoen het deur hulle te toon hoe bedorwe hulle harte is en hoe groot hul eie ek, hul vlees, is. Dit is hulle wat, toe hulle dit gesien het, hulleself onderwerp het en die kruis opgeneem het en Christus nou daaglik volg. Hulle wandel nou in gemeenskap met die kruis van Christus.

Nee verduidelik dan ook dat "the dividing of spirit and soul hinges upon two factors: the cross and God's Word. Before the priest could use his knife the sacrifice had to be placed on the altar. The altar

in the Old Testament speaks of the cross in the New Testament: Believers cannot expect their High Priest to wield God's sharp Sword, His Word which pierces to the separation of soul and spirit, unless first they are willing to come to the cross and accept its death. Lying on the altar always precedes the plunging of the sword. Hence all who desire to experience the parting of soul and spirit must answer the Lord's call to Calvary and lay themselves unreservedly on the altar, trusting their High Priest to operate with His keen Sword to the dividing asunder of their spirit and soul" (MAN: I, 198).

Lenski bevestig Murray, Penn-Lewis en Nee se verklaring van dit wat die siel en gees, wat so deur die Woord oopgekloof moet word, is. Hy skryf:

"The *ψυχή*, as distinguished from the *πνεῦμα*, is the life which the spirit gives to the body as long as the two are connected; hence the *ψυχή* is the seat of the thoughts, emotions, feelings, desires, volitions, and actions pertaining to our earthly and bodily existence; the *πνεῦμα*, which is the source of the *ψυχή*, is the immaterial part of our being that was created and breathed into us by the breath of God and is, therefore, the real seat of all his gracious operations in regenerating and renewing us.

"In the unregenerate the *psyche* rules and the *pneuma* is enslaved; in the regenerate this is reversed, the *pneuma* is enthroned. Thus we are no longer *ψυχικός* (1 Cor. 2:14), ruled by our earthly animated, sensual nature, but *πνευματικός*, 'spiritual,' ruled also in body and in bodily life by the spirit" (HEBREWS, 142-143).

Lenski bevestig verder ook dit wat Murray, Penn-Lewis en Nee sê in

verband met die Woord as die swaard van die Gees wat die mens in gemeenskap met die kruis van Christus inlei:

"In the light of the Word we recognize the vanity and the sinfulness of many of our earthly thoughts, strivings, purposes, and achievements, especially also our earthly, worldly, unspiritual, opposings of the spirit. The world may laud many of these activities as being good, even praiseworthy; the Word pierces right through and shows what the soul is doing to the spirit. The Word likewise reveals the things of the spirit, its bondage under sin when the *psyche* rules, its liberation by grace and all that it receives in regeneration and renewal, in repentance, faith, and sanctification, which change the entire man" (a.w., 143-144).

As daar na dit alles aan Murray, Penn-Lewis en Nee gevra sou word hoe h'n gelowige suksesvol kan saamwerk met sy hemelse Hoëpriester sodat Hy sy werk in sy lewe kan doen, wat sou hul antwoord wees? Murray, Penn-Lewis en Nee beantwoord onderskeidelik die vraag soos volg:

■ MURRAY: "Begin with the prayer that we may *know* the Holy Spirit, His dwelling-place, His way, and His work, and what He claims. Seek a deep impression of the holy mystery and the Divine reality of his indwelling. As truly as God dwelt in the flesh of Jesus of Nazareth, so truly, though in a different way, doth He dwell in Thee. Have a deep reverence for the Holy Presence. Be very jealous of aught that would grieve Him ... Understand that thou hast received the Spirit, that now the soul may be entirely under His dominion. Imagine not that the fact of thy admitting that thou needest the Spirit's teaching, or that thou askest for Him, is enough to secure His working. No indeed. It needs a very real

giving up of the life of the soul, of all its strength and wisdom day by day, and a very real subjection of the whole mind and will to wait for His quickening and His teaching, if thou art indeed to learn to know and worship God in the Spirit" (SPIRIT, 336).

■ PENN-LEWIS: "*By continual, persistent, watchful prayer, and searching the Scriptures, praying that the keen edge of the Word of God may be applied to all that is of the soulish life; the believer implicitly obeying the Word, right up to the light given, according to 1 Pet. 1:22, 'Ye have purified your souls in your obedience to the truth'*" (SOUL, 29).

■ NEE: "Yield specifically. If believers definitely desire the experience of having their soul and spirit separated, they must consign themselves to the altar of the cross in a specific manner. They must be willing to accept totally every consequence of the operation of the cross and be conformed to the death of the Lord. Before they encounter the cleaving of soul and spirit believers need to bend their will continuously and incessantly towards God and actively choose to have this cleavage. And as the High Priest accomplishes this division in them their heart attitude should be that He should not stay His hand" (MAN: I, 199).

Na aanleiding van dit wat Murray, Penn-Lewis en Nee hier sê, kan die volgende gevolgtrekking gemaak word:

Deur homself ten volle oor te gee aan sy Hoëpriester, en Hom toe te laat om onverhinderd deur sy Woord en sy Gees sy kruislewe in hom uit

te werk, kan dit gebeur dat Hy alles van die natuurlike mens uit die gelowige se lewe wegsny. Hy, die Offerlam van Golgota, doen dit sodat sy beeld in sy volgeling tot openbaring kan kom en hulle sy liefde kan ken en sal uitstraal tot hul Vader in die hemel, tot hul naaste en oor die hele kosmos waaroor Hy hulle aangestel het.

Hierdie voortdurende algehele oorgawe van die hele drie-enige wese van die mens aan die hemelse Hoëpriester, die Here Jesus Christus, is soos volg pragtig saamgevat in die woorde van die ou bekende lied:

1 *My gees, my siel, my liggaam,
wy ek aan U, o Heer;
ek lê my as 'n offer
voor U vir ewig neer!*

Koor:

*My ál is op die altaar,
en wagtend op die vuur;
wagtend, wagtend, wagtend,
ja, wagtend op die vuur!*

2 *U, Jesus, sterke Heiland,
sien my genadig aan,
en maak my rein en heilig,
u woord bly ewig staan.*

3 *U lig bestraal die harte
wat gans op U vertrou;
ontsteek u vuur in my ook,
leer my op U te bou!*

4 *Aan u deurboorde voete
lê ek my, Heiland, neer,
met gees en siel en liggaam
u offerande, Heer!*

BYLAE A

[Hierdie artikel deur dr. Andrew Murray is AANTEKENING C in sy werk Die Gees van Christus (pp. 301-307). Dit is oorgeneem met die toestemming van die N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad, aan wie die oorspronklike uitgewers, naamlik die Christen-Studentevereniging van S.A., Stellenbosch,, die kopiereg oorgedra het. Dit is ongelukkig 'n baie ou vertaling. Daarom is dit aan die hand van die oorspronklike Engels, hier en daar gewysig].

DIE PLEK VAN DIE INWONING

deur dr. Andrew Murray

As ons die leer van die Skrif in verband met die inwoning van die Heilige Gees bestudeer, is dit van groot belang om duidelik te sien wat dit ons vertel aangaande die plek waar die Gees woon en die wyse waarop Hy werk. En om dit te kan doen, behoort ons baie versigtig te wees om die regte beskouinge te soek met betrekking tot die verskil tussen die siel en die gees van die mens en hul onderlinge verhouding.

In die geskiedenis van die skepping van die mens lees ons: "En die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde:" So het sy liggaam tot stand gekom. "En in sy neus die asem van die lewe (of 'gees van lewe') geblaas:" So het sy gees uit God gekom. "So het dan die mens 'n lewende siel geword:" So het dan, toe die Gees die liggaam lewend gemaak het, die mens 'n lewende siel, 'n lewende persoon met

selfbewussyn geword. Die siel was die plek van ontmoeting, die punt van vereniging tussen liggaam en gees. Deur die *liggaam* was die mens, die lewende siel, verwant aan die uiterlike, sinlike lewe, kon dit beïnvloed of daardeur beïnvloed word. Deur die *gees* was hy verwant aan die geestelike wêreld en die Gees van God, van Wie hy sy oorsprong het, en kon hy die ontvanger en bedienaar van sy lewe en krag wees. Waar hy so tussen twee wêrelde gestaan het, aan beide behoort het, het die siel die mag gehad om homself te bepaal, of die dinge waarvan hy omring en waaraan hy verwant was, te kies of te weier.

In die samestelling van hierdie drie dele van die mens se natuur was die gees, wat hom verbind met die goddelike, die hoogste; die liggaam, wat hom met die sinlike en dierlike verbind het, die laagste. Tussen die twee het die siel gestaan wat deelgenoot van die natuur van die ander twee was, die band wat hulle verenig het en deur wie hulle op mekaar kon reageer. Sy werk, as die sentrale mag, was om hulle in hul regte verhouding tot mekaar te hou; om die liggaam, as die laagste, in onderworpenheid aan die gees te hou; en om self deur die gees, as die hoogste, van die Goddelike Gees te ontvang dit wat daar wagtende was vir sy vervolmaking; en om so, selfs aan die liggaam, oor te dra dit waardeur dit deelgenoot van die volmaaktheid van die Gees kon word en 'n geestelike liggaam kon word.

Die wonderbare gawes waarmee die siel bedeel was, veral dié van bewussyn en selfbepaling, van verstand en wil, was maar die vorm waarin die lewe van die Gees, die ware wese en waarheid van die goddelike lewe, ontvang en opgeneem moes word. Hulle was 'n Godgegewe vermoë om die kennis en die wil van God sy eie te maak. Deur dit te

doen sou die persoonlike lewe van die siel vervul en in besit geneem gewees het deur die lewe van die Gees, die hele mens sou geestelik geword het. Ons weet hoe dat die teenoorgestelde plaasgevind het: Die siel het toegegee aan die versoeke van die gevoel en die slaaf daarvan geword, sodat die Gees nie meer heerskappy gevoer het nie maar tevergeefs daarna gestreef het om vir God Sy plek te handhaaf, totdat God gesê het: "My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is," geheel en al onder die mag van die vlees. Die gees in die mens het stil geword, - 'n vermoë om God te ken en te dien wat sy tyd sou moes afwag om verlos en lewend gemaak te word. Die siel het geheers in plaas van die gees en die groot kenmerk van alle godsdien, selfs in sy ernstigste soek na God, is dat dit die siel is, die mens se eie kragte sonder die goddelike Gees, wat sy pogings aanwend om God te vind en Hom te behaag.

By die wedergeboorte is dit hierdie gees van die mens wat weer lewend gemaak en vernuwe word. Die woord wedergeboorte, of om wedergebore te word, word deur die Skrif gebruik vir die verandering waardeur die siel uit die dood tot die lewe oorgaan, wat teweeggebring word soos by die natuurlike geboorte onmiddelik en eenmaal vir altyd. Die woord vernuwe word gebruik vir daardie voortdurende en voortgaande werk waardeur die lewe van die Gees van God in 'n voller mate inkom in ons lewe en sy opperheerskappy laat geld dwarsdeur ons hele natuur.

By die wedergebore mens is die oorspronklike verhouding tussen die siel en die gees weer herstel. Die gees van die mens is lewendig gemaak om die woonplek van Gods Gees te word, wat nou die goeie dinge wat Christus vir ons het, moet leer deur dit mee te deel as 'n goddelike lewe, as iets wesenliks en waar, die waarheid. Hierdie

leiding in die waarheid deur die Gees van God vind plaas in die eerste plek nie in ons siel of verstand nie, maar in ons gees, in die binneste skuilhoeke van 'n lewe wat dieper strek as die verstand en die wil. En dit vind alleen plaas namate die siel, deur die belydenis van hoe blind dit geword het, van hoe langsaam sy eienskappe werklik geestelik en goddelik verlig word, deur die gewilligheid om dwaas en onkundig te wees, en deur die gewilligheid om te leer om op Gods Gees te wag om sy waarheid in die lewe te gee, homself oorgee aan daardie volkome heerskappy van die Gees wat sy oorspronklike bestemming was.

En nou volg die belangrikste les, wat nie maklik is om te leer nie, ter wille waarvan ons tot 'n mate breedvoerig gespreek het van die verhouding tussen die siel en die gees. Die grootste gevaar wat die godsdiens van die kerk of die individu te vrees het, is die oordrewe werksaamheid van die siel met sy gemoeds- en wilskrag. Hy was vir so 'n lang tyd gewoond om te heers dat selfs, wanneer hy hom by die wedergeboorte aan Jesus oorgegee het, hy te maklik vir hom verbeel dat dit nou sy werk is om daardie oorgawe uit te voer en die Koning te dien wat hy nou aangeneem het. Menige gelowige het geen begrip van die werklikheid van die inwoning van die Gees nie, en van die omvang waartoe Hy die meesterskap oor die siel moet hê, dit wil sê, van ons hele self met al ons gevoelens, gedagtes en wilsuitinge, om so alle vertrouwe in die vlees uit te roei, en om in ons daardie gewilligheid om te leer en onderworpenheid te werk, wat so onontbeerlik is vir die Gees om sy werk te doen. Die beroep van die Meester op ons om ons eie lewe te haat, om dit nie te soek nie, maar dit te verloor (die woord wat gebruik word is *psyche* - siel), is die beroep om die siel met sy krag om te wil en te handel, oor te gee aan die dood, sodat dit sy

ware lewe weer terug kan vind in die lewendmaking en leiding van die Gees. Solank as wat dit nie verstaan word nie, sal daardie vrees vir self en sy wysheid, daardie absolute afhanklikheid van en wag op die Gees nie daar wees nie wat die eerste voorwaarde van die geestelike lewe is.

Vir diegene wat teen hierdie gevare gevrywaar wil wees, wat wil terugkeer tot die normale toestand waarin en waardeur God die mens geskape het, is die pad oop, hoewel nie altyd maklik nie. Begin met die gebed dat ons die Heilige Gees, sy woonplek, sy weg en sy werk, en waarop Hy aanspraak maak, mag ken. Probeer 'n diepe indruk kry van die heilige verborgenheid en die goddelike werklikheid van sy inwoning. So werklik as wat God in die vlees van Jesus van Nasaret gewoon het, so werklik, hoewel in 'n ander opsig, woon Hy in u. U moet 'n diepe eerbied hê vir sy heilige teenwoordigheid. Pas baie op vir iets wat Hom mag bedroef. Onthou veral wat Hom die meeste bedroef, naas die sonde, en wat soms gevaarliker as die sonde is, is die siel waar hy die eerste oortreding herhaal en *sy eie gedagtes volg met betrekking tot wat goed en wys is*. Dink daaraan dat u die Gees ontvang het en dat die siel nou volkome onder sy heerskappy kan wees. U moet u nie verbeel dat die feit dat u erken dat u behoefte aan die lering van die Gees het, of dat u na Hom vra, genoeg is om sy werking te verseker nie. Glad nie. Dit is nodig dat die lewe van die siel, al sy krag en wysheid dag na dag, en 'n baie werklike onderwerping van die hele gemoed en wil om op sy lewendmaking en sy lering te wag op 'n baie werklike wyse prysgegee moet word, indien u gaan leer om te weet hoe om God in die Gees te aanbid.

Om op te som wat ons sover gesê het. Die Gees is die setel van ons godsbewussyn; die siel van ons selfbewussyn; die liggaam van ons wêreldbewussyn. In die gees woon God, in die siel die self en in die liggaam die sinne. Solank as wat die regte verhouding bestaan het, en die siel met sy self aan die gees onderworpe was, en deur hom aan God, was alles wel. Maar die sonde het as die aanmatiging van die siel gekom deur sy eie lewe deur die sinne te soek en nie in gehoorsaamheid aan die gees nie. En so het die siel, die self en selfsug die heersende beginsel in die mens se lewe geword.

By die wedergebore mens bestaan daar geen listiger versoeking as hierdie nie, dat selfs in die diens van God die self probeer om hom te laat geld, en om deur sy wil en krag te probeer om Gods wil te doen, in plaas daarvan om in afhanklikheid op die Heilige Gees te wag om sy werk te doen, beide deur te wil en te doen. Om hierdie rede is dit dat die Here Jesus so duidelik gesê het: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem ..." Die lewe en die krag van self moet opgeoffer en oorgegee word aan die Gees sodat Hy kan werk. Net so spreek Hy ook van ons haat en liefde vir ons lewe (*siel*) as ons die ware lewe, die lewe van die Gees, wil vind. Daar is 'n gedurige verborge stryd in die gelowige tussen die siel en die Gees. In belang van God probeer die Gees om alles te besit en te deurdring. In belang van self probeer die siel om die eerste plek in te neem en die reg om onafhanklik te handel te laat geld. Solank as wat dit die geval is, en die siel die leiding neem en verwag dat die Gees sal volg en hom help en seën in wat hy doen, sal ons lewe en ons werk dor wees wat ware geestelike resultate betref. Slegs as die siel, met alles van die self, sy eie wil en gejaag, daagliks verloën word en in die

stof neergelê word sodat die Gees kan werk, sal die krag van God in ons diens geopenbaar word. Hier vind ons die oorsaak van die mislukkings in die geestelike lewe wat so dikwels voorkom, van die verbygaande geaardheid van so baie van ons kosbaarste ondervindings; ons geloof het meer bestaan in die wysheid van die mens, in die invloed van menslike onderrig en menslike begrip as in die krag van God en sy Gees.

Dit is wat bedoel word in Heb. 4:12, "Want die Woord van God is lewendig en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard en dring deur tot die skeiding van siel en gees." Net soos by die skepping die eerste werk van die woord was om te skei, deur skeiding te maak tussen die lig en die duisternis, aarde en see, so doen dit, as die lewende woord deur die Heilige Gees, ook die werk in ons. Die verskil tussen die gees as die hoëre en die setel van die goddelike en die siel as die laere, wat altyd met al sy kragte aan die gees onderworpe gehou moet word, word vir ons so duidelik. En ons leer verstaan dat die woonplek van Gods Heilige Gees in die vernude gees is.

"Meester, waar is U tuis?" het die dissipels gevra by hul eerste kennismaking met Jesus. "Kom kyk," was die antwoord en hulle het "dié dag by Hom gebly" (Joh. 1:39-40). "Heilige Meester, waar is U tuis?" is 'n vraag wat ons inderdaad kan vra as ons die Gees wil ken. Die antwoord is deur Jesus aan ons gegee: "Hy sal in julle wees". In die binneste heiligdom van ons wonderbare natuur, die gees (dieper as die siel met sy hele lewe van gevoel en gedagtes en wil), wat God vir Homself gemaak het, in die gees wat deur sy krag lewendig gemaak is, daar woon die Heilige Gees. Daar, in die lewe wat Hy gegee het, daar

woon hy, daardie lewe lei hy altyd dieper in die Waarheid in, die ware besitting van die genade wat in Christus geopenbaar is. Dit is die siel wat weet dat hy daar woon, en wat op sy lering wag, aan wie soveel as wat hy behoefte het en wat hy kan dra, van daardie waarheid aan die verstand gegee sal word, wat anders so magteloos en selfs gevaarlik is. Paulus skryf: "God Wat ek in my gees dien ..." Dit is namate ek weet dat ek 'n gees het, "die setel van selfbeheersing, die innerlike heiligdom," wat gemaak is om die mededelings uit die goddelike wêreld dieper as ons gedagtes of gevoelens, te ontvang, en terugtrek om daar op Gods Gees te wag, en dit vir Hom oop te stel, dat ek sal leer om te weet waar Hy woon. Alleen wanneer Hy daar erken en geëer word, sal Hy uit die verborge plek voortkom om sy krag in die gebied van die siel en sy bewuste lewe te openbaar. Wanneer ek spreek van die gelowige as die tempel, sal ek die geleentheid hê om nogeens op die verskil tussen die heilige plek, die siel, en die allerheiligste, die gees, te wys. (Vgl. hoofstuk 24 van *Die Gees van Christus*.)

BYLAE B

[Hierdie artikel deur dr. Andrew Murray is AANTEKENING L in sy werk Die Gees van Christus (pp. 342-343). Dit is oorgeneem met die toestemming van die N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad, aan wie die oorspronklike uitgewers, naamlik die Christen-Studentevereniging van S.A., die kopiereg oorgedra het. Dit is ongelukkig 'n baie ou vertaling. Daarom is dit aan die hand van die oorspronklike Engels, hier en daar gewysig].

OOR DIE GEWETE

deur dr. Andrew Murray

As die mens die teenbeeld van die tempel is en sy gees die allerheiligste plek waar God woon, dan is dit nie moeilik om die plek en die betekenis van daardie deel van sy uitrusting te bepaal wat die gewete voorstel nie. Dit is niks anders as die ark van die verbond nie. Die kenmerke van gelyksoortigheid is drie. Dit was die ark waarin die wet van God bewaar en gedra is. Die gewete is daardie mag wat die wet van God vir sy inhoud het. In sover as wat die wet, of dit nou is soos in die hart van die heiden geskrywe, of soos dit deur die Gees in die hart van die gelowige geskrywe is, daar aanwesig is, in sover is die gewete in staat om sy werk te verrig. Net soos die ark is dit die bewaarplek of houer van die wet. Dit was op die ark wat die setel van genade, die genadetroon opgestel was, dat die besprenkeling met bloed toegepas was en die Heilige Teenwoordigheid gerus het. So is dit op die gewete veral dat die bloed in ons

toegepas word en dat die Gees getuig dat ons voor God welbehaaglik is. Die ark was genoem die ark van die getuienis wat die wet van God of van Sy getuienis aan Israel ingehou het. En so is die Heilige Gees, waar Hy die lewende wet in die hart skrywe, die getuienis van God aan sy verlose volk, die getuienis van beide sy wil en sy guns. En die gewete met die bloed besprenkel en waar hy die wag hou oor die kinderlike lewe van gehoorsaamheid is die geestelike orgaan in ons eie gees, waaraan en waardeur die Heilige Gees Sy getuienis gee. "My gewete getuig saam met my in die Heilige Gees" (Rom. 9:1).

Met watter sorg was die ark in Israel bejeën! Met watter vertroudeur die menigtes gevolg toe hulle deur die Jordaan getrek het om Kanaän en sy menigtes te oorwin! Met watter stille verwagting is dit rondom Jerigo gedra! Met watter vreugde is 'n plek daarvoor berei en by dit op Gods teenwoordigheid aanspraak gemaak! (Ps. 132). Christen, ag bo alles die ark van die getuienis in u kosbaar. Die wet van die Gees is daarin en die bloed rus daarop. Dit is die plek waar u God woon en rus en met u gemeenskap hou. Dit is die plek van ontmoeting, die aanrakingspunt tussen God en die siel, die setel van die geloof en die setel van God. Bo alles moet u buig met vrees en eerbied voor die Heilige Teenwoordigheid wat oor die ark rus. Bewaar 'n gewete wat vry is van oortreding.

BYLAE C

DR. MARTIN LUTHER SE SIENING OOR DIE MENS

[Met toestemming van die uitgewer oorgeneem uit prof. Hugh T. Kerr se werk A compend of Luther's theology, The Westminster Press, Philadelphia, Pennsylvania, MCMXLIII, 77-79.]

WHAT IS MAN?

Man has a twofold nature, a spiritual and a bodily. According to the spiritual nature, which men call the soul, he is called a spiritual, or inner, or new man; according to the bodily nature, which men call the flesh, he is called a carnal, or outward, or old man, of whom the Apostle writes, in II Cor. iv, "Though our outward man is corrupted, yet the inward man is renewed day by day." Because of this diversity of nature the Scriptures assert contradictory things of the same man, since these two men in the same man contradict each other, since the flesh lusteth against the spirit and the spirit against the flesh (Gal. v).

- A treatise on Christian liberty, *Works of Martin Luther*, vol. II, p. 313.

The Scriptures assign three parts to man, as St. Paul says in I Thessalonians v, "The God of peace sanctify you wholly, that your whole spirit, and soul, and body may be preserved blameless unto the coming of our Lord Jesus Christ," (There is yet another division of

each of these three, and the whole of man, into two parts, which are called spirit and flesh. This is a division not of the nature of man, but of his qualities. The nature of man consists of the three parts - spirit, soul and body; and all of these may be good or evil, that is, they may be spirit or flesh. But we are not now dealing with this division.)

The first part, the spirit, is the highest, deepest and noblest part of man. By it he is enabled to lay hold on things incomprehensible, and invisible, and eternal. It is, in brief, the dwelling-place of faith and the Word of God. Of it David speaks in Psalm li, "Lord, create in my inward parts a right spirit" - that is, a straight and upright faith. But of the unbelieving he says, in Psalm lxxviii, "Their heart was not right with God, nor was their spirit faithful to him."

The second part, or the soul, is this same spirit, so far as its nature is concerned, but viewed as performing a different function, namely, giving life to the body and working through the body. In the Scriptures it is frequently put for the life; for the soul may live without the body, but the body has no life apart from the soul. Even in sleep the soul lives and works without ceasing. It is its nature to comprehend not incomprehensible things, but such things as the reason can know and understand. Indeed, reason is the light in this dwelling, and unless the spirit, which is lighted with the brighter light of faith, controls this light of reason, it cannot but be in error. For it is too feeble to deal with things divine. To these two parts of man the Scriptures ascribe many things, such as wisdom and

knowledge - wisdom to the spirit, knowledge to the soul: likewise hatred and love, delight and horror, and the like.

The third part is the body with its members. Its work is but to carry out and apply that which the soul knows and the spirit believes.

Let us take an illustration of this from Holy Scripture. In the tabernacle fashioned by Moses there were three separate compartments. The first was called the holy of holies: here was God's dwelling-place, and in it there was no light. The second was called the holy place: here stood a candlestick with seven arms and seven lamps. The third was called the outer court: this lay under the open sky and in the full light of the sun. In this tabernacle we have a figure of the Christian man. His spirit is the holy of holies, where God dwells in the darkness of faith, where no light is; for he believes that which he neither sees nor feels nor comprehends. His soul is the holy place, with its seven lamps, that is, all manner of reason, discrimination, knowledge and understanding of visible and bodily things. His body is the forecourt, open to all, so that men may see his works and manner of life.

- The Magnificat, *Works of Martin Luther*, vol. III, pp. 132 f.

The mere corporeal or animal life of man was designed to resemble, in a great measure, the life of the beasts of the creation. Because, as beasts require food, drink and sleep for the refreshment and restoration of their bodies; so Adam was designed also to use these things, even in his state of innocence. But that which Moses moreover affirms, - that man was so created unto this animal life that he was

also "*made*" in the "image" and "after the likeness" of God, - this is a manifest indication of life different from, and far above, a mere animal life.

Adam was endowed therefore with a twofold life; an animal, and an immortal life. The latter however was not as yet plainly revealed, but held in hope. Had he not fallen by sin therefore, he would have eaten and drunk, and worked, and generated, in all innocence, sinlessness and happiness. - *Commentary on Genesis*, pp. 83 f.

BYLAE D

ONDERHOUD MET PROF. F.J.M. POTGIETER VAN STELLENBOSCH

[Prof. Potgieter het eenmaal in 'n geselskap, waar ek bevoorreg was om teenwoordig te wees, die gees die glanspunt van die siel genoem. Ek wou graag meer weet in verband met sy siening en het met hom 'n onderhoud aangevra. Hy was dadelik gewillig tot so 'n gesprek. Ek het my bandopnemer saamgeneem, menende dat dit wat in die onderhoud navore mag kom, van groot belang kon wees vir die onderwerp van hierdie tesis. Dit was nie prof. Potgieter se doel om die onderhoud op skrif te stel nie, maar na die gesprek is dit van die band afgeneem en aan hom voorgelê. Hy was so vriendelik om dit deur te gaan, te redigeer en sy toestemming te gee dat dit as bylae tot die tesis bygevoeg kon word. Hiermee wil ek hom dan ook bedank vir sy gewilligheid, tyd en geduld.]

ONDERHOUD

Vraag 1: Professor, ek wil graag by u kom lig opsteek oor die hele kwessie van die digotomie en die trigotomie. Hoe sien u die onderskeid en verhouding tussen gees, siel en liggaam?

Prof. Potgieter: Ja, om mee te begin wil ek jou graag na Bavinck se *Gereformeerde dogmatiek* verwys. Jy moet daar kyk na par. 37;291. Wat my eie mening betref: Ek het wel die uitdrukking "die gees is die glanspunt van die siel" gebesig. Ek wil dit egter nader toelig. Die

bedoeling is allermens dat dit 'n evolusionêre ontwikkeling van die siel is. Dit sou ook juister wees om te praat van die gees as die ektheid wat die onstoflike deel van die mens beheers.

Dit moet goed verstaan word dat die dieresiel nooit gees word nie. Dit is wel die Roomse geleerdes se standpunt. Volgens hulle sou die mens tot op 'n sekere stadium 'n dier gewees het. Toe het God 'n gees aan hom gegee en hy het 'n mens geword.

Ons leer dat God die mens wat sy liggaam betref uit die stof van die aarde geformeer het. Toe het Hy die lewensasem in sy neus geblaas. Die mens bestaan dus uit 'n stoflike en 'n onstoflike "deel" (Inst.) 1, 15, 2).

Sielkundig is die probleem geleë in die wyse waarop die kontak tussen die stoflike en die onstoflike plaasvind. Dit staan wel vas dat dit deur die sensugestel bewerkstellig word. Wat gebeur as 'n hond 'n stuk vleis sien lê? Hy hardloop meteens daarheen en vreet dit op. Hoe is sy persepsie na sy mond oorgedra? Deur die motoriese sensuwees. Pavlov het 'n hond se brein wat maar 'n massa sensuwees is, uitgehaal en hom nog ses maande daarna aan die lewe gehou. Hy kon toe egter nie leer dat hy moes eet uit die bord wat in sy kamer gestaan het nie. Die vorsers was verplig om die kos in sy bek te sit. Toe het daar 'n refleksreaksie plaasgevind en kon hy die kos sluk. Die verbintenis tussen die stoflike en die onstoflike word dus deur die sensuwees bemiddel. Die impuls wat die refleks veroorsaak is natuurlik nie sigbaar nie.

By die mens is daar nie net 'n impuls en refleksreaksie nie: hy het 'n gees wat hom in staat stel om te weet dat hy weet en om te weet wat hy weet. Dit het jy nie in die geval van 'n dier nie. Hy is nie selfbewus nie.

Die dier sowel as die mens het 'n driflewe wat as sodanig onstoflik is. Die drifte en drange van die dier (dit wil sê die dieresiel) is onbeheers. Die driflewe van die mens word egter bewus deur sy gees beheer.

Die term wesenlik of wesentlik moet nader verduidelik word. Dit het geblyk dat die stoflike deel van die mens wesenlik van die onstoflike verskil. Wesenlik het egter meer as een betekenis. God verskil wesenlik van die mens, maar daar in absolute sin. Ons is slegs sy beelddraers. Maar jy kan ook in die skepping self 'n radikale verskil konstateer tussen die sienlike en die onsienlike.

Daar is byvoorbeeld 'n ingrypende verskil tussen 'n mens se gedagtes (wat nie waarneembaar is nie) en die gepaardgaande fisiologiese werking van die serebrum (wat wel waarneembaar is). Tussen die gedagtes (wat 'n funksie van die gees is) en die fisiologiese werking (wat 'n funksie van die liggaam is) is daar 'n wesenlike verskil: jy kan die een nie na die ander herlei nie. Die woord wesenlik word hier dus verskillend gebruik: dit dui in die eerste geval die verskil tussen die Skepper en die skepsel aan en in die tweede geval slaan dit op 'n intrakosmiese verskil.

'n Verdere opmerking: die woorde *psuche* en *pneuma* kom nie as tegniese

terme in die Skrif voor nie. Bavinck wys daarop dat hulle meermale as wissel terme gebesig word: "Ziel en geest staan in de Schrift telkens in parallellisme en wisselen met elkaar af" (par. 37,291).

Vraag 2: Professor, in verband met die kwessie van digotomie en trigotomie wil ek graag weet hoe u dit verstaan. U praat van die gees van die mens en ook van die siel en die liggaam van die mens. Wanneer is dit nou 'n digotomie en wanneer 'n trigotomie? Is u beskouing nie ook trigotomisties nie?

Professor Potgieter: Ek praat van die stoflike en die onstoflike deel van die mens. Vir sover die stoflike lewe het; dit wil sê, geanimeer is, sou ek wetenskaplik van die siel praat. Hier is die kontak met die somatiese baie nou via die senuwees, soos ek reeds gesê het. Die drif en dranglewe is egter onstoflik. As sodanig sluit dit wesenlik by die gees aan - die gees wat in beheer daarvan en trouens van die hele mens is. Ek handhaaf dus die digotomie, dit is dat die mens bestaan uit 'n stoflike en onstoflike deel. Die trigotomie aanvaar drie weseneenhede, die liggaam, die siel en die gees.

Vraag 3: Sê u dat die liggaamlike en en die driflewe van die mens met die dood beëindig word, terwyl die gees na God toe gaan?

Professor Potgieter: Ja, jy het byvoorbeeld nie meer 'n seksdrang as jy in die ewigheid is nie. Daar is nie meer 'n huwelikslewe nie. Jy het ook nie meer 'n hongerdrang nie. Die persoon van die mens bly egter intak en dit behels sy rede, sy volisionele of wilslewe en sy emosionele lewe. Daarsonder is die persoon ondenkbaar.

Vraag 4: Nou, met die wederoprigting van alle dinge, wanneer ons ons nuwe verheerlikte liggame gaan kry, hoe gaan die mens daaruitsien?

Professor Potgieter: Daar sal jy 'n liggaam hê wat nie meer die drange het wat eie aan hierdie bedeling is nie. Jy sal, soos Paulus sê, 'n geestelike liggaam hê wat deur die gees beheers word. Hy praat van die psigiese- en pneumatiese liggaam (1 Kor. 15:44). Daar sal ons dan die geestelike liggaam hê: nie 'n vergeestelike liggaam nie, maar 'n liggaam waaroor die gees volkome beheer sal hê.

Vraag 5: Professor, wat is die hart van die mens dan?

Professor Potgieter: Die Skrif bedoel daarmee nie die orgaan in letterlike sin nie, maar die ego wat motiveer en rigting gee aan die denke, die volisie en die emosie. Dit is diep verdorwe. Vgl. Gen. 27:41, "Esau het in sy hart gedink" (Ou vertaling); "Esau het by homself gesê" (Nuwe vertaling), en Jer. 17:9.

Vraag 6: En wat is die gewete, professor?

Professor Potgieter: Die gewete is die vermoë wat kragtens die algemene genade van God aan alle mense gegee is om jouself te beoordeel, en aangesien jy verdorwe is, meestal te veroordeel. Die gewete self is egter self ook verdorwe en moet deur die Skrif genormeer word.

Vraag 7: Watchman Nee brei baie uit op die gees van die mens. Hy maak

dan ook baie van die intuïsie as deel van die gees van die mens.

Professor Potgieter: Ja, alle mense het intuïsie. Intuïsie is 'n gave van die algemene genade en nie van die besondere genade nie. Geloof is die genadeweldaad waardeur jy die geestelike gawes aanneem. Jy sal nooit deur intuïsie by God uitkom nie.

Vraag 8: Professor, sommige mense sê dat die gees van die mens sedert die sondeval sluimerend is. Ander sê dat dit gesterf het. Hoe sien u dit?

Professor Potgieter: Die gees van die mens het nie met die sondeval gesterf nie. Wat wel gebeur het, is dat sy gees net so bedorwe geraak het as die res van sy natuur. Alles is verdorwe, ook die gees. In die sin praat ons daarvan dat die mens geestelik dood is. Hy is diep verdorwe en moet wederbaar word.

Vraag 9: Wat is dan die funksie van die gees by die ongeredde mens?

Professor Potgieter: Alle mense het 'n gees, ook die verharde ateïs. Die moeilikheid met die mens wat nie 'n Christen is nie, is dat sy gees wat wel werksaam is, oorheers word deur sy liggaamlike drange.

Vraag 10: U het vroeër gesê dat die mens weet dat hy weet. Hy het dus 'n selfbewussyn. Die mens het egter ook 'n godsbewussyn. Sou u saamstem dat die godsbewussyn in die gees van die mens en die selfbewussyn in die siel gesetel is?

Professor Potgieter: Dis nie die siel wat selfbewus is nie, dis die gees. Die siel word nooit selfbewus nie. Die siel van die dier is nooit selfbewus nie. Alle mense het 'n godsbewussyn. Dis ingeplant in alle mense. Met ander woorde, sy gees is in die mate nog in stand gehou dat hy weet dat daar 'n God is, maar dis 'n onsuiver godskennis wat hy het. Die suiwer godsbewussyn kry jy alleen via die Woord van God waardeur die Heilige Gees in jou getuig.

Vraag 11: Andrew Murray praat van die wonderbare gawes waarmee die siel bedeed was as "veral dié van bewussyn en selfbepaling, van verstand en wil ..." (GEES: 302; BYLAE A, 269).

Professor Potgieter: Dis alles eienskappe van die gees, nie van die siel nie. Die siel het meer met die drange wat vir die mens gegee is te make - die oerdrange wat jy ook by die dier het. Daarom word daar ook van 'n dieresiel gepraat.

BYLAE E

[Hierdie artikel is met die toestemming van die uitgewer oorgeneem uit G.L. Archer se werk Encyclopedia of Bible difficulties, The Zondervan Corporation, Grand Rapids, Michigan, U.S.A., 1982, pp. 258-260.]

DOES ECCLESIASTES 3:21 TEACH THAT ANIMALS HAVE A SPIRIT

JUST AS MAN DOES?

Deur Gleanson L. Archer

Ecclesiastes 3:21 reads, "Who knoweth the spirit of man that goeth upward, and the spirit of the beast that goeth downward to the earth?" (KJV). Since it is usually understood that the spirit of man is the focal point of the divine image in man that enables him to reason and respond to God religiously, it sounds a bit startling to hear that the "spirit" of an animal goes downward, as its body (like man's body) turns to dust in the grave (v. 20). NASB alleviates the problem by translating it as "breath": "Who knows that the breath of man ascends upward and the breath of beast descends downward to the earth?" But the basic problem still remains, for the term *rûah* ("breath," "spirit") is used for both man and beast. This is true whether we understand v. 21 as a question implying that there is real doubt as to where the "spirit" of man or beast really goes after death; or whether we are to take it as a regretful question, implying, "How many people really knows this fact, that the breath of man goes upward and the breath of the beast goes downward, when they die? (I personally incline to the latter interpretation, but it is possible that the

author meant the question skeptically.)

In this use of *rûah*, we face a familiar phenomenon in the history of the development of transcendental terms in almost every language. From the observation that a living man or animal breathes in and out as long as it is alive, it is natural to derive a term such as "breath" and make it a symbol of life. Thus we have quite frequently in the Flood narrative the phrase *rûah hayyîm* ("the breath of life") as attributed to animals, both those that drowned in the Flood (Gen. 6:17; 7:22) and those that were preserved in the ark (Gen. 7:15). In Genesis 7:22 it is even combined with *nišmat rûah hayyîm* ("the breath of the spirit of life" - *n^ešmāh* being a word used almost exclusively for literal breathing and nothing beyond). The Egyptian phrase *t;w 'nh* ("breath of life," conventionally pronounced *tchau 'anekh*) occurs very frequently in Egyptian literature, and it is possible that Moses had this expression in mind and translated it into the Hebrew equivalent.

Here, then, we have a general, non-technical use of *rûah* as applied to animals possessed of life. I am not aware of any other passages where *rûah* is used with respect to animals. Apart from the 100 times where *rûah* is applied to "wind" or "winds," the rest of its 275 occurrences pertain to human beings, angels (who are essentially *rûah* without any real, physical body), demonic spirits (who were formerly angels of God, before Satan was cast out of heaven), or God himself: the Third Person of the Trinity is spoken of as *rûah 'elōhîm* ("the Spirit of God") or *rûah Yahweh* ("the Spirit of Yahweh [or as mispronounced, 'Jehovah']").

As is so often the case with terms that began with a primitive and general meaning, it later became specialized so as to acquire a technical, figurative meaning on a metaphysical level. The observation that living creatures breathe leads to the use of "breath" as a term for "life-principle." From that point on it becomes a matter of usage whether to employ *rûah*, *n^ešāmāh*, or some other word referring to air in motion as a symbol for the spiritual element in man's being - that which makes him distinctively human, as opposed to subhuman creatures that also have lungs and breathe. It is not because of some inherent root meaning, then, but because of established usage that *rûah* became the technical term for the image of God in man, that capacity for thinking of God and responding to Him, that ability to comprehend the difference between right and wrong and make moral decisions, that ability to reason in a generalizing, philosophical manner, which distinguishes man from beasts. The corresponding term for this in the Septuagint and in the New Testament is *pneuma*. In biblical usage, then, *pneuma* became equivalent to *rûah*. Appropriately enough, *pneuma* also was derived from the verb *pneō* ("to blow").

A closely related term for the non-physical element in man was *nepes^v* ("soul"). This too was derived from a root idea of breathing (*napāšu* in Akadian meant "breathe freely," then, "become broad or extended"; the noun *napištu* meant "breath" or "life"). But it became specialized to mean the individual identity of any living, breathing creature, whether man or animal (for both *nepes^v* and *psychē*, its Greek equivalent, are used freely for beasts as well as men). The *nepes^v* is the conscious center of emotions, desire or appetite, or inclination or mood. It is the locus of each man's personality and the point of

reference for his self-consciousness. Gustav Oehler defines *nepeš*^v as springing from the *rûah* and as existing continually through it (a statement that could not be applied to animals, however); individuality resides in it, that is, in the man's ego or self. It is interesting to note that *nepeš*^v with the appropriate possessive pronoun is the most frequent way of expressing the reflexive pronoun in a specific way. Thus "he saved himself" would be expressed by "he saved his *nepeš*^v [or 'soul']" (cited by J.I. Marais, "Soul," in *The International Standard Bible Encyclopedia*, 5 vols., ed. by J. Orr [Grand Rapids: Eerdmans, 1939], p. 2838).

It is to be noted, therefore, that there is a distinction between "spirit" (*rûah*) and "soul" (*nepeš*^v) in the Old Testament, just as there is between *pneuma* and *psychē* in the New Testament. These, in turn, are differentiated from the term for "body" (*bāsār*), which also (when used figuratively) has a psychological meaning as well as the basic physical idea of a literal flesh-and-blood body. The *bāsār* is the seat of all sensations and the data supplied by the five senses: but it is also used in Psalm 84 in parallelism with *nepeš*^v as the vehicle of a spiritual longing for the living God. The same is true in Psalm 63:1: "My soul [*nepeš*^v] thirsts for Thee, my flesh [*bāsār*] yearns [lit., 'faints'] for Thee, in a dry and weary land where there is no water" (NASB). Again, in Psalm 16:9 it is used in parallelism with "heart" (*leb*) and "glory" (*kābōd* - a surrogate for *rûah*, which is the divine element in man): "Therefore my heart is glad, and my glory rejoices; my *flesh* also will dwell securely" (NASB). Thus the "flesh" is capable of feeling satisfaction in a state of security in the loving presence of God.

The true makeup of man is brought out even more clearly in the New Testament. In 1 Thessalonians 5:23 Paul expresses this prayer for his readers: "Now may the God of peace Himself sanctify you entirely; and may your spirit [*pneuma* = *rūah*] and soul [*psyche* = *nepeš*] and body [*sōma* = *bāsār*] be preserved complete, without blame at the coming of our Lord Jesus Christ ..." (NASB). Quite clearly the spirit and the soul are differentiated here as distinct elements of the human psyche, and man is represented as true in nature. This is exactly what we should expect, if man was really created in the image of the true God (Gen. 1:26-27).

A clear distinction between *pneuma* and *psychē* is unquestionably implied by 1 Corinthians 2:14-15, which defines the difference between a believer who is dominated by the *pneuma* (the *pneumatikos*, "spiritual man") and the once-born "natural" man (the one dominated by his egoistic *psychē*): "But a natural [*psychikos*] man does not accept the things of the Spirit of God; for they are foolishness to him, and he cannot understand them, because they are spiritually [*pneumatikōs*] appraised" (NASB).

Similarly, in 1 Corinthians 15:44,46, the same distinction is maintained in reference to the transformation from a merely physical body (prior to death and resurrection) and a spiritual body (i.e., a body especially adapted to the needs and desires of the glorified spirit of the redeemed believer): "It is sown a natural [*psychikon*] body, it is raised a spiritual [*pneumatikon*] body" (NASB). In v.46 we read, "However, the spiritual is not first, but the natural; then the spiritual..." (NASB). Quite clearly then, the spirit is distinct from

the soul, or else these verses add up to tautological nonsense. We therefore conclude that man is not dichotomic (to use the technical theological term) but trichotomic. (The fullest discussion of this question may be found in Franz Delitzsch, *A system of Biblical psychology*, reprint ed. [Grand Rapids: Baker, 1966].)

BIBLIOGRAFIE

[Die sleutel wat vir 'n spesifieke bron gebruik is, word in hoofletters voor die volledige titel geplaas.]

Alford, H. (GREEK) *Alford's Greek Testament*, vol. I-IV, Baker Book House, Michigan, Herdruk 1980. (Oorspronklike Uitgewers: Rivingtons, London Oxford, Cambridge en Deighton, Bell & Co., Cambridge, 1844 - 1857)

Anderssen, B. J. K. (MURRAY) *'n Kritiese ontleding van die soteriologiese teologie van Andrew Murray*, Ongepubliseerde proefskrif, Stellenbosch, 1979.

Archer, G. L. (ENCYCLOPEDIA) *Encyclopedia of Bible difficulties*. Zondervan Publishing House, Grand Rapids, Michigan, 1982.

Barth, K. (K.D.) *Die Kirchliche Dogmatik*, vol. III, deel 2, Theologischer Verlag, Zürich, 1948.

Bavinck, H. (G.D.) *Gereformeerde dogmatiek*, vol. II. J.H. Kock, Kampen, 1908.

Bavinck, H. (HANDLEIDING) *Handleiding bij het onderwijs in den Christelijken godsdienst*, J. H. Kok, Kampen, 1932.

Berkhof, L. (THEOLOGY) *Systematic theology*, The Banner of Truth Trust, Edinburgh, 1979.

Berkouwer, G. C. (MENS) *De mens het beeld Gods*, J. H. Kok, Kampen, 1957.

Bruce, A. B., (ST PAUL'S) *St. Paul's conception of Christianity*, T & T Clark, Edinburgh, 1896.

Brunner, E. (REVOLT) *Man in revolt : a Christian anthropology*, Butterworths Press, London and Redhill, 1947.

Bybels: Naas die 1953 Afrikaanse vertaling is daar ook verwys na:

The Amplified Bible, Zondervan Bible Publishers, Grand Rapids, Michigan, 1965.

Die Bybel in Afrikaans, Nuwe vertaling, Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Kaapstad, 1983.

Calvin, J. (INST.) *Institutes of the Christian religion*, vol. I, Wm. B. Eerdmans Publishing Company, Michigan, 1975.

Calvyn J. (THESSALONIANS) *Commentaries on the Epistles of Paul the apostle to the Philippians, Colossians, and Thessalonians*, Edinburgh: Printed for the Calvin Translation Society, MD.CCC.LI.

Chao, J. (CHINA) *China house churches*, O.M.F., P.O. Box 41, Kenilworth, 7745. (Pamphlet)

De Jong, (KERK) *Geschiedenis der kerk*, G. F. Callenbach, Nijkerk, 1980.

Delitzsch, F. (HEBREWS) *Commentary on the Epistle of the Hebrews*, vol. I, Klock & Klock Christian Publishers, Minnesota, Reprint, 1978.

Delitzsch, F. (PSYCHOLOGY) *A system of Biblical psychology*, T & T Clark, Edinburgh, 1866.

Douglas, W. M. (MESSAGE) *Andrew Murray and his message*, Oliphants Ltd., London, Second edition, 1928.

Du Plessis, J. (LEVEN) *Het leven van Andrew Murray*, Zuid-Afrikaanse Bijbelvereniging, Kaapstad, 1920.

Durand, J. J. F. (MENS) *Skepping, mens, voorsienigheid*, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, 1982.

Fausset, A. R. (HEBREWS) *The Epistle of Paul the Apostle to the Hebrew, opgeneem in Jamieson, Fausset and Brown : a commentary critical and explanatory on the whole Bible*, Wm. B. Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids, Michigan, 1935.

Garrard, M. N. (PENN-LEWIS) *Mrs. Penn-Lewis, a memoir*, The Overcomer Book Room, London, 1930.

Godét, F. (ROMANS) *Commentary on St. Paul's Epistle to the Romans*, vol. I, T & T Clark, Edinburgh, 1880.

Godét, F. (ST. JOHN) *Commentary on the gospel of St. John*, vol. I, T & T Clark, Edinburgh, 1881.

Heard, J. B. (TRIPARTITE) *The tripartite nature of man, spirit, soul and body*, T & T Clark, Edinburgh, 1875.

Heyns, J. A. (DOGMATIEK) *Dogmatiek*, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, 1978.

Hoekema, A. A. (CREATED) *Created in God's image*, William B. Eerdmans Publishing Company, The Paternoster Press, Ltd., 1986.

Houliston, D. and Houliston, S. (MIRACLE) *The miracle of China*, in *Christian living today*, Jan./Feb., 1988, South Africa's Own Christian Family Magazine, P.O. Box 2327, Clareinch, 7740.

Houliston, S. (SAFARI) *Op safari vir die Here*, Oorsese Sendingbond, Kaapstad, 1980.

Jamieson, R., Fausset, A. R. and Brown, D. *Jamieson, Fausset and Brown: a commentary critical and explanatory on the whole Bible*, Wm. B. Eerdmans Publishing Co., Michigan, 1935.

Kerr, H. T. (COMPEND) *A compend of Luther's theology*, The Westminster Press, Philadelphia, Pennsylvania, MCMXLIII.

Kinnear, A. K. (AGAINST) *Against the tide - the story of Watchman Nee*, Victoria Press, Eastbourne, 1973.

Kinnear, A. I., (KORRESPONDENSIE) Brief aan I. A. le Roux, 18 Januarie 1984.

Kuitert, H. M. (MENSFORMIGHEID) *Die mensvormigheid Gods, een dogmatisch-hermeneutische studie over de anthropomorfismen van de Heilige Schrift*, J. H. Kock, Kampen, 1969.

Kuyper, A. (CREATIONE) *Locus de Creatione*, College-Dictaat van een der Studenten, Niet in den handel, tweede bewerking, 1899/1900.

Kuyper, A. (DORDRACENO) *E Voto Dordraceno; toeligting op den Heidelbergschen Catechismus*, tweede deel, derde druk, J. H. Kok, Kampen.

Lenski, R. C. H. (EHPESIANS) *The interpretation of St. Paul's Epistles to the Galatians, to the Ephesians and to the Philippians*, Augsburg Publishing House, Minneapolis, Minnesota, 1937.

Lenski, R. C. H. (HEBREWS) *The interpretation of the Epistle to the Hebrews and the Epistle of James*, Augsburg Publishing House, Minneapolis, Minnesota, 1966.

Lenski, R. C. H. (THESSALONIANS) *The interpretation of St. Paul's Epistles to the Colossians, to the Thessalonians, to Timothy, to Titus and to Philemon*, Augsburg Publishing House, Minneapolis, Minnesota, 1937.

Lyall, L. (MIGHTY MEN) *Three of China's mighty men*, Hodder & Stoughton Ltd., Great Britain, 1980.

Luther, M. (MAGNIFIKAT) *Das Magnifikat, Vorlesung Uber Den 1 Johannesbrief*, Sieberstern Taschenbuch Verlag, Munchen und Hamburg, 1968.

Metcalf, J. C. *In the mould of the cross*, The Overcomer Literature Trust, England, undated.

Murray, A. (ADORATION) *The secret of adoration*, Morgan & Scott Ltd., London, Fourth edition, 1927.

Murray, A. (CHAMBER) *The inner chamber and the inner life*, Zondervan Publishing House, Grand Rapids, Michigan, 1958 - herdruk van Fleming H. Revell Company, 1905.

Murray, A. (CHRISTUS) *Bly in Christus*, S.A. Bybelvereniging, Kaapstad, 1937.

Murray, A. (CHRIST) *Like Christ*, Bethany Fellowship Inc., Minnesota, reprint, 1974.

Murray, A. (COVENANTS) *The two covenants*, Fleming H. Revell Company, New Jersey, undated.

Murray, A. (CROSS) *The secret of the cross*, Marshall, Morgan & Scott Ltd., London, undated.

Murray, A. (ELKANDER) Bid voor elkander, in *Leer ons bidden*, Bijbel- en Bid-Vereniging, Kaapstad, 1919.

Murray, A. (FAITH LIFE) *The secret of the faith life*, Marshall, Morgan and Scott, Ltd., London, undated.

Murray, A. (GEBED) *Met Christus in die skool van gebed*, Verenigde Gereformeerde Uitgewers, Brakpan, ongedateerd.

Murray, A. (GEES) Die Gees van Christus, in *Versamelde werke*, deel III, die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika, Stellenbosch, 1943.

Murray, A. (GELIJK) *Gelijk Jezus!* Hövecker & Zoon, Amsterdam, J. C., Juta, Kaapstad, ongedateerd.

Murray, A. (GELOOFSLEWE) Die geheim van die geloofslewe, in *Die Goddelike geheim*, Hart-uitgewers, Kemptonpark, tweede druk, 1975.

Murray, A. (GENEESHEER) *Jesus, die geneesheer van die krankes*, Verenigde Gereformeerde Uitgewers, Brakpan, ongedateerd.

Murray, A. (GOD IN ONS) God in ons, opgeneem in *Van ganscher harte*, Uitgawe der Bijbel- en Bid-Vereniging, Nasionale Pers Beperk, Bloemfontein, 1922.

Murray, A. (GODZALIG) *Het Godzalig leven, gedachten van Graaf Von Zinzendorf uit zijne schriften verzameld*, Christelijke Lectuur Depôt, 1905.

Murray, A. (HARTE) Van ganscher harte, opgeneem in *Van ganscher harte*, tweede reeks sakboekjes over het gebed, uitgawe der Bijbel- en Bid-Vereniging, Nasionale Pers Beperk, Bloemfontein, 1922.

Murray, A. (HEILIGDOM) In die heiligdom, in *Versamelde werke*, deel IX, Die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika, Stellenbosch, 1945.

Murray, A. (HOLY) *Holy in Christ*, Bethany Fellowship, Inc., Minneapolis, Minnesota, oorspronklik James Nisbet, voorwoord 1887.

Murray, A. (SIGHT) *Inne sight*, Kerkargief, P.I.-A. 7/2, aantekeninge deur dr. A. Murray.

Murray, A. (INTERCESSION) *The secret of intercession*, Marshall, Morgan & Scott, Ltd., London, sewende uitgawe, 1928.

Murray, A., (JEZUS' BLOED) *De kracht van Jezus' bloed*, Jacques Dusseau & Co., Uitgewers, Amsterdam, Kaapstad, voorrede, 1894.

Murray, A. (KATEGISMUS) De Heidelbergse Kategismus, in *Versamelde Werke*, deel X, Die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika, Stellenbosch, 1945.

Murray, A. (Krag) *Die krag van die bloed van Jesus*, Die Verenigde Gereformeerde Uitgewers, Posbus 206, Brakpan, Transvaal, ongedateerd.

Murray, A. (LEWE) *Die nuwe lewe*, Die Nasionale Pers Beperk, Kaapstad, derde druk.

Murray, A. (LIFE) *The believer's new life*, Bethany House Publishers, Minneapolis, Minnesota, 1965, 1984.

Murray, A. (NEDERIGHEID) *Nederigheid*, N.G. Kerk-uitgewers, Kaapstad, sesde druk, ongedateerd.

Murray, A. (OBEDIENCE) *The school of obedience*, Moody Press, Chicago.

Murray, A. (ONGELOOF:1942) *The moderne ongeloof*, in *Versamelde werke*, deel II, Die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika, Stellenbosch, 1942.

Murray, A. (ONGELOOF) *Het modern ongeloof*, J. H. Hofmeyer & Co., Houtstraat, Kaapstad, ongedateerd.

Murray, A. (PERFECT) *Be perfect*, Dimension Books, Bethany Fellowship, Inc., Minneapolis, Minnesota, 1965.

Murray, A. (SPIRIT) *The Spirit of Christ*, London, Nisbet & Co., Ltd., a préface 1888.

Murray, A. (VOLHEID) *Uit sy volheid*, in *Versamelde werke*, deel VII, Die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika, Stellenbosch, 1944.

Murray, A. (WERK) *Die werk van die Heilige Gees*, N.G. Kerk-uitgewers, Kaapstad, 1978.

Murray, A. (WIL) *Nie my wil nie! Die saligheid van 'n lewe in die wil van God*, Verèinigde Gereformeerde Uitgewers, Posbus 205, Brakpan, 1972.

Nee, W. (AUTHORITY) *Spiritual authority*, Christian Fellowship Publishers, Inc., New York, 1972.

Nee, W. (CHURCH) *The glorious church*, The Stream Publishers, California, U.S.A., 1974, oorspronklik 1968.

Nee, W. (COVENANT) *The better covenant*, Christian Fellowship Publishers, Inc., New York, 1982.

Nee, W. (LEWE) *Die normale Christelike lewe*, Christelike Opleiding, gewersmaatskappy, Roodepoort, derde druk, ongedateerd. Dodder &

Nee, W. (LIFE) *The normal Christian life*, Victory Press, London, reprint, 1969.

Nee, W. (KNOWLEDGE) *Spiritual knowledge*, Christian Fellowship Publishers, Inc., New York, 1973.

Nee, W. (LATENT) *The latent power of the soul*, Christian Fellowship Publishers, Inc., New York, 1972.

Nee, W. (MAN) *The spiritual man*, vol. I, II and III. Christian Fellowship Publishers, Inc., New York, 1968.

Nee, W. (MESSENGER) *The messenger of the cross*, Christianity Fellowship Publishers, Inc., New York, 1980.

Nee, W. (MINISTRY) *The ministry of God's word*, Christian Fellowship Publishers, Inc., New York, 1971.

Nee, W. (SEARCH) *Ye search the Scriptures*, Christian Fellowship Publishers, Inc., New York, 1974.

Oweneel, W. J. (SUPERMENS) *Operatie supermens, een Bijbels-biologische blik op de toekomst*, Buijten & Schipperheijn, Amsterdam/De Vuurbraak, Groningen, 1978.

Oweneel, W. J. (PSYCHOLOGIE) *Psychologie, een Christelijke kijk op het mentale leven*, Buijten & Schipperheijn, Amsterdam, 1984.

Pink, A. W. (PAUL) *Gleanings from Paul, studies in the prayers of the Apostle*, Moody Press, Chicago, 1967.

Paxson, R. *Life on the highest plane*, vol. I, II and III, Moody Press, Chicago, 1928.

Pember, G. H. (EARTH'S) *Earth's earliest ages*, Kregel Publications, Michigan, fourth print, 1979. (Oorspronklike uitgawe, 1876, Hodder & Stoughton.)

Penn-Lewis, J. (CENTRALITY) *The centrality of the cross*, The Overcomer Book Room, England, sixth edition, undated.

Penn-Lewis, J. *Die Kruis van Golgota*, Die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika, Stellenbosch, 1944.

Penn-Lewis, J. (LEADING) *The leading of the Lord; a spiritual autobiography*, The Overcomer Literature Trust, 3 Munster Road, Parkstone Poole, Dorset, England, 1903.

Penn-Lewis, J. (LIFE) *Life in the Spirit*, The Overcomer Literature Trust, 3 Munster Road, Parkstone, Poole, Dorset, England, undated.

Penn-Lewis, J. (NEW) *All things new*, The Overcomer Literature Trust, 3 Munster Road, Parkstone, Poole, Dorset, England, undated.

Penn-LEWIS, J. (SANCTUARY) Your body a sanctuary, in *The Overcomer*, vol. XVIII, no. 2, April 1937.

Penn-Lewis, J. (SOUL) *Soul and Spirit*, The Overcomer Literature Trust, 3 Munster Road, Parkstone, Poole, Dorset, England, undated.

Penn-Lewis, J. *The awakening in Wales (and some of the hidden Springs)*, The Overcomer Literature Trust, 3 Munster Road, Parkstone,

Poole, Dorset, England, undated.

Penn-Lewis, J. (WOMAN) *The Magna Charta of woman*, Bethany Fellowship, Inc., Minneapolis, Minnesota, 1975.

Penn-Lewis, J. and Roberts, E. (WAR) *War on the Saints*, Thomas E. Lowe, Ltd., New York, first edition, 1973.

Potgieter, F. J. M. (CALVYN) *Die verhouding tussen die teologie en die filosofie by Calvin*, Proefskrif, N.V., Noord-Hollandsche Uitgevers Maatschappij, Amsterdam, 1939.

onder

Potgieter, F. J. M. (ONSTERFLIKHEID) Die mens en die onsterflikheid, in *Die Kerkbode*, 13 November 1957.

Dr. Roberts

Roberts, D. (NEE) *The newest book on Watchman Nee : understanding Watchman Nee*, Haven Books, New Jersey, 1980.

Rev. J.

Scheepers, J. H. (GEES). *Die Gees van God en die gees van die mens in die Ou Testament*. Academisch Proefschrift, Vrije Universiteit te Amsterdam. J. H. Kok, N.V. Kampen.

teken

Van Nifrik, G. C., *Kerk en teologie*, 8ste jaargang, no. 3, soos gekwoteer deur Potgieter (ONSTERFLIKHEID).

Van Oosterzee

Van Oosterzee, J. J. (C.D.) *Christelike dogmatiek*, vol. I, Kemink en Zoon, Utrecht, 1876.

Weigh, K. H. (TESTIMONY) *Watchman Nee's testimony*, Hong Kong Church Book Room, 5 Observatory Road, G. F., Hong Kong, 1985.

Wilder-Smith, A. E. (DESTINY) *Man's origin, man's destiny*, Bethany Fellowship, Inc., Minneapolis, Minnesota, 1968.

Wolf, H. W. (ANTHROPOLOGIE) *Anthropologie des Alten Testaments*, Chr. Kaiser Verlag, 1974.

Wuest, S. K. (HEBREWS) Hebrews in the Greek New Testament, in *Wuest's Word studies from the Greek New Testament*, Wm. B. Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids, Michigan, 1979.

FOTO'S

Hiermee word die volgende instansies erken vir die foto's wat onderskeidelik op p. 7, 13 en 18 verskyn:

Dr. Andrew Murray, met toestemming van die argivaris van die Argief van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika te Kaapstad.

Mev. Jessie Penn-Lewis: Oorgeneem uit M. N. Garrard se werk *Mrs. Penn-Lewis - a memoir*, met toestemming van The Overcomer Literature Trust, Ltd., 10 Marlborough Road, Parkstone-Poole, Dorset, England.

Watchman Nee: Oorgeneem uit A. I. Kinnear se werk *The story of Watchman Nee - against the tide*, met toestemming van die huidige kopiereghouers, naamlik Kingsway Publications Limited, Lottbridge Drove, Eastbourne, East Sussex.